


# SPIKKELS EN SPATSELS

## UIT BLOEMFONTEIN SE VERLEDE

Hannes Haasbroek


CHEMISTS
&
ORANGE
PHARMACY



# SPIKKELS EN SPATSELS

## UIT BLOEMFONTEIN SE VERLEDE

Hannes Haasbroek

SUN BONANI BOOKS

Die publikasie van hierdie boek is moontlik gemaak deur 'n ruim subsidie van die L W Hiemstra Trust – opgerig deur Riekie Hiemstra ter herinnering aan Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra.

LW Hiemstra Trust

*Spikkels en Spatsels uit Bloemfontein se Verlede*

Uitgegee deur Sun Media Bloemfontein (Pty) Ltd.

Druknaam: SunBonani Books

Alle regte voorbehou

Kopiereg © 2017 Sun Media Bloemfontein en Nasionale Museum, Bloemfontein

Die skrywers en die uitgewer het alles moontlik gedoen om kopieregtoestemming te verkry vir die gebruik van derdepartyinhoud en om sodanige gebruik te erken. Rig alle navrae aan die uitgewer.

Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder die skriftelike verlof van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm deur enige elektroniese, fotografiese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, plaat-, band- of laserskyfopname, mikroverfilming, via die Internet of e-pos of enige ander stelsel van inligtingsbewaring of -ontsluiting.

Menings in hierdie publikasie weerspieël nie noodwendig dié van die uitgewer nie.


ISBN 978-1-928424-00-0 (gedrukte weergawe)
ISBN 978-1-928424-01-7 (e-boek)
DOI https://doi.org/10.18820/9781928424017

Geset in Linux Biolinum 11/14 pt
Bandontwerp, bladuitleg en produksie deur Sun Media Bloemfontein

Akademiese en algemene werke word onder hierdie druknaam in druk en elektroniese formaat uitgegee.

Hierdie publikasie kan bestel word by: media@sunbonani.co.za
Die e-boek is beskikbaar by: https://doi.org/10.18820/9781928424017


DEALE
FRENCH
McCALL
PRACTICAL
SADDLERS.
HARNESS
MAKERS &
SPORTING GOODS
OUTFITTERS.




FASHION
DEALE
PHOTOGRAPHERS
FRENCH McCALL
FRENCH & McCALL
PRACTICAL SADDLERS, HARNESS MAKERS & SPORTING GOODS OUTFITTERS.

# INHOUD

Voorwoord | 1

Afkortings by foto's | 4

1 Die oorsprong van Bloemfontein | 5

2 Cox-moordsaak van 1856 | 12

3 Koos Venter kry nie sy sit in die staatspresident se stoel nie | 18

4 Bainsvlei-jagtog van 1860: Grootste slagting nog in Suid-Afrika | 23

5 Onze Rust, Brandkop en Hillandale: Plase met besondere historiese voetspore | 28

6 Wortels van die skou | 34

7 'n Wolff in Bloemfontein | 40

8 Majoor Albrecht en die Vrystaatse Staatsartillerie | 44

9 Die Afrikaner-sirs van Bloemfontein | 50

10 Die ontstaan van Ramblers in 1896 | 53

11 Die brandweer en sy geskiedenis in Bloemfontein | 57

12 Die onsinnige rasse-stryd om die sypaadjie | 65

13 Die bioskoop skop nes | 68

14 Thomas Mapikela: Strydros vir swart belange | 74

15 Die motor maak sy verskyning en so ook die eerste ongeluk | 79

16 Statige Grand-teater kry staanplek in 1906 | 85

17 Die instelling van indabas in 1913 bevorder swart belange | 90



18 Onluste ruk Bloemfontein na Lusitania in 1915 sink | 95
19 Pronkerige hotelgeboue uit die verre verlede | 100
20 Groot Griep van 1918 maai onder inwoners | 106
21 Bloem-tannies striem swart gemeenskap | 110
22 ’n Stad sonder water is soos ’n huis sonder ’n moeder | 114
23 Die President Steyn-gedenkfonds en die Huisbestuursentrum by Meisieskool Oranje | 118
24 Unieke St. Patrick-kerk in Waaihoek | 124
25 Die hele stadsraad bedank wéér in 1925 | 128
26 ’n Nuwe markgebou op Baumannplein | 132
27 Swart loonopstande van die middel 1920’s | 140
28 Gemengde baaiery wéér twispunt in 1927 | 146
29 Gewigtige besluit: Moet koeie staan of gaan | 150
30 Wêreldbekende lugvaartpionier Van Lear Black land in Bloemfontein in 1929 | 155
31 ’n Kabelspoor vir Naval Hill | 160
32 Stadsraadslid Dersley en die lusern-debakel van 1932 | 163
33 Baanbreker Marie Visser: Eerste vrouestadsraadslid | 171
34 Prins George se besoek aan Bloemfontein in 1934 | 177
35 ’n Waardige nuwe sandsteen-stadsaal verrys in 1936 | 182
36 Ella Fischer en haar veelbesproke Afrikaanse roman | 188
37 Die “Mev. X”-hofsaak van 1943 | 192
38 Hoffmanplein – die middelpunt | 198




DEALE
FRENCH
McCALL
PRACTICAL
SADDLERS.
HARNESS
MAKERS &
SPORTING GOODS
OUTFITTERS.

# VOORWOORD

Bloemfontein wat in 1846 die lewenslig aanskou het, word soms deur oningeligtes as 'n vervelige plek beskou, maar diegene met Rosestad-bloed in hul are en wat die historiese binnekamers van dié stad ken, sal stellig die teendeel kan verklaar. Bloemfontein het eers in 1945 stadstatus gekry en daardie selfde jaar het Afrikaners vir die eerste keer na die plaaslike verkiesing beheer oor die stad geneem. Vir baie dekades was dit eintlik maar 'n groot dorp, hoewel dit meestal 'n stad genoem is omdat dit die hoofsetel van die gebied is.

Die stad, wat aanvanklik grootliks 'n Engelse eiland in die hart van 'n Afrikanerrepubliek was, was só Engels dat selfs 'n besoeker uit Londen destyds verklaar het dat hy hom nêrens anders in Suid-Afrika so gekoester voel as juis in Bloemfontein se Engelse atmosfeer nie.

In 1895 het burggraaf James Bryce van die Liberale Party in Brittanje tydens 'n besoek aan Bloemfontein opgemerk dat die hoofstad lyk, en dit word deur ander bevestig, 'n heel idilliese gemeenskap in Afrika te wees, waardig as hoofsetel van hierdie vergenoegde en gelukkige modelrepubliek. En as daar na dekades later gespring word? In 1980 het twee bekende Afrikaanse skrywers met Bloemfontein-bande, te wete Karel Schoeman en Etienne Leroux, hulle nogal insiggewend oor die stad in die boek *Die Vrystaat en sy mense* onder die redakteurskap van P.W. Grobbelaar uitgedruk. Eersgenoemde skryf: "Dit is inderdaad 'n onaantreklike plek, strate vol onlieflike moderne bousels ... en dit is inderdaad ook 'n dooierige plek." Op sy beurt sê Leroux dat Bloemfontein die amper-lelikste geboue en die amper-mooiste in die land het; dit is nie 'n stad van uiterstes nie, dis 'n stad van verhewe gemiddeldheid – nie so vulgêr soos Johannesburg, nie so pretensieus soos Pretoria, nie so nieu-outyds soos die Kaap en nie so Havana soos Durban nie. Gooi nog hierby die siening van M.C.E. van Schoor, een van Bloemfontein se groot historici, in dieselfde boek: "Onder ons provinsiale hoofstede is Bloemfontein die aantreklike nooi: beskeie, viets en vriendelik – anders as die statige, waardige en tradisieryke moederstad, Kaapstad; as broer Pretoria se deftigheid en administratiewe hooghartigheid; of as suster Pietermaritzburg se half-tropiese lomerige rustigheid."

In die verlede is daar soms goedig gekorswel dat dit so vervelig in Bloemfontein raak, dat mense in hul motors op Sondae al om en om die stadsplein (Hoffmanplein) ry, dit wil sê as hulle nie langs die nasionale pad parkeer om die Sondagkoerant te lees en verbyflitsende karre betrag nie. Hierdie sentrale stad in Suid-Afrika wemel egter van die snaaksste, interessantste en mees

bisarre historiese verhale wat die wenkbroue behoorlik kan laat lig.

Soos sy voorganger, *Splinters en dorings uit die Rosestad se verlede* (SUN MeDIA, 2015), wil hierdie historiese bundel ook die leser op 'n reis deur die stad se verlede met al sy spatsels en spikkels van pyn en vreugde neem.

Tereg kan gevra word hoekom nou spesifiek hierdie verhale. Daar is tog talle ander wat ook geboekstaaf kan word. Inderdaad, dit was egter weer my voorreg om, net soos by *Splinters*, dié besondere keuse te maak en verhale uit die lywige, ryk historiese verlede van Bloemfontein te kies wat ek dink die deursnee leser sal geniet of ten minste insiggewend sal vind. Terselfdertyd sal meer geleer word van die stad se geskiedenis, hetsy dit net 'n spatsel-verhaal of 'n hoofstroom-verhaal is, maar tog met 'n nuwe invalshoek wat die belangstellende 'n kykie gee op wat nie so algemeen bekend is nie. Anders gestel, as van die verhale nie opgeteken word nie, kan dit vir altyd verlore wees sonder dat 'n haan daarna sal kraai.

Soos in *Splinters* het sommige van hierdie ware stories onder andere reeds in ons Museumtydskrif *Culna* asook koerante verskyn en word nou in *Spikkels* nuut aangebied, of word saamgevat uit my studies wat in boeke en geakkrediteerde historiese joernale verskyn het. Onder hulle is daar verhale oor pragtige ou historiese geboue en plekke wat vandag nog grootliks ongeskonde staan, soos die sandsteen-stadsaal, die ou mark op Baumannplein, Ramblersklub en Hoffmanplein. Pragtige ou geboue wat die slopingsmes nie vrygespring het nie, is ook opgeneem, onder andere die St. Patrick-kerk in Waaihoek en die majestueuse ou Grand-teater.

Hierdie keer is daar 'n hele paar vars en uitsonderlike verhale, of verhale wat in ander werke net baie skraps aangeraak is, wat vir die eerste keer hulle gesig meer volledig in *Spikkels* wys. Dink aan die bedankingskatastrofe in 1925 van die hele stadsraad soortgelyk aan die 1907-drama, 'n NG-predikant en sy ondersteuners se poging om wéér in 1927 die saamswem van die geslagte en swem op Sondae te verbied, die koeie in die stad – staan hulle of gaan hulle, verder ook die wêreldbekende vliegentrepeneur Van Lear Black wat in 1929 vir 'n vlietende oomblik onder baie groot opgewondenheid in die stad geland het. Dan is daar nog die veelbesproke Cox-moordsaak van 1856 in Bloemfontein wat landswyd opslae gemaak het en waarvan heelwat mense kennis dra, maar nie bewus is daarvan dat dit amper twee drakoniese wette opgelewer het wat burgerregte en persvryheid uitermate sou aantas nie.

Bekende en minder bekende burgemeesters wat die stad in vervloë tye eervol of minder eervol gedien het, word in etlike verhale vermeld en word immers so uit die vergetelheid ontruk. Strate is na hulle vernoem, maar dikwels weet inwoners nie hoe hulle in die prentjie pas nie. Verhale oor Bloemfontein kan natuurlik nie grepe uit die lewe van die bekendste ou families van die stad, soos die Fischers, Fichardts, Steyns en Wesselse, systap nie – hulle was immers sinoniem met vervloë Bloemfontein.

Die verhale word hoofsaaklik kronologies aangebied om 'n aangename en leersame historiese leserservaring oor Bloemfontein te skep, natuurlik opgekikker met talle foto's, sommige wat nog nooit voorheen gepubliseer is nie.

Hopelik is hierdie ware stories, saamgebundel in 'n enkele uitgawe en voorsien van 'n bronnelys by elkeen, weereens 'n kleinood vir die belangstellende en nuuskierige in die stad se fenomenale geskiedenis.

Groot dank is verskuldig aan die personeel van die Nasionale Museum, Vrystaatse Provinsiale Argiefbewaarplek, Bloemfonteinse stadsbiblioteek en Mangaung-brandweerdienste wat op een of ander wyse by die projek betrokke was. Die raad en direkteur van die Nasionale Museum word bedank vir hulle ondersteuning van hierdie werk. Sudré Havenga, hoof van Versamelingsbestuur by die Nasionale Museum, verdien 'n besondere groot dankie vir al haar hulp met die foto's.

Vanselfsprekend kan net groot dank uitgespreek word aan Liezel Meintjes, uitgewer van SUN MeDIA Bloemfontein, en haar span wat die publikasie van die boek onderneem het, asook aan die Hiemstra Trust vir die ruim borgskap.

**Hannes Haasbroek**

*Junie 2017*
*Nasionale Museum, Bloemfontein*
*Navorsingsgenoot, Departement Geskiedenis,*
*Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein*

# AFKORTINGS BY FOTO'S

KA – Wes-Kaapse Provinsiale Argief

NM – Nasionale Museum, Bloemfontein

VPAB – Vrystaatse Provinsiale Argiefbewaarplek

# – 1 –
# DIE OORSPRONG VAN BLOEMFONTEIN

Gewoonlik is dit duidelik wat die oorsprong van 'n stad of dorp se naam is. Oor die herkoms van die naam Bloemfontein bestaan daar egter taamlik onsekerheid. Oor geslagte lank is gestry en gekerm oor hoe die plek oftewel plaas aan sy naam gekom het wat na die hoofsetel van die Vrystaat sou oorspoel en wie verantwoordelik daarvoor was. Etlike teorieë – let wel teorieë, nie klinkklare bewyse nie – waarvan sommige na alle waarskynlikheid in die volksmond ontspring het, was mettertyd in die kryt. Die voorstanders van elkeen het hulle bes probeer om hul weergawe die wenner te maak.

Om sin te maak uit al hierdie teorieë en vertellings wat soms in ellelange redenasies vervat is, is geen maklike taak nie. Elke teorie verskil ook nog onderling van mekaar. Op die oog af klink dit of die naam aan niks anders verleen kon word nie as aan die eenvoudige begrip dat daar op een of ander wyse 'blomme by 'n fontein' in die omgewing moes gewees het.

Baie draaie is met die naam geloop voordat dié begrip vandag as die aanvaarbaarste beskou word. Daar was inderdaad bekende akademici wat ander stellings met drif gepropageer het en meelopers gehad het. Verdagmakery, weersprekings, bitsigheid en selfvoldaanheid oor die vertolkings van gegewens sou alles deel van die debat wees.

Om verwarring uit te skakel, is dit belangrik om te noem dat met redelike sekerheid aanvaar kan word dat toe Bloemfontein in 1846 deur die Britse resident, kaptein (later majoor) Henry Douglas Warden, as militêre pos gestig is om orde tussen die bevolkingsgroepe in die Transoranje (Vrystaat) te handhaaf, die plek reeds dié naam gehad het.

Een van die heel vroegste naamafleidings ontspring by die Griekwa Mauritz Pretorius. Volgens die Engelse sendeling William Dower het die plaas Bloemfontein aan Pretorius behoort wat ook dié naam gegee het. Die sendeling het glo die betrokke eiendomsbrief gesien en selfs gelees (helaas is dit dokumente wat nie naspoorbaar is nie). Hy skryf ook verder in sy *Early annals of Kokstad and Griqualand East* (1902) dat daar onder ou Griekwas eenstemmigheid was dat Pretorius eerste 'n sooi hier gespit het voordat hy dit aan die nedersetter Brits afgestaan het.

Van meet af het die Basotho's die plek Mangaung genoem. Dit word algemeen aanvaar dat dit na aanleiding van *mangau* is, Sotho vir plek van die groot katte of jagluiperds. Daar word ook geredeneer dat dit moontlik afgelei is van die vertaling van 'n Boesman-naam waarvan *Mangaung* die Sotho-aanpassing is met *ma-* as die meervoud voorvoegsels en die komponent *ngau* wat vergelyk word met die Boesman-woord *//au* (blom).



*Johan Nicolaas Brits en sy vrou, Anna Johanna. (foto: NM)*



*Majoor Henry Douglas Warden (foto: NM)*

Rudolph Martinus Brits, bekend as 'De Oude', was as trek- en veeboer die eerste wit nedersetter op Bloemfontein toe hy aan die begin van die 1820's die plaas vermoedelik op pag bekom het. Kort daarna het sy jonger neef, Johan(nes) Nicolaas Brits en sy vrou, Anna Johanna oftewel tante Hannetjie ('n nooi Wilken), hulle ook hier tuisgemaak. Eersgenoemde is gou hierna vort, maar die res van die familie het gebly. (Miskien moet dit tog om interessantheidshalwe gesê word: De Oude was later Johan Nicolaas se skoonseun – hy is met sy jonger neef se dogter getroud!)

Johan Nicolaas was kennelik geen dinamiese persoonlikheid nie. Hierdie onbekende pionier het slegs die geskiedenisboeke gehaal omdat hy hom op 'n strategiese plaas gevestig het. Uit die Brits-huwelik is 11 kinders gebore en sy seun Hendrik Christiaan, gebore op 16 Desember 1823, was waarskynlik die eerste wit kind wat die lewenslig op Bloemfontein aanskou het.

'n Perdeverkooptransaksie wat later tussen die twee neefs skeefgeloop het, het 'n onversoenbare breuk tussen die twee familietakke opgelewer. So erg dat van De Oude se nakomelinge hulle van met 'n 'z' sou skryf. Insiggewend genoeg is dat die ondertrouery in die Brits-familie as voorbeeld voorgehou is aangesien almal 'gespierd en intelligent' was en dus nie fisiese en verstandelike probleme oplewer het nie. Die pragtige en besonder waardevolle ou Brits-familiebybel van De Oude het sy laaste rusplek in die Nasionale Museum in Bloemfontein gevind toe sy agterkleinseun, Jan Britz, tydens die stad se Eeufees in 1946 dit geskenk het.

Warden was beïndruk deur die plaas wat sentraal geleë was, met sy sterk fontein en die afwesigheid van perdesiekte in die omgewing.

Hy het dit dus as 'n geskikte plek beskou vir die inrig van 'n militêre pos en dit van Brits bekom. Interessant genoeg het Warden die naam behou en dadelik in sy amptelike korrespondensie van 'Bloem Fontein' gepraat – sodoende vermoedelik die eerste persoon wat dit amptelik neergepen het.

Met hierdie besetting is dit ook vreemd dat die militêre pos en die geleidelik oorgaan na 'n dorpie nie die naam van sy stigter, of selfs van die voortvarende Kaapse goewerneur, sir Harry Smith, wat die gebied in 1848 amptelik as die Oranjerivier-Soewereiniteit geannekseer het, sou kry nie. 'n Naam soos Warden of Harrysmith sou waarskynlik behoue gebly het selfs nadat die Britse regering die gebied as waardeloos beskou het en in 1854 aan die Boere as republiek teruggegee het. Bloemfontein, wat van meet af die hoofsetel van die gebied was, sou immers vir bykans nog 'n eeu daarna 'n sterk Engelse karakter handhaaf. Die stigter van Bloemfontein moes toe maar tevrede wees dat die kleinerige dorpie Warden wat in 1913 naby Harrismith (wat toe na sir Harry vernoem is) aangelê is, sy naam dra. Selfs dit is nie 'n uitgemaakte saak nie, want daar word ook beweer dat die dorp die naam dra van Charles Warden, eens 'n magistraat van Harrismith.

Daar bestaan inderdaad ander teorieë oor die oorsprong van die stad se naam. Dis moontlik dat dit in die 1820's deur die Brits-familie, waarskynlik Johan Nicolaas, gegee is na aanleiding van die blomme by die fontein. Insiggewend bestaan daar blykbaar geen rekord dat hy dit persoonlik erken dat hy dit benoem het nie.

Drie teorieë oor die herkoms van die naam Bloemfontein bestaan wat waarskynlik nie water dra nie, naamlik die os-, Griesel- en Jan Bloem-teorie. Die eerste twee is klaarblyklik 'n volksmond-verdigsel en die ander 'n misverstand.

Stel dié prentjie voor: Die Brits-familie se baldadige os, met die oulike naam Blom, het weer in die nag oor die kraalmuur gespring en by die fontein die malse groenigheid gaan verslind. Die volgende oggend kry hulle hul arme os daar, half opgevreet deur 'n leeu. Die plek word daar en dan 'Blom se fontein' gedoop en siedaar, Bloemfontein is gebore. Hoekom dan nie Blomfontein as hulle so erg oor die os was nie?

Die Griesel-storie loop so: Vriend Griesel van die buurplaas kom besoek die Britse, bekyk die blomtuin van Brits se vrou met haar groen vingers, loer na die fontein. Dan skiet 'n blink gedagte hom te binne – noem julle plaas Bloemfontein!

Bekende reisigers soos William John Burchell (1781-1863) wat destyds die omgewing verken het, het met die Jan Bloem-storie in sy *Travels in the interior of Southern Africa* (1822) vorendag gekom. Daar word beweer dat Bloem 'n Europeër van Hollandse of Duitse afkoms was wat saam met sy bende deur rooftogte 'n skrikbewind onder die swart stamme gevoer het en in die omgewing van die fontein sy standplaas gehad het wat sy volgelinge glo na hom vernoem het. Die geoloog, skrywer en historikus George William Stow (1822-1882) in sy werk *The native races of South Africa* (1905) skryf ook in navolging van Burchell dat Jan Bloem hom in 'n stadium op die Vrystaatse Bloemfontein bevind het.

Die debat oor die herkoms van die Bloemfontein-naam het veral in 1929 en weer in 1946 opgeduik. In eersgenoemde jaar het die bekende boek van die Bloemfonteinse

geskiedkundige J.H. Malan, *Die opkoms van 'n republiek – Die geskiedenis van die Oranje-Vrystaat tot die jaar 1863*, verskyn. In hierdie tyd het Malan en die hoof van die Vrystaatse Argief, L.B. van der Walt, mekaar oor die Bloemfontein-naam in 'n sekere sin gevind. Die Jan Bloem-teorie was hul eerste keuse.

Malan het ook daarop gewys dat in Junie 1929 hy 'n gesprek met twee bejaarde Griekwas van Bloemfontein gevoer het en beide het in herinnering geroep dat volgens Griekwa-volksoorlewering Jan Bloem hom hier bevind het en dat selfs ruïnes van sy verblyf uitgewys kon word. Die skrywer het die hoop uitgespreek dat hy aan die mees siniese groep bewys het dat Bloemfontein sy naam van Jan Bloem ontvang het.

Diegene wat die Jan Bloem-teorie teengestaan het, het gesê dat daar geen amptelike bewyse daarvoor is of enigsins behoue gebly het nie en dat dit op hoorsê en bewerings van die vroeë reisigers berus het. Die Jan 'Bloem Fontein' waarna verwys word, sê die teenstanders, is Kuruman se kant toe naby Blinkhoogte waar hy 'n bestaan gemaak het en kan nie met die Vrystaatse Bloemfontein verbind word nie. Verwarring het ook geheers oor die betrokke Bloem, of dit senior of junior (sy seun by 'n Griekwa-vrou) is.

Eerwaarde Charles Pettman van die Metodiste Kerk in Queenstown wat die werk *South African place names past and present* (1931) opgelewer het, het die 'blomme by die fontein'-teorie, uit watter oord ook al, meer aanvaarbaar gevind.

Doktor Allen Kieser, 'n gerekende argivaris wat Van der Walt opgevolg het, het in 1936 uitdruklik verklaar dat Brits nie die plek vernoem het nie en dat dit die Griekwa Pretorius was wat die naam reeds voor die Brits-familie se koms gegee het.

Vanselfsprekend sou die stad se eeufees-vierings in 1946 verhoogde belangstelling in die naam-debat oplewer. Historici en belang-



*Bloemfontein in die 1860's. Die wit geboutjie heel agter is die NG Kerk waar later die Tweetoringkerk opgerig is. (foto: NM)*

stellendes het op die argiefgebou in die stad toegesak om 'n eiertjie te lê oor waar die stad se naam vandaan kom en behoorlik onder mekaar ingespring om die botoon te voer.


Veral professor Charlie Uys, wat van 1941 tot 1962 een van die bekendste dosente in Geskiedenis aan die Universiteitskollege van die Oranje-Vrystaat (vandag die Universiteit van die Vrystaat) was en 'n deeglike studie oor die Brits-familie gemaak het, het sy stem laat hoor. So ook professor P.J. Nienaber, bekende skrywer, taalkundige, akademikus, boekversamelaar, stigter van NALN en houer van die hoogste burgerlike toekenning in die land – die Dekorasie vir Voortreflike Diens.

Uys, wat 'n deeglike studie van die Brits-familie gemaak het, glo dat Johan Nicolaas die naam gegee het as gevolg van die blomme (klawers) by die fontein en dat majoor Warden dit net so oorgeneem het. Hy het hom sterk verlaat op majoor Warden se seun, George, wat in 1912 in dier voege geskryf het. Dower en sy npraters, waaronder hy Nienaber geplaas het, se Mauritz Pretorius-storie het Uys as prul afgemaak.

In *Die Volksblad* se eeufees-bylae op 22 Maart 1946 het Nienaber 'n uiteensetting gegee van hoe hy die verskillende teorieë vertolk en hy leun sterk op die Mauritz Pretorius-weergawe. Hy wys ook op die pleknaamverskynsel waar 'n persoonsnaam met woorde soos 'fontein', 'put', 'pan' en 'dorp' gewoonlik 'n verbindings 's' het, soos Bestersput, Annaspan en De Wetsdorp. Indien die eerste lid van die samestelling nie 'n persoons- of familienaam is nie, dan kry jy byvoorbeeld Klipdrif, Rietfontein en Bloemhof. Indien Jan in die prentjie was, redeneer Nienaber, dan Bloem**s**fontein, maar nou is dit net blomme by die fontein – Bloemfontein.

B.J. Barnard wat 'n MA-studie oor die lewe van Warden in 1943 gedoen het, het met sy nagraadse studie tot gevolgtrekking gekom dat die plaas na die fontein en blommeprag vernoem is. Barnard se siening is dan ook dat Brits of Pretorius dié naam moes gegee het. Uys, as sy studieleier, het hiermee saamgestem.

Sommige historici, soos professor J.J. Oberholster van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, vereenvoudig alles deur in 1972 te skryf dat Johan Nicolaas die naam gegee het na aanleiding van die wildeklawer wat in die vlei bokant die fontein gegroei het. Dit is egter te betwyfel of klawers toe al na die Vrystaat kon versprei het nadat die blom in die Van Riebeeck-tyd sy verskyning in die Kaap gemaak het. Waarskynlik kon dit plantegroei gewees het wat die vorm van klawers gehad het.



*George Horatio Warden, seun van majoor Warden. (foto: NM)*

Soos destyds blyk dit dat die teorie wat vandag steeds die meeste byval vind, is dat Bloemfontein bloot 'n beskrywende naam is, te wete blomme by die fontein. Die voorstanders van hierdie teorie, soos aangedui, verskil oor wie die naam sou gegee het met Brits en Pretorius as die sterkste mededingers. Almal stem ooreen dat dit in verband staan met die blomme en die fontein.

Vandag word die fontein van Bloemfontein in Bloemspruit naby die stadion deur 'n mosaïeksuil in die middel van die spruit en die stadswapen in mosaïek regoor die suil teen die suidelik spruitwal herdenk.



*Die fontein van Bloemfontein word deur hierdie mosaïeksuil- en wapen in Bloemspruit herdenk. (foto: NM)*

# Bronne


Barnard, B.J. 1946. Die stigting en stigter van Bloemfontein. *Die Volksblad* (Eeufeesbylae), 22 Maart: 22.

Barnard, B.J. 1948. 'n Lewensbeskrywing van majoor Henry Douglas Warden. *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 11. Kaapstad: Die Staatsdrukker.

Collins, 1907. W.W. *Free Statia*. Bloemfontein: The Friend Co.

*Die Huisgenoot*, 3.5.1946; 17 en 24.4.1947; 1.5.1947.

*Die Volksblad*, 29.6.1929.

Jacobs, J.F. 1952. *Oranje, Blanje, Blou – Die romantiek van die Vrystaatse dorpe*. Johannesburg: Afrikaanse Pers Boekhandel.

Lynch, C. 1987. Place of the great cats. *Culna*, 33, September: 3-4.

Lynch, C. 1994. Leopards in the Orange Free State. *Culna*, 47, September: 26-27.

Nienaber, P.J. 1963. *Suid-Afrikaanse pleknaamwoordeboek*, deel 1. Kaapstad: SA Boeksentrum.

Nienaber, P.J.1946. Hoe Bloemfontein sy naam gekry het. *Die Volksblad* (Eeufeesbylae), 22 Maart: 10.

Oberholster, J.J. 1972. *The historical monuments of Southern Africa*. Kaapstad: Rembrandt van Rijn Foundation.

Pienaar, C.J. 1954. Plaas waarop stad verrys het vir £37.10s. gekoop. *Die Volksblad* (Republikeinse byvoegsel), Februarie: 43.

Prettman, C. 1931. *South African place names past and present*. Queenstown: Daily Representative.

Raper, P.E. e.a. 2014. *Dictionary of Southern African place names.* Johannesburg: Jonathan Ball.

Smith, A.H., Phillips, E.P. & van Hoepen, E. 1966. *Common names of South African plants.* Pretoria: Staatsdrukker.

*The Friend*, 28.2.1927; 26.3.1929; 4, 11 en 15.4.1929; 21 en 26.6.1929; 10, 13 en 20.7.1929; 22.2.1954.

Uys, C.J. 1946. Bloemfontein in the beginning. *The Friend* (Centenary supplement), 21 Maart: 6-9.

Uys, C.J.1946. Die eeufees van Bloemfontein. *Die Huisgenoot*, 22 Maart: 5.

Uys, C.J. 1946. Loopbaan van die stigter. *Die Huisgenoot*, 29 Maart: 9-10.

Van Schoor, M.C.E. & Oberholster, J.J. 1960. Die fontein van Bloemfontein. *Historia*, 5(3), September: 169-178.

## - 2 -

# COX-MOORDSAAK VAN 1856

Sedert die nuwe Suid-Afrika in 1994 word uit 'n demokratiese oogpunt fanaties gewaak oor gelyke burgerregte vir almal en die handhawing van persvryheid.

Die Vrystaatse regering se teregstelling van die Engelsman Charles Leo Cox in 1856 vanweë die moord op sy vrou en kinders het nie net in Bloemfontein 'n sensasie veroorsaak nie, maar dwarsdeur Suid-Afrika. Wat destyds oor die saak geskryf is, sal inderdaad boekdele vul. Dekades na die man se dood duik daar nog sporadies 'n herlewing van die strydvraag op of hy werklik skuldig was of nie.

In die geskiedenis-annale is die Cox-saak dus taamlik bekend, maar wat minder bekend is, is dat hierdie moord die Vrystaat op die rand gebring het van 'n drakoniese burgerreg- en persvryheid-wetsontwerp wat beswaarlik by 'n nuutgestigte vrye staat sou inpas.

Die republiek Oranje-Vrystaat (1854-1902) en sy regstelsel was met die Cox-moorde nog in hul kinderskoene. Oor die hoofsetel skryf Karel Schoeman: "Die lewe in Bloemfontein was nog taamlik onverfynd, die vermaak eenvoudig en die humor elementêr. Daar is dikwels en swaar gedrink en dronkenskap het algemeen voorgekom ... Meningsverskille is met geweld opgelos en daar is maklik na vuurwapens gegryp." Voor dit was die gebied natuurlik onder Britse beheer en vanaf 1848 bekend as die Oranjerivier-Soewereiniteit.

Die dramatiese Cox-gebeure het begin met 'n briefie waarop 'n paar reëls geskryf was:

> *Dear Dr,*
>
> *For God's sake come out at once, I think my wife and child are at the point of death; the cause I cannot explain. Come without delay.*
>
> *Charles Leo Cox*

Cox was 'n Engelse immigrant wat hom op 'n deel van die plaas Douglas Valley neffens Bloemfontein gevestig het. Die plaas het aan sy skoonpa, W.C. Bouwer, 'n vooraanstaande boer van die distrik en lid van die republiek se uitvoerende raad, behoort. In 1853 het sy jong dogter van sestien jaar, Maria Magdalena, met Cox wat bykans 40 jaar oud was, getrou. Twee dogtertjies is uit die huwelik gebore, 'n huwelik wat allesbehalwe gelukkig was en gekenmerk deur hewige rusies. Ofskoon Cox blykbaar uit 'n goeie familie stam en deur sommige as 'n gekultiveerde Engelse

heer beskryf is, het hy sy vrou mishandel, na bewering erg gedrink en glo 'n verhouding met 'n swart vrou gehad wat alles gekompliseer het. Ander het weer getuig dat hy 'n saggeaarde, rustige en ietwat preutse man was wat weens 'n rugprobleem fisiek swak vertoon het. Maria Cox het dikwels by familie en vriende gekla dat haar man dreig om haar te verwurg en te vermoor, terwyl die egpaar wedersyds met 'n egskeiding gedreig en gestry het oor wie die kinders sou kry.

Toe dokter C.J.G. Krause die aand van 26 April 1856 bogenoemde briefie van 'n swart man ontvang, het hy en mevrou Cox se pa onmiddellik na die Cox-huis gehaas. Met die aankoms op die plaas was Maria Cox en die jongste kind reeds oorlede, terwyl die oudste sterwend in Charles Cox se arms was.



*Dokter C.J.G. Krause (foto: NM)*

Die volgende dag is Cox op aanklag van moord in hegtenis geneem en in die tronk gestop. Hy is daarvan beskuldig dat hy na 'n verwoede rusie sy vrou verwurg en erg aangerand het, sy oudste dogter Susanna van twee jaar en sy babadogter Antoinette onderskeidelik gif gegee en versmoor het.

'n Uitgerekte verhoor het gevolg, eers voor die Hof van Verenigde Landdroste onder voorsitterskap van die Bloemfonteinse landdros C. van Dijk van Soelen en 'n jurie wat hom skuldig bevind het. Groot opskudding het geheers toe een van die landdroste, die Engelsman J.H. Ford van Smithfield, hom van die uitspraak distansieer, daarna hom van die prosedure onttrek en die hof as onbevoeg afmaak. Die Boere het hom van partydigheid beskuldig. Die Uitvoerende Raad het hierna as appèlhof gedien en 'n herverhoor is gelas wat egter deur die omstandigheidsgetuienis tot dieselfde gevolgtrekking gekom het – skuldig!



*Landdros C. van Dijk van Soelen (foto: KA)*

Die Cox-moordsaak het die bewoners van die jong republiek in twee kampe verdeel. Die meerderheid Boere oftewel Afrikaanssprekendes, Nederlanders, ondersteuners van die regering en republikeinsgesindes in die algemeen het geglo hy was skuldig. Die Engelse gemeenskap, van wie baie nog nie heeltemal vrede met die republikeinse stelsel gemaak het nie, het erg getwyfel en hulle wantroue in die Vrystaatse regstelsel te kenne gegee. Hulle wou eerder sien dat die beskuldigde as Engelse burger in die Kaap moes verskyn. 'n Radikale en aggressiewe groep Engelse het onder die benaming *True Britons* die moordsaak op onderduimse wyse tevergeefs probeer gebruik om heranneksasie deur die Britse regering te bewerkstellig. Bygesê, die Kaapse prokureur-generaal het die jurisdiksie van die Vrystaat in die saak erken. Hierdie houding het ook sy oorsprong gehad in die meerderwaardigheidswaan van die Engelse in Bloemfontein waar die heersende milieu nog sterk Engels was. Twee jaar lank het dit gesmeul om nou met die Cox-moordsaak na die oppervlakte te bars. Veral die jong klerk by 'n handelshuis, W.D. Savage, het sterk in Cox se onskuld geglo en selfs 'n half eeu later sou hy dit steeds ywerig verkondig.

Op 1 November 1856 is Cox aan die suidekant van Fortheuwel "met den koorde om de hals" gehang. Hy het tot sy dood volgehou dat hy onskuldig aan moord was. Volgens hom het Maria, blykbaar 'n emosionele en opvlieënde jong vrou, by die aanhoor dat hy van haar gaan skei en die oudste dogter onder sy vlerk gaan neem, in 'n oomblik van ontsteltenis en ontoerekenbaarheid die kinders met wolwegif (strignien) vermoor, waarna sy self van die gif ingeneem het en tydens stuiptrekkings op die vloer geval en haarself so beseer het. (Krause het egter getuig dat net die oudste kind se dood op vergiftiging dui.) Daarna het hy haar in sy toestand van onbeheerste woede oor haar sinlose dade aangerand sonder die doel om haar om die lewe te bring.

Ofskoon dit dus seker is dat Cox die dood van sy vrou veroorsaak het, is dit nie bo alle twyfel bewys dat hy sy kinders vermoor het nie. Hy was veral ontsettend lief vir sy oudste dogter en dit is amper ondenkbaar dat hy haar sou leed aandoen.

So ontstel was president J.N. Boshof en van die ander Boereleiers oor die optrede van die Engelse tydens die Cox-moordsaak dat hulle hul tot uiterste maatreëls gewend het om die Engelse element in toom te hou. In Boshof se eie woorde sou geen land in die wêreld duld dat sy soewereine gesag deur opstoking uitgedaag word nie. As hoof van die Boererepubliek wie se regstelsel die Cox-saak moes hanteer, het Boshof 'n swaar las gedra en sy lewe is in verskeie anonieme briewe bedreig. Terloops, landdros Van Soelen het ten spyte van alle kritiek sy amp en aansien behou tot in 1869 toe hy dit weens geldverduistering kwyt is. Ironies genoeg sou hy meer as 'n jaar deurbring in die gevangenis waar Cox voor hom gekwyn het.

Die gevolg van die 'rammetjie-uitnek'-houding van die Engelse in dié tyd was dat tydens die Volksraadsitting van 1857 twee drakoniese wetsontwerpe gemik op burgerskap en persvryheid, twee van die hoofpilare van 'n demokrasie, op die tafel was.

Die Burgerreg-wetsontwerp het bepaal dat almal van *Hollandsche Zuid-Afrikanen*-afkoms en hulle nakomelinge, wat ses maande voor of na die goedkeuring van die wet in die land woonagtig was, as burgers van die land


beskou sou word. Alle ander persone (onthou, swart mense was glad nie in die prentjie nie), wat die Engelse gemeenskap insluit, sou uitgesluit van burgerskap wees mits hulle met toestemming van die staatspresident 'n eed van getrouheid aflê.

Die persvryheid-wetsontwerp sou die uitgee en verspreiding van nuusblaaie streng beheer. Hier kan gedink word aan 'n opmerking van Tim du Plessis op 12 Februarie 2016 in *Volksblad*: "Dreigemente van 'n mediatribunaal en sekere klousules in die sogenaamde snoerwet – die Wetsontwerp op die Beskerming van Staatsinligting – het die potensiaal om ernstige bedreigings vir mediavryheid te wees. Hoewel albei kommerwekkende aanduidings is van die maghebbers se verwronge denke oor die vrye vloei van inligting, glo kenners geeneen van die twee sal die toets in die grondwethof deurstaan nie." 'n Soortgelyke siening het inderdaad in 1857 in Bloemfontein posgevat toe persvryheid ernstig bedreig is as gevolg van die Cox-drama.

Ofskoon *The Friend*, wat in 1850 die lig in Bloemfontein gesien het, dikwels die belange van Engelsman en Boer/Afrikaner behartig het, het dit as Engelse spreekbuis vanselfsprekend die Engelse standpunt openlik verdedig en gepropageer. Hoewel die koerant nooit blindelings kant vir Cox gekies het nie, was dit geen geheim waar sy simpatie gelê het nie. Hierdie wetgewing het onder andere bepaal dat enige artikels wat gepubliseer word en wat die staat of kerk te na kom, strafbaar sou wees. Die koerant moes daarvolgens ook borge bekom wat sou onderneem om boetes in sulke gevalle te betaal.



*W.D. Savage. (foto: NM)*



*President J.N. Boshof (foto: NM)*

Soos te wagte het beide wetsontwerpe hewige verset onder die Vrystaatse Engelse uitgelok, ondersteun deur sommige uit Afrikanerkringe wat dit as ongrondwetlik beskou het. Boer en Engelsman het immers van die heel begin die Vrystaat saam bewoon. Ofskoon die Engelse aanvanklik teen republiekwording gekant was, het beide saam burgerreg in die nuwe republiek bekom en saam aan die ontwikkeling van die land gebou. Wat meer is, het sommige gereken, behalwe tydens die Coxmoordsaak, was die Engelse oor die algemeen meer getrou aan die onafhanklikheid van die Vrystaat as heelwat Boere wat gehunker het na aansluiting by Transvaal.

Uit Engelse geledere in die algemeen en veral uit *The Friend* se bestuur is so'n groot lawaai teen die persvryheid-wetsontwerp opgeskop, dat dit in die Volksraad stil-stil sonder bespreking van die tafel verdwyn het. Daarenteen het die burgerreg-wetsontwerp wel gedien en tot hewige argumente vir en teen gelei. Heelwat van die Boerelede het die ongrondwetlikheid daarvan uitgewys. Die bekende J.J. (Koos) Venter (sien bladsy 18), 'n behoudende raadslid en later ook waarnemende staatspresident,



*Bloemfontein in die 1850's na die skildery van Thomas Baines toe die Cox-moord plaasgevind het. (foto: NM)*

was egter 'n groot voorstander van die wet. Dit was duidelik dat hy die Engelse nie vergewe het vir hulle verraad met die Cox-saak nie en in die raad uitgeroep: "Neem slangen onder uwe kombaars en gij zult gebeten worden." Boshof het einde ten laaste dié wetsontwerp teruggetrek as gevolg van die oorweldigende tweespalt wat dit in die samelewing uitgelok het, asook dat dit te onbeholpe opgestel was en talle teenstrydighede bevat het.

Venter het sowaar probeer om met 'n volgende Volksraadsitting weer dié wetgewing in te smokkel. Vele briewe het in *The Friend* verskyn waar Venter as 'n onkundige idioot, huigelaar en heethoof gebrandmerk is. So hewig was die verset weereens teen hierdie tweede indiening van die wetsontwerp dat hy bes gegee het.

Hoe ook al, die lewe in Bloemfontein en die Vrystaat moes voortgaan. Geleidelik het die woede en onenigheid rondom die Cox-moordsaak en sy gevolge begin bedaar. Die Vrystaat moes immers saamstaan om die dreigende Basotho-vraagstuk te hanteer. Veral onder die presidentskap van J.H. Brand (1864-1888) het 'n nuwe Vrystaatse patriotisme onder die hele wit bevolking in die 'modelrepubliek' ontstaan wat die verdelende Cox-drama al hoe meer na die agtergrond gestuur het.

## Bronne


Barlow, T.B. 1960. The trial of Charles Leo Cox. *Acta Juridica*: 13-17.

Beyers, C.J. & Basson, L.J. (reds.). 1987. *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek V*. Pretoria: RGN.

Collins, 1907. W.W. *Free Statia*. Bloemfontein: The Friend Co.

Du Plessis, T. 2016. Selfsensuur verlam ons. *Volksblad*, 12 Februarie: 7.

Jacobs, D.J. 1964. Bloemfontein se mees berugte moordsaak. *Argiefnuus*, VI(10), Mei: 22-26.

Haasbroek, J. 1980. *Die rol van die Engelse gemeenskap in Bloemfontein 1848-1859*. Bloemfontein: Nasionale Museum.

*SA Argiefstukke* OVS, nr. 2, Volksraadsnotule, 10, 19 en 26.2.1857.

Schoeman, K. 1982. *Die dood van 'n Engelsman*. Kaapstad: Human& Rousseau.

Swart, C.R. 1946. Bloemfontein se mees berugte moordsaak. *Die Volksblad* (Eeufeesbylae), 22 Maart: 18.

*The Friend,* 2.1.1858; 13.5.1880; 4.7.1931.

# - 3 -

# KOOS VENTER KRY NIE SY SIT IN DIE STAATSPRESIDENT SE STOEL NIE

Vier keer!
Dis hoeveel keer Jacobus (Koos) Johannes Venter (1814-1889), Vrystaatse boer, politikus en kerkleier, as waarnemende staatspresident van die republiek Oranje-Vrystaat (1854-1902) aangewys is, maar nooit gevorder het om die presidentstoel behoorlik vol te sit nie.

In Die Republikeinse Byvoegsel wat in Februarie 1954 in *Die Volksblad* verskyn het as 100-jarige herdenking van die ontstaan van die republiek Oranje-Vrystaat op 23 Februarie 1854, staan die volgende geskryf: "Van al die merkwaardige figure wat die Vrystaatse Republiek opgelewer het, is die Volksraadslid J.J. Venter, een van die merkwaardigste."

Koos Venter was een van daardie mense in die openbare lewe wat as 'n karakter beskryf kan word. Hy het in 1852, twee jaar voor die Vrystaat 'n republiek geword het, hom vanaf Colesberg op De Hoop aan Kaalspruit naby Bloemfontein gevestig. Sedert 1862 tot sy dood was Broekpoort naby Bethulie sy tuiste. Uit sy tweede en derde huwelik is ses seuns en nege dogters gebore.

Die karakter Koos Venter kan soos volg opgesom word: 'n Godvresende man by uitstek met uitgebreide Bybelkennis, maar swak geletterd. Hy het 'n besondere beeldryke taalgebruik gehad en was sy lewe lank die toonbeeld van daadkrag, beweeglikheid, vreesloosheid en aggressiewe, soms onbesonne, geesdrif. Oplopend en strydlustig was oor sy hele wese geskryf.

Reeds in 1853 het Venter as leier op die voorgrond begin tree toe hy 'n ywerige lid van die span was wat met die Britse regering onderhandel het dat die Oranjerivier-Soewereiniteit 'n onafhanklike Boerestaat word. So gebeur dit dat hy in 1854 medeondertekenaar van die Bloemfontein-konvensie word en vanselfsprekend lid van die eerste Vrystaatse regering. Sy sterk godsdiensbeginsels het duidelik geblyk toe die nuwe staat van 'n grondwet voorsien moes word en die ou pruttelkous uitroep: "Ik wil geen grondwet, de tien geboden zijn genoeg voor ene grondwet."

Venter word gereken as een van die langsdienende Volksraadslede – hy was so te sê onafgebroke van 1854 tot 1881 in dié tuig. Hier het sy onvermoeide ywer in belang van boerdery, sy sterk sin vir demokrasie en sy warme verdediging van Hollandse taalregte uitgestaan. Nie alleen tree hy as voorsitter van die uitvoerende raad op nie, maar bevind hom op etlike diplomatieke sendings na Moshoeshoe, Transvaal (Zuid-Afrikaansche Republiek) en die Kaapkolonie.



*Waarnemende president Koos Venter (foto: NM)*



*President J.P. Hoffman (foto: VPAB)*


Sy vurige geaardheid en geringe skoolonderwys het egter nie verhoed dat sy mense hom as geskikte waarnemende leier beskou het in die afwesigheid van 'n staatspresident nie. Die eerste geval het rondom 'n groot politieke drama afgespeel. Die eerste staatspresident van die nuwe republiek, J.P. Hoffman, was skaars in die saal of hy is in 1855 afgesit nadat die Boere ontevrede met sy leiding en veral onderhandelinge met Moshoeshoe was.

Koos Venter sou 'n leidende aandeel in die afsetting hê. Hy was self een van die heethoofde wat in dié paleisrevolusie die fort en landdroskantoor beset en kanonne op die presidentswoning gerig het. Uit die ses kandidate wat as waarnemende president voorgestel is, het Venter die meeste stemme in die Volksraad getrek – amper die helfte meer as sy naaste teenstander. Oorweldig deur die groot taak en eer wat hom te beurt geval het, was hy geneë dat 'n kommissie van drie lede hom in dié posisie bystaan. Sonder dat hy blykbaar daarna streef, word tydens die volgende presidentsverkiesing 'n klompie stemme (180) op hom uitgebring, maar dit is J.N. Boshof wat met 1 188 stemme die septer swaai.

Toe Boshof, die grondlegger van die Vrystaatse staatsdiens, in 1859 bedank, is Venter se aansien in die samelewing duidelik toe hy

weer as waarnemende president dien. Wat meer is, hy is ook deur die Volksraad as enigste kandidaat in die komende presidentsverkiesing voorgedra. Die Vrystaat besluit egter anders. M.W. Pretorius, wat ook as staatspresident van die ZAR beëdig sou word, neem die leisels in die Vrystaat op. Dit deug egter nie dat hy met een voet elk in onafhanklike republieke staan nie en hy word verplig om die Transvaalse amp neer te lê. Pretorius kon nie juis die mas in die Vrystaat opkom nie en keer in 1863 na die ZAR terug en word daar as president herkies.

Venter was vir 'n wyle weer in die waarnemende presidentstoel nadat goewermentsekretaris Joseph Alison kortstondig die posisie beklee het, maar deur die Volksraad gepos is oor sy sterk aanklank by die Kaap en waagmoedige hys van die Union Jack by die Fort. Op 2 Februarie 1864 is die hoogs bekwame advokaat Johannes Henricus Brand van die Kaap egter as Vrystaatse president ingehuldig en het met groot onderskeiding tot met sy dood in 1888 gedien. Bygesê, Venter was oudergewoonte ook in die kryt, maar is vêr deur Brand geklop. Vier jaar later is hy weer die eer aangedoen om waarnemend op te tree toe Brand met verlof was.



*President M.W. Pretorius (foto: NM)*



*President J.H. Brand (foto: NM)*

As eng kerkman het die godsdienstige liberalisme wat hy geglo het die NG Kerk begin uitstraal, hom gelei om in 1859 'n grondlegger van die eerste Gereformeerde Kerk in die Vrystaat te word. As stoere Dopper het hy 'n groot aandeel in die stigting van die dorp Reddersburg gehad waar hy twee jaar later die hoeksteen van die eerste Gereformeerde kerkgebou gelê het. So sterk was sy Dopper-beginsels dat hy sy besittings in 'n stadium as sekuriteit verpand het om 'n geskikte predikant, D. Postma, uit Nederland te beroep, net om uit te vind dat Transvaal hom hierin voorgespring het. Kenmerkend van sy geaardheid was dit nie honderd jaar of hy bots met sy kerk oor sekere opvattings en gaan oor tot die stigting van 'n onafhanklike Gereformeerde gemeente op Bethulie. Eers kort voor sy dood is die strydbyl begrawe wat op hereniging uitgeloop het.

Hoewel Venter dikwels deur sy politieke teenstanders, veral uit Engelse geledere omdat daar meermale botsings tussen hulle oor landsake was, verguis is, was hy sy lewe lank 'n volksman wat sy lewe gewy het aan die bevestiging en ontplooiing van die Vrystaat as 'n onafhanklike staat. In die Volksraad was dié ou republikein en anti-Engelse Venter dikwels in hewige woordewisselinge met die Engelse lede gewikkel wat *The Friend* in 'n stadium genoop het om te verklaar Venter nie geglo het dat enige Engelsman die stoel in die Oranje-Vrystaat moes vol sit nie. Anders gestel: Hy het die Engelse gemeenskap se patriotisme ernstig bevraagteken en hulle fyn dopgehou vir enige afwyking in die verband. As grotendeels die mondstuk van die Engelse het dié koerant nie die geleentheid laat verbygaan nie om smalend, bevooroordeeld en eenogig oor Venter se skryf om sy lesers ter wille te wees nie. So het ook staaltjies die lig gesien waarvan die feitelikheid van sommige betwyfel kan word. Veral die salwingseremonie is deur vooraanstaande historici met 'n knippie sout gevat. Andries van der Walt, 'n kleurryke maar ongebalanseerde persoonlikheid en beter bekend as Andries Zevenvrou as gevolg van sy veelwywery, het Venter en 'n paar ander inwoners oorreed om saam met hom in die nag Bloemfonteinberg (Naval Hill) te bestyg waar hy Venter as koning en hoëpriester van die Vrystaat sou salf. Volgens Andries sou hulle 'n lig sien en 'n stem hoor wat die salwingseremonie sou bekragtig. Toe dit nie realiseer nie, het Venter besef alles is nie pluis nie en met die woorde "Andries, gij dwaalt!" hom uit die voete gemaak.

Daar was die keer in 1854 in die Volksraad toe Venter hom bloedig vererg het omdat die Engelse lede hom teengegaan het in sy pleitrede om nouer aansluiting by Transvaal. Met blitsende oë en 'n beskuldigende vinger het hy blykbaar uitgeroep: "Des we'er de ader venyn! Des we'er de duivel's vergift! ... Ja een wolf verandert van haar, maar niet van nukken en net zoo is een Engelschman. Een jaar mag hy goeddoen maar de tweede nooit!" Toe 'n memorie in die Volksraad dien waarin 'n klompie Boere hulle onkunde oor staatsadministrasie laat deurskemer deur aan te voer dat 'n president 'n onnodige 'meubelstuk' is, word uit Engelse hoek smalend opgemerk dat nie minder as 10 Venters dit onderteken het nie. Sy optrede tydens die hantering van die burgerreg-wetsontwerp in 1857, wat daarop neergekom het dat Engelse burgers weer daarvoor moes aansoek doen, het swael en vuur op Venter uit dié geledere laat neerdaal (sien bladsy 15).

Hoe ook al, Venter se handel en wandel het daartoe gelei dat mense gewoonlik nie neutraal teenoor hom gestaan het nie. Of hy is as 'n tipe harlekynse karikatuur uitgebeeld wat dikwels deur 'n vyandige pers aangehelp is, of hy is, veral deur sy volksgenote, gesien as 'n rotsvaste karakter wat by sy beginsels en oortuigings gestaan het en lof verdien vir sy opbou van die jong republiek, asook as 'n grondlegger van die Gereformeerde Kerk in die Vrystaat.

## Bronne


*Die Huisgenoot*, 18.12.1953.

*Die Volksblad* (Republikeinse byvoegsel), Februarie 1954.

Grobbler, J.J. 1946. Die republiek het vertroue in hulle gehad. *Die Volksblad* (Eeufeesbylae), 22 Maart: 2.

Haasbroek, J. 1980. *Die rol van die Engelse gemeenskap in die Oranje-Vrystaat 1848-1859*. Bloemfontein: Nasionale Museum.

Haasbroek, H. 2015. *Splinters en dorings uit die Rosestad se verlede*. Bloemfontein: SUN MeDIA.

Malan, J.H. 1929. *Die opkoms van 'n republiek.* Bloemfontein: Nasionale Pers.

Spoelstra, B. 1963. *Die 'Doppers' in Suid-Afrika 1760-1899*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

De Kock, W.J. (red.). 1968. *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* I. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

Swart, M.J. (hoofred.). 1980. *Afrikaanse Kultuuralmanak*. Aucklandpark: FAK.

Van der Bank, D.A. 1986. Andries *Zevenvrou* en "koning" Koos Venter. *Nasionale Museum Nuus*, 31, Oktober: 3.

Venter, E.A. 1980. *400 leiers in Suid-Afrika oor vier eeue.* Potchefstroom: E.A. Venter.

Vrystaatse Provinsiale Argiefbewaarplek: Argief van die meester van die Hooggeregshof (MHG) V449, Sterfkennis J.J. Venter, 1889.

- 4 -

# BAINSVLEI-JAGTOG VAN 1860

## GROOTSTE SLAGTING NOG IN SUID-AFRIKA

Die wêreld oor was daar in 2016 'n geween en 'n gekners, gepaardgaande met woede en haat, verstaanbaar onder veral diereliefhebbers en diereregte-aktiviste, oor die dood van die pragtige Zimbabwiese swartmaanhaarleeu, Cecil, aan hand van die Amerikaanse trofeejagter en tandarts van nering, dokter Walter Palmer. Dié leeu, toegerus met 'n navorsingshalsband, is blykbaar slinks uit sy gebied gelok en nogal met 'n kruisboog die ewigheid ingestuur. Die protesterendes en wraaksugtiges oor die lot wat Cecil getref het, kan egter bly wees hulle het hul nie in Bloemfontein in Augustus 1860 bevind nie. Die hoofsetel van die Oranje-Vrystaat was toe niks groter as 'n kleinerige plattelandse dorpie waar wildebeeste nog in die strate gedwaal het nie.

Neffens die dorpie het in daardie maand 'n wildslagting afgespeel wat nog nooit in Suid-Afrika aanskou is nie, terwyl ander praat van wêreldwyd. *The Grahams Town Journal* van 11 September 1860 sou selfs verder gaan en dit só verwoord: "Suffice it to say that such a hunt, taken with all the concomitant circumstances and incidents, has not taken place in any part of the civilized world within the present century."

Alles is gesneller deur die besoek van prins Alfred (1844-1900), tweede seun van die Britse koningin, Victoria. Dié koninklike knaap het in 1860 die Kaap besoek. Op sy binnelandse reisplan was Bloemfontein ook aangeteken. Die prins en sy uitgelese geselskap, waaronder die Kaapse goewerneur sir George Grey, is op 23 Augustus 1860 luisterryk in Bloemfontein met sy Engelse milieu ontvang. Dit was net meer as twee weke na die prins se sestiende verjaarsdag. In 'n gebied waar daar selde



*Prins Alfred (foto: NM)*

belangrike besoekers gekom het en dit nogal uit die Britse vorstehuis, het die opwinding uiteraard hoog, baie hoog, geloop. Des te meer is die versekering hierin gesien dat die verre vaderland ten spyte van republiekwording hulle nie heeltemal vergeet het nie.


Oudergewoonte het Bloemfontein sy tradisie gehandhaaf om koninklikes uitermatig glansryk te ontvang. Al die welwillendheidsvertoon van deftige onthaal, amptelike en hoogdrawende adresse, kleurliggies, vreugdevure, ereboë en vuurwerke in die teenwoordigheid van plaaslike waardige en temerige ou ooms, het die jong man beleefd verduur. Hy het eerder uitgesien na die volgende dag se jagtog wat spesiaal vir hom gereël is deur die gasvrye en gemoedelike Andrew Hudson Bain (1819-1894) op sy groot plaas Bainsvlei (in daardie tyd bekend as Bain's Vlei; vandag 'n hoewe-, woon- en besigheidsgebied, digby die westekant van Bloemfontein).

Bain was 'n Engelsman van die Wes-Indiese Eilande wat vir sy gesondheid as bedrewe grootwildjagter na Suid-Afrika gekom en hom weldra in Bloemfontein gevestig het waar hy etlike erwe en plase besit het.

Die jagtog wat beplan was vir die prins, was van astronomiese omvang. Daar is geskat dat nagenoeg 'n duisend berede Barolong, gewapen onder andere met gewere, vanaf Thaba Nchu die wild van die omliggende gebied na Bainsvlei aangejaag het. In die kom van die Bainsvlei-heuwels waar tussen twintig- tot dertigduisend wildebeeste, sebras, koedoes, springbokke, blesbokke, volstruise en ander wild ingejaag is, het die prins en sy jagmakkers gewag.

'n Groot aantal mans en vrouens het met waens, rytuie en te perd van die dorp opgeruk om op 'n veilige afstand die bloedige skouspel wat sou volg, nuuskierig gade te slaan. Daar is mildelik gesmul aan lekkernye en met oorgawe is sterk drank verorber. Die gesellige karnaval-atmosfeer wat die okkasie omhul het, is versterk deur die aanwesigheid van die sogenaamde *Dirty Boys*. Hierdie groep Engelsgesinde jong mans uit die dorp is deur verveling en frustrasie saamgebind en het die spotnaam *Dirty Boys* gekry wat hulle as 'n erenaam aanvaar het. In nogal onvolwasse uitbundigheid het hulle gewoonlik allerhande onhebbelike kattekwaad aangevang.

Toe die tyd ryp is, het die prins en sy jagparty, waaronder sir George, hulle perde bestyg. Op 'n ry is al skietende op die malende dieremassa afbeweeg. As uitverkorene in die jagproses is die prins onmiddellik geweer na geweer in die hand gestop om sonder ophou



*Andrew Hudson Bain op wie se plaas Bainsvlei neffens Bloemfontein die groot jagtog plaasgevind het. (foto: VPAB)*

te vuur. Ooggetuies het vertel hoe adrenalien-opwindend dit geraak het wanneer diere so groot soos perde om jou neergevel word of met horings omlaag reguit op jou afstorm en dan links of regs verby jou blits. In die boek *The progress of H.R.H. Prince Alfred Ernest Albert through the Cape Colony, British Kaffraria, the Orange Free State, and Port Natal, in the year 1860* van Saul Solomon wat in 1861 in Kaapstad gepubliseer is om die prins se besoek aan die land te herdenk, het hy akkurate beskrywings van die jagtog aangebied soos uit ander oorde ook bevestig is. Daar was die verstikkende opwarrelende stofwolke wat die droë winterveld oorsoom het, die oorverdowende geraas van die horde hoeweval op die grond van die hardlopende en paniekerige wild, die val van dooie diere, die tuimel van die lewendes oor dié wat uitgedelg is, die gebulk van gewonde en sterwende wildebeeste en die aanporrende geskreeu van die swart aandrywers. Tussen alles deur was daar die aanhoudende en eentonige harde geblaf van geweerskote. In 'n stadium het prins Alfred en van die ander jagters met hul jagspiese van die gekweste diere, rasend van angs, afgemaai.

Op sy beurt sou *The Friend* verkondig: "Well then, the Prince took to horse, as did all (ladies included) who could command steeds. Bang, bang, bang, went the rifles, bouff-bouff, remarked the curs ... The hunt afterwards resembled more the end of a battle, than a hunt ... The slaughter was tremendous."

Hierdie bloedige jag het minstens 'n uur geduur. Hierna het die swart medewerkers met hul gewere en spiese ingespring om die slagting verwoed verder te voer. Tussen vyf- en sesduisend stuks wild, veral wildebeeste, is afgemaai. Die swart betrokkenes het ook die grootste voordeel uit die hele bloedige affêre getrek deurdat vragte karkasse op waens en pakosse verwyder is om in hulle vleis-behoefte vir baie lank te voorsien.



*Prins Alfred (middel) met 'n jaggeselskap, die plek onbekend. (foto: NM)*

Die prins met sy gunsteling jaggeweer, 'n Westley Richards-karabyn, het dié dag alleen sowat 25 stuks wild op sy kerfstok gehad. Hy en sy medeskuts was na afloop van alles rooi van die bloed … tot by die skouers. Hulle het meer soos slagters as jagters gelyk, sou iemand na die tyd droogweg opmerk. Dit was 'n godswonder, het sommige gesê, dat in hierdie wanordelike en bloedige massa-uitdelgingskouspel daar geen menselewens in die slag gebly het nie.

Vermoedelik het hierdie reusagtige dryfjagtog die hoogtepunt van die prins se Suid-Afrikaanse besoek uitgemaak, want daar is geglo dat hy só 'n toneel nooit weer sou beleef nie. Die jongeling en die goewerneur het juis Bain hartlik bedank vir sy besonderse gasvryheid as gasheer en ook vir sy reuse-en suksesvolle aandeel om hierdie jagtog interessant en opwindend te maak.

Blykbaar was roofdiere nie op die uitdelging-statistieke nie. Teleurstelling is wel uitgespreek omdat 'n leeu wat vir groot opwinding moes sorg, in die nag sy lêplek verlaat het en sodoende aan die slagting ontkom het.

In 1862 was Bainsvlei sowaar weer die toneel van 'n soortgelyke dryfjag. Op versoek van een van die seuns van 'n Barolong-hoof het Bain toestemming daarvoor verleen. Bykans 5 000 stuks wild het in die slag gebly. Triomfantelik het die swart jagters met hul konvooi waens belaai met karkasse deur Bloemfontein getrek op pad na Thaba Nchu. Dié keer was daar ongevalle: Een man is deur kwaggas doodgetrap, 'n ander ernstig gegaffel deur 'n wildebees en 'n derde een het 'n koeëlwond gehad. Hierdie grootskaalse uitroeiing van wild het geen geringe rol gespeel dat die groot wildtroppe in die onmiddellike omgewing van die dorp dramaties gekwyn het nie.

Bain sal ook onthou word dat hy in 1848 die eerste dorpsplan van Bloemfontein geteken, opmetings gedoen en erwe uitgelê



*'n Skildery van die Bloemfonteinse bloedige reuse jagtog wat die jong prins Alfred van Brittanje as eregas in 1860 op die plaas Bainsvlei meegemaak het. (foto: NM)*

het. Vanweë geldelike probleme moes hy aan die begin van die 1870's sy plase, waaronder Bainsvlei, verkoop. Hierna probeer hy vergeefs sy fortuin op die Kimberleyse diamantvelde herwin. Daarna het hy na Boshof verhuis waar hy die laaste 20 jaar van sy lewe in armoede deurbring het.



*'n Jaggeselskap op Bainsvlei in die vroeë 1900's. (foto: NM)*

## Bronne


Beyers, B, (red.). 1981. *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* IV. Pretoria: RGN.

*Die Volksblad*, 20.4.1987.

Haasbroek, H. 2015. Walglike orgie van bloed vir 'n tienerprins. *Rapport* (Weekliks), 23 Augustus: 5.

*National Museum News*, 12, 1977.

Schoeman, K. 1980. *Bloemfontein – Die ontstaan van 'n stad 1846-1946*. Kaapstad: Human & Rousseau.

*The Friend,* 31.8.1860; 6.6.1862; 20 en 24.7.1894; 27.9.1930.

- 5 -

# ONZE RUST, BRANDKOP EN HILLANDALE

## PLASE MET BESONDERE HISTORIESE VOETSPORE

In Bloemfontein is daar die interessante geval dat drie historiese familieplase wat teenaan die stad of baie naby geleë is, vir dekades in die hande van die bekendste inwoners was wat die Vrystaat as republiek (1854-1902) en daarna ooit opgelewer het. In die insiggewende boek *Group portrait South Africa – Nine family histories*, waarin 'n volledige narratief van die Steyns as enigste wit familie voorkom, staan tereg geskryf dat 'n familieplaas beteken dat jy 'n boom kan plant en dit sien groei.

Twee van die plase is aan die suidekant: Onze Rust van die laaste staatspresident van die republiek Oranje-Vrystaat, M.T. Steyn, so 22 kilometers van die stad, asook Brandkop van die welgestelde sakeman Gustav Fichardt, geleë teenaan die woonbuurt Pellissier. Aan die noordekant is daar die plaas Hillandale wat eens aan die bekende Abraham Fischer, vooraanstaande volks- en politieke leier, behoort het. Anders as die ander twee familieplase is dit lankal nie meer in familie-hande nie.



*Die oorspronklike plaashuis op Brandkop met Ella Fichardt in die tuin. (foto: VPAB)*


Hierdie drie families, wat op daardie stadium deur sommige as die 'aristokrasie' van die Vrystaat beskou is, was baie goed bevriend wat deur huweliksverbintenisse verder verstewig is. Tydens 'n dubbele huweliksbevestiging in 1907 is advokaat Percy Fischer (later regter-president van die Vrystaat), seun van Abraham Fischer, met Ella Fichardt, dogter van Gustav Fichardt en ook bekende gemeeskapsleier en skrywer (sien bladsy 188) en president Steyn se dogter Hannah met Everard Fichardt (Ella se broer) getroud. Terloops Charlie, Gustav se oudste seun, is met Catharine (Katie) Mary Grant Innes, oudste dogter van die eerste ware burgemeester (1880) van Bloemfontein, Robert Innes, in die eg verbind. So ook is Charlie se broer Arthur met Violet Borckenhagen getroud – sy was die dogter van Carl Borckenhagen, die bekende en invloedryke Bloemfonteinse redakteur van die republikeinse koerant *De Express*. Charlie se suster, Maude, uit eie reg 'n gesiene inwoner van die stad, het met die bekende dokter C. Hugh Bidwell van Bloemfontein afgehaak.



*Op hierdie uitsonderlike foto van 'n jaggeselskap op waarskynlik Brandkop in 1896 is die eienaars van al drie plase hier onder bespreking, asook van hulle familie en vriende, te sien. Op die grond sit van links Arthur (seun van Gustav Fichardt) en H.F.D. Papenfus (landdros van Bloemfontein). Sittende van links is Gustav Fichardt (eienaar van Brandkop), sir Walter Hely-Hutchinson (goewerneur van Natal, later van die Kaap), Katie (Charlie Fichardt se vrou) en president M.T. Steyn (eienaar van Onze Rust). Agter staan van links Maude (Gustav Fichardt se dogter), onbekend, Jan Steyn (president Steyn se broer), onbekend, Abraham Fischer (eienaar van Hillandale) en Charlie (seun van Gustav Fichardt). (foto: NM)*



*Die nuwe woonhuis op Brandkop wat in 1919 voltooi is. (foto: NM)*



*Abraham Fischer (foto: NM)*



*Abraham Fischer op sy plaas Hillandale. (foto: VPAB)*

Al hierdie families het 'n besondere opbouende aandeel in die ontwikkeling van Bloemfontein en die Vrystaat gehad. Vanselfsprekend verleen dié toedrag van sake 'n besondere historiese dimensie aan die plase, veral gesien in die lig daarvan dat hulle as familie, vriende en politiekesamehoriges heen-en-weer gekuier het. Terloops, hierdie families – die Steyns, die Fischers en die Fichardts – het oor dekades behalwe 'n staatspresident en burgemeesters, ook 'n eerste minister, regters, parlementslede, politieke en gemeenskapsleiers, advokate en skrywers opgelewer.

Onze Rust, wat M.T. Steyn (1857-1916) in 1896 gekoop het – dieselfde jaar wat hy as president ingesweer is, sal altyd leef in die geskiedenis van die Afrikaner. Tydens sy ampstyd en die Anglo-Boereoorlog het hy nie daar gewoon nie, maar na sy terugkeer in 1905 uit Europa waar hy vertoef het vir mediese behandeling, het hy hom permanent op die plaas gevestig. Die woonhuis op die plaas is intussen vergroot en op die groot voorstoep en onder die bekende 'Boom van Sameswering' (hierdie olienhoutboom neffens die huis is vandag 'n verklaarde provinsiale erfenisterrein) het Steyn as mees vertroude leidsman van die Afrikaner met besoekende staatsmanne samesprekinge gevoer en ook ontspan.

Na sy dood het sy weduwee, die bekende Rachel Isabella (Tibbie) Steyn ('n nooi Fraser), die huis nog vir baie jare bewoon en as 'Volksmoeder' die belange van die Afrikaner gesimboliseer. Hierna het regter M.T. Steyn, kleinseun van die president en in 'n stadium ook administrateur-generaal van Suidwes-Afrika (Namibië) en sy gesin die opstal betrek.

Op Onze Rust met sy pragtige gerestoureerde opstal bedryf advokaat Colin Steyn (seun

van die regter) en sy vrou Jackie vandag 'n suksesvolle gaste- en onthaalplaas van waar Bloemfontein wêreldwyd bemark word. Die historiese atmosfeer van die statige ou opstal is behou en kosbaarhede en antieke meubels uit vergange dae laat die president en vervloë tye steeds in die huis herleef. Die Onze Rust-landgoed met sy ryk geskiedenis is inderdaad



*Die oorspronklike woonhuis op Hillandale. (foto: NM)*



*President M.T. Steyn (links), eienaar van Onze Rust, en langs hom staan sy vrou Tibbie. Haar ma, Isabella, hou die Fichardt-baba op haar skoot en langs haar sit haar eggenoot, dominee Colin Fraser. Agter langs Tibbie staan Everard en Hannah (die Steyns se dogter) Fichardt. (foto: NM)*



*Die Fischers en Fichardts voor die cottage op Hillandale omstreeks 1909. Voor sit Ella Fischer (née Fichardt) en langs haar Abraham Fischer, haar skoonpa. Van links staan Everard Fichardt (Ella se broer), sy vrou Hannah (dogter van president M.T. Steyn), Percy Fischer (Abraham se seun en Ella se eggenoot), Ada (Abraham se vrou) en 'n onbekende persoon. (foto: NM)*



*Die plaasopstal op Onze Rust in die 1920's. (foto: NM)*

toerismegewys goud werd vir Bloemfontein en die Vrystaat. Dit staan sentraal in die instandhouding van die tradisie van die Anglo-Boereoorlog.

Brandkop het sedert die 1860's aan die patriarg Gustav Fichardt (1834-1900), wat in 1853 as jongeling uit Duitsland na Bloemfontein gekom het, behoort. Hy was die skatryk eienaar van die bekende Fichardt-winkel – 'n winkel wat meer as 100 jaar deel van die familie en Bloemfontein was, asook die spog herehuis Kaya Lami in die stad, terwyl hy eens op 'n tyd burgemeester was. Soos die gebruik daardie jare onder die welgestelde inwoners was, het die plaas as buiteverblyf, dit wil sê 'n naweek- en vakansieplek en boerdery gedien en eers aan die begin van die volgende eeu het van die familie hul permanent daar gevestig.

Die Fichardts was in die Oranje-Vrystaat as 'n republikeinse familie bekend. Ondanks hulle Duits/Engelse agtergrond, het die familie hulle merendeels met die Afrikaner se strewe en belange vereenselwig.

Die oorspronklike beskeie plaaswoning op Brandkop dateer uit 1876 volgens die datums aangebring op 'n gewel van die nuwe plaaswoning wat in 1919 op die plek van die oue opgerig is. In laasgenoemde jaar het Charlie Fichardt (1870-1923) en sy gesin Brandkop toe verhuis. Hy het as sake-, kultuur- en sportman (veral as krieketspeler) uitgeblink. Hy was in 'n stadium burgemeester en later Volksraadslid. Die Fichardts het in hierdie jare hulle aansien in die stad en daar buite behou en op Brandkop is daar in dieselfde grasie en op dieselfde skaal as in die ou familiewoning in die stad onthaal. Aan sy oudste seun Gustav Arthur Innes het Charlie volgens die wense van sý pa die plaas bemaak. Eersgenoemde was ook 'n burgemeester hier en na sy dood in 1977 het sy weduwee, Frida (née McHardy), tot haar dood op die plaas gebly.

Ewald Alexander Fichardt, een van hul vier kinders (en ook 'n burgemeester van Bloemfontein) en sy vrou Marina, het hulle toe op Brandkop kom vestig en volgens tradisie gesorg dat dit steeds die sosiale mekka van Bloemfontein bly en tot sy volle potensiaal ontwikkel. Toe Ewald in 1997 oorlede is, het sy vrou voortgegaan om tot 2007 in die Brandkop-huis te woon. Ewald se broer, Barry Fichardt, se tweede oudste seun Gustav, 'n bekende tennisspeler, het sedertdien die huis en die plaas oorgeneem. Ewald se suster, doktor Zaza Pieterse van die plaas Croningen in die Smithfield-distrik en veral baie bekend in die Vrystaatse politieke kringe en woelinge van destyds, was en is baie geheg aan haar familieplaas Brandkop. Sy het 'n besondere interessante skrywe oor haar lewe, *Rykdom en Rafels*, die lig laat sien. Hierin gee sy ook breedvoerige vertellinge van haar Brandkop-jare en die Fichardt-familie.

Die historiese woonhuis op Brandkop is nog grootliks ongeskonde, hoewel onbewoon. 'n Plaasdorp-leefstylbehuisingsprojek word hier beoog wat hopelik dié statige ou huis weer tot sy reg sal laat kom.

Advokaat Abraham Fischer (1850-1913) se verbintenis met Hillandale, wat hy in die 1890's aanvanklik as buiteverblyf aangekoop het, verleen 'n sterk historiese komponent aan dié plaas. In die republiek Oranje-Vrystaat het Abraham met sy skerpsinnigheid en innemende karakter vinnig opgang in die politiek gemaak. Hy het onder andere as Volksraadslid en lid van die uitvoerende raad gedien en is selfs as presidentskandidaat voorgestel, wat hy sonder verduideliking van die hand gewys het. Hy was in baie opsigte president Steyn se regterhand,

veral kort voor en tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902), toe hy as 'n soort van minister van buitelandse sake moes optree. Na die oorlog was hy eerste minister in die selfregerende Oranjerivierkolonie en na Uniewording in 1910, 'n minister in die Botha-kabinet.

Op Hillandale het die Fischers gewoeker om dit na hul smaak in te rig. 'n Tennisbaan, kroukiebaan en tuine is aangelê en die woonhuis is opgegradeer. Hulle was gasvry en gewild en die sosiale lewe op die plaas het derhalwe gedy. So 'n entjie van die opstal was 'n cottage waar sy kinders (veral Percy en Ella Fischer) en kleinkinders, onder andere Bram Fischer (die latere bekende kommunistiese leier en struggle-aktivis) dikwels tuisgegaan het wanneer hul die plaas besoek het.

Na sy dood is 'n deel van Hillandale, genoem Bergendal na die Engels, vir Percy afgesny. In 1946 het hy en sy vrou net 'n stukkie van die plaas, bekend as Diepwater, uitgehou vir permanente aftredeverblyf.

Vandag is die gesogte en spoggerige Woodland Hills Wildlife Estate op Hillandale ontwikkel en die oorspronklike plaasopstal is ook as deel van 'n hotel-kompleks, die Royal Fischer-hotel, gerestoureer. Die cottage is gesloop.

## Bronne


Faber, P. (samest.). 2003. *Group portrait of South Africa – Nine family histories*. Kaapstad: Kwêla.

Fichardt Pieterse, Z. 2011. *Rykdom en rafels* (ongepubliseer). Smithfield: Z. Pieterse.

Gericke, M. 2008. Steyns hou die geskiedenis in stand. *Ons Stad*, 3 April: 16.

Jacobs, D.S. 1965. *Abraham Fischer in sy tydperk, 1851-1913* (Argiefjaarboek vir SA Geskiedenis, II). Pretoria: Staatsdrukker.

Haasbroek, H. 2010. Nakie Smith (1845-1947) – Goewernante van die bekende en welaf Fichardt-familie van Bloemfontein. *SA Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 24(2), November: 37-53.

Haasbroek, H. 2011. *'n Seun soos Bram – 'n Portret van Bram Fischer en sy ma Ella*. Kaapstad:Umuzi.

Haasbroek, H. 2012. Die huis wat Bram gebou het. *Volksblad* (By), 18 Augustus: 6.

Haasbroek, H. 2012. Hillandale – 'n Bloemfonteinse plaas met historiese voetspore. *Culna*, 67, November: 3-5.

Haasbroek, H. 2012. Die rol van Charles (Charlie) Gustav Fichardt in Bloemfontein 1891-1923. *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein*, 28(4), Desember: 49-83.

Haasbroek, H. 2013. Hillandale se erfenis ryk. *Bloemnuus*, 5 April: 6.

Kruger, N. 1949. *Rachel Isabella Steyn – Presidentsvrou*. Kaapstad: Nasionale Pers.

Schoeman, K. 1983. *In liefde en trou – Die lewe van president M.T. Steyn en mev. Tibbie Steyn*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Schoeman, K (red.). 1986. *Pen pictures from the past* (deur Maude Bidwell, inleiding Ella Fischer). Kaapstad: Human& Rousseau.

Schoeman, K. 2015. *Imperiale somer – Suid-Afrika tussen oorlog en unie, 1902-1910*. Pretoria: Protea.

Van der Bank, D.A. (red.). 1984.*A voice from Bloemfontein – The reminiscences of Gustav Adolph Fichardt*. Bloemfontein: Nasionale Museum.

Van Schoor, M.C.E. 2009. *Marthinus Theunis Steyn – Regsman, staatsman en volksman*. Pretoria: Protea Boekhuis.

# – 6 –
# WORTELS VAN DIE SKOU

Jaarliks wanneer dit skoutyd is, bars Bloemfontein uit sy nate. Skoustalletjies en eetplekke in oorvloed, pret en plesier verskaf deur talle vermaaklikheidsprogramme waaronder bekende sangers, 'n pretpark en pronkdiere wat teen mekaar meeding om toekennings – dít alles en nog meer kenmerk die skou.

Lank, lank gelede, soos menige sprokie begin, was die aanbieding van die skou oftewel landboutentoonstelling in die stad vanselfsprekend heelwat meer sober as gevolg van die mensdom se ontwikkelingspeil en belangstellings. 'n Skou was toe grootliks gemeet aan sy vee- en landboutentoonstellings.


*Moritz Leviseur (foto: VPAB)*

Maar waar het alles begin? Interessant genoeg het die Amerikaanse *Declaration of Independence* indirek die bal aan die rol gesit. In 1874 is begin met voorbereidings vir 'n Wêreldtentoonstelling in Philadelphia om die honderdjarige herdenking van die Verenigde State van Amerika in 1876 te vier. Die Vrystaatse konsul-generaal in Amerika het president J.H. Brand hiervan ingelig. Die president het onmiddellik sy ore gespits, want hier was 'n gulde geleentheid om die Boererepubliek aan die buiteland bekend te stel. Die bekende Bloemfonteinse Duits-Joodse sakeman Moritz Leviseur het ywerig ingespring om die Vrystaatse reëlingskomitee vir dié internasionale tentoonstelling behulpsaam te wees. Volstruisvere, ongeslypte diamante, minerale, wol, koring, ivoor, gevlegte mandjies, houtfigure, tuie, diervelle, gebreide rieme en 'n

model van 'n bokwa is onder andere verskeep om die Vrystaat te verteenwoordig.

Uit al hierdie verwikkelinge het Bloemfontein sy eerste landbouskou beleef. In 1875 met Leviseur aan die spits en as eerste voorsitter het die Oranje-Vrystaatse Landbougenootskap die lig gesien om 'n bydrae tot die organisering van die Philadelphia-skou te lewer. So begeesterd was die betrokkenes dat hulle dieselfde jaar 'n skou aangebied het wat saam met die jaarlikse wolmark geval het. Grond wat aan Leviseur in Maitlandstraat behoort het, het die skou, wat baie toeskouers gelok het, gehuisves. Hoflik is besluit om die eerste dag net dames toe te laat sodat hulle die gedrang gespaar kon bly.

In 1884 het die owerheid besluit om meer daadwerklike stappe te neem om die stigting van landbougenootskappe in die Vrystaat te bevorder en wetgewing is goedgekeur waarin sodanige prosedures omskryf is.

Gesiene Bloemfonteinse inwoners was bereid om in die daaropvolgende jare in die bestuurskomitee van die landbougenootskap te dien, waaronder Cornelis Wessels van Kwaggafontein (later tweede administrateur van die Vrystaat), regters Melius de Villiers, R. Gregorowski, F.W. Reitz en M.T. Steyn



*Cornelis Wessels, sy vrou Christina en hul gesin in 1904. Langs hom sit Cecilia wat die bekende dramatiese sopraan geword het. (foto: NM)*

(twee laaste genoemdes die latere staatspresidente), G.A. Fichardt (welgestelde sakeman), Abraham Fischer (bekende politikus en later eerste minister van die Oranjerivierkolonie), C. Borckenhagen (invloedryke redakteur van *De Express*) en dokter B.O. Kelner ('vader' van die geneeskunde in die Vrystaat).


Aanvanklik is die skou op Markplein (later Hoffmanplein) en in die stadsaal gehou, maar in 1891 het die stadsraad 'n stuk grond daarvoor aan die oostekant van die stad toegeken, tussen Blignautstraat en Glenweg in die Spoorwegkamp, waar die eerste skou daardie opvolgende jaar plaasgevind het. Die terrein is met sinkplate en nieshoutpale omhein, terwyl 'n skousaal, skure en veehokke opgerig is. Die skou was besonder gewild met nie net toeskouers van oor die hele Vrystaat wat daarnatoe gestroom het nie, maar ook van die Kaapkolonie en Betsjoeanaland (Botswana).

Sedert 1893 is ook jaarliks na afloop van die skou 'n landboukongres aangebied waarheen al die Vrystaatse landbougenootskappe genooi is. Helaas het die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) die Bloemfonteinse skou en sy landbougenootskap wat daarvoor verantwoordelik was, tot niet laat gaan.


In 1903 was daar weer 'n roering op dié gebied. Dit sou Cornelis Wessels wees wat grootliks die voortou geneem het. Hy is ondersteun deur ou bekendes soos Fischer en Kellner, asook P.J. Blignaut (die voormalige goewermentsekretaris) en A. Barlow. Op 21 November het hulle saam met talle belangstellendes in die stadsaal bymekaargekom om die herstigting van die landbougenootskap te bespreek. Wessels was as erkende groot kampvegter vir boerderybelange in die voorsitterstoel.

Die voorlopers in die kwessie het gewikkel. Weldra was die nodige bestuurskomitee in plek en die nuwe Bloemfontein- en Oranjerivierkolonie-landbougenootskap het die lig gesien met Wessels as eerste president. Die stadsraad het 'n tentoonstellingsterrein (die huidige terrein) beskikbaar gestel. Onthou, die Vrystaat het na die oorlog tot 1910 as die Oranjerivierkolonie bekend gestaan.

Die hoof oogmerk van die nuwe genootskap was natuurlik om so gou moontlik 'n landbouskou aan te bied. Na die oorlog, op 14 en 15 Maart 1906, het die eerste skou weer 'n werklikheid geword. Allerweë is dit as besonder geslaagd beskou.




*Sir Hamilton Goold-Adams (foto: NM)*




*Regter Melius de Villiers (foto: NM)*



*Regter F.W. Reitz, die latere staatspresident. (foto: NM)*



*P.J. Blignaut (foto: VPAB)*



*Carl Borckenhagen (foto: NM)*



*Dokter B.O. Kellner (foto: VPAB)*

Teen die tyd toe Wessels sy presidentskap in middel 1908 neerlê weens werksdruk as minister in die Oranjerivierkolonie, het daar reeds 'n paar permanente geboue op die skouterrein gepryk en was skoureëls en -regulasie opgeskryf. Wessels is as president opgevolg deur E.R. Grobler wat na eersgenoemde se afsterwe die Vrystaat ook as administrateur sou dien. Interessantheidshalwe kan genoem word dat die wewenaar Grobler kort na sy voorganger se dood (daar was 'n ouderdomsverskil van so 10 jaar tussen hulle) met sy oudste dogter, die weduwee Cornelia (Polly) Visser, in die huwelik bevestig is.

Tot groot voordeel van die Bloemfontein- en Oranjerivierkolonie-landbougenootskap se aanvangsjare om sy voete te vind, was die formele vriendskapsband tussen Wessels en sir Hamilton Goold-Adams, wat aanvanklik as luitenant-goewerneur en toe as goewerneur aan stuur van die Oranjerivierkolonie gestaan het.

Die goewerneur het 'n groot belangstelling in boerderybelange gehad en sou met genoeë die erepresidentskap van die genootskap aanvaar. Die twee het mekaar veral oor hul liefde vir perde gevind. Wessels se Hackney-perde het juis met talle pryse weggeloop, terwyl hy op 'n keer tydens 'n geselligheid onder gelag die goewerneur kamstig berispe het omdat hy (Goold-Adams) op die landbouskou bekende telers die loef afsteek en "de prijzen voor hun neus weghaalde". Wessels het ook uit sy eie sak kontantpryse beskikbaar gestel vir perde anders as opreg geteel.


Finansiële probleme het daartoe aanleiding gegee dat dié genootskap in die Sentrale Landbougenootskap oorgegaan het, wat onder andere jaarliks 'n landbouskou vir die hele Vrystaat moes aanbied. Die Sentrale Landbougenootskap is deur wet nr. 24 van 1909 bekragtig en kon staatmaak op 'n groter ondersteuningsbasis en regeringshulp. Vanaf 12 tot 14 April 1910 het die eerste sentrale landbouskou (vandag net as Bloemskou bekend) in Bloemfontein onder die nuwe bedeling plaasgevind.

Insiggewend genoeg het die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918) nie belemmerend op die skouprogram ingewerk nie, maar gedurende die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) het dit tot stilstand geknars. Sedert 1947 is daar weer met nuwe ywer weggespring sodat die skou van krag tot krag gegaan het en


word vandag steeds as een van die grootste skoue in die land beskou. Bygesê, die skou is die gasheer van die grootste opelug-saalperd-aanbieding in die wêreld met net minder as 1 000 perde en talle afgevaardigdes van die Verenigde State van Amerika.



*Die omheinde skouterrein geleë in die Spoorwegkamp, omstreeks 1892. (foto: VPAB)*




*Bloemfontein hou skou in omstreeks 1910 op die terrein wat vandag steeds daarvoor gebruik word. (foto: VPAB)*



*Die administrateur van die Vrystaat, sir Cornelis Wessels en sy tweede vrou, lady Wessels (voorheen die weduwee Eliza Bosman van Worcester, née Keyter) sit hier op die pawiljoen tydens die sentrale landbouskou in 1922. By hulle staan A.E. Fichardt. (foto: NM)*

## Bronne


Bloemskou-inligtingspamflet, 2017.

Botes, S.M. 2014. *Bloemfontein gedurende die bewind van president F.W. Reitz, 1889-1895: 'n Kultuurhistoriese studie*. PhD, UV.

*De Express*, 23.12.1890; 21.2.1899.

Haasbroek, J. 1987. *Die rol van Cornelis Hermanus Wessels in die Oranje-Vrystaat 1885-1924.* Bloemfontein: Nasionale Museum.

Haasbroek, H. 2010. Wortels van Bloemskou lê diep. *Volksblad*, 26 April: 7.

Jacobs, D.J. 1979. *Die ontwikkeling van landbou in die Vrystaat*. DLitt et Phil, UOVS.

*The Bloemfontein Post*, 1.10.1904.

*The Friend,* 13 en 17.2.1891; 4.10.1892; 21.2.1899; 23.11.1903; 1 en 4.10.1904; 13.12.1909; 7.3.1910.

Van der Bank, D.A. 1998. Die Amerikaanse "Declaration of Independece" en die ontstaan van die Nasionale Museum. *Culna*, Mei: 31.

*Volksraadsnotule OVS*, 1884, Ordonnansie nr. 23 van 1884.

# – 7 –
# 'N WOLFF IN BLOEMFONTEIN

'n Wolf is nie algemeen aan die wildlewe in Suid-Afrika nie, wat nog te sê van Bloemfontein. 'n Ander Wolff het vir baie jare 'n opbouende en leidende rol in die openbare lewe van die stad gespeel.

Toe burgemeester Wolff Ehrlich meer as 100 jaar gelede op 29 Augustus 1907 tydens 'n openbare vergadering van belastingbetalers in die stadsaal aankondig dat 'n mosie van vertroue in die stadsraad die paal gehaal het, terwyl dit opvallend nié so was nie, het hy as burgemeester 'n laagtepunt in sy openbare lewe bereik. Kort hierna het die hele stadsraad in 'n sekere sin in oneer en onder 'n wolk van wantroue *en bloc* bedank – waarskynlik die eerste keer dat so iets in Bloemfontein gebeur het. Sonder twyfel kan gesê word dat Wolff, ondanks dié terugslag in sy openbare lewe, een van die hardwerkendste, bekendste en mees dinamiese leiersfigure in die ontwikkelingsgeskiedenis van ou Bloemfontein was en wat baie vir die opbou van die stad beteken het. Sy jare lange onbaatsugtige gemeenskapsdiens en liefdadigheidswerk in Bloemfontein – en dan veral onder die Joodse gemeenskap – het sy naam vasgebeitel in die annale van die stad.

Wolff Ehrlich, 'n Duitse Jood, is op 13 Junie 1855 te Erfurt in die pragprovinsie Thüringen, Duitsland, gebore waar hy deeglike skool- en handelsopleiding ontvang het. In 1874 het hy op die ouderdom van 19 besluit om na Suid-Afrika te emigreer. Die redes hiervoor was eerstens om sy gesondheid te verbeter, maar sy jeugdige voortvarendheid om nuwe horisonne te verken het ook 'n groot rol gespeel. Verder het hy na beter vooruitsigte gesoek as wat sy vaderland na die Frans-Pruisiese Oorlog (1870-71) kon bied. Dit was juis die jongman se borsprobleem wat sy ouers daarin laat berus het dat hy weinig keuse gehad het as om hom in 'n meer helende klimaat te vestig.



*Wolff Ehrlich as jong man. (foto: VPAB)*

In 1877 het hy hom in Bloemfontein, hoofstad van die republiek Oranje-Vrystaat, as deel van die groepie Duitse Jode gevestig. In Maitlandstraat het hy die eerste groothandel skoenwinkel genaamd W. Ehrlich & Co. in die stad geopen.

In Junie 1880 het Ehrlich hom in die eg verbind met Helene Baumann, 'n dogter van die Duitse Jood Isaac Baumann, bekende Bloemfonteinse pionier en winkelier. Uit die huwelik is vier dogters en twee seuns gebore. Die Ehrlichs se dogter, Rose, het 'n baanbreker op die gebied van voordragkuns in Suid-Afrika geword.

Wolff Ehrlich se hart het ook in boerdery gelê. In ongeveer 1894 het hy die plasie The Retreat buitekant Bloemfontein naby Spitskop gekoop waar hy 'n grondlegger van een van die beste Frieskuddes in die Vrystaat geword het.

Sy bydrae tot die ontwikkelingsgeskiedenis van Bloemfontein as sodanig was stellig sy dienstydperk as stadsraadslid en burgemeester in 1906/1907 en weer in 1911/1912. Hoewel sy bydrae soms taamlik omstrede was, het dit oor 17 jaar gestrek.

Ofskoon hy as burgemeester, ondanks sy foute, nogal gewild onder die wit kieserskorps was, was sy houding as eerste burger teenoor die swart stemlose inwoners van die stad taamlik afsydig soos onder andere swart deputasies wat hom kom sien het, kon getuig.

Tussen al sy openbare bedrywighede deur het Ehrlich die tyd gevind om hom deeglik met die politiek van die dag te bemoei. Hy is beskuldig van manteldraaiery in die politiek, maar dit moet in perspektief gesien word. Gedurende die republikeinse jare het hy die Vrystaatse regering getrou gedien en was 'n ondersteuner van die Boerepresidente. Na die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) en met die toekenning van selfregering aan die Oranjerivierkolonie in 1907 het hy geglo dat hy Bloemfontein met sy Engelse inslag die beste as lid van die Konstitusionele Party sou dien. In dié hoedanigheid is Ehrlich as parlementslid van die Oranjerivierkolonie verkies. Hy het nie daarvoor kans gesien om met Uniewording in 1910, toe hy nie as senator benoem is nie, saam met dié party na die Unioniste Party met sy sterk nasionale Engelsgesindheid en wat vervreem



*Helene Ehrlich (née Baumann) (foto: NM)*

teenoor Bloemfontein gestaan het, te beweeg nie. Hierna was die gematigde Suid-Afrikaanse Party (SAP) as regerende party van generaal Louis Botha vir hom heelwat meer aanvaarbaar, maar hy kon nie 'n Volksraadsetel inpalm nie.

Sy vriendskap met generaal J.B.M. Hertzog en waarskynlik ook sy Duitse sentimente het helaas meegebring dat hy met die stigting van die Nasionale Party (NP) in 1914 met die generaal aan die stuur en die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog in dieselfde jaar, hom meer gemaklik met dié party geassosieer het. 'n Paar jaar later het Ehrlich vergeefs meegeding om as lid van die Vrystaatse Provinsiale Raad verkies te word. Eers in 1921 het sy vriendskap en diens aan die NP vrugte afgewerp toe hy deur die party as senator aangewys is.

Wolff sou inderdaad deur die jare uitgesonder word as een van die grootste voorstryders vir die belange van die Joodse gemeenskap in Bloemfontein. Geen wonder die pers sou na sy afsterwe opmerk: "Waar die oorledene meeste gemis sal word, is in die Joodse gemeenskap in Bloemfontein." Hy het mettertyd as raadgewer, vriend en voog van sy geloofsgenote hier opgetree.

Dit blyk dat Wolff Ehrlich in die binnekring van sy godsdienstige milieu heelwat meer takt en 'n gelykmatige geaardheid geopenbaar het as wat soms in sy openbare lewe en in die harde politiek van die dag gegeld het.

Hy is in 1903 as president van die Hebreeuse gemeente in Bloemfontein gekies en het dit tot sy afsterwe gebly. Verder het hy geen geringe aandeel daarin gehad dat The Jewish Helping Hand and Burial Society in 1902, Jewish Women's Benevolent Society in 1903 en die Sick Benefit and Loan Society in 1904 tot stand gekom het nie, terwyl hy altyd bereid was om op die bestuur van die organisasies te dien.

Die oprigting van 'n sinagoge was die ideaal waarna almal gestrewe het. Die stadsraad het goedgunstiglik 'n erf beskikbaar gestel. Wolff het 'n leeueaandeel daarin gehad en was onder andere in beheer van die fondskomitee. Te midde van groot belangstelling en in die teenwoordigheid van die hoëlui is die sinagoge, die eerste in die Vrystaat, op 20 Maart 1904 in Zastronstraat geopen. In 1965 is 'n nuwe sinagoge in Fairviewstraat 2 geopen wat vandag deur die Sewendedag-Adventiste Kerk besit word.



*'n Portretstudie van Wolff Ehrlich. (foto: VPAB)*



*Ehrlich as burgemeester. (foto: VPAB)*



*Generaal J.B.M. Hertzog (foto: VPAB)*

Die totstandkoming in 1912 van 'n verenigde South African Jewish Board of Deputies was stellig die grootste bydrae wat hy in die ontwikkelingsgeskiedenis van die Jode in Suid-Afrika gelewer het. Hy het na Uniewording in 1910 'n beslissende rol gespeel in die besluit van die Joodse gemeenskap in die land dat 'n sentrale organisasie om hulle belange landswyd te dien, uiters noodsaaklik is. Deur die inisiatief van hierdie Duitse Jood en die voordeel van Bloemfontein se sentrale ligging is die stigtingskongres hier gehou. Nie alleen was hy in die voorsitterstoel nie, maar is ook as die eerste president van die organisasie gekies, voorwaar 'n groot eer wat hom te beurt geval het na al sy onbaatsugtige opofferings om Joodse belange te bevorder. Op 4 Augustus 1914 het hy as president die eerste kongres na stigting van hierdie Joodse raad in die stadsaal van Kimberley geopen.

Drie weke voor sy dood op 5 Julie 1924 het Wolff Ehrlich nog die genoegdoening beleef om te sien hoe die party waaraan hy behoort het, die NP, in samewerking met die Arbeidersparty, die algemene verkiesing op 17 Junie 1924 wen en sy jare lange vriend, generaal Hertzog, die eerste minister van die Pakt-regering word. Slegs 'n paar dae voor sy dood is hy nog fris en gesond in die stad opgemerk, maar moes skielik 'n operasie ondergaan wat hy nie oorleef het nie. Die nuus oor die 69-jarige senator se afsterwe het vinnig versprei. Vlae is dadelik tot halfstok laat sak as eerbewys aan die ontslapene.

Alle hoogte- en laagtepunte in ag genome, kan gesê word dat Ehrlich 'n ontwikkelde en gekultiveerde persoon met 'n verdraagsame geaardheid en sin vir billikheid was wat graag sy gemeenskap wou dien. Sodoende het hy uitsonderlike goeie en opbouende werk en vele dade van mensliewendheid verrig wat aan hom die agting van die samelewing besorg het. In 'n karakterskrif skryf iemand wat hom goed geken het dat hy as man, vader en kinderliefhebber 'n voorbeeld vir almal was. Sy liefdadigheid was nie gedoen om in die openbaar erkenning te ontvang nie, en baie van sy liefdesdade sal nie maklik geëwenaar kan word nie.

## Bronne


Aronstam, S.M. 1974. *A historical and socio-cultural survey of the Bloemfontein community with special reference to the conceptions of Jewish welfare work.* DSocSc, UOVS.

*Die Burger*, 7.7.1924.

*Die Volksblad*, 7.7.1924.

Haasbroek, J. 2006. Die rol van Wolff Ehrlich in Bloemfontein1 877-1915. *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein*, 22(3), Julie: 77-110.

Haasbroek, H. 2006. Wolff Ehrlich – Voorstryder van Joodse belange in Bloemfontein. *Culna,* 61, November: 18-19.

Haasbroek, J. 2007. Die gebeure wat gelei het tot die bedanking van die Bloemfonteinse stadsraad in 1907, *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein.* 23(2), April: 77-100.

Saron, G. & Hotz, L. 1955. *The Jews in South Africa.* Kaapstad: Oxford.

*The Friend,* 7.7.1924; 8.10.1924.

*The SA Jewish Cronicle*, 14.8.1914.

*The South African Jewish Year Book*, 1929.

Vrystaatse Provinsiale Argiefbewaarplek: Aanwins (A) 16, Wolff Ehrlich-privaatversameling.

# - 8 -

# MAJOOR ALBRECHT EN DIE VRYSTAATSE STAATSARTILLERIE

Die republiek Oranje-Vrystaat (1854-1902) het sy eie Staatsartillerie en dus die enigste staande mag gehad, wat veral sedert 1880 onder die bekwame leierskap van kaptein (later majoor) Friedrich Wilhelm Richard Albrecht as prestige korps gedy het. Die Oranje-Vrystaat Staatsartilleriekorps is in 1857 in die lewe geroep, maar was nie 'n indrukwekkende mag nie en het blykbaar eers teen 1864 toe president J.H. Brand bewind aanvaar het werklik aan die gang gekom.




*Majoor F.W.R. Albrecht (foto: NM)*

Geen wonder 'n belangrike straat in die stad dra vandag sy naam nie. Benewens Dan Pienaarrylaan met sy dubbelbane wat as belangrike stadsroete die noorde en westekant van die woonbuurt Dan Pienaar omvou, sny twee ander belangrike dubbelbane deur dié woonbuurt. Hulle is Generaal Hertzogstraat en Albrechtstraat. Soos die meeste mense weet, was generaal Dan Pienaar, gebore in Ladybrand, bekend vir sy gevegstaktiek gedurende die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) en enige jare tevore die bevelvoerende offisier in Bloemfontein. Generaal J.B.M. Hertzog was natuurlik 'n Vrystaatse Boeregeneraal en Afrikanerstrydros en later as stigter van die Nasionale Party, een van die langsdienende Suid-Afrikaanse premiers van alle tye.


Die feit dat die Duitser, majoor Albrecht met sy kenmerkende bakkebaard, wat as die werklike grondlegger van die republiek Oranje-Vrystaat (1854-1902) se Staatsartillerie beskou kan word, se naam in lyn met bogenoemde belangrike figure aan 'n prominente lang straat in Bloemfontein toegeken is, bewys kennelik sy uitstaande rol in die stad en Vrystaatse

geskiedenis. Albrechtstraat strek vanaf Waverleyweg deur Arboretum en sluit by Brillstraat, waar Happy Valley begin, aan.


Albrecht (1848-1926) is in Potsdam, Duitsland, gebore en het as artilleris aan die Frans-Pruisiese oorlog (1870-1871) deelgeneem. In 1880, op die relatief jong ouderdom van 32, is hy deur die Oranje-Vrystaat gewerf om as bevelvoerder van die Vrystaatse Staatsartillerie te dien. Met die volle ondersteuning van die Vrystaatse regering het hy dié korps op 'n puik en streng gedissiplineerde Pruisiese grondslag gereorganiseer en uitgebrei. Anders gestel: Te danke aan sy ywer en besieling was die korps gehard, geoefend en onverskrokke.



*'n Rare foto van majoor Albrecht in siviele klere. (foto: VPAB)*



*President J.H. Brand sit voor en direk agter hom staan majoor Albrecht met sir Thomas Scanlen, premier van die Kaapkolonie, regs voor met wit helmet. Hierdie foto is geneem tydens die ontmoeting met die premier in 1883 op Rouxville om die Basotho-vraagstuk te bespreek. (foto: VPAB)*




*Lede van die Vrystaatse Staatsartillerie met hul bevelvoerder, majoor F.W.R. Albrecht, vierde van links in die voorste ry. (foto: VPAB)*



*Majoor Albrecht (links voor) en van sy manskappe van die Vrystaatse Staatsartillerie. (foto: VPAB)*

Hulle was gesetel by die ou Queen's Fort (vandag die Militêre Museum) in Bloemfontein waar Albrecht weldra gesorg het dat die ou verwaarloosde militêre geboue met dienlike strukture vervang word. Die korps se uniforms – hoe dan anders – is volgens die Duitse model ontwerp. Gereelde wapenskoue het op die vlakte suid van die stad plaasgevind. Wanneer belangrike besoekers in Bloemfontein aangedoen het, was dit gewoonlik die Staatsartillerie wat 'n erewag gevorm het.

Bloemfontein en die Vrystaat was besonder trots op hierdie spog korps in hul midde, want dit was immers gereken as hulle eie en het 'n atmosfeer van veiligheid in die republiek geskep. Ella Fichardt (later Fischer), onthou hoe sy as klein dogtertjie haar op Sondae deur die tuinhekkie van hul herehuis Kaya Lami in Kerkstraat kon verkyk as die Staatsartillerie-manskappe met hul mooi blou uniforms en blink bykomstighede onder aanvoering van die majoor, begelei deur hul orkes, flink verbymarsjeer het op pad kerk toe. Haar kinderhart het met trots en patriotisme gevul wanneer sy die lede gadegeslaan het, het Ella jare later vertel. Terloops, hierdie orkes het 'n gewilde instelling geword wat by verskillende geleenthede soos amptelike funksies, konserte, onthale, pieknieks en huwelike opgetree het. Veral onder kapelmeester August Grader het die orkes in 'n bedrewe militêre orkes ontwikkel.



*Majoor Albrecht by die toegangshek van Queen's Fort. (foto: VPAB)*

In 1889 het die *Vijstaatsche Rijdende Dienst Macht*, 'n nuutgeskepte berede polisiemag om die polisie van hulp te wees, veral met grensdiens, aanvanklik ook onder die bevel van Albrecht ingeskuif met hulle hoofkwartier in Bloemfontein. Hulle het onskatbare diens aan die republiek gelewer.

Tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) het majoor Albrecht en sy Staatsartillerie, bestaande uit 74 offisiere, onderoffisiere en manskappe, aangevul deur 'n reserwemag van 400 goed opgeleide artilleriste, hulle in etlike veldslae onderskei totdat hulle by die slag van Paardeberg deur die vyand gevange geneem is.

Na die oorlog, toe die Oranjerivierkolonie (1902-1910) in 1907 selfregering gekry het, was die majoor die ampswag (*sergeant-at-arms*) van die Wetgewende Vergadering. Hy is in Bloemfontein tereg met militêre eer ter ruste gelê. Daar is gesê dat Albrecht sy geboorteland nie trouer as sy nuwe vaderland kon gedien het nie.



*Op 13 Maart 1900, tydens die besetting van Bloemfontein, marsjeer Britse soldate Queen's Fort, majoor Albrecht se artillerie-domein, binne. (foto: NM)*



*Queen's Fort, hoofkwartiere van die Vrystaatse Staatsartillerie. (foto: VPAB)*

## Bronne


Beyers, C.J. & Basson, L.J. (reds.). 1987. *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* V. Pretoria: RGN.

Botes, S.M. 2014. *Bloemfontein gedurende die bewind van president F.W. Reitz, 1889-1895: 'n Kultuurhistoriese studie*. PhD, UV.

Grosspopf, J.F.W. 1946. Herinneringe uit die vroeë jare van Bloemfontein. *Die Volksblad* (Eeufeesbylae), 22 Maart: 16.

Haasbroek, H. 2011. *'n Seun soos Bram – 'n Portret van Bram Fischer en sy ma Ella*. Kaapstad: Umuzi.

Haasbroek, H. 2015. Straat só na Albrecht vernoem. *Bloemnuus*, 3 Desember: 12.

Moret, J. 1996. Fort vesting teen aanslae, later herberg vir sielsiekes. *Die Volksblad* (Bylae Bloemfontein 150), 28 Maart: 24.

Tylden, G. 1947. Die Staatsartillerie – Die beroemde staande mag van die Vrystaat en Transvaal. *Die Huisgenoot*, 25 April: 47-48.

Walmsley, A.B. 1964. Staatsartillerie van de OVS: Uniform and organization. *Africana Aantekeninge en Nuus*, 16(4), Desember: 143-156.

# - 9 -

# DIE AFRIKANER-SIRS VAN BLOEMFONTEIN


Met die afsterwe op 24 Januarie 2015 van sir David Graaff, seun van sir De Villiers Graaff, destydse opposisieleier van die Verenigde Party en gentleman by uitstek, word besef dat dit hedendaags al hoe vreemder word om die titel in Suid-Afrika te hoor. Des te meer onder Afrikaners en des te meer in Bloemfontein. Is daar nog 'n sir in Bloemfontein? Waarskynlik nie.

Bloemfontein van toenterjare het inderdaad sy 'sirs' oftewel ridders in Afrikanergeledere gehad wat vir menige stoere Afrikaner 'n vreemde verskynsel was en 'n ding wat hulle met agterdog bejeën en as volksvreemd beskou het. Die eer en aansien om 'n sir te word, was net te groot vir die betrokkenes om van die hand te wys. Dit blyk dat as jy jou in die woelige politieke bestel bevind het, die aanvaarding van 'n ridderskap nogal vanselfsprekend ernstige emosies ontlok het, maar as jy in die regstelsel was, dit meer gelate aanvaar is.

In Bloemfontein kon jy hulle so te sê op die een hand tel, maar hulle was daar! Waarskynlik die bekendste vier, indien nie die enigste nie, was president J.H. Brand, hoofregter Andries Maasdorp, regter-president Etienne de Villiers asook die politikus en boer Cornelis Wessels.

Johannes Henricus Brand (1823-1888) het vanaf 1864 tot sy dood die republiek Oranje-Vrystaat met onderskeiding as president gedien en groot gewildheid geniet. Veral uit erkenning vir sy vernuftige diplomatieke rol as bemiddelaar tydens die stryd tussen Transvaal en Brittanje wat die Eerste Vryheidsoorlog (1880-1881) tot gevolg sou hê, is hy in 1882 'n ridderorde aangebied. Die Vrystaatse Volksraad het moeilik hieraan gebyt en het dit as teenstrydig met republikeinse beginsels afgemaak. Die president het doodeenvoudig die Volksraad oortuig dat dit van algemene belang vir die Vrystaat is. Dit was glo bekend dat hy vanweë sy gewildheid en skerpsinnigheid selde geopponeer is en indien wel, het hy gedreig om te bedank waarna die parlement bes gegee het. Na dese is van Britse kant so ewe na hom as sir John Brand verwys. Hierdie aanvaarding het helaas daartoe gelei dat Brand die agting en respek van sy burgers behou het, maar die intieme band tussen hulle het tog 'n knou gekry.


Andries Ferdinand Stockenström Maasdorp (1847-1931) het na 'n geslaagde regsloopbaan in die Kaapkolonie en Pretoria die leisels in 1902 as hoofregter van die Oranjerivierkolonie opgeneem en was later regter-president van die Oranje-Vrystaatse provinsiale afdeling. In 1904 het hy 'n ridderskap ontvang en 15 jaar later die regswêreld vaarwel toegeroep. Hy was 'n geliefde persoonlikheid in Bloemfontein vanweë sy vriendelike en gemoedelike omgang met mense.



*Sir 'John' Brand (foto: VPAB)*



*Sir Andries Maasdorp (foto: NM)*



*Sir Etienne de Villiers (foto: NM)*

Cornelis Hermanus Wessels (1851-1924) was 'n besonder welgestelde boer en politikus asook die vader van die internasionale bekende dramatiese sopraan Cecilia Wessels. In die republiek Oranje-Vrystaat was hy 'n Volksraadslid en in 'n stadium voorsitter van die Volksraad. Na die Anglo-Boereoorlog het hy in die Oranjerivierkolonie-tydperk in die Fischer-kabinet gedien en na Uniewording in 1910 was hy die tweede administrateur van die provinsie (1915 tot met sy dood). Gewoonlik stroef van geaardheid, was hy bekend vir hoë Christelike waardes en sy onbaatsugtige diens aan land en volk.

Op aanbeveling van die Unieregering is op Nuwejaarsdag 1920 'n ridderskap aan Wessels toegeken. Hy was daarvan oortuig dat Suid-Afrika se heil deur die Voorsienigheid in noue samewerking met die Britse ryk gelê het en het geen gewetensbesware gehad om die titel te aanvaar nie. Onthou, die regerende Suid-Afrikaanse Party (SAP) was meer gematig teenoor Brittanje. Die Nasionale Party was in daardie stadium 'n sterk vesting in die Vrystaat. Dit was geen wonder dat sir Cornelis as administrateur uit die stal van die SAP se aanvaarding die argwaan van menige Vrystater ontlok het nie. *Die Volksblad* het hierdie gevoelens verwoord deur te berig dat dit jammer is dat 'n ou beminlike Vrystaatse historiese figuur hom verwerdig het om 'n "Engelse Middeleeuse kindervermaak-naamvoorvoegsel" te aanvaar in plaas van 'n Afrikanertitel soos meneer. Daar is toe soms ietwat smalend deur *Die Volksblad* na sir Cornelis as 'seur' of 'ridder Cornelis' verwys.

Toe Jean Etienne Reenen de Villiers (1875-1947) se vrou in 1923, dieselfde jaar waarin hy tot ridder geslaan is, tydens 'n wandeling in hulle tuin skielik langs hom ineenstort en sterf, het dié tragiese gebeure 'n plotselinge kentering in die lewe van hierdie befaamde regsgeleerde en regter van Bloemfontein gebring. Reeds in 1920 is hy as regter-president van die Oranje-Vrystaatse afdeling van die hooggeregshof aangestel, toe die jongste regter in die land in die gewigtige amp. Sedertdien sou hy ook as appèlregter waarneem en is in 1933 permanent aangestel.

Haar heengaan was die begin van sy eksentrieke kluisenaarsbestaan wat in 'n sekere sin van legendariese omvang in Bloemfontein geword het. Heelwat staaltjies, verhale, stories en anekdotes oor hom sou voortaan deel van sy lewe in Bloemfontein

word. Sir Etienne sou mettertyd 'n bekende gesig word waar hy gewoonlik geklee in sy veljas en met 'n handtassie al geselsende met homself op pad na die Bloemfontein-klub was om sy etes te geniet.

Die toekenning van 'n ridderskap aan die betrokkenes in Afrikanergeledere was vanselfsprekend 'n baie groot eer, want daardeur is hul werk in die openbare sfeer immers deur Brittanje erken. Vir baie Afrikaners het die pyn en ellende van die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) nog vlak in hul gemoed gelê. Dit is dus verstane dat hulle nie juis genoeë sou neem met dié toedrag van sake waar hul eie mense na die oorlog met die voormalige vyand heul nie.

In een opsig het die anti-ridderskap-voorstanders dit gelyk gehad – uit watter hoek mens dit ook al bekyk, die sir-titel het nou maar eenmaal nie lekker met Afrikaanse name afgegaan nie ... sir Jan/Johannes (hoewel die Britte dit na sir John versag het), sir Andries, sir Cornelis ...? Dan eerder sir David, sir Rodney, sir Charles, sir George ...



*Sir Cornelis Wessels (foto: NM)*

## Bronne


Haasbroek, J. *Die rol van Cornelis Hermanus Wessels in die Oranje-Vrystaat 1885-1924*. Bloemfontein: Nasionale Museum.

Haasbroek, J. 2001. Die tragiese lewe van die eksentrieke en legendariese sir Etienne de Villiers (1875-1947) van Bloemfontein. *SA Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 15(1), November: 117-135.

Schoeman, K. 1980. *Bloemfontein – Die ontstaan van 'n stad 1846-1946*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Smit, A. 1946. Free State's six presidents were men of outstanding qualities. *The Friend* (Centenary supplement), 21 Maart: 15-23.

Swart, M.J. (hoofred.). 1980. *Afrikaanse kultuuralmanak*. Aucklandpark: FAK.

# - 10 -

# DIE ONTSTAAN VAN RAMBLERS IN 1896



Charlie Fichardt (foto: NM)

Die ontstaan van die Ramblersklub saam met sy klubgebou en die naam Charles (Charlie) Gustav Fichardt (1870-1923) Fichardt is byna sinoniem, want hy was immers die groot gees agter die gebeurtenis. Charlie was een van die bekendste inwoners wat Bloemfontein uit die laat-republikeinse tydperk (1890-1902) en koloniale tydperk (1902-1910) opgelewer het en wat 'n besondere groot rol in die ontwikkeling van die stad op verskeie terreine gespeel het. Hy was die oudste seun van die bekende Gustav Fichardt. Charlie was onder andere burgemeester en het as sake-, kultuur- en sportman uitgeblink. Na Uniewording in 1910 het sy pad wyer geloop toe hy bekendheid as Volksraadslid verwerf het en deel van die nuutgestigte Nasionale Party was. Hy was bekend vir sy humorsin en gemoedelike temperament waardeur hy meermale die wind uit menige antagonistiese opponent se seile geneem het.

Charlie Fichardt was sy lewe lank 'n ywerige sportliefhebber. Veral as krieketspeler was hy in sy jong dae sonder weerga



*Die oorspronklike Ramblers-klubgebou. (foto: NM)*

in Bloemfontein. Ook in rugby, hokkie en sokker het hy uitgeblink. Vêr oor die grense van die Vrystaat heen is Charlie as sportman gereken. So het hy reeds in 1892 die eer gehad om vir Suid-Afrika in Kaapstad teen die besoekende Engelse krieketspan te speel.

Geen wonder Charlie het hom sterk beywer vir die stigting van die Ramblersklub wat hy tot sportsentrum in Bloemfontein sou help uitbou nie. Op 18 Julie 1896 is die Ramblersklub in die Bloemfonteinse stadsaal gestig. Charlie was een van die belangrikste woordvoerders om aan talle belangstellendes te verduidelik dat die klub gestig word om die beheer van die ontspanningsterrein in Zastronstraat oor te neem om sodoende sportbeoefening in Bloemfontein op 'n meer geordende basis te plaas.



*H.F. Gill (foto: NM)*

H.F. Gill was die eerste voorsitter van die bestuurskomitee. Daarna het Charlie sporadies in die hoedanigheid gedien, terwyl hy ook op die boukommissie verkies is wat moes toesien dat 'n klubgebou op die gronde verrys.

In 1897 is die klubgebou opgerig, kompleet met konsert- en danssaal, terwyl die groot veranda en balkon indrukwekkend vertoon het. In die 1896/97-burgemeestersverslag is met genoegdoening aangekondig dat die klubgebou vinnig voltooiing nader en dat nagenoeg 200 name reeds ingehandig is vir lidmaatskap. Charlie het op eie inisiatief gesorg dat talle bome, onder andere peperbome, op die Ramblersterrein geplant word om die terrein te verfraai. In 1898 is die klubgebou feestelik geopen.

In 1903 het hierdie gebou afgebrand. Dit is verwoes nadat dit deur weerlig getref is. Sou dit die ingryping van die Hoër Hand wees? het sommige waarskynlik gedink. As straf omdat die klub gedurende die oorlog en die besetting van Bloemfontein glo in 'n dronknes ontaard het.



*Die Ramblers-klubgebou aan die brand in 1903. (foto: VPAB)*

Die nuwe klubgebou, meer indrukwekkend as sy voorganger, is in 1907 op die plek van die afgebrande een voltooi. Maar nie sonder drama nie.

In 1905 het die Ramblersklub £15 000 geleen om die projek te verwesenlik waarvoor die stadsraad borg gestaan het sonder om wetlike stukrag aan die proses te verleen. Toe alreeds het groot ontevredenheid onder 'n deel van die publiek en rolspelers in stadsraadskringe hieroor geheers. In 1907 moes die klub onder voorsitterskap van Charlie 'n verdere £5 000 aanvra om die klubgebou behoorlik te voltooi en die meubilering te doen, gepaardgaande met die versoek dat die stadsraad dit ook sou waarborg.

Op 9 April 1907 gedurende 'n lewendige openbare vergadering van belastingbetalers en belangstellendes wat die aangeleentheid



*Die nuwe Ramblers-klubgebou wat in 1907 voltooi is. (foto: VPAB)*



*Bloemfonteiners kuier by die Ramblers-klub nadat dit in 1907 weer geopen het na 'n verwoestende brand. (foto: NM)*

kom bespreek het, het die pro-leningsgroep, wat die waarde van Ramblers vir Bloemfontein beklemtoon het, met 53 teenoor 39 stemme gewen. Onder gelag het 'n beswaarde die ontevredenheid van talle geopper oor die geld wat gebruik sou word vir roerende goedere soos 'n klavier en biljarttafels. Gee hulle 'n harp as hulle nie 'n klavier kan bekostig nie, is opgemerk. Daarteenoor het ander weer gewys op die onverkwiklike situasie as die projek in hierdie laat stadium skipbreuk sou ly en skade aan die stad se aansien sou berokken.

Diegene wat die lening weereens teengestaan het as te riskant vir 'n goeie belegging, het onmiddellik gevra dat die kwessie na die stembus moes gaan. Nydig is ook opgemerk dat Ramblers 'n suipklub en net toeganklik vir die uitverkorenes van die stad is. Charlie Fichardt sou toegee dat gedurende die Anglo-Boereoorlog en die besetting van Bloemfontein dit soms rof by die klub gegaan het, maar dat dit na dese 'n respektabele klub is.

Op 25 April 1907 het die stemmery by die stadsaal plaasgevind. Beide groepe het ywerig hul siening gepropageer en ondersteuners na die stembus aangepor en selfs aangery. Ramblersklub het naelskraap sy lening gekry, die stemtelling was 171 teenoor 163!

Die Ramblersklub sou deur dekades sy gewildheid behou en 'n eiland van rus en ontspanning in die stadsrumoer wees. Net soos die Fichardt-winkel het dit 'n geliefde instelling van die stad geword. Die klubsaal was vanselfsprekend druk gebruik vir huweliksonthale, danse en talle ander byeenkomste.

In 1911 is die ou Suid-Afrikaanse Party, wat die eerste regering na Uniewording gevorm het, hier gestig en drie jaar later die Nasionale Party.

Op 23 September 1985 is Ramblers weer deur 'n brand in puin gelê. Bykans onherstelbare skade van der duisende rande is deur die brand aangerig en die manskroeg, biljartkamer, skemerkroeg en bergplek met duisende bottels drank is verwoes. Om nie eens te praat van talle onvervangbare oudhede, geskiedkundige foto's en trofeë wat daarmee heen is nie. Twee jaar later is die restourasiewerk voltooi.



*Die Ramblers-klubgebou brand weer in 1985. (foto: VPAB)*

Hierdie klubgebou, wat vandag nog so te sê in sy oorspronklike 1907-vorm bewaar bly, word gereken as een van die mooiste geboue uit die koloniale tydperk.

## Bronne


*Die Volksblad* (bylae Bloemfontein 150), 28.3.1996.

Haasbroek, H. 2012. Die rol van Charles (Charlie) Gustav Fichardt in Bloemfontein 1891-1923. *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein*, 28(4), Desember: 49-83.

Haasbroek, H. 2013.Fichardt sinoniem met Ramblers. *Ons Stad*, 27 Junie: 2-3.

Haasbroek, H. 2016. Praggeboue in puin gelê. *Bloemnuus*, 19 Mei: 4.

Schoeman, Karel. 1980. *Bloemfontein – Die ontstaan van 'n stad 1846-1946*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Schoeman, K. 1985. *Boukunsskatte van die Vrystaat.* Pretoria: CUM.

*The Friend*, 29 en 30.10.1908.

- 11 -

# DIE BRANDWEER EN SY GESKIEDENIS IN BLOEMFONTEIN

Bloemfontein het 'n interessante brandweernarratief. Vanaf die vroegste tye was die optrede tydens 'n brand in ooreenstemming met wat in baie ander dele van die wêreld in gebruik was. Die lui van die dorpsklokke het die inwoners opgeroep om 'n ketting te vorm tot by die naaste put. Emmers water is dan van hand tot hand aangegee en op die vlamme gegooi. Soos die stad gegroei het, was die metode al hoe meer onbevredigend. Na herhaaldelike beloftes en die wegskram daarvan weens gebrekkige finansies, het die stadsraad uiteindelik aan die einde van die 1890's 'n eenperd-brandweerwa tesame met uniforms en helms bekom. Aanvanklik het 'n vrywilligerskorps van tussen 20 en 30 lede dit beman en hulle 'standplaas' was die agtererf van die Vrystaat-hotel.

Na die verwoestende vloed wat die stad in Januarie 1904 getref en wat groot gebreke in die brandweerdienste ontbloot het, is die dienste sodanig opgegradeer dat daardie jaar as die stigting



*Bloemfontein se eerste eenperd-brandweerwa en brandweerpersoneel. Die bevelvoerder, W. Prince, hou die leisels vas. (foto: VPAB)*

van die brandweer gereken word. 'n Chemiese brandweerwa getrek deur twee perde is aangekoop en die eerste brandweermeester, Lacey J.G. Savage, is aangestel.

'n Brandslangwaentjie, voorsien van brandslange, staanpype, emmers, handpompe en spuitpunte en mobiele brandtrap is aangeskaf, terwyl brandalarmkassies in elke deel van die stad aangebring is. Brandweerdienste het ook nou onder die polisie ingeskuif en 'n brandweerstasie is in Douglasstraat geopen. Die gebou het nogal 'n besondere koloniale styl fasade gehad, maar is met die koms van 'n motoraangedrewe brandweerwa in 'n groter maar onooglike struktuur omskep sodat die fasade weinig van die oorspronklike gebou vertoon het.

Vooruitgang is inderdaad gemaak toe op 11 Maart 1912 die eerste Merryweather-motorbrandweerwa in gebruik geneem is en mettertyd weggedoen is met die gebruik van perde. Die stad se ambulansdiens, ook aanvanklik deur 'n perdewa bedien, het ook onder die brandweer ingeskuif (die twee



*Die eerste brandweerstasie wat in 1904 in Douglasstraat geopen het. (foto: NM)*

komponente is eers in 1997 geskei). In 1919 het 'n motoraangedrewe ambulans sy verskyning gemaak. Met die oprig in die 1920's van al hoe meer hoër verdiepinggeboue was die brandweer vanselfsprekend genoodsaak om 'n heelwat langer leer in gebruik te neem




*Die 1904-brandweerstasie is later vergroot om 'n onindrukwekkende struktuur te vorm. Die Gow-skietvoorval het hier plaasgevind. Langsaan is die polisiekantoor. (foto: VPAB)*

In 1933 het 'n nuwe brandweergebou en -stelsel, wat as een van die modernste en bes toegeruste geboue in die land beskou is, in President Brandstraat op die perseel oorkant die hooggeregshof verrys en wat vandag nog in gebruik is. Dié struktuur met sy sandsteen-elemente is so ontwerp dat dit nie die besondere historiese beeld van die straat skade aandoen nie. Terselfdertyd is die brandweer nou onder die vlerk van die munisipaliteit geplaas en twee moderne brandweervoertuie is reeds die vorige jaar bekom.

Die brand wat die Goewermentsgebou (vandag NALN) in 1908 in puin gelê het, is waarskynlik die skouspelagtigste en grootste brand wat die stad ooit getref het.

In die tweede helfte van die 1870's kon Bloemfontein trots toekyk hoe sy waardige nuwe goewermentsgebou, wat ook die Derde Raadsaal sou huisves, in die veld aan die




*'n Vuur in die Bradlows-gebou in Maitlandstraat word in die 1920's deur die brandweer geblus terwyl nuuskieriges saamdrom. (foto: NM)*



*Nuuskierige Bloemfonteiners drom in 1929 in Maitlandstraat saam nadat 'n brandweervoertuig op pad om 'n brand te blus, moes uitswaai vir 'n motor wat die loeiende sirene verontagsaam het. Die voertuig het die randsteen getref en op die sypaadjie voor die Nederlandse Bank op sy sy te lande gekom. (foto: VPAB)*



*Die groter en meer moderne brandweerwa wat in 1932 aangekoop is. Regs is brandweermeester J.P. Gow wat dieselfde jaar in 'n skietvoorval gewond is. (foto: VPAB,* The Friend*-versameling)*



*Die nuwe brandweerstasie wat in 1933 in President Brandstraat geopen het met sy bemanning en voertuie. (foto: NM)*

bopunt van Maitlandstraat (nou Charlotte Maxekestraat) nes skop. Ofskoon net 'n lang enkelverdieping met 'n veranda en toringklok om waardigheid te verleen, was dit tog 'n simbool van die opbloei wat die republiek Oranje-Vrystaat (1854-1902) onder president J.H. Brand in die tyd beleef het. In 1895 is dit met 'n tweede verdieping vergroot om die uitgebreide staatsdiens te ondervang. Die onderlinge harmonie tussen die gebou en sy toring is genadiglik hierdeur verbeter.

Op 28 Oktober 1908 moes die stad verslae toekyk hoe hierdie sieraad in hul midde deur 'n verwoestende brand in puin gelê word. Die



*Die oorspronklike goewermentsgebou wat in 1875 tot stand gekom het. (foto: VPAB)*



*Omstanders tydens die brand by die goewermentsgebou in 1908. (foto: VPAB)*



*In 1908 is die goewermentsgebou, wat in 1895 'n tweede verdieping bygekry het, in 'n brand verwoes. (foto: VPAB)*

oorsaak was werk aan die elektriese bedrading op die solder wat 'n kortsluiting veroorsaak het en bondels papier aan die brand laat spring het. 'n Sterk westewind het die vernietigingswerk voortgesit. Die brandweer, bygestaan deur soldate, het tevergeefs gepoog om die ramp af te weer. Hierdie indrukwekkende skouspel is as die grootse brand tot in daardie stadium in die stad opgeteken. Waardevolle dokumente en argiefstukke is daarmee heen, die skade £100 000! Die brandweer se ondoeltreffende toerusting het ook in die drama duidelik aan die lig gekom.

Uit die skelet van die afgebrande gebou het 'n soortgelyke struktuur herrys, maar nou meer sierlik gebou in die trant van die bekende argitek Herbert Baker se vroeë aanbouings. Die toring is slanker en hoër gemaak om meer waardigheid aan die gebou te verleen. Die gebou vertoon vandag as historiese boujuweel in sy omgewing.

Uit Bloemfontein se vroegste brandweergeskiedenis het dit gebeur dat die eerste brandweermeester, Savage, en die derde een, J.P. Gow, onderskeidelik in 'n tragiese en byna tragiese voorval betrokke was.

Lacey Savage, wat interessant genoeg as die seun van 'n brandweermeester in 'n Londense brandweerstasie die eerste lig aanskou het, het Bloemfontein as eerste hoof tot 1925 getrou gedien. Hy het altyd waardig in volle uniform met koperhelm verskyn met 'n opvallende diamantring aan sy pinkie. Etlike jare na sy aftrede nadat hy hom in Kaapstad gevestig het, het hy hom enkele dae voor Kersdag 1934 op ouderdom 68 op 'n bankie by Seepunt in Kaapstad met 'n pistool doodgeskiet. Ongetroud en blykbaar sonder familie in Suid-Afrika en weinig vriende in die Moederstad het Savage heengegaan. Die brandweerbrigade en die Masonic Lodge in Kaapstad het die begrafnisreëlings en -kostes op hulle geneem. Eersgenoemde het die brandweermeester in Bloemfontein meegedeel dat hoewel Savage die indruk gewek het dat hy finansieel selfversorgend is, geen fondse opgespoor kon word om uitgawes te dek nie. Dit het ook geblyk dat hy geen vriende in Kaapstad gehad het nie. Kaapstad se brandweerhoof het neergepen: "I do not know what would have become of the poor old chap, he did not seem to have a single friend here, in any case we could not find a single one." Lede van die Kaapstadse brigade het as kisdraers opgetree en T. Connor en S. Fawcett-Peck,



*Brandweermeester Lacey Savage (foto: Brandweer-argief, Bloemfontein)*



*Brandweermeester J.P. Gow (foto: Brandweer-argief, Bloemfontein)*




*Burgemeester T. Connor (foto: VPAB)*

onderskeidelik burgemeester en stadsklerk van Bloemfontein, het die begrafnis bygewoon.

H. Reeve het hom opgevolg en na sy afsterwe in 1932 is J.P. Gow aangestel. Gow was skaars aangestel of sy hoofskap het so byna dieselfde jaar tot 'n einde gekom. Die Brandweerman Percival Mallet Marsberg was ontevrede met sy werksomstandighede en het gedreig om te bedank, maar is weens swak gedrag vir 'n paar dae geskors waarna hy sy dreigement uitgevoer het. Die aand van 12 September 1932 toe Gow die brandweerstasie in Douglasstraat in sy motor wou verlaat om brandinspeksie by bioskope te gaan hou, het hy Marsberg voor die stasie sien staan. Laasgenoemde wou sy bedanking terugtrek en hulle is in die teenwoordigheid van twee ander brandweermanne terug na Gow se kantoor. Die brandweermeester sou getuig dat die man onder die invloed van drank was.

Enkele meters van die kantoordeur het dit gebeur. Marsberg se oë het begin rol en skuim het by sy mond uitgekom, terwyl hy sy hande in sy broeksakke steek. Gow het onmiddellik onraad vermoed, want 'n halfuur tevore het 'n personeellid hom gewaarsku dat die man gewapen is. Hy het sy arms om die brandweerman gegooi om hom vas te pen en al stoeiende in die teenwoordigheid van die ander twee is hulle by 'n deur uit na die straat. Marsberg het sy rewolwer uitgekry en 'n skoot het afgegaan wat Gow in die linker bobeen




*Maitlandstraat in die 1910's met die herboude goewermentsgebou en sy hoë toring sigbaar aan die bopunt van die straat. (foto: NM)*

getref het. Toe hy wegsteier met 'n been wat lam voel, het 'n tweede skoot geknal wat mis was. Nog 'n brandweerman en 'n polisieman van die polisiekantoor langsaan het nader gestorm en Marsberg oorrompel en ontwapen. Na die voorlopige verhoor in die hof is dit nie duidelik wat van die brandweerman geword het nie.

Gow was gelukkig om net 'n vleiswond op te doen en hospitalisasie was nie nodig nie. Toe hy die volgende jaar in die huwelik tree, het Savage ook saam met heelwat ander hooggeplaaste munisipale amptenare die troue bygewoon.

Interessant is dat Bloemfontein se eerste swart brandweerpersoneel in 1990 aangestel is en die eerste vroulike operasionele personeel eers so laat as 1995. Laasgenoemde het natuurlik meegebring dat die benaming 'brandweerman' moes plek maak vir 'brandvegter' om die vroue in te sluit. Vandag het Mangaung sewe brandweerstasies.

Terloops, die brandweer was vir dekades gelas met die verwydering van swaelneste, maar onder druk van natuurbewaarders is dit in 1987 tot halt geroep.

## Bronne


Argief Mangaung-brandweermuseum, Ehrlichpark: Dokumente, brieweboeke en polisieverslae.

Bloemfontein/Mangaung-brandweertydlyn (voorsien deur brandweer-offisier B. van Zyl, 23.1.2017).

*Die Volksblad*, 30.3.1933; 31.5.1933.

Haasbroek, H. 2015. *Splinters en dorings uit die Rosestad se verlede*. Bloemfontein: SUN MeDIA.

Haasbroek, H. 2016. Ontevrede werker skiet hoof ... in 1932. *Bloemnuus*, 17 Desember: 10.

Schoeman, K. 1980. *Bloemfontein – Die ontstaan van 'n stad 1846-1946*. Kaapstad: Human & Rousseau.

*Stad Bloemfontein Nuusbrief*, nr. 30, September/Oktober 1983.

*The Friend*, 9.7.1931; 13 en 30.9.1932; 29.4.1933; 30 en 31.5.1933; 5.9.1980.

- 12 -

# DIE ONSINNIGE RASSE-STRYD OM DIE SYPAADJIE

In vervloë jare toe rasseskeiding en -oorheersing hoogty gevier het, was die sypaadjiegebruik tienvoudig ingewikkelder as vandag. Ofskoon Bloemfontein kort na die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) as hoofsetel van die Oranjerivierkolonie hier as studiegeval gebruik kan word om aan te dui hoe die wit gemeenskap hulle die reg op die gebruik van sypaadjies toegeëien het, was dit trouens deur die hele land so te sê die geval in een of ander stadium. Die feit dat dit na die oorlog voortgeduur het in weerwil daarvan dat die swart samelewing tevergeefs gehoop het op bevryding onder die nuwe Britse heersers, verleen juis 'n interessante hoek aan die toedrag van sake.

Daar was bepaal dat geen swart mens op 'n sypaadjie kon talm of doelloos drentel nie. Wat nog te sê 'n hindernis veroorsaak. Behoede diegene wat twee of meer langs mekaar loop. Onsinnige arrestasies was die gevolg en 'n vergunning is gemaak: As jy 'n toestemmingsbrief van 'n werkgewer in die sak het en fatsoenlik volgens westerse standaard geklee is, is die sypaadjie jou beskore.

Soos enige onderdrukte gemeenskap mettertyd opstaan vir sy menseregte en natuurlik aangevuur deur die vryheidsbewussyn wat die Britse oorname tog teweeggebring het, het Bloemfontein se swart gemeenskap die blanke gesag uitgedaag deur hulle wandelingsreg op sypaadjies op te eis.

Na dese was die vet in die vuur. Hulle word deur die swart voetgangers, hetsy in windmakerige of eenvoudige kleredrag, op sypaadjies rondgestoot en verdring, het sommige wit inwoners, veral in die pers, gekla. Hulle lewe is in gevaar omdat swart werkers die boumateriaal wat hulle dra, argeloos rondswaai. Verder het hulle gekla dat wanneer oortreders aangespreek word oor hulle gedrag, hulle meesal uittartend en beledigend optree.

Blykbaar het die polisie se optrede om swart mense wat sypaadjies versper of meer as twee naas mekaar loop, aan te keer en deur die hof beboet, nie die gewenste uitwerking op die probleem, aldus uit 'n blanke oogpunt, gehad nie.


So gebelgd het 'n deel van die wit gemeenskap oor die kwessie gevoel dat dit in 1908 sowaar een van die gewigtige hoofbesprekingspunte by die jaarlikse kongres van die wit Munisipale Vereniging van die Oranjerivierkolonie was. Amptelike ondersoekliggame kon teen hierdie tyd nog geen klinkklare oplossing voorlê nie.

Tydens die kongres het die hare gewaai. 'n Driftige klomp, hoogs beswaard dat wit mense in die straat moes loop omdat swart mense sypaadjies toe staan, het gepleit vir wetgewing om


laasgenoemde van sypaadjies te suiwer. Aan die ander kant was daar 'n groep wat sulke ingrypende regulasies as onregverdig en sinneloos afgeskiet het en tot absurde arrestasies sou lei. Bowendien sou die swart mense hulle nou in die strate moes begewe wat die verkeer sou ontwrig en selfs lewensgevaarlik kon wees – voorwaar 'n paradoksale situasie.

Vrae wat opgeduik het, het praktiese probleme aangespreek, soos wanneer swart bediendes wit kinders vergesel of swart boodskappers sypaadjies moet kruis. Hierdie sypaadjiedebat was deur sommige tereg as onsinnig afgemaak, maar die ironie was dat dit alles onder 'n kleed van uiterste erns gepaard gegaan het. Soos die ou uitdrukking lui wat toentertyd en vandag steeds geld: Almal is nie so nie. By genoemde kongres het veral E.E. Watkeys, 'n persoon van aansien en 'n burgemeester en stadsraadslid van Bloemfontein, sy stem deeglik laat hoor. Hy het 'n voorstel ingedien dat die regte ding om te doen, is om die voetgangers op sypaadjies te reguleer ongeag van ras. Die uitslag van sy voorstel het inderdaad gedui op hoe gelykop verdeel mense oor die kwessie was; dit het met 12 teen 13 stemme in die slag gebly. 'n Teenvoorstel dat dit net op swart mense van toepassing moes wees, is toe deurgedruk. Dit sou tot niks ingrypend lei nie omdat die werklikheid dit nie haalbaar kon maak nie.

*The Friend* het op 4 April 1908 hierdie eenvoudige waarheid verkondig: Al word toegegee dat swart voetgangers soms die sypaadjies bemors of die vrye beweging van ander verhoed, geld dit net soveel vir wit




*'n Bedrywige Maitlandstraat in die winter van 1913. Regs van Deale Brothers is die stadsaal. (foto: VPAB)*




E.E. Watkeys (foto: NM)

mense. As laasgenoemde dan nie gepenaliseer word nie, hoekom moes die ganse swart gemeenskap gestraf word oor die gedrag van enkele swartes.

Dan skiet die koerant van die heup af: As swart mense as bediendes en arbeiders in huise en winkels toegelaat word waar wit en swart tog in absolute noue kontak met mekaar is, kan hulle sekerlik vrylik die sypaadjies bewandel waar almal in die gemeenskap veronderstel is om hulle beskaafd te gedra.

Dit is jammer dat spikkels en spatsels van erge rassisme weer vandag besig is om die vensterruit van Suid-Afrika, waardeur die wêreld ons bekyk, beklad.



*Tydens die ter aarde bestelling van president M.T. Steyn in Desember 1916 pak wit en swart inwoners Maitlandstraat en sy sypaadjies vol. (foto: NM)*

## Bronne


Haasbroek, H. 2016. Slegs blankes geld toe ook vir sypaadjies. *Rapport* (Weekliks), 3 April: 4.

*The Bloemfontein Post*, 12 en 13.8.1904; 2.4.1908.

*The Friend*, 17.2.1903; 28.3.1903; 1.7.1903; 21.9.1904; 23.12.1904; 8.2.1905; 4.4.1908.

## - 13 -

# DIE BIOSKOOP SKOP NES

Die blanke gemeenskap van Bloemfontein het reeds teen 1896 die voorreg gehad om die eerste tipe rolprentvertonings te beleef en kon teen 1910 die eerste permanente bioskoop besoek. Soos wat ons in *Splinters en Dorings uit die Rosestad se Verlede* lees, was dit eers vir die swart gemeenskap beskore om dit die eerste keer in hul eie bioskoopsaal te beleef in 1922 toe die Batho-saal opgerig is.

Die mens se belangstelling in bewegende afbeeldings (*moving pictures*) het langs die weg van 'n reeks uitvindings werklikheid geword toe die broers Auguste en Louis Lumière in 1895 die eerste openbare geprojekteerde rolprent in Parys, Frankryk, vertoon het. Sedertdien het die rolprent op tegniese gebied geleidelik tot 'n hoogs gespesialiseerde kuns ontwikkel met die VSA wat die voortou geneem het. In 1902 het die eerste rolprentteater as deel van 'n sirkustent sy verskyning in Los Angeles gemaak. *The Great Train Robbery*, 'n Wilde Weste-verhaal van sowat 11 minute, wat in 1903 in dié land vervaardig is, word algemeen as die eerste ware rolprent beskou. Drie jaar later spog Londen met sy Biograph Cinema, die eerste gebou wat as rolprentteater ontwerp is.




*Die Vaudette, wat in 1910 sy deure in St Andrewstraat geopen het, het aanvanklik ook die Colonnade–teater geheet as deel van 'n ry winkels langsaan wat as die Colonnade bekend was. (foto: VPAB)*

Suid-Afrika is aan die ontwikkeling van die rolprent-opset blootgestel toe bewegende projeksiebeelde in 1896 by die Empire Variety Theatre in Johannesburg vertoon is. Die volgende aantal jare het etlike opportunistiese vermaaklikheidsetrepeneurs die land met projeksiemasjiene, waaraan indrukwekkende name soos *Zenomettascope*, *Heliochromoscope* en *Theatregraph* toegeken is, deurkruis om veral deel van die stedelike variété-teaters se aanbiedings te vorm, maar ook om in primitiewe omstandighede hulle rolprentvertonings na die platteland te bring. Die materiaal wat vertoon is, was gewoonlik flikkerende goedkoop en onsinnige kortfilms, soms met 'n vulgêre strekking, wat die sosiaal-bewustes kwaad gemaak het. Die 'bewegende prentjies' het

deurgaans groot belangstelling gewek en teen die einde van die 1890's en die daaropvolgende dekade het die klanklose rolprente hom al hoe meer as 'n bekende vorm van vermaak in Suid-Afrika gevestig.

Dit was egter die Duitser Wilhelm Wolfram wat die bedryf in die land op 'n beter voet geplaas het. Hy het die land deurreis en films van goeie gehalte en smaak met 'n doeltreffende projektor, bekend as die *Warwick Bioscope*, onder die naam Wolfram's Bioscope, vertoon. Die goeie beeld wat hy op dié gebied uitgedra het, het weldra meegebring dat die Suid-Afrikaanse publiek die woord 'bioskoop' met rolprente vereenselwig het.

Teen 1910 het bioskoopkoors inderdaad 'n stewige houvas in Suid-Afrika verkry en die eerste permanente bioskope het hul verskyning begin maak. Veral dié van Wolfram was van die bekendste en gewildstes – sy bioskoop met 565 sitplekke wat in 1910 in Kaapstad geopen het, was besonder swierig. So het dit gebeur dat bioskoopsale die talle obskure saaltjies, pakhuise en skure wat tot in daardie stadium meermale gebruik is, redelik gou vervang het.

Helaas het die uitmergelende wedywering en uitbuiting van die bioskoop/vaudeville-bedryf in die land tot die insinking daarvan in 1913 gelei. In hierdie wanhopige toestand het die Johannesburgse finansier I.W. Schlesinger ingegryp en die bioskoop-bedryf grootliks onder die African Theatre Trust, bestaande uit drie maatskappye, gekonsolideer en sodoende dit op 'n winsgewender grondslag geplaas. Die bioskoop het ook finaal van vaudeville geskei. Sedert die 1920's is bioskope deur alle stande




*Die Garden-teater het hom in 'n stadium in die stadsaal gehuisves. Tydens die paswetopstand van 1913 in Bloemfontein het swart protesterende vroue voor die stadsaal vergader. (foto: NM)*

as ’n belangrike en aanvaarbare deel van die vermaaklikheidslewe beskou en wat deur die koms van die praatfilm in 1927 verder stukrag gekry het.

Met die ontluikende filmkuns het Bloemfontein eweneens ook vroeg kennis gemaak. So het ene Henry Miller in 1896 die stad met sy *Electorama* besoek en die daaropvolgende jaar is die inwoners deur die Edisonuitvindsel, die *Projectoscope*, vermaak. Na die verwoestende Anglo-Boereoorlog (1899-1902) toe alles en almal weer op dreef gekom het, het die reisende rolprentvertonings, soos elders in die land, ’n al hoe meer bekende gesig geword. Vanselfsprekend het Wolfram’s Bioscope gereeld gesig gewys, maar daar was ook Beetar’s Bioscope, Sage’s Bioscope en Thornton’s Bioscope. Gewoonlik is die stilfilms met musikale begeleiding en merendeels in samehang met variété-nommers in die stadsaal of Grand-teater aangebied. Om ondersteuners te behou, het die Royal-rolskaatsbaan gedurende sy bloeitydperk in 1909 tot 1910 benewens talle ander vermaaklikheid as slegs rolskaats, ook rolprente vertoon.

In 1910 was Bloemfontein in pas met die ander stede toe die eerste permanente bioskoop, ’n “Electric Theatre”, van Wolfram langs die Cecil-hotel in St Andrewstraat geopen het. Dit was as die Vaudette bekend, maar het vir ’n wyle ook die benaming Colonnade-teater direk bokant sy hoofingang gedra omdat dit deel van ’n ry winkels was wat die Colonnade geheet het. In dieselfde jaar maak die Gardenopelugbioskoop op die perseel van die Royalrolskaatsbaan na sy sluiting oop. Die Garden was ietwat van ’n nuwe konsep vir die stad. Benewens sitplek vir 600 toeskouers, was daar



*Die Vaudette-teater direk regs langs die drieverdieping Cecil-hotel in St. Andrewstraat oorkant Hoffmanplein in die 1930’s. (foto: VPAB)*



*Links is die Cecil-hotel en direk langsaan die Vaudette-teater oorkant Hoffmanplein in die 1930's. (foto: VPAB)*

tafeltjies waar verversings geniet kon word en 'n promenade wat deur bome, struike en palms gestrek het om 'n genoeglike atmosfeer hier te skep. In 'n stadium is van die ou stadsaal gebruik gemaak vir die Garden se vertonings. Ander, soos The Princess in Bo-Kerkstraat, het verskyn maar gou weer verdwyn.

Ofskoon die bioskoop stellig die grootste populêre vermaakvorm in die stad was met lang toue voor die kaartjieskantoor en 'n stadsraadslid gekla het dat gesinne gebrek ly omdat geld daarna gekanaliseer word, was Bloemfontein in der waarheid teen 1930 swak voorsien van bioskope. Die Vaudette was toe die enigste volwaardige bioskoop, terwyl rolprente voortgegaan het om in die Grand-teater en ou stadsaal te draai om die inwoners tegemoet te kom en 'n kafeebioskoop, Maximes, vir 'n wyle in Wes-Burgerstraat bedryf is. In 1932 het die prentjie ietwat verander toe die Plaza die lig sien, eweneens aan Hoffmanplein.

Hoe gewild bioskoopbywoning toe ook al was, het die bedryf in 'n sekere sin veel te wense oorgelaat. In 1930 het al hoe meer klagtes die lig gesien dat die bioskope in die stad, veral die Vaudette, allermins gemak en veiligheid verteenwoordig en eerder 'n beeld van vergange se swak teaters uitdra. Ten minste kon die bioskoopbestuur aan die begin van daardie jaar aankondig dat die Grand-teater in 'n proses van opgradering is. Misnoeë het onder baie bioskoopgangers geheers omdat *'talkie' pictures* nog nie die stad bereik het nie. Hulle is deur die betrokke bestuur in die land gepaai dat dit spoedig oppad is, maar dat die kusstede eers voorkeur kry.

Skarebeheer by kaartjieskantore, veral as 'n gewilde rolprent draai, is so swak by veral die Vaudette, is gekla, dat mense in die warboel flou val en die polisie soms ingeroep moes word om orde te handhaaf. Regulasies is toe in die





*Die Plaza, wat in 1967 toegemaak het, in St. Andrewstraat aan Hoffmanplein. (foto: NM)*

vooruitsig gestel om toue by kaartjieskantore te reguleer – nie meer as twee mense langs mekaar in 'n ry nie, maar verkieslik moes almal agtermekaar inval!

Die bioskooplokale is tydens 'n brandgevaar ontoereikend en elke weeksaand word 'n katastrofe in die gesig gestaar, is gemurmureer. Die stadsraad het kennis geneem van die besware en die brandweermeester asook openbare werke is versoek om ondersoek na die brandgevaar in te stel. Weereens was die Vaudette in hul visier. Teen 1934 het die situasie so versleg by dié bioskoop dat die stadsraad en munisipaliteit op 'n algehele opgradering en modernisering aangedring het of geen nuwe lisensie sou uitgereik word vir die verdere bedryf van 'n bioskoop in die gebou nie. African Consolidated Theatres waaronder die bioskope in Bloemfontein geval het, was bereid om die opgraderingsprojek te onderneem. Die stadsraad het aanvanklik daarop aangedring dat een van die verbeterings die aanbring van 'n skuinsvloer vir die bioskoopsaal moes wees, maar dit is betwis as nie relevant in die hele projek nie en kostegewys problematies. Dreigemente van hofsake hieroor was aan die orde van die dag.

Teen die einde van daardie jaar is die geskille bygelê, maar ietwat anders as wat verwag is. Die stadsraad het uiteindelik bes gegee en die genoemde voorwaarde laat vaar, maar daarenteen het die bioskoopmaatskappy skielik omgeswaai en aangekondig dat die skuinsvloer wel aangebring sou word saam met al die ander verbeterings soos nuwe sitplekke, klanksisteem, brandvoorsieningsmeganismes



*Binnekant van die Plaza-teater. (foto: VPAB)*

en lugreëling sodat die Vaudette een van die beste klein teaters in die land sou wees.

Aan die einde van die 1930's het die nuwe Ritz-bioskoop in Bloemfontein op die hoek van St. Andrew- en Wes-Burgerstraat geopen. Hierdie bioskoop is met die modernste lugreëlingsapparaat in Suid-Afrika toegerus en het 'n teekamer in die kelderverdieping gehad wat tydens vertonings ook gelisensieer was.

Vandag is dit natuurlik 'n hele nuwe ervaring om te gaan fliek. Almal is oral welkom. Gemak, luistergenot, klank en eetgoed is die fokuspunt. Wat 'n verandering het dit nie meegebring nie, die ontwikkeling van die bioskoop tot vermaaklikheidsentrum het hier in ons midde tot sy reg gekom.

## Bronne


*Die Volksblad*, 15.1.1930.

Gutsche, T. 1972. *The history and social significance of motion pictures in South Africa 1895-1940*. Kaapstad: Howard Timmins.

Joyce, P. 2000. *Suid-Afrika in die 20ste eeu – Een honderd jaar in oënskou*. Kaapstad: Struik.

Haasbroek, J. 2001. Die ontstaan van die eerste bioskoop (1922) vir die swart gemeenskap van Bloemfontein. *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein*, 17(6), November : 137-162.

Harrison, I. & Joyce, P. (samest.). 2005. *Die boek van eerstes*. Johannesburg: Jonathan Ball.

Le Roux, A.I. & Fourie, L. 1982. *Filmverlede – Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse speelfilm*. Pretoria: Unisa.

Schoeman, K. 2015. *Imperiale somer – Suid-Afrika tussen oorlog en unie, 1902-1910*. Pretoria: Protea.

*The Friend*, 9.4.1909; 19 en 28.5.1909; 17.6.1910; 6, 22 en 24.9.1910; 4 en 7.1.1930; 3, 10 en 27.2.1930; 25.3.1930; 22.1.1931; 14.6.1932; 19 en 20.3.1934; 2.4.1934; 6.11.1934.


# – 14 –

# THOMAS MAPIKELA

## STRYDROS VIR SWART BELANGE

Sonder teenspraak kan gesê word dat Thomas Mtobi Mapikela (1869-1945) een van die mees gesiene en invloedrykste swart inwoners van vroeë Bloemfontein was. Hy het 'n opmerklike groot rol in die gemeenskap en politiek van sy mense gespeel. Nie alleen was hy plaaslik en in die Vrystaat 'n geliefde man van statuur nie, maar ook op nasionale vlak het hy in swart en wit geledere aansien geniet.

Mapikela, van Nguni-afkoms, is as 'n Hlubi van die Radebe-stam in Lesotho gebore. Op jong ouderdom het hy hom saam met sy ouers in Queenstown gevestig waar hy ook skoolgegaan het. Daarna wyk hy uit na Grahamstad, kwalifiseer hom as timmerman en keer in die hoedanigheid kortstondig terug na sy tuisdorp voordat hy die pad na Bloemfontein in 1892 vat. Tot sy ontnugtering moes hy hier uitvind dat hy in die heersende rasse milieu nie sy beroep bevredigend kon uitleef nie. As stoorman in die staatsdiens het hy brood en botter op die tafel gesit. Uit sy huwelik met Martha Sparela is ses dogters en drie seuns gebore.



*Thomas Mtobi Mapikela (foto: NM)*

Dit was veral na die verwoestende Anglo-Boereoorlog (1899-1902) dat Mapikela as leier in die Oranjerivierkolonie sterk op die voorgrond getree het. Die tydperk was besonder ryp vir diegene met die nodige talente om die leiding in swart geledere te neem. Britse besetting het inderwaarheid meegebring dat swart mense se politieke bewussyn saam met dié van die verslane Afrikaners in die jare na die oorlog opgevlam het. Eersgenoemde het die ontnugtering beleef dat die blye vertroue op beter dae en beloofde vryheid onder Britse bewind ongegrond en slegs simbolies was.

Swartes se verknegte situasie het inderdaad weinig verander. Hulle het weldra besef dat hul sonder meer self skouer aan die wiel sou moes sit om die vryheid wat helaas nie deur die nuwe owerheid aan hulle toegestaan is nie, te bekom.

Onder die nuwe bewind het Mapikela nou geleentheid gekry om as timmerman onder swart en wit naam te maak. Groter hoogtes in die openbare lewe was hom egter beskore. Sy aktiewe betrokkenheid by die Metodiste en later die Anglikaanse Kerk waar hy etlike sleutelposte beklee het, sy integriteit en bevoegdheid om as leier op te tree, asook sy taalvaardigheid in Xhosa, Engels, Tswana en Sotho, het sy aansien in die gemeenskap verstewig.

Weldra was sy politieke loopbaan op dreef. Die georganiseerde swart politieke bewegings en organisasies waar Mapikela sy gewig ingegooi het, het een doel voor oë gehad – die opheffing van hulle politieke, maatskaplike, sosiale en ekonomiese belange. Wit heerskappy moes dus aan bande gelê word en 'n staat wat geen segregasie voorstaan nie, moes tot stand kom.

In 1903 het hy lid van die Native Vigilance Committee in Bloemfontein geword. Drie jaar later posisioneer hy hom as sekretaris van die Orange River Native Association. Vanaf 1907 was Mapikela die hooforganiseerder en weldra president van dié organisasie waarvan die naam in 1909 na die Orange River Native Congress en na Uniewording in 1910 na die Orange Free State Congress verander is.

Mapikela het ook 'n leidende aandeel gehad in die totstandkoming van die South African Native National Convention wat in 1909 in Bloemfontein byeengekom het. Hierdie konvensie het ten doel gehad om enersyds teen die swak bedeling van swart mense in die nuwe Uniekonstitusie te betoog en andersyds die eenwording van alle swartes in een nasionale liggaam te bepleit. Al hierdie woelinge het daartoe gelei dat die South African Native National Congress (SANNC) in 1912 in Bloemfontein as sambreel-organisasie in die land die lig gesien het en waarvan Mapikela 'n stigterslid was. In 1923 het die naam na African National Congress (ANC) verander.

Aangesien Thomas Mapikela ten nouste by die reëlings van hierdie byeenkomste en verrigtinge in Bloemfontein betrokke was, het dit vanselfsprekend aan hom groot invloed besorg. Hy het as visepresident in die uitvoerende komitee van die nuwe swart nasionale



*Alice Melitta Jacobs (née Mapikela) (foto: NM)*

organisasie gedien, terwyl hy vanaf die ontstaan tot 1940 die speaker daarvan was. In 1919 was hy deel van die span wat die amptelike konstitusie van die organisasie opgetrek het.

Die ANC sou hom onverpoos beywer vir stemreg en die aftakeling van diskriminerende wette. Mapikela het met die jare in etlike deputasies gedien wat die onderdrukkende posisie van die swart bevolking nie net met die landsregering nie, maar ook met die owerheid in Brittanje opgeneem het. Nooit het wanhoop oor die heelwat teenkanting wat op die weg na vrywording ondervind is, hom oorval nie. Deurgaans het hy as gematigde leier verset op 'n verantwoordelike en konstitusionele wyse bepleit. Terloops, as iemand met sterk godsdienstige oortuigings het hy geen aanklank by kommunisme gevind nie wat hom by sommige in die ANC ongewild gemaak het.

Mapikela was ook onder die stigterslede van die eerste uitvoerende komitee van die All African Convention wat in 1935 in Bloemfontein sy ontstaan gehad het. Dié konvensie het tande gewys teen die regering se wetsontwerp oor die uitskakeling van swart verteenwoordiging in die parlement. Teenkanting was tevergeefs en die regering het voortgegaan om 'n so te sê tandelose Verteenwoordigende Naturelleraad in die lewe te roep. Tog was Mapikela en ander lede van die All African Convention bereid om in dié raad te dien met die doel om soveel as moontlik voordeel vir die strewes van die ANC daaruit te kry. Deur sy gewig in hierdie raad in te gooi en sy posisie as speaker van die ANC te behou, het Mapikela steeds sterk in die organisasie gestaan.



*As gesiene inwoner oorhandig Thomas Mapikela in 1934 namens die swart inwoners 'n adres aan prins George van Brittanje tydens sy besoek aan Bloemfontein. (foto: NM)*

In hierdie tyd was hy deel van 'n paleisrewolusie om Josiah Gumede, wat as ANC-president blykbaar te kommunistiesgesind en revolusionêr was, uit die kussings te lig. Hy is met die meer konserwatiewe en behoedsame Pixley Seme vervang.

Ofskoon Mapikela in nasionale kringe beweeg het, het hy die belange van sy mense in Bloemfontein en die Vrystaat nooit versaak nie. As strydros in kerkgeledere, as lid van die plaaslike Adviserende Naturelleraad van die stadsraad en as 'n hoofman van die swart woonbuurt was hy intens betrokke by heelwat ondernemings om die lewenspeil van die plaaslike swart inwoners op vele terreine te verbeter. Veral die gehate passtelsel was in sy visier en hy het geen steen onaangeroer gelaat om hierdie 'stelsel van barbaarsheid' ongedaan te maak nie.

Daarbenewens was hy superintendent van die African Life Assurance Co. Ltd. asook president van die Bantu Traders' Association en die Non-European Cricket and Soccer Union, verder ook organiseerder van die Bantu Benevolent Fund. Mapikela het ook in 1909 merkwaardig daarin geslaag om die eerste hotel vir swart mense, waarvoor daar reeds lank 'n behoefte was, in Waaihoek te open. Hy het ook toegesien dat sommige strate in die townships na vooraanstaande swart leiers vernoem word en so is hyself en onder andere Msimang, Rubusana, Mahabane, Dube, Jabavu en Kadalie hier verewig.

Daar is oor hom gesê dat hy, alhoewel slegs 'n gewone burger, meer as enige van sy mense gedoen het vir humaniteit. Sy belangrikste bydrae tot die opheffing van sy mense was die wyse waarop hy 'n politieke bewussyn en kultuur van verset teen onregverdige optrede vanuit owerheidsweë by menigeen gekweek het.

Nadat die ANC in 1990 ontban is, het die party se leiers wat Bloemfontein besoek het, gewoonlik tydens byeenkomste met groot lof gepraat van die rol wat Mapikela in die samelewing gespeel het.

Die dubbelverdiepingwoonhuis met sy stoep en balkon, bekend as Ulundi-Kaya (horisonhuis), van Mapikela wat hy in die 1920's self in Batho gebou het, is vandag 'n verklaarde nasionale monument en gerestoureerde huismuseum en word steeds deur die familie bewoon. Talle struggle-vergaderings is oor dekades in die Mapikela-huis gehou wat kennelik die historiese waarde van die huis verstewig het. Geen wonder die naam ANC-huis word ook daaraan toegevoeg nie. Sy dogter, Alice Melitta Jacobs, het juis opgemerk dat haar pa nie verniet 'die kaart van Afrika' genoem is nie, want alle paaie in Afrika het na dié huis geloop.

Aan die agterkant van die huis is ook 'n moderne eenvertrekmuseum in 2014 deur die regering opgerig, maar staan steeds in onbruik in afwagting op die struggle-uitstalling wat voorsien moet word ... en is besig om vervalle te raak.

In 2000 is Mapikela se beendere in die ou Ehrlichpark-begraafplaas opgegrawe en tydens 'n groot herbegrafnis in die helde-akker van die Batho-begraafplaas ter ruste gelê. Teenwoordig was Mosiuoa Lekota (minister van verdediging), Winkie Direko (Vrystaatse premier) en Jani Mohapi (burgemeester). Die groot grafsteen van Rustenburg-graniet en wit marmer is drie meter hoog met suile waarop die bewoording is.



*Die Mapikela-huis in Batho. (foto: NM)*

## Bronne


Belot, S.T. 1991. *The life history of Thomas Mtobi Mapikela 1869-1945 – His role in die African National Congress.* BA Honneurs, Vista Bloemfontein.

*Die Volksblad*, 8.7.2000.

*Express*, 29.8.1997.

Gericke, M. 2015. ANC se kultuurskatte in Mangaung verval. *Volksblad*, 26 Mei: 11.

Haasbroek, J. 1997. Die sosiale en vermaaklikheidslewe van die swart inwoners van Waaihoek, Bloemfontein (1900-1910). *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein*, 13(4), September: 137-168.

Haasbroek, J. 2002. Founding venue of the African National Congress (1912): Wesleyan School, Fort Street, Waaihoek, Bloemfontein. *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein*, 18(7), November: 125-160.

Verwey, E.J. (red.). 1995. *New dictionary of South African biography* I. Pretoria: HSRC Publishers.

Roodt Architects Bloemfontein, *Renovations to existing Mapikela House and new proposed museum, 2014.*

Twala, C. 2004. "Ulundi-Kaya": The dwelling of Thomas Mtobi Mapikela in Bloemfontein (Mangaung) – Its historical significance. *SA Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 18(1), Junie: 63-79.

*Volksblad,* 16.4.2004.

# – 15 –

# DIE MOTOR MAAK SY VERSKYNING EN SO OOK DIE EERSTE ONGELUK

Die koms van die motorkar, wat teen ’n slakkegang van enkele kilometers per uur gery het, het ook ongelukke meegebring – al mag dit amper ondenkbaar klink! Groot is die verbasing vandag wanneer gesien word hoe opgefrommel ’n motor na ’n botsing kon wees met die wete dat dit op so ’n uiters stadige spoed plaasgevind het.

Die wêreld se eerste motorkar, gebou in 1862 deur Étienne Lenoir van Frankryk, het ’n gasaangedrewe binnebrandenjin gehad. Een-en-twintig jaar later verskyn die eerste petrolaangedrewe motor ook in dié land, maar dié poging was nie juis suksesvol nie. In 1885 is die Duitser Karl Benz as die vader van die motorbedryf gekroon toe hy ’n motorkar van dié aard en met drie wiele gebou het. Van toe af was die ontwikkeling merkwaardig vinnig.

In Suid-Afrika het die motorhandel aanvanklik stadig begin. Die eer kom die Pretoriase sakeman John Percy Hess toe wat aan die einde van 1896 met sy Duitsvervaardigde eensilinder Benz Voiturette in dié stad rondgery het. Teen 1910 het sake vinnig versnel en in 1913 is nagenoeg 4 000 motors ingevoer, meestal die gewilde Model T-Fords.



*Een van die heel eerste motors wat na die Anglo-Boereoorlog in Bloemfontein verskyn het met vermoedelik die bekende doktor J. D. (Vader) Kestell agter die stuur, waarskynlik saam met sy dogter. (foto: VPAB)*

Blykbaar is die eerste motorkar kort na die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) in Bloemfontein gewaar. Wie die eerste eienaar van ’n kar hier was, is nie duidelik nie. Daar was aanspraakmakers soos Arthur Hays wat ’n mansklerewinkel aan die plein besit het, W.L. Martin van Raleigh Cycle Works en Arthur Fichardt. In 1905 het ’n automobielklub hier opgespring, maar motors was toe nog so skaars soos hoendertande met motorfietse wat die

in-ding was – selfs vroue het dit besit sonder dat koppe skeef gedraai het.

Weldra het motorverkoop- en motorherstelplekke hulle verskyning gemaak en met sy totstandkoming in 1908 het die Tegniese Kollege drie motorwerktuigkundiges aangeteken vir opleiding. Vermoedelik het prokureur-generaal S.J. de Jager in 1910 die eerste motor in die stad van die firma Atkinson aangeskaf. Bekende inwoners wat in hierdie tyd motoreienaars was, is onder andere die goewerneur-generaal van die Oranjerivierkolonie, sir Hamilton Goold-Adams, en die broer van president M.T. Steyn, Jan Steyn, asook dokter C.H. Bidwell en die argitek J.E. Harrison.


*Blanca Borckenhagen (foto: NM)*

Die bekende Charlie Fichardt het hom ook vroeg in dié geledere bevind. Met smaak is daar vertel dat hy sy Franse model, 'n De Dederick, bestuur het nog voordat hy heeltemal bedrewe in die kuns was. Hy moes as krieket-geesdriftige skielik by die Ramblersterrein uitkom waar die M.C.C.-krieketspan in aksie was. Ene Janda, die fabrieksverteenwoordiger wat spesiaal saamgestuur is om Charlie in motorbestuur touwys te maak, was nie onmiddellik beskikbaar nie. Charlie het dapper self na Ramblers bestuur waar hy nie kon onthou hoe om die voertuig tot stilstand te bring nie. Om en om die veld het hy gery totdat Janda opgespoor is wat hom te hulp gesnel het om die voertuig tot stilstand te bring. In 1910 het hy vir hom 'n Ford by Atkinson aangekoop.

Die fraaie Blanca, dogter van die bekende *De Express*-koeranteienaar Carl Borckenhagen, was blykbaar die eerste vrouebestuurder in Bloemfontein. Toe sy in 1911 tydens haar troue van motorvervoer gebruik maak, het dit gegons onder die vroue omdat hulle bekommerd was dat sy windverwaaid by die kerk sou opdaag omdat motors so oop was.

Teen 1913 het die getal voertuie so toegeneem dat die eerste registrasies moes plaasvind en daar is gekla dat daar te min polisiemanne was. Hulle moes beide verkeersdiens doen en die orde handhaaf.


*Kate Harrison (regs), eggenote van die argitek J.E. Harrison, sit saam met vriende in sy motor. (foto: NM)*

Daar word beweer dat die wêreld se eerste botsing tussen twee motorvoertuie in 1897 in Londen plaasgevind het. Suid-Afrika se eerste ernstige padongeluk het glo in Kaapstad plaasgevind toe 'n gesiene plaaslike sakeman se Darracq by 'n spoorlyn deur 'n trein

getref is, darem nie met noodlottige gevolge nie. Daar was aanvanklik min reëls vir die vroeë Suid-Afrikaanse motoris en in Bloemfontein nie minder so nie. Gevolglik het botsings en ongelukke gereeld voorgekom en selfs die eerste stedelike spoedbeperkings wat gewissel het van 8 m.p.u. (±13 km/h) tot so vinnig as 15 m.p.u. (24 km/h) het dit nie voorkom nie. Sommige stadsraadslede was van mening dat laasgenoemde steeds nóg te hoog was omdat daar so onverskillig bestuur is en motoriste is gemaan dat hulle nie alleen die wêreld besit nie.

In Bloemfontein se middestad is die verkeer gewoonlik deur enkele konstabels hanteer wat by belangrike kruispunte 'go/ry-stop'-tekens aan 'n paal met die hand gedraai het, terwyl 'n sambreeltjie as beskutting teen die weer gedien het. Verkeer in die strate het egter mettertyd so toegeneem en bewerings het die rondte gedoen dat motorverkeer hier die ergste in die land is, dat die stadsraad verplig gevoel het om verkeersregulasies en die toepassing daarvan op te skerp. Die eerste verkeersligte is in 1930 by die kruising van Maitland- en Hangerstraat opgerig. Stopstrate, tot groot ergernis van motoriste, is staangemaak en aan die einde van die 1930's sou 'n spoedbeperking van 30 m.p.u. (45 km/h) geld en die eerste verkeerskonstabels is aangestel.

In 1930 het kaptein I. Brundrett, distriks-kommandant van die polisie, verklaar dat spoed alleen nie die oorsaak van die toeneem



*'n Polisieman onder sy sambreel reël die verkeer in Maitlandstraat in die 1920's met 'n spoorlose trem op die voorgrond. Regs is die poskantoor oorkant Markplein (Hoffmanplein) en onder in die straat is die stasiegebou sigbaar. (foto: NM)*

van motorongelukke is nie, maar hoofsaaklik ook onverskilligheid van bestuurders, veral by straatkruisings, die roekelose sny van straathoeke en bestuur aan die verkeerde kant van die pad. Jongmense wat sonder lisensies bestuur, was 'n verdere probleem.

Swak toestande van strate met talle slaggate het natuurlik die prentjie versomber rondom ongelukke en daar is gevra hoe 'n bestuurder op die uitkyk daarna kon wees terwyl hy nog sy oog op aankomende verkeer en voetgangers moes hou. Daar is bygevoeg dat dit wou voorkom of die polisie lukraak verkeersreëls toepas en nie op hoogte daarvan is nie.



*'n Motorskou wat in die 1920's in die markgebou op Baumannplein aangebied is. (foto: NM)*



*Omstanders verstom hulle aan dié eienaardige geval wat in Maitlandstraat gebeur het. (foto: VPAB)*

In die bylaag 'Motors' wat op 16 Januarie 2017 in die *Volksblad* verskyn het, skryf die bekende motorkundige Jannie Hennop: "'n Mens kan deesdae omtrent in elke woonbuurt 'n pad met 'n gat aantref wat jou duur te staan sal kom. Soms konsentreer jy so op die gate en slegte paaie dat jou aandag van ander verkeer om jou afgetrek word, wat dodelike gevolge kan inhou."

Insiggewend genoeg, was daar in hierdie vervloë tyd ook groot teenkanting teen parallelparkering (stert-in-metode) in plaas van skuinsparkering (neus-in-metode). Slegs 'n driekwart van die sowat 2 000 motoriste kon dit bemeester, is verklaar, en daar kon nie van hulle verwag word om outomobiele akrobatiese oefeninge uit te voer nie. Selfs die burgemeester was daarteen gekant.

Die herhaaldelike voorkoms van ongelukke waartoe onverskillige voetgangers bygedra het, het die plaaslike publisiteitsvereniging en Automobiel Assosiasie genoop om met die ondersteuning van die stadsraad in 1931 'n veiligheidsweek aan te bied. Die week is deur burgemeester E.M. de Beer in die teenwoordigheid van bekendes soos hoofmagistraat W.J. Thompson, oudadministrateur E.R. Grobler, H.S. Pellissier (direkteur van onderwys) en advokaat C.R. Swart, geopen. So was daar in Fichardtstraat 'n veiligheidstoetslaan ingerig waar inwoners gratis hul voertuie deur deskundiges vir padvaardigheid kon laat toets – tot sy verleentheid het die burgemeester s'n nie die pyp op alle vlakke gerook nie. Deur die week is padveiligheidsrolprente in die Vaudette en stadsaal, asook in die gemeenskapsaal in Batho, vertoon. Stadsraadslid D.A. Thomson, voorsitter

van die Royal-motorklub en Pellissier het radiopraatjies gehou waarin hulle onverskillige en onbedagsame bestuurders gekasty het wat daartoe bydra dat mense daagliks deur motorongelukke "die ewigheid ingeslinger word" tot die groot verdriet van naasbestaandes.

Hoe ook al, teen 1940 het Bloemfontein se verkeersregulasies en -beheer en motorbestuur as sodanig 'n heelwat meer ernstige aangeleentheid begin word. Dit blyk dat Bloemfontein in 1955 die eerste stad in Afrika was wat parkeermeters gekry het en die daaropvolgende dekade die eerste wat vroue as verkeerskonstabels aangestel het.




*'n Motorongeluk in Glenweg in omstreeks 1930. (foto: VPAB)*



*'n Motorongeluk in Bloemfontein in omstreeks 1930. (foto: VPAB)*




*Daubney's-diensstasie sleep 'n motor na 'n ongeluk weg. Links staan S.N. Daubney. (foto: VPAB)*



*'n Bedrywige Maitlandstraat in die vroeë 1930's. (foto: KA)*

## Bronne


*Die Volksblad*, 9, 10 en 13.10.1931; 27.2.1933.

Harrison, I. & Joyce, P. (samest.). 2005. *Die boek van eerstes*. Johannesburg: Jonathan Ball.

Briedenhann, M. & Haasbroek, J. 1993. J.E. Harrison, argitek en eerste bewoner van Freshford, en sy gesin se lewe in Bloemfontein (1895-1902). *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein*, 9(7), Augustus: 213-243.

Johnston, J.H. 1975. *Early motoring in South Africa*. Kaapstad: Struik.

Schoeman, K. 1980. *Bloemfontein – Die ontstaan van 'n stad 1846-1946*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Schnetler, F. 1997. *A century of cars*. Kaapstad: Tafelberg.

*The Friend*, 11.11.1927; 12.3.1929; 13.3.1930; 6.6.1931, 30.7.1931, 8.10.1931.

*Volksblad* (Motors), 26.1.2017.

# – 16 –

# STATIGE GRAND-TEATER KRY STAANPLEK IN 1906

Na die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) het die republiek Oranje-Vrystaat opgehou om te bestaan en as die Oranjerivierkolonie tot 1910 voortgegaan. In Bloemfontein, waar die bevolking na dese dramaties vermeerder het, het bouwerk onder die nuwe Britse bewind toegeneem wat kenmerkend die oordadigheid en weelderige versierings van die Edwardiaanse tydperk en laaste goue jare van die Britse Ryk uitgestraal het.

Sommige mense wat die argitektoniese skoonheid van geboue kon indrink, het onomwonde verklaar dat geen mooier of meer treffende voorbeeld van die bouprestasies uit die tydperk in die Vrystaat gevind kon word as die oprigting van die Grand-teater met sy sjarme en grasie nie. Dié statige teater het in 1906 in Hangerstraat verrys. Vlak langsaan, op die hoek van Hanger- en Charlesstraat, het die ewe imposante Grand-hotel (sien bladsy 103) opgespring en die twee geboue het ’n besondere karakter aan hierdie deel van die stad help verleen.


Behalwe die Empire-teater, gekenmerk deur veral variété-aanbiedings, wat in 1905 op die hoek van Fontein- en Aliwalstraat (direk agter die latere hooggeregshof) sy verskyning in ’n taamlike eenvoudige gebou gemaak het – dit het nog dieselfde jaar tot niet gegaan – het Bloemfontein voor die tyd geen teater in die ware sin van die woord gehad nie. Opvoerings is in plekke soos skoolsale, leë winkels, die raadsaal van die goewermentsgebou en selfs in ’n wolpakkamer gehou. Die stadsaal wat in 1883 geopen is, het heelwat verligting op hierdie terrein gebring, asook hotelle, ’n saal van die Ramblersklub en die spoorweginstituut.

Die Grand-teater met sy drie verdiepings, lang fasade, portieke, verandas, balkonne, balustrades en drie torings met koepels is deur die Belgiese argitek E.C. Choinier van Johannesburg ontwerp en is bestempel as een van die bes toegeruste en modernste teaters in Suid-Afrika. Oor die styleienskappe van die gebou bestaan daar uiteenlopende uitsprake wat wissel van moderne Franse Renaissance tot *art nouveau*.

Ingange vanaf die teater na die aangrensende Grand-hotel het toegang verleen tot sitkamers en kroeë, terwyl verversings op die balkonne van die twee geboue bedien is. Die teater het sitplek aan meer as 900 toeskouers gebied en is verdeel in ’n onderverdieping, agt loges en ’n eerste en tweede galery. Nog ’n kenmerk was die groot verhoog en die koepelvormige skuifdak in die ouditorium, 4,5 meter in deursnee, wat op someraande ’n sterrehemel ingelaat het.

'n Tender vir die oprigting van die gebou is aan die Johannesburgse firma Corlett en Geddes toegesê en dit wil voorkom asof die uiteindelike koste £60 000 (ongeveer R120 000) beloop het. Coulter en Hankinson was verantwoordelik vir die binnenshuise versiering. Blykbaar is sowat 300 swart mense voor die opening op die galery aangetree om die stewigheid daarvan op die proef te stel, darem sonder enige ongevalle!

Uiteindelik het Bloemfontein sy oomblik in die teaterwêreld gehad toe die grandiose Grand-teater op Maandagaand, 19 Februarie 1906, swierig en formeel geopen is. 'n Volgepakte teater is dié aand met 'n uitvoering van die komiese opera *The Mikado* van Gilbert en Sullivan getrakteer. By die geleentheid is 'n foto van die volgepakte saal geneem met sy deftig geklede teatergangers. Dieselfde aand is die berig in Bloemfontein ontvang dat selfbestuur aan die Oranjerivierkolonie toegeken gaan word en vanselfsprekend is hierdie nuus tussen die bedrywe druk in die wandelgange bespreek. Tydens 'n uitvoering die Vrydagaand het die luitenant-goewerneur (later goewerneur) van die Oranjerivierkolonie, sir Hamilton Goold-Adams, die teater amptelik met 'n kort toespraak geopen.



*Die openingsaand van die Grand-teater in 1906. (foto: NM)*




*Die statige Grand-teater regs op die voorgrond met die Grand-hotel, wat op die teater geadverteer word, daarnaas. Let op die Britse vlag. (foto: VPAB)*




*Die statige Grand-teater in 1931 regs op die voorgrond. (foto: NM)*

In die daaropvolgende jare het verskeie kunstenaars van wêreldformaat in hierdie geliefde bymekaarkomplek van die kunste opgetree en veral die teater se uitstekende akoestiek hoog aangeprys. Op dié verhoog was onder andere die Poolse pianis Ignacy Jan Paderewski, die Russiese ballerina Anna Pavlova, die Oostenrykse tenoor Richard Tauber en die Britse Shakespeare-aktrise dame Agnes Sybil Thorndike. Plaaslike geselskappe het vanselfsprekend van die teater gebruik gemaak. So is *You never can tell* van George Bernard Shaw in 1907 opgevoer met 'n rolverdeling waarin bekende Bloemfonteinse name soos Baumann, Leviseur, Ehrlich en Streeten voorgekom het. Die Paul de Groot-toneelgeselskap, een van die eerste professionele toneelgeselskappe in Suid-Afrika, het onder andere hier opgetree.

Selfs politieke vergaderings is in die Grand-teater gehou. Kort voor Uniewording is die stigting van die Unioniste Party deur dokter L.S. Jameson in die teater aangekondig en ook Abraham Fischer het hier vergaderings toegespreek.

Skaars 16 maande na die opening van die teater is die Grand Hotel and Theatre Co. gelikwideer en die eienaar, ene Jankielsohn, was genoodsaak om die teater teen omtrent een-vyfde van die oorspronklike boukoste te verkoop.

Sedert die laat 1920's het bioskope die toneel begin oorheers en ook die Grand-teater is hierdeur geraak. African Consolidated Theatres het die teater oorgeneem en hoewel toneelopvoerings nog soms aangebied is, sou wat eens 'n trotse teater was sy laaste dae as 'n bioskoopsaal slyt.

'n Poging in die laat 1940's deur die burgemeester van Bloemfontein, J.H. Pretorius, en mevrou Anna Enslin, Provinsiale Raadslid, om die teater vir toekomstige geslagte te behou, het misluk. Samesprekings met die eienaars van African Consolidated om die teater aan die stadsraad af te staan, het op 'n dooie punt uitgeloop. In 1953 is dit aan SA Brouery verkoop wat die gebou eers in 1956 gesloop het om uitbreidings aan die Grand-hotel aan te bring. Van hierdie planne het niks gekom nie en in 1972 is die hotel ook gesloop.

In teenstelling met die feestelike stemming wat die openingsaand gekenmerk het, het die laaste vertoning in die Grand-teater die gebruiklike dubbel aanbiedings gehad –*The Nevadan* en *Beauty and the bandit* was op die spyskaart – maar dit het byna ongesiens verbygegaan. 'n Afskeidseremonie is




*Richard Tauber (foto: Wikipedia)*



*Burgemeester J.H. Pretorius het vergeefs ingegryp om die sloping te keer. (foto: VPAB)*

darem op 13 Julie 1953 in die teater gehou toe ongeveer 100 toneelliefhebbers en spelers van Fatsa (Federasie van Amateurtoneelverenigings van Suidelike Afrika) die ou Grand vaarwel toegeroep het. Teenwoordig was mevrou R. Van Breda Pitchard wat die opening van die teater in 1906 bygewoon het en aan wie 'n ruiker oorhandig is.



*Die Grand-teater word gesloop in 1956. (foto: VPAB)*



*Die era van Edwardiaanse swier verdwyn uit Bloemfontein met die afbreek van die Grand-teater. (foto: VPAB)*

Die ironie is dat na die sloping van die gebou die terrein vir jare net 'n parkeerruimte beslaan het en is vandag steeds net 'n parkeerruimte én openbare geboue. Krasser gestel, daar is niks in hierdie troostelose stadsdeel wat mens laat vermoed watter uitsonderlike en imposante boukuns hier eens bestaan het nie.

## Bronne


Haasbroek, H. 1998. Die kortstondige bestaan van die Empire-teater in Bloemfontein, Maart - Junie 2015. *SA Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 12(2), November: 22-34.

Haasbroek, H. 2015. *Splinters en dorings uit die Rosestad se verlede.* Bloemfontein: SUN MeDIA.

Picton-Seymour, D. 1977. *Victorian buildings in South Africa including Edwardian and Transvaal Republic styles, 1850-1910.* Kaapstad: Balkema.

Schoeman, K. 1980. *Bloemfontein – Die ontstaan van 'n stad 1846-1946.* Kaapstad: Human & Rousseau.

Schoeman, K. 1985. *Boukunsskatte van die Vrystaat.* Roodepoort: CUM.

*The Friend,* 19 en 20.2.1906; 14.7.1953.

Van der Bank, D.A.1983. Die Grand-teater – Die Vrystaat se grootste slopingskandaal, *Nasionale Museum Nuus*, 24, April: 14-15.

# – 17 –

# DIE INSTELLING VAN INDABAS IN 1913 BEVORDER SWART BELANGE

Ivan Hartwig Haarburger was as Bloemfonteinse burgemeester (April 1912 tot Maart 1914) nie alleen die aanvoerder tot die totstandkoming van die Adviserende Naturelleraad nie. Hy het 'n stap verder gegaan en 'n gespreksforum, geheel gepas bekend as indabas, tussen wit rolspelers en swart mense bewerkstellig.

Haarburger het in 1886 vanaf Duitsland na Suid-Afrika geëmigreer en Bloemfontein sy tuiste gemaak waar hy sy eie musiekwinkel op die been gebring het. Hy het 'n besondere musiekaanleg gehad. As pianis en violis het hy diep spore in Bloemfontein se musieklewe getrap. Een van sy grootste prestasies op hierdie gebied was die stigting van die Bloemfonteinse Orkesvereniging in 1893 waarvan hyself as dirigent opgetree het. Na die Anglo-Boereoorlog het Haarburger, wat bekend was vir sy welsprekendheid, al hoe meer op sosiale, munisipale en sakegebied na vore getree.

Hy sou uit sy pad gaan om die verhouding tussen wit en swart in Bloemfontein te verbeter. Hy het insig in die swart gemeenskap se sosio-ekonomiese probleme gehad en het deeglik besef dat sinvolle dialoog nodig was om vraagstukke te ondervang wat al hoe meer geword het vanweë die al hoe groter wordende aanwas.


Die Adviserende Naturelleraad wat in 1913 die lig gesien het onder sy burgemeesterskap, het as sodanig tot 1923 voortbestaan. In hierdie raad het verkose blokmanne of leiers van die verskillende blokke of wyke in die townships gedien.

Bloemfontein was in daardie jaar een van die eerste stede wat so 'n swart adviesliggaam gehad het en het dus op dié gebied in 'n sekere sin baanbrekerswerk gedoen. Deur die totstandkoming van hierdie demokraties-verkose raad het die swart gemeenskap van Bloemfontein vir die eerste keer werklik amptelik by hulle munisipale belange betrokke geraak.

In teenstelling met die dikwels positiewe amptelike beeld wat die owerheid oor die Adviserende Naturelleraad voorgehou het, was hulle posisie in die praktyk en in die daaglikse gang van sake meermale onbenydenswaardig en moeilik. Die raad was slegs eng adviserend van aard en steeds deeglik ondergeskik aan die wit owerheid. Hulle het dus min beweegruimte gehad om



*Burgemeester Ivan Haarburger (foto: VPAB)*



*Burgemeester P.J. Faure (foto: VPAB)*

werklik kragdadig op te tree en hulle mag was vanselfsprekend beperk.

Alhoewel dié adviserende liggaam dikwels gebuk moes gaan onder verdagmakery en beswaddering dat hulle slegs lakeie van die wit owerheid is en dat hulle vir eie gewin en aansien in die raad gedien het, blyk dit tog dat hulle as lede van 'n instelling wat nog in sy kinderskoene was, meermale opreg gepoog het om die belange van hulle mense te dien. Hulle het direk met die plaaslike owerheid, naamlik die munisipale Komitee vir Naturellesake, wat spesifiek moes omsien na swart aangeleenthede, geskakel om die belange van die swart inwoners te verbeter. Dit was 'n stap vooruit vir die swart gemeenskap van die stad.

So gebeur dit dat Haarburger in 1913 ook die grondverskuiwende aankondiging doen dat hy bereid sou wees om op 'n maandelikse basis by 'n openbare vergadering oftewel indaba die swart gemeenskap te ontmoet om persoonlik na hul klagtes en probleme te luister. Voorwaar 'n dapper onderneming. Daar was immers heelwat munisipale kwessies waaroor die swart gemeenskap ongelukkig was en by dié byeenkomste kon emosies maklik hande uitruk en tot onsmaaklike voorvalle lei.

Uit swart geledere het hierdie indabas groot byval gevind. Vir hulle was dit die ideale geleentheid om persoonlik by probleemoplossings betrokke te raak en dit nie geheel en al in die hande van die Adviserend Naturelleraad te laat nie. Stadsraadslid A.G. Barlow, wat van 1917 tot 1920 die voorsitter van die Komitee vir Naturellesake was, het tydens 'n koerantonderhoud met die *Cape Argus* juis die waarde van die indabas besing: "These meetings also clear the air a good deal

and keep the native members of the Advisory Council from being to 'cocky'."

Haarburger het sy beloftes gestand gedoen. Solank hy burgemeester was, het die indabas gereeld plaasgevind. Selfs toe hy voorsitter van die Komitee vir Naturellesake (1914-1916) was, kon hy dit sporadies in plek hou. Anders gestel, terwyl hy die dryfkrag daar agter was, was dit in plek. Sy opvolger as burgemeester, P.J. Faure, sou nie dieselfde entoesiasme hiervoor openbaar nie, hoewel hy die voortsetting daarvan vir eers ondersteun het.

Die indabas het gewoonlik in die Wesleyaanse kerkskoolsaaltjie in Fortstraat plaasgevind waar die ANC ook in 1912 gestig is. Saans was die beste tyd om dit te organiseer sodat almal wat wou dit kon bywoon en nie deur die daaglikse arbeidsverpligtinge weerhou sou word nie. Deur sy takt het Haarburger daarin geslaag om nie net die lede van die betrokke munisipale komitees en die adviserende raad betrokke te kry nie, maar ook belangstellende stadsraadslede, die lokasiesuperintendent, stadsingenieur, stadstesourier, stadsklerk asook swart en wit geestelike leiers. Laasgenoemde was juis sterk ondersteuners daarvan. Waar nodig, is tolke na weerskante ingespan om alles verstaanbaar te maak.

Haarburger is uit swart kringe, waaronder leiers soos Peter Phatlane en Joseph Twayi, geloof vir die vriendelike en tegemoetkomende wyse waarop hy die indabas gelei het. Dit het stellig daartoe bygedra dat te midde van soms vurige debatte dit altyd in goeie gees kon plaasvind.

Benewens alledaagse probleme soos swak watervoorsiening, sanitasie, behuising en paaie in die townships, was van die ernstiger klagtes wat herhaaldelik geopper is, die onverkwiklike passtelsel, die beperkende tydklokstelsel, die brutale optrede van die wit én swart polisie om wet en orde te handhaaf, onwettige drankhandel en gepaardgaande dronkenskap. Daar is getuig dat die swart geregsdienaars hulle beste voetjie voorsit wanneer 'n predikant in die nabyheid is, net om daarna weer hardhandig toe te slaan.

Insiggewend was dat baie klagtes teen veral die swart polisie se brutaliteit teen hulle eie mense in die uitvoering van hul pligte, aangehoor is. Hulle verweer was dat sommige voorvalle so hande uitruk dat hardhandige optrede nodig is om wet en orde te handhaaf. Nietemin het Haarburger die versekering gegee dat enige gebeure wat grense oorskry, die nodige aandag sou kry. Wat die passtelsel



*Op die voorgrond is die Wesleyaanse kerkskooltjie met sy hoë spitsdak en kruisvormige struktuur in Waaihoek waar die indabas gewoonlik plaasgevind het. (foto: NM)*

betref, het hy daarop gewys dat dit onder die nasionale regering val, maar hy sou ten minste toesien dat dit in Bloemfontein met die nodige simpatie toegepas word.


Met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog in1914 en die gepaardgaande ontwrigting is die indabas minder gereeld gehou en slegs wanneer nodig. Teen hierdie tyd was dit ook duidelik dat daar onder wit inwoners 'n groot groep was wat die indabas as tydmors afgeskiet het. Want, so is geredeneer, daar is genoeg ander amptelike strukture om swart belange te ondervang. Skynbaar het sommige uit rassemeerderwaardigheid die burgemeester se toegeneentheid teenoor die swart samelewing as kruiperigheid ervaar wat vir hulle 'n steen des aanstoots was. Die vrees is ook uitgespreek dat die indabas kon meehelp om swart stemreg en direkte verteenwoordiging in plaaslike bestuur te bevorder. Die nydiges het ietwat sarkasties na Haarburger verwys as "the Great Pioneer" wat 'n verskuilde agenda het deur hom te posisioneer wanneer swartes stemreg kry.

Aan die ander kant het die wit indaba-voorstanders Haarburger geloof vir sy opofferings, dikwels deur van sy vrye tyd gebruik te maak en soms gekenmerk deur die vyandigheid van sy eie mense. Ten minste, is geskerm, was die indabas gewild onder die swart inwoners en kon hulle onderdrukte sienings, griewe en emosies sodoende vrylik gelug word en plofbare situasies vroegtydig ontlont word.

Op hulle beurt het die swart gemeenskap en sy leiers die indabas omarm as 'n platform waar hul stem direk gehoor kon word en as 'n meganisme om polisie-brutaliteit te ontbloot, groter respek vir swart vroue te propageer en onaanvaarbare verknegting onder wit heerskappy te openbaar. Hulle het gevoel deur die indabas word vir die eerste keer waarlik na hulle belange omgesien en daar is getuig van gevalle waar hul lewenstandaard opvallend verbeter het.

Die negatiewe uitwerking van die oorlog wat tot 1918 geduur het, die Groot Griep (sien bladsy 106) van dieselfde jaar wat die aandag vasgevang het, die fel kritiek teen die indabas uit talle wit oorde en die feit dat Haarburger nie meer die septer geswaai het nie, het daartoe bygedra dat die indabas in hierdie tyd gesneuwel het.

Die swart stem het vergeefs gepleit vir die voortbestaan daarvan. Bygesê, toe was die bekende swart leier Henry Selby Msimang ook reeds aktief in Bloemfontein aan die woel om werkers teen die wit owerheid op te stook om veral beter lone te bekom. Hy was nie juis pro-indaba nie. Die indabas, was sy mening, het dikwels op luidrugtige monstervergaderings uitgeloop waar niemand sy saak rustig kon stel nie. Hy het die



*Henry Selby Msimang (foto: NM)*

plaaslike owerheid dus aangevat om swart lede eerder direk tot die wit Komitee vir Naturellesake toe te laat sodat hulle as volwaardige lede in 'n stigtelike vergadering hul saak kon stel. So iets was natuurlik ondenkbaar in daardie tyd. Dit alles het stellig uit die wit gemeenskap die gety verder teen die indabas laat draai, want dit sou die teelgrond word vir die afdwing van swart regte tot nadeel van die blankes, is geglo.

Hoe ook al, die baanbrekerswerk van Haarburger, ondersteun deur die kerke, om die indabas in werking te stel, het vir die duur daarvan die swart samelewing se lewensomstandighede in 'n sekere sin verbeter. Dit het ook daarop gedui dat hulle elke geleentheid sou aangryp om hulle demokratiese regte uit te brei, maar ook gepoog het om die kwaliteit van hul lewens te verbeter.

## Bronne


Beyers, C.J. & Basson, J.L. (reds.). 1987. *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* V. Pretoria: RGN.

*Cape Argus*, 10.31922.

Haasbroek, J. 2003.The Native Advisory Board of Bloemfontein 1913-1923. *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein*, 19(4), Julie:65-92.

Haasbroek, H. 2003. Die Adviserende Naturelleraad 1913-1914 – Baanbrekerswerk in Bloemfontein. *Culna*, 58, November: 29-30.

Haasbroek, H. 2004. Bloemfontein neem die voortou, *Volksblad*, 6 Januarie: 9.

Haasbroek, J.2005. The indabas between the black community and the local authority in Bloemfontein, 1913-1914. *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, 30(2), September: 37-50.

Le Roux, C.J.P. 1989. Rol van die Naturelle-adviesraad op plaaslike bestuursvlak in Bloemfontein, 1923-1948. *Contree*, 25, April: 5-11.

Le Roux, C.J.P. 1997. The role of T.M. Mapikela in the municipal administration of black affairs in Bloemfontein 1902-1945.*Historia*, 42(2), November: 67-79

Le Roux, C. 2001. The role of the Native Advisory Board and succeeding Urban Bantu Council of Mangaung, 1945-1973. *Acta Academica*, 33(2), Augustus: 40-68.

*The Friend*, 4.10.1913; 1.11.1913; 4.12.1913; 18.4.1914; 19.6.1914; 25.7.1914.

# - 18 -


# ONLUSTE RUK BLOEMFONTEIN NA LUSITANIA IN 1915 SINK

Die Eerste Wêreldoorlog (1914-19180) is in volle gang. Die Britse majestueuse en luukse 32 ton-lynboot Lusitania met sy nuwe revolusionêre turbo-engines, hysbakke, kabellose telegrafie, elektriese beligting en plek vir heelwat meer passasiers as enige van sy mededingers, stoom voort na Liverpool. Dit is waar die skip moes anker gooi om sedert 1907 sy gevestigde roete tussen dié stad en New York af te rond.

Trots kon dié skip uit die Cunard-skeepsredery, waaraan gepas die bynaam 'Windhond van die Oseane' gegee is 'n wyle daarop aanspraak maak dat dit die grootste en vinnigste passasierskip in die wêreld is.

Ondanks waarskuwings van die Duitse ambassade in Amerika dat Duitse duikbote 'n gevaar vir Geallieerde skepe inhou aangesien Duitsland die gebied rondom die Verenigde Koninkryk 'n oorlogsone verklaar het, was kaptein William Thomas Turner nie te bekommerd hieroor nie. Hy het aan stuur van die Lusitania gestaan nadat sy voorganger, kaptein Daniel Dow, blykbaar sy pos oor stres om in oorlogsones te vaar, bes gegee het.

Sy boot was immers grys geverf om dit minder opsigtelik te maak, die spoed van nagenoeg 25 knope wat dit kon handhaaf kon enige duikboot die loef afsteek. Hoewel Duitse duikboot-aanvalle sedert die begin van 1915 al hoe meer lastig begin raak het, is steeds geglo dat die Britse vloot die oppergesag in die Noord-Atlantiese waters handhaaf. Solank laasgenoemde vertroue onder passasiers geskep het en hulle bereid was om aan boord te gaan, was die skeepsowerheid bereid om die skip in bedryf te hou.



*Die Lusitania (foto: Wikipedia)*

Helaas was die Lusitania se noodlotsvaart aan die Ierse kus redelik aan die begin van die oorlog toe die taktiek om duikboot-aanvalle die hoof te bied nog in sy kinderskoene was. Wat die arme passasiers nie geweet het nie, was dat die skip op aanbeveling van die Britse regering so ontwerp is dat indien nodig in oorlogstyd, dit in 'n gewapende koopvaartkruiser omskep kon word. Juis nou het dit 'n baie groot voorraad patrone – 4 200 000 rondtes – en smokkelware vir die oorlog aan boord gehad. Blykbaar het die Duitsers hiervan geweet.

Daar is later gesê dat dit net toeval en die noodlot kon wees wat die skip se pad met 'n Duitse duikboot oftewel U-boot, die *U-20*, in daardie stadium kon laat kruis. Aanvanklik het die bevelvoerder, *kapitänleutenant* Walther Shwieger – hy en sy hele bemanning is later in die oorlog dood toe hul duikboot 'n Britse myn tref – deur sy periskoop gekyk en gedink hy sien meer as een skip. Die enorme beeld wat die skoorstene en maste van die Lusitania op die waterkim beslaan het, het die indruk by hom gelaat.

Weens min voorraad het hy sonder waarskuwing, uit vrees vir 'n teenaanval of stormram-maneuver, slegs een torpedo in sonskynweer op 7 Mei 1915 om 14:10 afgevuur.

'n Verskrikte Leslie Morton, 'n agtienjarige uitkyker op die Lusitania-boeg, het die dun skuimlyn in die water aangestorm sien kom. Dit was 'n verwoestende kolskoot. Binne 18 minute het die reuse stoomboot te midde van algehele chaos aan boord gesink ... net soos die Titanic, agterstewe in die lug, skroewe sigbaar, voordat dit onder die water verdwyn het.

Slegs ses van die 48 reddingsbote kon suksesvol te water gelaat word. Die vinnige oorhel van die skip en meegaande paniek wat geheers het, het van die bootjies laat omkantel terwyl hulle gelaai of laat sak is. So is passasiers genadeloos letterlik in die see uitgestort.



*Kaptein William Thomas Turner (foto: Wikipedia)*



*Die sinking van die Lusitania. (foto: Wikipedia)*

Kaptein Turner het wonderbaarlik aan die dood ontkom toe hy volgens tradisie voortgegaan het om die brug te beman, weldra deur die water oorboord gesleur is en later klouende aan ’n drywende stoel en beswaarlik by sy bewussyn, gered is. Alfred Vanderbilt, een van die wêreld se rykste mans, was nie so gelukkig nie.

Hulp van die kus kon eers heelwat later die ramptoneel bereik. Teen daardie tyd het die koue water reeds behoorlik sy tol geëis. Van die nagenoeg 2 000 passasiers en bemanning aan boord het 1 198 die lewe gelaat waaronder 128 Amerikaners uit 139 wat die reis meegemaak het.

Die keldering van die Lusitania het vanselfsprekend internasionaal ’n uitroep van verontwaardiging, veral in die ganse Britse Ryk en Amerika, tot gevolg gehad. Die kontemporêre na-kelderingondersoek uit Britse en Amerikaanse kant is belemmer deur noodsaaklike oorlogstydse geheimhouding en ’n propagandaveldtog om alle blaam op Duitsland te plaas. Hierdie veldtog was volgens sommige blatant daarop gemik om Amerika by die oorlog in te sleep. Hoewel dit nie onmiddellik gebeur het nie, het dit twee jaar later tog ’n rol daarin gespeel.

Te midde van ander was daar juis vir lank ’n teorie in omloop, onder andere deur die historikus en voormalige vlootintelligensie-offisier Patrick Beesly, dat die Lusitania deur die Britse owerheid opsetlik geposisioneer is om ’n U-boot-aanval te ontlok om sodoende Amerika die oorlog in te lok. Hoe ook al, die voorval het kennelik veroorsaak dat talle Britte en Amerikaners na dese besluit het om die wapen teen Duitsland op te neem.

Duitsland het sy daad om ’n passasierskip te sink probeer regverdig deur daarop te wys dat die gesonke boot ammunisie gedra het, amptelik as hulpkruiser geoormerk is en skepe vroegtydig gewaarsku is dat die rampgebied ’n oorlogsone is. Hul bewering vir propagandadoeleindes dat die skip met kanonne toegerus was, is as onwaar bewys. Voorsiening is daarvoor gemaak, maar so iets is nie geïmplementeer nie.

Nodeloos om te sê, anti-Duitse onluste het na die Lusitania se sinking in baie lande voorgekom. Veral in Liverpool het dit uiteraard erg gegaan, des te meer toe van die oorlewendes hul droewige oorlewingsverhale in die pers uitstort. Winkels met Duitse eienaars het kwaai deurgeloop en in sommige gevalle vernietig. Waar hul wooneenheid bo die winkel was, is dit geplunder en meubels deur die vensters in die strate gegooi. Klante is voor die voet verjaag.

Na die keldering is anti-Duitse gevoelens ook in Suid-Afrika opgejaag. So was daar in Johannesburg patriotiese geweld, aangevuur deur sogenaamde anekdotes dat inwoners van Duitse afkoms die ramp vrolik vier.

Bloemfontein wat steeds in heelwat opsigte ’n Engelse atmosfeer geadem het, het vanselfsprekend hierdie verwoestende onrus oor die sinking nie misgeloop nie, alles onder die wagbeurt van burgemeester P.J. Faure. As gevolg van glasskerwe wat die wêreld vol gelê het, is hierdie onverkwiklike gebeure in Bloemfontein as *Kristallnacht* gedoop.

Die hartseerste van alles was dat gesinne van Duitse afkoms wat die stad en sy mense asook die Vrystaat reeds jare en in sommige gevalle, selfs geslagte lank gedien het, se besighede en besittings nie ontsien is nie. Een so ’n voorbeeld is die bekende Fichardt-familie. Geweld was aanvanklik in bedwang totdat ’n heethoof op 13 Mei 1915 ’n klip na die Fichardt-winkel gegooi

het. Dit was kennelik die vonk in die kruitvat waarvoor veral opgestoke jeugdiges met sterk Britse sentimente gewag het. Ondersteun deur 'n groot groep soldate van Tempe, van wie sommige tydelik hier gestasioneer was, het nie net Fichardts deurgeloop nie, maar die Daldorf-broers se winkel is geplunder, waarna Haarburger se musiekwinkel, Hoehne se fietswinkel en Glietenberg se optometrispraktyk aan die beurt gekom het. Die Duitse klub is ook totaal verniel en die inhoud in twee groot vure verbrand.


Teen die aanvanklike uitbarsting van sinlose geweld het die polisie grootliks magteloos gestaan. Eers toe die brandweer onder aanvoering van brandmeester Lacey Savage begin om die oproeriges met water te spuit, is hulle veggees geblus. Die druipnat Britsgesinde aanvoerders en belhamels van die verwoesting het strate vol gebreekte glas en uitgebrande vure nagelaat en bymekaargekom op die Markplein waar *God save the King* aangehef is.

Nie net die gemeenskap van Duitse afkoms in Bloemfontein nie, maar ook die meeste ander inwoners is na hierdie wettelose aggressie verslae en ontredderd gelaat. 'n Dag na die gebeure het Bloemfontein se leiers en rolspelers in 'n stampvol Grand-teater die onverkwiklike voorvalle ten sterkste veroordeel.

Vandag huisves die Meyerside-maritiememuseum in Liverpool tereg 'n groot uitstalling van die Lusitania-sinking, waaronder een van die skip se reuse skroewe.




*Die bekende Fichardt-winkel in Kerkstraat. (foto: NM)*




*Die beskadigde Fichardt-winkel word onder die wakende oog van 'n polisieman opgeruim. (foto: NM)*




*Nuuskieriges verstom hulle aan die skade wat aan die Dalldorf-winkel aangerig is. (foto: NM)*

# Bronne


Du Bruyn, D. 2015. Bloemfontein se Kristallnacht 13 Mei 1915. *Culna*, 70, November: 3-5.

Du Bruyn, D. & Wessels, A. 2016. 13 May 1915: Bloemfontein's night of broken glass. *New Contree*, 76, November: 148-170.

Haasbroek, H. 2015. Stoomboot sink binne 18 minute. *Volksblad*, 16 Maart: 13.

Schoeman, K. 1980. *Bloemfontein – Die ontstaan van 'n stad 1846-1946*. Kaapstad: Human & Rousseau.

*The Friend*, 13, 14, 15 en 18.5.1915.

# - 19 -

# PRONKERIGE HOTELGEBOUE UIT DIE VERRE VERLEDE

Elke stad of dorp het sedert hul ontstaan gewoonlik weldra 'n kerk en hotel gehad wat deel van die daaglikse lewe was. Hierdie geboue het meermale 'n besondere argitektuur en skoonheid uitgestraal, want dit het die plekke se beeld na buite uitgedra.

Sedert Bloemfontein se ontstaan in 1846 as militêre pos en die geleidelike ontwikkeling in 'n dorpie en as hoofsetel van die republiek Oranje-Vrystaat in 1854, word verwys na hotelle wat waarskynlik maar niks anders as betreklik beskeie losieshuise was nie.

Aanvanklik was die hotelletjie van die Duitser W.H. Futcher in Gordonstraat vir 'n wyle die enigste verblyfplek in Bloemfontein. Die sowat ses slaapkamers het geleidelik minder geword namate Futcher se gesin toegeneem het en blyplek in die hotel opgeneem het. Verveling was vanselfsprekend deel van die klein en geïsoleerde garnisoendorpie en daar was klagtes oor luidrugtigheid en dronkenskap in die hotel.

Futcher's-hotel het tot niet gegaan en in 1861 het die Vrystaat-hotel sy verskyning aan die oostekant van Markplein gemaak. Hierdie hotel, wat in 'n stadium met meer as 50 soorte buitelandse



*Futcher's-hotel (foto: NM)*


wyn in voorraad gespog het, was gewild en het 'n goeie reputasie gehad. In 1889 is dit van 'n enkel- na 'n dubbelverdieping, soos met ander hotelle ook sou gebeur, vergroot, waarskynlik met die oog op die koms van die spoorweg. In 1905 is die hotel deur die Imperial-hotel vervang wat 'n nogal indrukwekkende boustyl uitgestraal het.

Soos Bloemfontein ontwikkel het, die opkoms van die Diamantvelde 'n toestroming van mense veroorsaak het en daarby die koms van die spoorlyn in 1890, het 'n al hoe groter behoefte aan hotel-akkommodasie ook in Bloemfontein ontstaan.

Die Bloemfontein-hotel op die hoek van Maitland- en Oos-Burgerstraat wat in 1877 gebou is en in 1904 herbou is om in die ondernemingsgees van die koloniale tydperk een van die indrukwekkenste boustyle van sy tyd te beslaan, was toe die grootste en




*Die Vrystaat/Free State-hotel wat in 1861 aan die oostekant van Markplein opgerig is. (foto: VPAB)*


*Die Vrystaat/Free State-hotel nadat dit in 1889 opgegradeer is na 'n dubbelverdieping en met 'n nuwe fasade. Langsaan is die poskantoor. (foto: VPAB)*


deftigste hotel in die Vrystaat – 'n manjifieke voorbeeld van Victoriaanse gemak. Met sy indrukwekkende drie verdiepings het dit imposant vertoon en in 1928 is dit met 'n vierverdiepingvleuel in Oos-Burgerstraat vergroot. Die interieur is deur 'n rykheid gekenmerk wat sommige as oordadigheid vertolk het en die kamers was ingerig in 'n duiselingwekkende verskeidenheid van style. Na die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918) is dié hotel deur A.E. Polley oorgeneem en het dit 'n tyd lank as Polley's-hotel bekend gestaan. Helaas het die spoghotel in die slopingsmania van die 1960's en 1970's verdwyn om deur 'n nugtere winkelsentrum vervang te word met 'n moderne hotel.

So het ook die Albion-hotel (later die Phoenix) in 1878 aan die westelike kant van St. Andrewstraat verskyn. Die ietwat ongure Germania-hotel in Gordonstraat waar boemelaars en rondlopers rondgelê, waar onwettige drankhandel opgeduik en tot geweld tussen wit en swart mense gelei het, het ook sy verskyning gemaak.

Die Criterion-hotel op die hoek van Fontein- en Kerkstraat naby Bloemspruit het in 1890 die lig gesien en oorgegaan in die Royal-hotel. Tydens die groot vloed wat die stad in 1904 getref het, het die Royal in die slag gebly met lewensverlies. Nuuskieriges het op die veranda saamgedrom om die waterskouspel gade te slaan en dit het meegegee. Later is dié hotel herbou. Aan die begin van die 1890's het ook die Masonic-hotel in Maitlandstraat en die Railway-hotel (na die Anglo-Boereoorlog die Victoria-hotel genoem) aan die oostekant van St. Georgestraat hul verskyning gemaak. In hierdie jare was daar ook die Star of Italy in Fraserstraat vir diegene wat nie 'n eersteklas hotel kon bekostig nie, die Transvaal-hotel aan die Markplein en die Union-hotel in Oos-Burgerstraat wat na die oorlog as die Russel-hotel bekend was.




*Royal-hotel (foto: NM)*




*Die Masonic-hotel in Maitlandstraat. (foto: NM)*




*Die Royal-hotel na die vloed van 1904. (foto: VPAB)*

Hotelle in die stad is na die oorlog en met die opbloei van die koloniale tydperk opgegradeer en het van naam verander, terwyl nuwe hotelle ook verskyn het soos die aanskoulike Grand-hotel in Hangerstraat en die gelyknamige imposante teater langsaan (sien bladsy 85). So het ook die Queen's-hotel sy verskyning in St. Andrewstraat gemaak. Die deftige herehuis Kaya Lami van die bekende Fichardt-familie in Kerkstraat het, nadat hulle hul in 1919 op die familieplaas Brandkop (sien bladsy 28) gaan vestig het, eers in die Garden-hotel en later in die Free State-hotel ontwikkel. Deur verbouings het Kaya Lami verdwyn. Polley van die Bloemfontein-hotel was ook die eienaar van die Cecil-hotel aan die plein in St. Andrewstraat en wat vir 'n wyle ook as Polley's bekend gestaan het, terwyl die International-hotel in 1937 die Capitol met sy unieke Art Déco-styl geword het en wat van Maitlandstraat tot by Elizabethstraat (vandag Miriam Makebastraat) gestrek het. Teen 1987 is nog hoop uitgespreek dat dié hotel bewaar moes word, maar helaas ...

Landwye hotelmaatskappye en -kettings was nog nie op die horison nie en elke eienaar of bestuurder het sy eie hotel met oorgawe en trots gedien en 'n eie persoonlikheid daarop afgedruk. Diens en gerief is gehandhaaf wat vandag nie maklik voorgestel kan word nie. Tot in die 1940's was uitsluitlik wit personeel aangestel, terwyl maaltye gewoonlik oordadig en gulhartig bedien is.

Nie een van die spoggerige ou hotelle van weleer het vir die nageslag bewaar gebly nie. Bloemfontein se owerhede en ontwikkelaars het hierdie tydperk van glans en elegansie genadeloos van die kaart verwyder.




*Die Bloemfontein-hotel (Polley's) op die hoek van Maitland- en Oos-Burgerstraat en wat ook deur A.E. Polley besit is. (foto: NM)*




*Die Cecil-hotel, ook bekend as Polley's (die eienaar was A.E. Polley) in St. Andrewstraat oorkant Markplein wat later Hoffmanplein geword het. (foto: NM)*




*Die Grand-hotel (links) langs die ewe spoggerige Grand-teater. (foto: NM)*



*Die Imperial-hotel wat na die Anglo-Boereoorlog op die perseel van die Vrystaat-hotel opgerig is. (foto: NM)*




*Victoria-hotel (voorheen die Railway-hotel) (foto: NM)*



*Die sitkamer van die Imperial-hotel. (foto: NM)*




*Union-hotel (later Russel-hotel) (foto: VPAB)*




*Russel-hotel (voorheen die Union) (foto: NM)*



*Die Fichardt-herehuis Kaya Lami wat na 1919 in die Garden-hotel oorgegaan het. (foto: NM)*



*Die Garden-hotel (later die Free State-hotel) in Kerkstraat met die toring van Kaya Lami nog sigbaar. (foto: NM)*

## Bronne

Botes, S.M. 2014. *Bloemfontein gedurende die bewind van president F.W. Reitz, 1889-1895: 'n Kultuurhistoriese studie*. PhD, UV.

Picton-Seymour, D. 1977. *Victorian buildings in South Africa including Edwardian and Transvaal Republic styles, 1850-1910*. Kaapstad: Balkema.

Nienaber, P.J. e.a. 1987. *Vrystaatse argitektuur*. Bloemfontein: Stigting NALN.

Schoeman, K. 1980. *Bloemfontein – Die ontstaan van 'n stad 1846-1946*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Schoeman, K. 1985. *Boukunsskatte van die Vrystaat*. Roodepoort: CUM.

Schoeman, K. 1987. *Bloemfontein in beeld 1860-1910*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Schoeman, K. 1988. *The Bloemfontein diary of lieut. W.J. St. John 1852-1853* (Vrijstatia 9). Kaapstad: Human Rousseau.

*The Bloemfontein Pelican*, 16.7.1904.

*The Friend*, 9.1.1889; 17.10.1890; 11.12.1891; 18.5.1894.

# – 20 –

# GROOT GRIEP VAN 1918 MAAI ONDER INWONERS

Die katastrofiese griepepidemie van 1918, gepas genoem die Groot Griep, wat wêreldwyd miljoene slagoffers geëis het, het Bloemfontein nie ontsien nie.

Die uitbarsting van 'n uiters aansteeklike griep wat vermoedelik laat in 1917 of vroeg in 1918 in Asië ontspring het, het na raming minstens 25 miljoen (sommige skattings praat van oor die 50 miljoen) lewens wêreldwyd kortgeknip. Dit was ook bekend as die Spaanse griep omdat die eerste berigte daaroor van dié land afkomstig was. Grootskaalse troepebewegings tydens en na die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918), veral skepe wat soldate na feitlik alle uithoeke van die aarde teruggeneem het, het die siekte verwoed aangehelp.

Die sterftesyfer in Suid-Afrika word op tussen 250 000 en 350 000 geraam, hoewel die amptelike syfers dui op 11 726 wit en 127 745 Indiërs, swart- en bruinmense wat die lewe gelaat het. Die heuglike gevoel in 1918 in die land dat oorwinning oor Duitsland en sy bondgenote in sig was, het omgeswaai na verbystering oor die griepepidemie wat toegeslaan het.

In September het die ramp Kaapstad, Durban en Johannesburg getref en begin Oktober was die siekte in Kimberley. Dit was dus net 'n kwessie van tyd voordat Bloemfontein daardie selfde maand sou deurloop.

Aanvanklik was Bloemfontein nie juis opgeskrik dat enige groot gevaar dreig nie, want almal ken tog, soos *The People's Weekly* dit sou stel, "our old friend the ordinary common or garden influenza".

Weldra het die prentjie egter verander. 'n Vrou wat op die mark inmekaarsak en 'n aptekers-assistent wat van 'n trapleer val, was van die eerste ernstige ongevalle. Die griep het snel versprei en die Waaihoek-township is aanvanklik die swaarste getref. Die pogings wat aangewend is om wal te gooi, het nie die gewenste uitwerking gehad nie. Vars lug is aanbeveel, spoeg in die openbaar ontmoedig en patentmedisyne soos *Orsmond's Great African Remedy* en *Manfred's Influenza* is die lydendes ingejaag. Sorghumbier wat swart en wit – sommige het dit spesiaal in Waaihoek gaan koop en afgesluk – het geen redding gebring nie. Om drinkwater te kook en blinders dig toe te trek om die kieme uit hou, het stellig ook nie vrugte afgewerp nie.



*Arthur G. Barlow (foto NM)*

Die hele Bloemfontein is lamgelê. Nuus van 30 sterfgevalle op 10 Oktober, 44 op 11 Oktober en 72 op 12 Oktober het die plaaslike owerheid se aankondiging dat alles onder beheer is om algehele paniek in toom te hou, nie juis oortuigend gemaak nie.

Winkels was net in die oggend oop en uiteindelik vir enkele dae gesluit. Openbare dienste het in duie gestort, skole en bioskope was toe, die howe het verdaag en kerke is gemaan om van dienste af te sien. By *Die Volksblad* het net een werknemer opgedaag.

Die Nasionale Hospitaal was vanselfsprekend oorhoeks vol en die militêre hospitaal by Tempe moes uithelp. Skole – die Meisieskool Eunice slegs vir "women of the beter classes"! - en die Spoorweginstituut is ook tot hulp ingespan, terwyl die stadhuis as beheerkamer moes dien vir verpleegsterdienste, voedselvoorsiening en statistieke, asook as sopkombuis en noodapteek waar medisyne gratis voorsien is. In die townships – onthou dit was 'n tyd van rasseskeiding – is tydelike hospitale en medisyne- en voedseldepots ingerig. Veral die onvoltooide St. Patrick-kerk in Waaihoek was 'n kernpunt in die verband en 'n paar wit studente het ingespring om hier te help. Ofskoon 'n sentrale inbel-mediese bureau ingerig is om noodoproepe eweredig te kanaliseer, het lang toue mense voor dokters se huise opgedoem om hulp te vra vir hulle griep-getroffe familie.

Die somber atmosfeer in die stad is gekenmerk deur leë strate waar min rondgedrentel het asook meer begrafnisse op een dag as in gewone omstandighede in 'n hele maand.



*Burgemeester D.A. Thomson (foto: NM)*

Waar die plaaslike wit owerheid die blanke gemeenskap in hierdie droewige tyd grootliks met empatie, vriendelike vermanings en versoeke vir samewerking benader het, het hul heelwat meer outoritêr opgetree teenoor die swart gemeenskap om die teen-offensiewe aksie te laat slaag. Hierdie optrede was nodig omdat die epidemie so fel in die townships geheers het en heelwat meer drastiese stappe genoodsaak het, het die bekende en progressiewe stadsraadslid Arthur G. Barlow (1876-1962), wat in beheer van die veldtog hier was, getuig. Hy was een van die kleurvolste politieke persoonlikhede in die land se geskiedenis en eens ook lid van die Arbeidersparty en later van die Verenigde Party.

In samewerking met die polisie is swart inwoners links en regs teen betaling opgekommandeer as grafgrawers en munisipale vervoermiddels is beskikbaar gestel om die begrafnisondernemers

in hul swaar las te ondersteun. Hierdie grafgrawers was letterlik voltyds aan diens by die begraafplase. Hulle het snags slegs vir 'n rukkie huiswaarts gekeer nadat hulle die hele dag talle lyke ingespit het wat onder bokseile op oop rytuie en waens soontoe gebring is. Eerbiedig is hoede afgehaal wanneer so 'n tuig by inwoners verbybeweeg. Daar is vertel dat daar meermale nie nog tyd was om kiste te maak nie, begrafnisdienste te hou of enkel grafte beskikbaar te stel nie. Lyke is in goiingsakke bo-op mekaar in loopgrawe begrawe. 'n Ouderling van die NG Kerk het opgemerk dat dit gelyk het of die aarde oopgeploeg was. By die lokasiesuperindendent se huis was 'n Anglikaanse predikant voltyds gestasioneer om te alle ure begrafnisse waar te neem.

Merkwaardig was wit vrywilligers wat oordadig in die swart woonbuurte hulp verleen het om veral medisyne en kos te voorsien. 'n Verslaggewer het ietwat sardonies opgemerk dat Waaihoek kon swem in die sop en "die wit mense hier krij toen 'n bevlieging van broederlikheid en rij soep aan naar die skepsels, dat't 'n aardigheid was".

Henry Selby Msimang, die bekende swart leier van destyds in Bloemfontein wat veral naam in loonagitasies gemaak het, het beaam dat "whites were sympathetic and became friends and brothers to the people in the locations". Aangesien die epidemie hier die botoon gevoer het, is daar waarskynlik terdeë besef dat die bekamping daarvan slegs vir almal geslaagd sou wees as dit eers hier finaal uitgewis kon word. Diegene wat wantrouig teenoor hierdie wit altruïsme gestaan het, het voortgegaan om sorghumbier as vergeefse voorsorgmaatreël weg te slaan.

Ofskoon Bloemfontein in hierdie onverkwiklike tyd hande saam met die plaaslike owerheid gevat het om die fel epidemie te troef, is daar egter ook gekla oor die onwilligheid van sommige van die gesondes om hulle dienste aan te bied. Uit vrees om aan te steek, het hulle binnenshuis gebly of die stad verlaat, of was te besig om na die welstand van hulle eie familie en vriende om te sien. Kritiek is ook uitgespreek op die winsbejag en gebrek aan samewerking wat sommige plaaslike aptekers getoon het.



*Bloemfontein in omstreeks 1918. (foto NM)*

Gelukkig vir Bloemfontein het die epidemie nie lank geduur nie en teen die einde van Oktober 1918 was die situasie in 'n mate onder beheer. Uit simpatie vir die herstellendes het die burgemeester, D.A. Thomson, die gebruiklike Guy Fawkes-viering op 5 November verbied. Bloemfontein was ook nou in staat om hulp aan ander dorpe in die Vrystaat te verleen.

Uit 'n wit bevolking van 15 631 is sowat 7 500 platgetrek met griep en daar was 394 sterfgevalle. Uit die swart gemeenskap wat volgens skatting min of meer dieselfde getel het, was daar ongeveer 11 000 siekte- en 901 sterfgevalle.

In 'n sekere sin het die griep-epidemie, terwyl dit geheers het, Bloemfontein en al sy mense, ongeag van watter politieke party en ras ook al, grootliks in 'n kombers van toegeneentheid, onderskraging en opofferings toegevou omdat dit vanselfsprekend tot die voordeel van almal was om die epidemie die hoof te bied. Weldra in lyn met die menslike geaardheid het dié samehorigheid, ingebind deur die griep-epidemie, gekwyn en het die politieke dwarstrekkery, onmin oor die taalkwessie en rassemeerderwaardigheid met al sy onderdrukkende tentakels weer die botoon gevoer.

## Bronne


Cameron, T. (hoofred.). 1986. *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*. Kaapstad: Human & Rousseau.

*De Volkstem*, 29.10.1918.

Giliomee, H. & Mbenga, M. (reds.). 2007. *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*. Kaapstad: Tafelberg.

Joyce, P. 2000. *Suid-Afrika in die 20ste eeu*. Kaapstad: Struik.

Philips, H. 1984. *'Black October': The impact of the Spanish Influenza epidemic of 1918 on South Africa.* DPhil, Universiteit van Kaapstad.

Schoeman, K. 1980. *Bloemfontein – Die ontstaan van 'n stad 1846-1946*. Kaapstad: Human & Rousseau.

*The Friend*, 7, 9, 11, 12, 11 en 22.10.1918.

*The People's Weekly*, 12.10.1918.

Vrystaatse Provinsiale Argiefbewaarplek: Argief van die stadsklerk van Bloemfontein (MBL) 4/3/1/40, nr. 101/1/17, Stadsraadsvergadering, 11.10.1918; Argief van die stadsklerk van Bloemfontein (MBL) 4/3/1/40, nr. 101/1/17/3A, Statement of evidence to be submitted by J.P. Logan.

# – 21 –

# BLOEM-TANNIES STRIEM SWART GEMEENSKAP

As gevolg van etlike voorvalle landswyd – gooi maar net 'n koerant oop – gons dit sporadies oor rassekwessies en die sogenaamde herlewing van rassisme.

Amper 100 jaar gelede in 'n heeltemal ander tydvak wat rasse-aangeleenthede betref, het daar in Bloemfontein 'n rassistiese relletjie afgespeel en, sou dié omgesukkelde tannies dit durf waag het om vandag so kru en blatant die mond oor 'n ander ras uit te spoel, sou hulle vermoedelik op die dorpsplein gestenig word.

So erg sou hulle te kere gaan, dat selfs die wit stadsraad hom geroepe gevoel het om die vroue te vermaan dat hulle die grense van welvoeglikheid oorskry.

Die oordadige bitsige optrede in 1919 van 'n klomp wit huisvrouens van Bloemfontein – dit blyk hulle was sowat 50 in totaal – om die swart bevolking verder op hulle plek te sit, was nogal selfs vir daardie tyd 'n ongehoorde reaksie.

Op die oog af was die vrouegroep deel van die debat en agitasieprosesse vir 'n nuwe en meer doeltreffende markgebou (sien bladsy 132). Weldra was dit duidelik dat hulle ook hul mes behoorlik in gehad het vir die sogenaamde verdringing van wit deur swart by die bestaande mark op Markplein (vandag Hoffmanplein) in die middestad. Terselfdertyd was hulle hoogs gegrief dat daar 'n gebrek aan goeie huisbediendes was.

Die wit stadsraad moes bontstaan om die veglustige huisvrouens te akkommodeer en hul grootliks ongegronde stellings te troef. Dié huisvroubeweging is hoofsaaklik deur twee kranige Bloemfonteinse vrouens, Anna Ortlepp en Aletta C. Swart. Laasgenoemde was die moeder van advokaat C.R. (Blackie) Swart, bekende NP-politikus en die eerste staatspresident (1961-1967) van die Republiek van Suid-Afrika.

Onder leiding van mevrou Swart het die vroue op 12 Junie 1919 die stadsklerk, J.P. Logan (na wie Loch Logan vernoem is), in die raadskamer ontmoet om keel skoon te maak oor die genoemde kwessies.

Een van die belangrikste klagtes was die verdringing en teistering van wit deur swart by die mark, aldus hierdie huisvrouens. 'n Lewendige bespreking is uitgelok. Dit was opvallend dat die vroue op die oorlogspad was. In die deurmekaar gesprek hieroor met talle van die aanwesiges wat gelyk gepraat het sodat Logan min sin uit al die gelyktydige pratery kon maak, het die volgende

menings tog deurgeskemer: Swart mense moes afsonderlike tye die mark bywoon of hulle moes geheel en al van die mark verban word, terwyl wit besoekers verbied moes word om hulle swart bediendes saam te bring.

"Dit is ons dorp," het een van die vroue veglustig opgemerk. Hulle is in *The Friend* van 12 Junie 1919 aangehaal waar hulle beweer het dat die mark 'n bedekte gebou is en dat hulle die reg het om te besluit wie daar toegelaat mag word, al dan nie. Verder het hulle die swartes afgemaak as rondlopers wat daarnatoe kom om te skinder, te ginnegaap en wit vrouens te pla. Hulle het beweer dat swartes nie kom koop nie, maar rondstaan en spoeg en ook rook in hulle gesigte blaas. Logan het geduldig en diplomaties geantwoord en die omgeëlliede vroue daarop gewys dat wit en swart volgens die wet op gelyke voet hanteer moes word.

Dié vrouebrigade het die saak nie daar gelaat nie. Op 2 Julie 1919 is die gesprek in die raadskamer hervat met mevroue Swart en Ortlepp as die leiers van hierdie sowat 60 heethoofde. Raadslede A.G. Barlow en J.H.B. Reitz (seun van F.W. Reitz, staatspresident van die republiek Oranje-Vrystaat) het hierdie keer die stadsraad verteenwoordig. Oudergewoonte was dit 'n driftige gesprek tussen die beswaarde vrouens en die verteenwoordigers van die stadsraad.

Die pers het tereg die opskrif "Ladies on the Warpath" gebruik. Hoe meer dié vroue swart mense as luiaards, dronkaards en diewe uitgekryt het wat van die markterrein verwyder moes word en aangedring het daarop dat hulle verplig moes word om hulle as bediendes vir die wittes beskikbaar te stel, hoe meer het veral Barlow vir die swart gemeenskap in die bresse getree.



*'n Bedrywige Markplein (later Hoffmanplein) in die vroeë 1920's. (foto: VPAB)*

’n Hewige woordestryd het tussen Barlow en Ortlepp ontstaan. Hy het daarop gewys dat dit onregverdig is om alle swart mense oor dieselfde kam te skeer en dit onwettig is om hulle die mark te verbied en sodoende voorbeeldige en onskuldige swart mense se regte te benadeel. Indien wit mense, so is voortgegaan, hulle bediendes beter salarisse betaal en beter behandel, sal daar nie ’n tekort aan hulp wees nie. Talle wat dit wel doen, het geen probleme, het hy gesê. Barlow het ook ’n troefkaart gespeel deur te sê dat swart mense as bediendes ten nouste saam met wit huisbewoners in hul wonings werk, hul kinders help grootmaak en daagliks met hul voedsel werk – dít is nie ’n probleem nie, maar sodra die markterrein betree word, word die neus vir die swarte skielik opgetrek. Bowendien stuur talle wittes hul bediendes na die mark om hul inkopies te doen.



*Stadsklerk J.P. Logan (links) saam met burgemeester L. Nathan. (foto: NM)*

Ortlepp se gewraakte opmerking dat Waaihoek (destyds Bloemfontein se bekendste township wat mettertyd gesloop is) terstond verwyder moes word en bediendes vanaf hul krale werk toe moes gaan, het beswaarlik haar onverdraagsaamheid verdoesel. Barlow het dit afgemaak as so goed as om die maan weg te wens. Einde ten laaste is besluit dat die vroue voor die stadsraad sou verskyn om hulle klaagliedere voor te lê.

In sy kommentaar het *The Friend* tereg opgemerk en sodoende waarskynlik die deursnee wit inwoners van Bloemfontein se standpunt verteenwoordig, dat hierdie tipe uitlatings van die betrokke vrouens vanselfsprekend die misnoeë van die swart samelewing sou veroorsaak, maar dat in gedagte gehou moes word dat dit nie die siening van regdenkende wittes is nie.


Met die twee vuurvreters Swart en Ortlepp weer aan die voorfront het sowat 50 vroue op 25 Augustus 1919 hul saak voor die stadsraad, waaronder burgemeester D.A. Thomson, gelê en wyd om hulle sogenaamde griewe gedebatteer.



*J.H.B. Reitz (foto NM)*

Die ietwat smalende opmerking van Ortlepp teenoor Barlow dat hulle nie gaan staan en luister hoe hy en meneer Reitz die swartes se saak bepleit asof hulle deur God aangestel is nie, het aangedui dat hul onverbiddelike siening geensins versag het nie.

In ’n teenaanval het Barlow mevrou Ortlepp gestriem deur te sê dat hy haar onbeskaam by twee geleenthede ongemerk deur die mark agtervolg het en daar was geen voorval waar swart mense hulle swak teenoor haar gedra het nie.



*'n Deel van die Waaihoek-township regs sigbaar in omstreeks 1912. Heel links is die Wesleyaanse kerkskooltjie waar die ANC gestig is en direk langsaan die kerk. Voor is die nuwe St. Patrick-kerk in aanbou en langsaan die bestaande kerk. (foto: NM)*



*Aletta Swart, haar eggenoot Herman en drie van hulle kinders. C.R. Swart, die latere eerste staatspresident van Suid-Afrika, staan regs agter. (foto: D. Visser, Bloemfontein)*

Ofskoon die raad die vroue beleefd aangehoor het, het hulle ferm by hul standpunt gebly dat dit wetlik nie geregverdig kon word om die swart gemeenskap die mark te verbied nie. Terselfdertyd is 'n beroep op die omgekrapte vrouens gedoen om meer genaakbaar en verdraagsaam teenoor swart mense en markprobleme te wees.

## Bronne


Haasbroek, H. 2015. Vroue op die oorlogspad in 1919. *Volksblad*, 13 Maart: 9.

Haasbroek, H. 2015. Die 1922-debat rondom die strewe na en besluit oor 'n nuwe Bloemfonteinse markterrein. *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein*, 31(2), November: 29-48.

*The Friend*, 12 en 13.6.1919; 3.7.1919; 26 en 27.8.1919.

# – 22 –

# 'N STAD SONDER WATER IS SOOS 'N HUIS SONDER 'N MOEDER

Klink die volgende bekend: "Every householder in Bloemfontein knows to-day that there is a water scarcity ... it cannot be said that the extreme danger of the water position was not known to the authorities." 'n Mens sou onmiddellik dink dit is in 'n hedendaagse koerant geuiter. Vandag is die onverkwiklike watertoestande gewoonlik landswyd ooreenstemmend met vingers wat na die plaaslike owerheid wys: Verouderde infrastruktuur wat nie in stand gehou word nie, gebrekkige bedryfsplanne, onbevoegde werkers wat nie weet hoe om krisisse op te los nie, stiksienige rolspelers en finansies wat nie vir die regte doel aangewend word nie.

Bogenoemde het egter nagenoeg 100 jaar gelede in Oktober 1919 in *The Friend* verskyn toe Bloemfontein 'n uiters ernstige waterkrisis beleef het. Dis miskien 'n geykte uitdrukking, maar sowaar – die geskiedenis herhaal homself en daar is niks nuut onder die son nie.

Bloemfontein is nie langs 'n groot rivier geleë nie en derhalwe het die stad sedert die vroegste jare watertekorte begin ondervind. Aanvanklik het fonteine, Bloemspruit, waterputte en kleinerige damme in die onmiddellike omgewing in die behoefte voorsien. Namate Bloemfontein ontwikkel het en met die koms van die spoorweë in 1890, asook gereelde droogtes, het die aanvraag vergroot. So het water uit die Modderrivier-skema die stad uiteindelik in 1899 bereik en aan inwoners lopende water voorsien. Hierna het in komende dekades die Maselspoort-waterwerke, Mockesdam, Rustfonteindam, Krugersdriftdam, Welbedachtdam, Groothoekdam (Moutloatsi Setlogelodam) en die Knelpoortdam gevolg.

Om terug te keer na 1919. Oktober en November van daardie jaar was twee galbitter maande vir die inwoners van Bloemfontein. Net soos soms vandag ook gebeur, was die destydse stadsraad oftewel munisipaliteit vas aan die slaap om vroegtydig voorsorg te tref sodat waterkrisisse nie die stad tref nie. Voor dit kon hulle deur vergaderings in camera en misleidende kommentaar die swak watersituasie verbloem – totdat die laaste druppel opgedroog het! Die stadsingenieur, G. A. Stewart, sou onomwonde verklaar dat dit net deur die genade van God was dat die stadsraad tot in daardie stadium kon deurdruk met watervoorsiening.

Middel Oktober 1919 was dit allerweë onder die burgemeesterskap van D.A. Thomson 'n feit dat Bloemfontein nie water het om aan sy gemeenskap se behoeftes te voldoen nie. Maselspoort-waterwerke en Mockesdam vanwaar Bloemfontein sy water kry, was droog weens die droogte

– hoe dan anders! Let wel, die hele stad was deur ’n waterkrisis omvou en nie net die een of ander deel soos meermale vandag gebeur nie.

Tydens die stadsraadsvergaderings op 13 Oktober 1919 het die lede weinig lig op die waterkrisis gewerp en onseker voorgekom oor wie te blameer was. Daar moes ook toegegee word dat daar probleme is om die nodige masjinerie vir nuwe boorgate te bekom. Die stadsingenieur het nie doekies omgedraai nie. Hy was bereid om alle blaam wat na hom kon kom te aanvaar, maar hy bly by sy punt dat hy hulle vroegtydig gewaarsku het dat ’n waterkrisis op hande is.

Bloemfontein, wit en swart, wagtend op reën, moes oorleef op boorgate wat inderhaas deur die plaaslike owerheid gesink is, asook van privaat boorgate en putte, toe die krisis begin opbou. Toe vier boorgate opdroog sou dit die krisis vererger. Vanselfsprekend is die publiek gemaan om water uiters spaarsamig te gebruik.



*Bloemspruit toe dit nog deur die stad gekronkel het vanaf Eerstelaan gesien met die ou goewerments-gebou (vandag NALN) se toring op die agtergrond sigbaar. Kort na die verwoestende groot vloed van 1904 is die spruit uitgepleister en gekanaliseer. (foto: VPAB)*

Soos te wagte het die pers en die inwoners weldra gevra hoe dit moontlik is dat die stadsraad en munisipaliteit sienderoë in die strik kon trap. Die waterprobleem is tog geen nuwe kwessie wat nou skielik opduik nie, is gesê. Reeds in 1914 het ’n spesiale kommissie bekend gemaak dat Maselspoort en Mockesdam onderskeidelik 45% en 75% toegeslik is. Daar is aanbeveel dat die wal by eersgenoemde met 10 voet (drie meter) verhoog word en groot sluise by beide aangebring word. Rolspelers en die belastingbetalersvereniging het hiertoe ingestem en geld daarvoor is begroot. Ofskoon die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918) verstaanbaar alles tot halt geroep het, het die owerheid na die oorlog die plan laat vaar ten gunste van die Modderrivier-waterskema, wetende dat ’n krisis kon opduik en dat laasgenoemde skema nog etlike jare sou neem om te voltooi.

Daar hét Bloemfontein dit toe in Oktober 1919! Ja-nee, het *The Friend* die stadsvaders gekarnuffel. Enersyds is hulle prontuit beskuldig dat hulle hul tyd en energie verspeel het om aandag aan grandiose nuwe waterskemas te gee in plaas van om voorbereidings te tref om die krisis vroegtydig te troef. Andersyds is ’n onpartydige ondersoek na die gebeure aangevra wat die stad van sy noodsaaklikste diens ontneem het.

Veral *Die Volksblad* as mondstuk van die Afrikaner het kwistig die roede ingelê om die Engels-oorheersende stadsraad by te kom. Hulle het die voortvarende neus-in-die-lug houding van die lede uitgewys en hul

vergaderings as 'sigaret-en-tee-byeenkomste' afgemaak waar onbenullige sake aandag kry in plaas van lewensnoodsaaklike kwessies. Kyk na Kaapstad, is gesê, hulle laat nie hul damme halfvol modder raak nie en hulle bepaal daagliks die vlak van hul water. Asseblief, is die raad versoek, moet tog nie die boorgate te naby mekaar sink nie, want dan gaan die een die ander leeg trek, of private boorgate gaan gekneus word deur amptelike boorgate in hul nabyheid.

Dit is bekend dat by gebrek aan water en daarna kos raak mense, selfs die liefdevolles en die wangdraaiers, nydig (lees moorddadig). Ontstoke inwoners het, net soos vandag, deur die pers van hulle laat hoor. *Where we are* wou weet hoe lank die rioolstelsel nog bruikbaar sou wees en as dit nie meer gebruik kon word nie, of die emmerstelsel in werking gaan tree? 'n Ontstoke *Thirsty* het uitgevaar teen die stadsraad se beroep op inwoners wat eie water kon genereer om tog diegene in nood by te staan. Maar, skryf hy verder, toe hy nogal 'n stadsraadslid na 'n waterlose 24 uur nader of hy een maal per dag 'n bietjie water by hom kan bedel om sy diere se dors te les, is hy die koue skouer gegee! Dít van 'n man wat 'n put met voldoende water het. (Die beskuldigde, raadslid D. Urquhart, het gereageer en daarop gewys dat sy eiendom nie omhein is nie en nie die toeloop van beeste, perde en donkies sou kon akkommodeer nie.) *Post Tenebras Lux* het aangedring dat die blaamdraers ontmasker moes word en die groot kokkedore, wat dink hulle kon 'n tram tot 'n aartappelplanter vernuftig beheer, voor stok gekry moes word. C. Lavecour het laat weet dat almal, behalwe miskien klein seuntjies en katte, water nodig het om hulle te reinig.

Spoorwegwerkers het geglo hul suig aan die agterste speen en hulle watervoorsiening word langer weerhou. Hulle het 'n massavergadering in die Spoorweginstituut gehou waar die burgemeester moes wal gooi en humeure paai dat almal ewe veel, ook hy, daaronder ly. Waar nood op sy hoogste is, het die burgemeester onder toejuiging voortgegaan, word waterkarre onmiddellik gestuur om verligting te bring. By hierdie geleentheid is ook geopper dat toilette by skole nie kan spoel nie en die skole moes sluit en kinders huis toe gestuur word.

Op 29 Oktober het die stadsraad vergader en sy noodmaatreëls duidelik uitgespel om waterbesparing in dié uiterste kritieke toestand tuis te bring. Enige weggooi-water, selfs badwater, is nie vir die tuin nie, maar om toilette te spoel – oortreders se name sal in die pers aangekondig word. Diegene met windpompe en boorgate op hulle erf is versoek om dit aan die stadsraad beskikbaar te stel. Hotelle, klubs, losieshuise en privaat wonings is aangesê om slegs te stort en dan slegs tussen ses en sewe soggens en saans. Waterkarre sou die hele stad bedien en almal kon twee petrolkanne vul vir onder andere hul toilette. 'n Sentrale noodkomitee (voorsitter A.G. Barlow), water-opspoorkomitee (voorsitter G. Baumann), waterverspreidings- en gesondheidskomitee (voorsitter W.M. Barnes) en klagtekomitee (voorsitter J.H. Beyers) is in die lewe geroep. 'n Lid van elke komitee sou die hele dag by die stadsaal beskikbaar wees. Brandwagters is aangewys om veral snags te patrolleer, want die uitbreek van 'n brand sou vanselfsprekend 'n ellendige ervaring wees.

Tydens dié vergadering het van die lede ook daarop gewys dat dit onregverdig is dat hulle moes deurloop onder nydige kritiek van



*D. Urquhart (foto:* Supplement to The Friend*, 21.3.1946)*

die publiek, terwyl die blaam hul voorgangers toekom, wat hulle nou met die probleem opgesaal het.

Aan die begin van November 1919 het welkome reën begin uitsak ... en weldra was die waterkrisis onder beheer.

Hoewel modder kwistig rond gegooi is oor wie die skuldiges in die krisis kon wees, is die burgemeester en sy raadslede, die komitee van openbare werke en die stadsingenieur en sy hoofde geloof vir hulle onbaatsugtige werk om midde in die krisis met die fasiliteite tot hul beskikking te poog om water te verskaf .

Toe die oomblik opduik om derms uit te ryg oor wie verantwoordelik gehou moes word vir die waterkrisis wat Bloemfontein se reputasie as modelstad in 1919 geknou het, het die raad se besluit daaroor by publiek en pers monde laat oophang. Ofskoon daar deur laasgenoemde met rede 'n oorweldigende gevoel was vir 'n kommissie van ondersoek na die hele debakel en waarin die skuldiges aan die pen moes ry, het die stadsraad besluit: Nee wat! Wat help dit om hare te kloof oor dit wat verby was en wie nou eintlik verantwoordelik is. Daar moes eerder gedink word aan die toekoms om soortgelyke waterprobleme die hoof te bied, het die raad besluit.

"Well," het *The Friend* op 3 Desember 1919 berig, "now that the crisis is over we see that it is the Town Council's intention to cover up what has happened as much as soon as possible." Dit klink tog so bekend ...



*W.M. Barnes toe hy as burgemeester gedien het. (foto: NM)*

## Bronne

Botes, S.M. 2016. "Water pure and wholesome" – Watervoorsiening in Bloemfontein gedurende die 19de eeu. *New Contree*, 76, November: 44-73.

*Die Volksblad*, 6.11.1919.

Haasbroek, H. 2014. Bloem sukkel al jare met water. *Rapport* (Weekliks), 16 Februarie: 2.

Haasbroek, H. 2014. Waternood niks nuut nie. *Bloemnuus*, 28 Februarie: 11.

*The Friend*, 14, 15, 17, 28, 29, 30 en 31.10.1919; 1, 3, 4, 5, 6, 8, 11, 12, 14, 17, 18, 20, 24 en 27.11.19; 2, 3 en 4. 12. 1919; 6 en 10.1.1920; 12.2.1920; 29.4.1920.

# - 23 -

# DIE PRESIDENT STEYN-GEDENKFONDS EN DIE HUISBESTUURSENTRUM BY MEISIESKOOL ORANJE

Om die nagedagtenis van president M.T. Steyn, laaste staatspresident van die republiek Oranje-Vrystaat, te huldig, het 'n aantal vooraanstaande vroue van die Orange-Vrystaat onder leiding van Ella Fischer in 1923 die President Steyn-gedenkfonds gestig. Ella Fischer was 'n vooraanstaande Bloemfonteinse inwoner, gemeenskapsleier, skrywer en eggenote van regter Percy Fischer.

Die President Steyn-gedenkfonds was daarop ingestel om die ideaal van die president, naamlik om veral Afrikanerdogters prakties te bekwaam vir hul roeping as tuisteskeppers, eggenotes en moeders, te verwesenlik. Die fonds was 'n organisasie wat weldra dwarsdeur die land bekend was, as 'n volksbeweging erken is en in wye kringe ondersteuning geniet het. Dit het merkwaardig daarin geslaag om oor 'n tydperk van sowat 34 jaar heelwat struikelblokke te oorkom en onder moeilike ekonomiese omstandighede genoegsame fondse te bekom om baanbrekerswerk in die Vrystaat te verrig.

Deur die toedoen van die Gedenkfonds en met die ondersteuning van die Departement van Onderwys en die Meisieskool Oranje in Bloemfontein (die totstandkoming daarvan hoofsaaklik te danke aan president Steyn) is daar in die 1930's oorgegaan tot die instelling van 'n huisbestuurkursus, bekend as die President Steyn-gedenkfondshuisbestuurkursus én die oprigting van 'n huisbestuursentrum-gebou by dié skool wat die enigste van sy soort in die land was.

Die Huisbestuursentrum was 'n eenvoudige doeltreffende gebou waar die dogters in 'n huislike atmosfeer die veelsydige en menigvuldige pligte van 'n huisvrou kon leer. Die gebou is teen 'n koste van sowat £5 000 voltooi en op 16 September 1936 onder blyke van groot belangstelling luisterryk ingewy.

Aanvanklik is die Huisbestuurkursus slegs op die primêre skool van Oranje toegepas sonder om die normale verloop van die gewone skoolleergange te versteur. Selfs die seuns tot st. II wat in 'n stadium deel van Oranje was, is daarby betrek.

Deur praktiese demonstrasies in onder andere tuinbou, die omsien na huisdiere en pluimvee, suiwelbereiding, maak van klere, kinderversorging (deur gebruik te maak van poppe), kookkuns, huisverfraaiing en algemene huisversorging is die leerlinge se belangstelling gewek en nuttige kennis is sonder onnodige inspanning of buitensporige verveling ingeneem.

Om die suksesvolle voortsetting van die Huisbestuurkursus en -sentrum in stand te hou, is daar ook besluit om 'n tweejarige diplomakursus in Huisbestuur aan te bied aan dogters wat ten minste na st. VI die skool verlaat het. Hierdie kursus was hoofsaaklik op Huishoudkunde in al sy fasette, Naaldwerk, Moederkunde (Kinderversorging) en Landbou ingestel, maar Noodhulp, Tuisverpleging en praktiese Engels en Afrikaans en later Kuns en Tikskrif is ook aangebied.

So te sê elke vertakking van die huisvrou se werk is in ag geneem. Die praktiese ingesteldheid van hierdie kursus blyk duidelik uit die feit dat die dogters self inkopies gedoen het van die goedere wat hul vir die kursus benodig om sodoende die ekonomiese sy van huishouding te kon bemeester. Hulle is vir die sosiale lewe voorberei deur self dinees en onthale wat gedurende hul opleidingstydperk aangebied is, tot in die kleinste besonderhede te reël.



*President M.T. Steyn (foto: NM)*




*Die Meisieskool Oranje in omstreeks 1930. (foto: VPAB)*



*Die personeel waarmee die Huisbestuurkursus begin is, is van links mejuffroue L. Bruwer, M. Vermeulen (later De Weerdt) en M. Olivier. (foto: VPAB)*

Veral die landboubedrywighede was 'n sprekende voorbeeld van die praktiese opset van die kursus. Landbou het 'n belangrike komponent van die kursus gevorm aangesien 'n landelike ingesteldheid 'n integrale deel van die meeste Afrikanerdogters van daardie jare, stedelinge en dorpelinge ingesluit, gevorm het. So is koeie en hoenders op die terrein aangehou wat deur die dogters versorg moes word, terwyl hulle self die koeie moes melk, botter en kaas maak en hoenders slag vir die mark of tafel. Elke dogter het ook haar eie tuintjie gehad om groente en blomme te kweek.




*Die uitvoerende komitee van die President Steyn-gedenkfonds in omstreeks 1935. Voor in die middel sit die voorsitter, Ella Fischer. (foto: VPAB)*

Die President Steyn-gedenkfonds het merkwaardig daarin geslaag om vir 'n tydperk hawelose babas by die Huisbestuursentrum te laat inwoon sodat veral die dogters wat die diplomakursus gevolg het babaverpleging en -versorging prakties kon ervaar. So 'n baba is gewoonlik op ongeveer twee jaar deur pleegouers aangeneem. Die wet het die skema later verbied, blykbaar omdat kundiges al hoe meer die mening uitgespreek het dat dit tot die kinders se nadeel is as hulle nie onmiddellik na geboorte by die betrokke pleegouers geplaas word nie.

Terloops, waar een van die wesenlike probleme van die Fonds die gebrek aan genoegsame fondse was om doelstellings vinniger te bereik, was daar natuurlik ook geringer probleme soos ongehoorde gedrag van die personeel wat so 'n prestige organisasie se beeld kon skaad.

Onderwysers wat rook sal sekerlik stik as hulle die volgende lees, maar dit was tóé en nie nou nie. Mejuffrou M. Olivier, 'n baanbrekersleerkrag van die onderneming, het 'n dampie in die openbaar en privaat geslaan in 'n tyd toe vrouerokers nie so algemeen was nie en wenkbroue daaroor gelig is. Die kuratorium van die Meisieskool Oranje en die Fonds-bestuur was hoogs ontsteld hieroor omdat dit as 'n ernstige oortreding van die regulasies beskou is. Daar is voortgeborduur dat so iets die Christelik-nasionale beeld van die inrigting sou besoedel. Dit was reg of weg vir die juffrou – afdanking was haar voorland. Gedwee het die juffrou ingestem om finaal van haar rokery af te sien en die hoë ideale waarvoor die skool staan van ganser harte na te streef. So is geen drastiese stappe geneem nie.

Aanvanklik het die Gedenkfonds die hele verantwoordelikheid van die onderneming



*Huisbestuurleerlinge maak tuin voor die Huisbestuursentrum op die terrein van die Meisieskool Oranje. (foto: VPAB)*

gedra, maar het die ondersteunende samewerking van die kuratorium en die provinsiale administrasie geniet. Aangesien die kuratorium volgens sy beleidswette beheer oor alle sake van die skool het, was dit vanselfsprekend dat die kuratorium mettertyd beheer oor die kursus sou oorneem. In 1936 was daar 'n ooreenkoms tussen die twee partye waarvolgens die kuratorium voortaan verantwoordelik vir alle gereelde inkomste en uitgawes van die kursus sou wees, behalwe bydrae tot salarisse wat nog deur die Gedenkfonds betaal sou word.

Drie jaar later het die kuratorium nog groter seggenskap oor die Huisbestuurkursus gekry deurdat die administrasie en finansiële bestuur daarvan al hoe meer aan die liggaam oorgedra is. Die uitvoerende komitee van die Gedenkfonds het egter in noue voeling met die Huisbestuurkursus gebly deurdat twee lede saam met verteenwoordigers van die kuratorium en die skoolkommissie op 'n komitee gedien het wat toesig oor die aangeleenthede by die Huisbestuurgebou gehou het.



*Mejuffrou M. Olivier besig om 'n les in babaversorging aan die Huisbestuurleerlinge te gee. (foto: VPAB)*

Die Gedenkfonds het ook sy vlerke verder gesprei. Dit was immers ook hul strewe om aan swart kinders die beginsels van onder andere praktiese higiëne, kinderversorging en -voeding, dit wil sê fasette wat hoofsaaklik Moederkunde en Gesondheidsleer raak, te leer. Swart skole wat met groot sukses by hierdie proefneming betrek is, was die St. Patrick-skool en die sendingskole op Shannon en De Bloem. Mejuffrou Olivier, wat so deurgeloop het oor haar rokery, was vuur en vlam oor hierdie onderneming en was 'n groot bate omdat dit 'n probleem was om geskikte personeel vir die projek te bekom. Ook is daarin geslaag om op eie koste selfs 'n praktiese kursus in Huisbestuur en Moederkunde in die Fakulteit Opvoedkunde by die Universiteitskollege van die Oranje-Vrystaat te beding, maar juis weens finansiële implikasies is dit na enkele jare gestaak. Mevrou M. de Weerdt van die Huisbestuursentrum was glad nie ongeneë om op 'n Saterdagoggend studente aan haar huis te ontvang om hulle te leer om 'n baba te bad en te versorg, maaltye voor te berei en brood te bak nie.

In 1944 was die bestuurslede van die Gedenkfonds oortuig dat hul werksaamhede in verband met die Huisbestuurkursus tot 'n onmiskenbare eindpunt geloop het – hulle 'troetelkind', soos die lede die kursus beskou het, het sy kinderskoene ontgroei. Daar is besluit om die voortsetting en verdere reëling van die kursus geheel en al in die hande van die kuratorium oor te dra. Nietemin was die Gedenkfonds bereid om nog vir etlike jare 'n finansiële bydrae tot die salarisse van die leerkragte te maak. Die kuratorium het met 'n oop gemoed volle beheer en verantwoordelikheid aanvaar en die fonds die

versekering gegee dat hulle raad en bystand altyd welkom sou wees.

Die Gedenkfonds het in die 1950's persoonlike triomf en vreugde gesmaak toe die Huisbestuurkursus se vakke Naaldwerk en Huishoudkunde, tesame met Moederkunde ('n vak waaroor baie bespiegel is of dit as eksamenvak erken moes word), as volwaardige matriekvakke erken is. Sodoende is nog eens baanbrekerswerk gedoen, want Meisieskool Oranje was toe die enigste skool in die land wat so 'n vak soos Moederkunde (eers in die 1960's is dit uitgefaseer) in sy leerplan ingesluit het. Die Huisbestuurkursus is in daardie jare ook ten volle by die hoërskool ingelyf sodat die hele aanbieding daarvan op 'n gesonder en stewiger grondslag geplaas is.

Die bestuur van die Gedenkfonds was na rype oorweging van mening dat dit van die grootste belang is dat die werk wat by die Meisieskool Oranje begin is, voortgesit en uitgebrei moes word. Dit kon op doeltreffende wyse gedoen word deur 'n groot beurs vir Suid-Afrikaanse vroue te skep om 'n nagraadse kursus plaaslik of oorsee in Huishoudkunde/Huisbestuur of verwante vakke te volg. Op 1 Augustus 1957 het die Gedenkfondsbestuur besluit om £10 000 – 'n reuse bedrag vir daardie jare – in 'n trust te stort vir hierdie doel.

Aanvanklik was dit 'n gesogte beurs, maar later nie meer haalbaar nie waarna die trust ontbind het en die fondse gebruik is om die Verbruikerstudieklas op te knap. Die verdienstelikheid van die President Steyn-gedenkfonds kan nie betwyfel word nie. In 'n tyd toe die vrou se lewe meermale om dié van 'n tuisteskepper in 'n landelike omgewing gedraai het, was die huisbestuurproefneming van die Gedenkfonds van veel waarde vir menige dogter.

## Bronne


*Die Volksblad*, 30.8.1923; 14.10.1933; 10 en 11.10.1957.

*Die Huisgenoot*, 20.11.1942.

Haasbroek, J. 1992. Ella Fischer (1884-1964) – 'n Veelsydige gemeenskapsleier. *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein*, 8(5), Junie: 209-234.

Haasbroek, J. 1993. Die Pres. Steyngedenkfonds (1923-1957). *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein*, 9(12), Oktober: 385-414.

Persoonlike mededeling: Marhiehetta Matthee, hoof – Sekondêre Meisieskool Oranje, 14.3.2017.

Rossouw, A.E. & Spies, M.L. (samest.). 1981. *Ons onthou 74 jaar.* Bloemfontein: C en N Meisieskool Oranje.

*Sarie Marais*, 17.8.1949.

*The Friend*, 9.5.1927; 11.10.1957.

*Volksblad* (Bylae: Oranje vier eeufees), 13.4.2007.


Vrystaatse Provinsiale Argiefbewaarplek: Aanwins (A) 283, Pres. Steyngedenkfonds-versameling.

# – 24 –

# UNIEKE ST. PATRICK-KERK IN WAAIHOEK

Ongetwyfeld een van die allermooiste kerke uit vervloë jare in die Vrystaat was die St. Patrick-kerk in Waaihoek, Bloemfontein se oudste township wat aan die begin van die 1940's finaal gesloop is.

Eerwaarde Edgar Rose (1867-1946) was verantwoordelik vir die oprigting van dié Anglikaanse Kerk en hy was insiggewend genoeg sonder opleiding as argitek of bouer. Hy was 'n Engelsman wat as apteker opgelei was en het in 1890 om gesondheidsredes na Suid-Afrika gekom. Hier het hy die aptekerswese verlaat, tot die bediening toegetree en teruggekeer Engeland toe om op eie koste hom as priester te bekwaam. Hy het teruggekeer om die Vrystaat as sendeling te dien en sedert 1898 was sy standplaas in Bloemfontein waar hy die direkteur van die St. Patrick-sending onder swart mense geword het. Hy het ook voortgegaan om vir baie jare veral die Suid-Vrystaat te bearbei totdat hy in 1929 in Natal (vandag KwaZulu-Natal) afgetree het.




*Edgar en Lucy Rose. (foto: NM)*

Ofskoon hy geen argiteksopleiding gehad het nie, het Rose meer as 20 sendingkerke ontwerp. Toe die swart Anglikane van Bloemfontein 'n nuwe kerkgebou benodig, het hy dit ook ontwerp. Aangesien dit 'n groot projek was en geld skaars, het hy voorts onderneem om dit met die behulp van knap vakmanne in die gemeente te bou. Die hoeksteen van die St. Patrick-kerk in Lokasiestraat (later Harveyweg) is in 1908 deur die eerste minister van die Oranjerivierkolonie, Abraham Fischer, gelê. Verskeie faktore het die voltooiing vertraag, onder meer 'n gebrek aan fondse en die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918).


Gebrek aan geld het inderdaad algaande 'n vereenvoudiging van Rose se nogal ambisieuse oorspronklike plan noodsaaklik gemaak. Hieruit het die kerk des te meer indrukwekkend te



*Die St. Patrick-kerk in aanbou in omstreeks 1915 met die ou kerk links en op die agtergrond is die Wesleyaanse Kerk sigbaar. (foto: NM)*



*Eerwaarde Edgar Rose (foto: NM)*



*Die voltooide St. Patrick-kerk. (foto: KA)*




*Eerwaarde Edgar Rose daag met sy fiets by die bouery aan die St. Patrick-kerk op. (foto: NM)*

voorskyn getree as 'n kompakte kruisvormige gebou, op die Griekse styl, óm 'n sentrale toring dertig meter hoog – terloops, dit is van binne sonder steiers uitgebou en daar was geen ongevalle nie. Die treffendste element van die ontwerp was egter die gefasetteerde sinkdakke van die torings en vleuels wat die lig op 'n interessante wyse weerkaats het. Met reg is die skepping van Rose en sy anonieme werkers 'die Parthenon van die sinkplaatstyl' genoem. Rose se vrou, Lucy, was 'n ervare houtsnyer en kon dus 'n waardevolle bydrae tot die houtsneewerk in die kerk lewer.

Eers op 1 Mei 1923, nadat dit in 1916 darem al gebruik kon word vir dienste en tydens die Groot Griep van 1918 as hospitaal moes instaan, is die kerk, wat nagenoeg 1 000 gemeentelede kon huisves, uiteindelik ingewy. In 'n sekere sin 'n meesterstuk in vergelyking met groot Europese kerke, is opgemerk.

Helaas het hierdie meesterstuk nouliks 30 jaar bly staan. Kort na die inwyding van die kerk het die owerheid reeds begin om die swart bevolking van Bloemfontein na 'n nuwe woonbuurt, Batho, oos van die stad te verplaas, sodat dit gou sy gemeente verloor het. In 1954 is dit gesloop om vir koeltorings van die nuwe kragstasie plek te maak, 'n aksie wat groot hartseer onder die swart gemeenskap en latere erfenisbewaarders veroorsaak het. Tydens die laaste diens het die predikant die somber atmosfeer probeer ophelder deur te sê die kerkgangers kon maar rook, want dit is nie meer 'n kerk met die doodsangel van sloping in hul midde nie.




*Die interieur van die St. Patrick-kerk. (foto: NM)*

In 'n stad wat op argitektoniese gebied al groot verliese moes verduur, was dit miskien een van die grootste en ernstigste. Anders gestel: Die pragtige St. Patrick-kerk, die hart van die vroeë swart gemeenskap van Waaihoek, se verdwyning is deur kenners as 'n groot verlies vir Bloemfonteinse se argitektoniese historiese nalatenskap beskryf.

Alles was nie verlore nie. Deur die inisiatief en daadkrag van die Anglikaanse eerwaarde Shadrach Papane, wat in Bochabela grootgeword het en wie se pa Rose met die St. Patrick-kerk se bouery gehelp het, het die gesloopte kerk in die kleine herleef. Hy het nie van die nuwe Anglikaanse kerk wat in Batho opgerig is gehou nie en het besluit om in Bloemanda 'n replika van die ou kerk te bou, al sou dit net die onderste gedeelte wees. Die oorspronklike planne is gekopieer, fondse bekom en in 1990 met net tien mense het die bouwerk begin wat vyf jaar later voltooi is. Papane het ook weggebreek en het sy eie Anglikaanse gemeente met die naam Emmanuel in sy nuwe kerkgebou gestig.

Die eerwaarde, wat intussen oorlede is, het trots vertel hoe die ouer inwoners van Mangaung van verbasing stilgestaan het as hulle hul ou geliefde kerk van aanbidding herken. "Die Emmanuel-kerk is 'n simbool van die verlede, maar ook van die huidige en die



*Kort voor die sloping in 1954 word die St. Patrick-kerk verdwerg deur twee van die vier koeltorings wat reeds opgerig is. (foto: NM)*

toekoms. Die ou mense vat my hand en soen dit, dit herinner hulle aan die goeie ou dae. Daar is weer vreugde in hul harte. En die jonges haal hul hoed af vir die gebou."

Vandag kan 'n replika van die statige ou St. Patrick-kerk in die Nasionale Museum in die stad gesien word.

## Bronne


Beyers, C.J. (red.). 1987. *Suid-Afrikaanse biografiese Woordeboek* V. Pretoria: RGN.

Bierman, B.E. 1955. *Boukuns in Suid-Afrika.* Kaapstad: Balkema.

Schoeman, K. 1982. Kerk was meesterstuk. *Die Volksblad*, 20 April: 8.

Schoeman, K. 1985. *Boukunsskatte van die Vrystaat.* Roodepoort: CUM.

Smith, C. 2001. Geliefde kerk en historiese baken herrys in Bfn. *Die Volksblad*, 17 April: 5.

*The Friend,* 11.5.1923; 8.6.1929.

Van der Bank. D.A. 1885. A short tribute to Canon Edgar Rose. *Nasionale Museum Nuus*, 29, September: 19-21.

Van der Bank, D.A. 1986. St. Patrick's Church. *Restorica*, 19, April: 15-18.

## – 25 –

# DIE HELE STADSRAAD BEDANK WÉÉR IN 1925

In 1925 het dit sowaar weer gebeur! Bykans twee dekades het verloop voordat Bloemfontein hom weer in 'n onverkwiklike situasie bevind het toe sy hele stadsraad *en bloc* bedank.

In 1907 het Bloemfontein wat betref plaaslike regering een van sy grootste opskuddings beleef. Dit is voorafgegaan deur matelose eksterne en interne probleme en woelinge op verskeie terreine, waaronder finansiële bestuur, wat uiteindelik daartoe gelei dat die hele raad, die burgemeester inkluis, in Augustus 1907 gedwing is om in 'n sekere sin in oneer moes bedank. Hierdie stadsraad-debakel het grootliks onder die burgemeesterskap van Wolff Ehrlich (sien bladsy 40) plaasgevind.

In 1925 was hulle weer in dieselfde bootjie met geldelike probleme weereens aan die voorpunt. Dit blyk dat die algemene mening reeds geruime tyd was dat munisipale uitgawes te hoog is, die getal munisipale amptenare te groot en 'n atmosfeer van verspilsug heers. Die Bloemfonteiners was moeg om as 'ja-broers' deur die stadsraad aan die neus gelei te word en die tyd was ryp om halt te roep.

Lakonies het *The Friend*, wat hom gewoonlik as die waghond oor munisipale sake beskou het, opgemerk: "For striking proof of the old dictum that 'History repeats itself' one could not do much beter than search the early files of 'The Friend' a decade or so back, where the course of events in general, and municipal in particular, presents a remarkable similarity to some of the happenings to-day."

Tydens 'n groot belastingbetalersvergadering op 1 Julie 1925 in die stadsaal het burgemeester John Reid 'n pleidooi gelewer dat die raad 'n lening van £100 000 wou aangaan vir straatverbeterings en ander noodsaaklike munisipale projekte wat, en dít het die inwoners woedend gelaat, met belastingverhogings gepaard sou gaan. (Daardie jare was die raad genoodsaak om die belastingbetalers se toestemming te kry om 'n groot lening aan te gaan.) Aangesien van hierdie projekte, soos die verwydering van die dak van die Arthur Nathan-swembad en die oorplasing daarvan na die nuwe markgebou op Baumannplein, al aan die gang was sonder dat die genoemde lening goedgekeur is wat dit moes dra, het dit menigeen laat voel dat die munisipaliteit die wa voor die perde gespan het en baasspelerig optree. Nuus dat die besoek van die prins van Wallis vroeër die jaar beslis meegehelp het om die munisipale geldkoffers leeg te skep, het verdere verontwaardiging geskep.

Die voorstel is nie goed ontvang nie. Dit was duidelik dat die belastingbetalers op die oorlogspad was om halt te roep aan ongematigde en onnodige uitgawes, soos die oprigting van 'n nuwe melkdepot. Selfs vier voormalige burgemeesters (C.L. Botha, D.A. Thomson, J.H.B. Reitz en D. Urquhart) het hulle taamlik kras teen wat hulle as die vermorsing en wanaanwending van openbare fondse beskou het, uitgespreek. Die vergadering het die raad daarvan beskuldig dat hulle te oordadig met fondse omgaan, besparingsmaatreëls oorboord gooi en te maklik op belastingverhogings, wat voorsien is om die lening te delg en op lenings staatmaak om hulle uit die penarie te kry. Daarbenewens het die burgemeester se onthaaltoelae en -uitgawes ook die wenkbrou laat lig. Selfs die raad se troefkaart dat Bloemfontein na dese genoeë daarmee sou moes neem dat munisipale werke sou moes stilstaan tot nadeel van die gemeenskap, kon nie die stemmery ten gunste van die lening swaai nie. Gevolglik het die raad met leë hand uitgestap met die opdrag om na die finansiële tekenbord terug te gaan. 'n Kommissie van ondersoek na die stad se finansiële sake is ook deur die aanwesiges geopper, maar daar is net van kennis geneem, dit het nie tot stem oorgegaan nie.



*Burgemeester John Reid (met ampsketting) ontvang in Mei 1925 die prins van Wallis (voor met pakklere) in Bloemfontein min wetend dat hy binne enkele maande sy amp kwyt sou wees. Let op die reuse offisier in die optog. (foto: NM)*



*Burgemeester John Reid (foto: VPAB)*

Die stadsraadslede het hierdie handeling op die byeenkoms as 'n mosie van wantroue vertolk en eenparig besluit om *en bloc* hul bedankings uit te skryf. Ofskoon hulle die uitslag van die vergadering aanvaar het, wou hulle blykbaar toesien dat Bloemfontein die geleentheid kry om opnuut raadslede te kies wat hulle voel hul vertroue wegdra. Heelwat inwoners het dit as 'n oorreaksie beskou wat onnodige uitgawes op die belastingbetalers sou plaas vir die hou van 'n nuwe verkiesing en verwarring oor die kwessie veroorsaak. Die raadslede is maar net gevra om te herbesin, is opgemerk, maar nou vat hulle die pad. Sommige het vir die raadslede in die bresse getree en daarop gewys dat die finansiële debakel al 'n lang pad kom en dat die bestaande raad nou die kaiings uit die vuur moes krap.

Al 12 raadslede het hulle weer verkiesbaar gestel, maar dit sou nie onbestrede wees nie. Vier nuwe kandidate het aangemeld. Hierdie 'munisipale sirkus' wat besig was om af te speel in die publieke oog is opgesom as 'twyfelagtig' en 'kommerwekkend' want, is daar weer op gehamer, geen mosie van wantroue is op die betrokke vergadering teen die raad ingestel nie. Nadat die mandaat van die vergadering sonder enige kwade gevoelens of verwoede teenstand deur die raadslede inskiklik aanvaar is, het hulle daarna tog uit eie wil die tuig neergelê. Die kruks van die saak is, is verder effens sarkasties bespiegel, as die 12 weer *en bloc* herkies word, is dit dan sodanig 'n mosie van vertroue in hulle dat hul die vrymoedigheid kon neem om weer met dieselfde leningsvoorstel voor die belastingbetalers kon verskyn. Sê nou net al die nuwe kandidate rook die pyp, is dit dan 'n mosie van wantroue in die ou raadslede wat weer herkies is en sou hulle dan weer moet bedank?

Op 12 Augustus 1925 het die nuwe verkiesing plaasgevind. Hoe die nuwe raad ook al daar uitsien, is vroegtydig gewaarsku, gaan dit buitendien niks aan die kwessie verander nie, die £100 000 sou nie kon deurgaan sonder die toestemming van die belastingbetalers nie.



*Burgemeester H.J. Steyn (foto:* Supplement to The Friend*, 21.3.1946)*

Groot belangstelling het in die verkiesing geheers en daar is fluks gestem. Drie van die nuwe kandidate is ingestem en wat as 'n groot skok gekom het en as 'n Caesar-aksie beskou is, het burgemeester Reid uitgeval. Onkundige of gevatte stemgeregtigdes was daar ook; 'n kruisie is net by een van die 12

kandidate getrek, kruisies is by al 16 getrek en iemand het *boo* ingevul by die kandidaat wat die ongewildste was. Die uitslag het duidelik bewys dat Bloemfontein nie akkoord met die vorige raad se finansiële handelinge gegaan het nie.

Dokter H.J. Steyn is as nuwe burgemeester ingehuldig. Die wense van die belastingbetalers om 'n kommissie van ondersoek in te stel, het die goedkeuring van die nuwe raad weggedra. Hare is gekloof of kundiges van binne of buite die Vrystaat hiervoor ingeroep moes word. Daar is egter gevoel dat hulle nie die landelike munisipale hartslag van Bloemfontein ken nie. Eersgenoemde het die stadsraad welgeval, maar op advies van die administrateur is besluit om op 15 Oktober 1925 'n belastingbetalersvergadering te hou om goedkeuring daarvoor te kry omdat dit vanselfsprekend heelwat kostes sou behels. Hoewel die vergadering nie goed bygewoon is nie, was die boodskap aan die raad duidelik: 'n Kommissie van ondersoek, veral van buite, is ongewens en geldmors, verder dat die raad moes hand in eie boesem steek en sy finansiële sake deur 'n deeglike ondersoek self in orde kry. Daar is nie soseer inherent iets verkeerd met die stad se finansies en administrasiebeginsels nie, is uitgewys, maar dat dit ekonomies en sinvol bestuur moes word.

Die stryd van die belastingbetalers om die lening wat die stadsraad wou deurdruk gepaardgaande met belastingverhogings te veto, het vrugte afgewerp. Teen die einde van 1925 het die belastingbetalers in goeie gees die stadsraad die groen lig gegee om selfs 'n lening van £119 000 aan te gaan (die oorspronklike bedrag was £1 000 meer, maar verdere besparingsmaatreëls kon dit afbring) vir stadsverbeteringsprojekte aangesien die nuwe voorsitter van die finansiële komitee dit sonder belastingverhogings kon aankondig.

Na hierdie onsmaaklike munisipale episode wat 'n tweede keer in die stad se geskiedenis afgespeel het, het J.P. Logan (na wie Loch Logan vernoem is), wat meer as 21 jaar as stadsklerk en stadstesourier gedien het, aangekondig dat hy die tuig neerlê. Onmiddellik het sommige Bloemfonteiners 'n nuwe teiken gehad om hulle misnoeë te betoon – Logan se pensioen- en verlofvoordele was vir hulle net te tegemoetkomend ...

## Bronne


*Die Volksblad*, 23.11.1925.

Haasbroek, J. 2006. Die rol van Wolff Ehrlich in Bloemfontein, 1877-1915. *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein*, 22(3), Julie: 77-110.

Haasbroek, J. 2007. Die gebeure wat gelei het tot die bedanking van die Bloemfonteinse se stadsraad in 1907. *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein*, 23(2), April: 77-100.

Haasbroek, H. 2015. *Splinters en dorings uit die Rosestad se verlede*. Bloemfontein: SUN MeDIA.

*The Friend*, 24.6.1925; 2, 3, 4, 8, 11, 20, 23 en 29.7.1925; 1, 13, 14 en 19.8.1925; 2, 16 en 23.9.1925; 16.10.1925; 19, 20 en 23.11.1925; 10 en 15.12.1925.

## – 26 –

# 'N NUWE MARKGEBOU OP BAUMANNPLEIN

Veral in vervloë jare voor die koms van groot super- en hipermarkte was die tradisionele mark en markplein van 'n stad of dorp nie alleen van ekonomiese handelsbelang en huishoudings se plek van bestaansaankope nie, maar ook die sosiale bymekaarkomplek en 'n ingeburgerde kultuurfenomeen van die gemeenskap.

In Bloemfontein nie minder so nie, soos *The Friend* tereg op 1 Februarie 1927 opgemerk het dat die Mark een van die belangrikste en winsgewende ondernemings van Bloemfontein se munisipaliteit is. Die markbedrywighede is destyds as uniek beskou waar vooraanstaande huisvrouens se mans geduldig vir boontjies bie en vleisaankope doen, waar ou boesemvriende en langverlore familie mekaar raakgeloop en hul geselsery veroorsaak het dat die gangetjies tussen die tafels geblok word tot groot ongerief en woede van die ander markgangers. Andersins was dit 'n aardigheid om te sien hoe almal in die nou gangetjies met mandjies en elmboë hul pad oopbeur om hul marktake af te handel.

Dit het daartoe gelei dat die stad se inwoners geheg geraak het aan hul mark en sodoende skerp sou reageer toe die bestaande mark op Markplein, later bekend as Hoffmanplein (sien bladsy 198) na 'n nuwe terrein moes verskuif.

So te sê sedert die ontstaan van Bloemfontein en vir dekades daarna was die mark op Markplein in die hart van die stad gesetel. Op Markplein is immers aan al Bloemfontein se basiese behoeftes voorsien soos allerlei vars vrugte en groente, asyn, brandewyn, tabak, seep, wildsvleis en ander soorte vleis, biltong, pluimvee, botter, eiers, melk, suiker, heuning, mielies, koring, sorghum, meel, brood, beskuit, snoek en ander vis, hout, steenkool, vee, huide en velle, kraalmis, veevoer, gars, hawer, geelhoutplanke en selfs grafstene.

Die verskuiwing van die mark na 'n nuwe perseel het teen 1919 momentum begin optel om die jare daarna in intensiteit toe te neem. In 1922 het dit 'n hoogtepunt in 'n verwoede openbare debat oor 'n geskikte perseel bereik – dit wil sê die stadsraad, munisipaliteit, media en talle ander rolspelers, belangstellendes, inwoners en belastingbetalers het hulle eie siening oor die saak gehad. Baie inwoners het die groot belangstelling in die omstrede kwessie gesien as ongekend in die munisipale geskiedenis van die stad.

Tydens 'n warm openbare vergadering op 21 Augustus 1922 wat deur die pers en inwoners op die stadsraad afgeforseer is, is etlike opsies oor 'n nuwe markterrein bespreek, maar sonder uitsluitsel. Die stadsraad se poging om sy voorkeur keuse, naamlik die Bloemspruitterrein agter die Cecil-hotel, deur te voer, het misluk. Die raad moes by die sterk openbare mening berus dat 'n stemming, wat op 29 September 1922 sou plaasvind, die aangewese weg is om die kwessie bevredigend af te handel.

Die meeste belastingbetalers was toe ten gunste van 'n nuwe mark op Baumannplein. Waarskynlik was dit in daardie stadium in die beste belang van die stad dat progressiewe denkers die oorhand gekry het en Baumannplein (vernoem na Isaac Baumann, 'n bekende Duitse Joodse handelaar wat hom in 1849 hier gevestig het) as wenner uit die stryd getree het. Dit



*Isaac Baumann na wie die plein vernoem is. (foto: NM)*




*'n Bedrywige markdag op Markplein in die 1920's. Agter steek die Tweetoringkerk uit. Let op die kennisgewing Drink Castle Lager van die winkel in die middel. (foto: VPAB,* The Friend*-versameling)*

het in dié perseel se guns getel dat dit sentraal geleë is, boukoste verlaag kon word omdat dit reeds aan die munisipaliteit behoort en daar genoeg ruimte vir verdere uitbreidings was.

Ofskoon die ander persele meriete gehad het, anders sou hulle immers nie deel van die stembrief gewees het nie, blyk dit dat hulle op die lange duur meer problematies sou word in vergelyking met Baumannplein wat vir nagenoeg 'n half eeu die stad, ondanks groeipyne, grootliks suksesvol as mark sou dien.

In die hoed was onder andere ook die Fonteinstraat-terrein op die hoek van President Brand- en Fonteinstraat, oorkant die hooggeregshof en waar in 1933 die brandweerstasie sou verrys. Dit was nie 'n groot voorkeur keuse nie. 'n Sierlike markgebou hier om die omgewing te komplimenteer, sou immers nie die rumoerige markbedrywighede verdoesel nie, veral nie in 'n omgewing van onder andere die hooggeregshof met sy meer gewyde atmosfeer nie. Verder sou dit ook nie inpas by die Vierde Raadsaal, goewermentsgebou, meisieskole en moontlike toekomstige appèlhof nie en was vir menigeen ondenkbaar. Die volgende opmerking in *Die Volksblad* het waarskynlik ook gewig gedra om teenkanting teen die terrein 'n hupstoot te gee: "President Brandstraat is ongetwyfeld die pronkstraat van Bloemfontein. Dit is breed en kunstig uitgelê en die Stadsraad spandeer op die oomblik baie geld om dit nog verder te verfraai. Die bedoeling is blykbaar om 'n straat daarvan te maak soos die boulevards in Parys of die Unter der Linde-laan in Berlyn."

Ofskoon die algemene siening was dat die bestaande markterrein in die sentrale middestad uitgedien was en sodanige markbedrywighede en meegaande ontwrigtings die hart van die dorp oneer aandoen, was daar nogal verbasend steun dat die terrein gehandhaaf en met 'n nuwe margebou versier moes word. Dit het egter ook in die slag gebly.




*Die nuwe markgebou op Baumannplein wat in 1925 tot stand gekom het. (foto: NM)*

Burgemeester John Reid, in die aanwesigheid van die Vrystaatse administrateur, E.R. Grobler, het tydens 'n seremonie op 24 Oktober 1924 die hoeksteen van die nuwe markgebou gelê wat aan sy agterkant 'n oop buitelugmark sou hê. Die nuwe markgebou is op 4 April 1925 ingewy.

So het dit gebeur dat Bloemfontein uiteindelik sy nuwe mark gekry het. Die voltooide gebou is as volg beskryf: "Dit is ... ontwerp [deur die munisipale argitek J. Robertson] in 'n unieke kombinasie van style en is van bewapende beton en baksteen met rifvoegwerk gebou. Die gebou se voor- en syaansigte word versier deur 'n half-Griekse, half-Hollandse gewelstyl met groot halfmaanvormige vensters en sonderlinge, maar interessante versameling balustrades, pilare en torings." In die voorportaal is 'n betonkoepel met glaspanele, terwyl die groot vensters lig inlaat na die binneruimte, 'n suilesaal. Volgens kenners skep die buite-aansig 'n indruk van hegtheid, simmetrie en eenvormigheid. 'n Besoekende Britse argitek het gesê dat uit argitektoniese oogpunt dit miskien nog groter meriete besit as die markgebou te Covent Garden in Londen wat gerestoureer is.

Een van die interessante wendings in die hele nuwe mark-sage was die stadsraadsbesluit, nog voor die opening van die markgebou, om die bedekte munisipale swembad (sien bladsy 148), later as die Arthur Nathan-swembad




*Die binnekant van die nuwe markgebou op Baumannplein – swart markgangers aan die een kant en wit aan die ander kant. (foto: VPAB,* The Friend*-versameling)*

bekend, se dak te verwyder en dit oor die oop groothandel-buitemark op Baumannplein aan te bring. Stemme uit die gemeenskap, veral uit swemkringe, het al vir geruime tyd opgegaan dat die oordekte munisipale swembad in 'n opelugbad omskep moes word. As rede is aangegee dat die toe bad versmorend is, daar 'n gebrek aan pawiljoene vir byeenkomste is, die bou van 'n nuwe opelugswembad groot kostes sou meebring en dat swem in sonskyn vir menigeen verkieslik is.

Waarskynlik die gewigtigste probleem rondom die mark-opset was die voortdurende rassespanning en -vrywing in 'n tyd toe blanke heerskappy op feitelik alle terreine gegeld het. Dit was die geval by die markbedrywighede op Markplein en des te meer op Baumannplein soos die swart gemeenskap al hoe meer vir hul regte opgekom het. Wit markgangers het veral gekla dat hulle deur die menigte swart markgangers verdring word. Die stadsraad kon in sy poging om die kwessie te beredder nie daarin slaag om 'n volhoubare mark in die townships tot stand bring nie.

Die skrywe in hierdie tyd van die provinsiale sekretaris van die Industrial and Commercial Workers' Union of South Africa (ICU), 'n sterk vakbondbeweging om die belange van swart werkers te bevorder (sien bladsy 141), kan as verduideliking dien. Hy het verwys na die aaklige mark op Marabastad Square in Batho waar produkte aangebied word wat geensins geskik is vir menslike gebruik is nie. Op so 'n mark, het hy verder betoog, sou swartes van die middelman moes koop met hulle karige



*Die oop buitemarkplatform agter die nuwe markgebou wat met die dak van die munisipale swembad bedek sou word. (foto: NM)*

salarisse en die reg misgun word om soos wit mense direk van die produsent te koop.

Hoe ook al en ten spyte van al die probleme in dié opsig, blyk dit dat die vermenging van rasse by die Baumannplein-mark met die loop van die jare voortbestaan het totdat dit in die 1960's 'n onverkwiklike draai vir die swart samelewing geneem het. Klagtes van verdringing van wit deur swart wat voortgeduur het – veral etlike wit vrouens van Bloemfontein se klaagliedere daaroor was nimmereindigend, die stadsraadsverkiesing wat voorgelê het, die probleem van sakkerollers en die apartheidstelsel wat buitendien stewig in die land genestel was, het die stadsraad laat besluit om apartheid by die markstelsel in te bring. Met 14 stemme teen een stem is besluit en dit is gesien as nogal 'n meer regverdige stelsel onder apartheid, dat almal al die tye die mark kon besoek en sekere tye nie net vir wit mense gereserveer sou word nie, maar swart en wit kopers sou deur staalrelings en kennisgewingbordjies by tafels geskei word. Daarbenewens sou aparte ingange na die mark gebruik word – *Europeans Only* en *non-Europeans Only*. Op 14 Julie 1964 het dit in werking getree.

Van meet af is die groot binneruimte van die mark nie alleen vir markbedrywighede gebruik nie, maar vanweë die gerief om nou so 'n groot spasie onder dak te hê, is dit ook vir motor- en ander tentoonstellings, danse, boksgevegte en politieke byeenkomste gebruik.

Veral met die Prins van Wallis se besoek aan Bloemfontein tydens sy landwye toer in 1925, het die pas voltooide marksaal tot sy reg gekom om funksies daar aan te bied. Die amptelike bal ter ere van die hoë besoeker het hier plaasgevind en meer as duisend gaste, onder andere die eerste minister, generaal J.B.M. Hertzog, was teenwoordig.

So was daar ook die feestelike ontvangs van die eerste Afrikaanse Bybel in 1933 met die dankdiens in die markgebou. Die vermaarde dominee J.D. Kestell het die diens gelei wat deur nagenoeg 5 000 mense bygewoon is. In dieselfde jaar het die voormalige Transvaalse leier van die Nasionale Party en minister van justisie in die Hertzog-regering, Tielman Roos, na sy terugkeer tot die politiek 'n poging



*Die markgebou op Baumannplein soos dit vandag daar uitsien. (foto: Marelie van Rensburg, Bloemfontein)*

aangewend om Hertzog se gesag te ondermyn. Tydens 'n vergadering in die verband in die Baumannplein-markgebou waar hy, bewaak deur 'n sterk lyfwagkontingent, 'n vergadering van ongeveer 4 000 mense toegespreek het, is hy gestuit toe geweld tussen die verskeie ondersteuners losgebreek het. Roos was genoodsaak om bes te gee en na die Cecil-hotel terug te val.

Nadat hierdie markgebou te klein geword het om Bloemfontein na behore te bedien, is die gebou ontruim en 'n nuwe moderne markkompleks langs die Maselspoortpad is in Januarie 1980 teen 'n bedrag van ongeveer R7 miljoen in gebruik geneem.

Die stadsraad moes na dese 'n besluit neem oor die gebruik van die ou historiese 1925-markgebou. Erfenisbewaarders wou toesien dat die gebou sy volwaardige plek inneem op die lys van historiese geboue wat nougeset bewaar word. Toe dit in die 1980's op die agenda was, was dit haalbaar en is inderdaad toegepas. Daar was groot belangstelling van buite-ontwikkelaars en -finansiers om 'n enorme moderne winkel- en kantoorkompleks van nagenoeg 12 verdiepings en vier parkeerareas op die terrein op te rig – dit sal 'n stad binne 'n stad wees – met dien verstande dat die ou mark se fasade as historiese gedenkwaardigheid behou word. Luukse suites vir dokters, prokureurs en versekeraars is beoog. Opportunistiese planne is voorgelê wat deursigtige wandellane bo straatvlak na aangrensende winkelkomplekse, 'n deursigtige hysbak en kabelkarre vir plesierritte bevat het. Die eerste argiteksplanne het te veel soos reuse glas-graansilo's vertoon wat bo die oorspronklike markfasade sou uittroon en daar is na die tekenbord teruggekeer.

Net wanneer gedink is dat daar 'n deurbraak op hande is en dat die kompleks van die grond af sou kom, was daar probleme met finansiering of rolspelers het onttrek en is deur ander vervang. Die sink van 'n ondergrondse parkeerarea sou ook problematies wees as gevolg van waterprobleme op 'n sekere diepte. Datums wanneer die eerste sooi gespit sou word, is aangekondig net om weer na 'n latere datum te verskuif. Einde ten laaste het hierdie grootse projek deur die mat geval. Hierna is die ou markgebou op Baumannplein omskep in 'n eenvlak-winkelsentrum met 'n bekende apteekgroep as ankerhuurder en etlike kleiner niswinkeltjies. Die buitenste dop het behoue gebly tot die blydskap van erfenisbewaarders.

Helaas was dit nie 'n volhoubare proses nie en is die gebou, ingehaal deur die nuwe Suid-Afrika met veranderende omstandighede en sienings, asook bevolkingsverspreiding in die stad wat die markgebou nou in 'n gemeenskapsomgewing plaas wat nie noodwendig bewaringsentimente oor dié gebou koester nie. Die tradisionele ondersteuners van die markwinkelsentum saam met hulle koopkrag het uitgewyk na die groot winkelsentrums buite die ou oorspronklike middestad.

Tans huisves dit die Moslem-gemeente van die stad en volgens ooreenkoms sal die unieke historiese fasades van die ou mark blykbaar bewaar bly.

# Bronne


Botes, M. 1996. 'n Emmervol wortels vir twee sjielings. *Culna*, 50, April: 26-28.

Botes, S.M. 2014. *Bloemfontein gedurende die bewind van president F.W. Reitz, 1889-1895: 'n Kultuurhistoriese studie*. PhD, UV.

*Die Volksblad*, 25.8.1922; 30.10.1929.

Haasbroek, H. 2015. Die 1922-debat rondom die strewe na en besluit oor 'n nuwe Bloemfonteinse markterrein. *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein*, 31(2), November: 29-48.

Haasbroek, H. 2015. Die oprigting en groeipyne van die nuwe Bloemfonteinse mark (1925) op Baumannplein. *SA Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 29(2), Desember: 78-99.

Nienaber, P.J., Smit, J.D. & Botes, S.M. 1987. *Vrystaatse argitektuur – Histories-argitektoniese ontwikkeling van die Vrystaatse boukuns: 'n Oorsig*. Bloemfontein: Stigting NALN.

Persoonlike mededeling: Loudine Philip, PRHA-permitkomitee, Bloemfontein, 30.1.2017.

Schoeman, K. 1982.*Vrystaatse erfenis – Bouwerk en geboue van die 19de eeu*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Schoeman, K. 1985. *Boukunsskatte van die Vrystaat*. Roodepoort: CUM.

*The Friend*, 5, 9, 11, 16, 17 en 18.8.1922; 25.10.1924; 30.9.1983; 30.3.1984; 18.1.1985

*The People's Weekly*, 25.8.1922.

Vrystaatse Provinsiale Argiefbewaarplek: Argief van die stadsklerk van Bloemfontein (MBL) 3/1/19, Burgemeestersverslag, 1922-1923; 1924-1925; 1926-1927.

## – 27 –

# SWART LOONOPSTANDE VAN DIE MIDDEL 1920'S

Die dekade na die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918) het Bloemfontein in lyn met ander groot sentra in die land gebring vanweë sosiaal-ekonomiese redes en het van sy ergste loonagitasies en ook loonopstande in swart geledere ervaar. Eise onder die swart samelewing om hoër lone en beter munisipale geriewe het toe skerp toegeneem. Dit was as gevolg van die stygende pryse van gebruikersgoedere, toenemende inflasie, werkloosheid en sporadiese droogtetoestande, asook die traagheid van die heersende wit plaaslike owerheid om basiese geriewe aan die swart gemeenskap te verskaf omdat wit belange voorkeur gekry het. Dít alles het die swart werkers met hulle karige vooroorlogse loonvlakke erg gegrief. Stedelike en plattelandse gebiede sou in 'n spiraal van geweld, protes en weerstand vasgevang word.

Reeds in 1919 het die nasionaal bekende Henry Selby Msimang en sy ondersteuners in Bloemfontein 'n verbete poging aangewend om veral deur opruiende byeenkomste en uitsprake die swart bevolking in 'n sterk versetbeweging teen swak lone te organiseer – soms gewelddadig, maar sonder lewensverlies. Hierdie loonagitasie, wat dié leier in die tronk laat beland het, was egter nie sonder vrug nie en het 'n klein verhoging tot gevolg gehad sodat die minimum loon op 2s. (sjielings) 6d. (pennies) gestaan het.

Dit was in die middel 1920's dat die heel ergste swart loonopstande hier beleef is, wat selfs op lewensverlies uitgeloop het. Waar die loongriewe van 1919 nog in mate vroegtydig aangespreek is, het dié van die 1925-opstand nie onmiddellik aandag gekry nie met tragiese gevolge, terwyl dit weer die daaropvolgende jaar erg opgevlam het.

Die direkte oorsake van die gewelddadige swart oproer in 1925 onder die burgemeesterstermyn van John Reid was soos gewoonlik swak lone. Hierdie keer was die drakoniese munisipale sorghumbierregulasies, wat swart mense as uiters onbillik op hul lewensvryheid beskou het, 'n sterk bydraende faktor. Weereens het die hoë werkloosheidsyfer alles gekompliseer.

So gebeur dit dat 'n bierparty in Waaihoek in April 1925 tot 'n gewelddadige konfrontasie met die polisie gelei het. Om die orde te handhaaf toe al hoe meer swart oproermakers by die voorval betrokke geraak het, moes die polisie wit burgerlikes, gewapen met pikstele, as spesiale konstabels insweer om hulle by te staan. Gewapende wit inwoners wat op eie houtjie opgetrek het, was deel van die proses. Dit het egter gelei tot ernstige aggressie, vyf swart mense het in 'n skietery omgekom, etlike is gewond en talle is gearresteer, waaronder die bekende plaaslike swart

leier en ANC-strydros van nasionale aansien Thomas Mapikela. Een swart en twee wit konstabels is ernstig gewond en 16 lig beseer. Die ongematigde skietery van die burgerlikes was waarskynlik hoofsaaklik verantwoordelik vir die sterftes. Weens 'n gebrek aan voldoende getuies is niemand aangekla nie.

Na die oproer in 1925 onder beheer gebring is, was die plaaslike owerheid ietwat naïef onder die indruk dat sake grootliks genormaliseer het. Alhoewel die orde herstel is, het die raad in 1925 steeds nie daartoe oorgegaan om die loon- en ander griewe daadwerklik aan te spreek nie. Dít ten spyte van die herhaalde versoeke van die swart nasionale vakbond Industrial and Commercial Workers' Union (ICU) onder leierskap van Clements Kadalie, asook die plaaslike munisipale Adviserende Naturelleraad.

Die Vrystaat, waar Kadalie dikwels opgetree het, was een van die groot ondersteuners van die ICU. Aanvanklik was daar in Bloemfontein sowat 1 000 lede wat na bewering teen 1926 tot 3 000 aangegroei het uit 'n totaal van nagenoeg 23 000 swart inwoners. Die plaaslike Naturelleraad was 'n swart demokraties-verkose raad van blokmanne. Die raad was slegs eng adviserend van aard en steeds deeglik ondergeskik aan die wit owerheid, maar tog het die lede meermale opreg gepoog om die belange van hulle mense te dien.

Derhalwe was die hele loonkwessie teen die einde van 1925 allesbehalwe uitgesorteer. Sluimerend het dit gewag om weldra weer tot uitbarsting te kom. Wat toe vroeg in 1926 gebeur het, terwyl die ICU sterker op die voorgrond sou wees as ooit tevore.



*Henry Selby Msimang, sittende derde van regs, op die 1930-personeelfoto van* Umteteli wa Bantu.
*(foto:* Supplement to Umteteli wa Bantu*, 10.5.1930)*

Die hervattende rusteloosheid in daardie stadium onder die swart samelewing van Bloemfontein is deur sommige toegeskryf aan 'n vermenging van etlike tendense: Die onopgeloste loonkwessie; dan die Kleurslagboomwet van 1926 wat wit en bruin in die werkplek bevoordeel het; industriële en politieke agitasies landswyd wat gemoedere in die algemeen opgesweep het; en 'n negatiewe rassebewussyn oor die wit bevoorregting in die land. Dit was juis die genoemde wet wat die swart gemeenskap van Bloemfontein teen die einde van Januarie 1926 laat saamtrek het waar die wet in die sterkste stem veroordeel is. Terselfdertyd is daarop aangedring dat die minimum loon op 6s. 6d. beding moes word.

Die ICU het die agitasie gekaap om sy eie politieke agenda ter wille te wees. Plaaslike rolspelers is gewaarsku dat dit die verkeerde indruk in swart geledere skep dat die wit lokasiesuperindendent en die Adviserende Naturelleraad in dié verband goedsmoeds geïgnoreer kon word.



*Clements Kadalie (foto: Blackpast)*

A.P. Maduna, Vrystaatse provinsiale sekretaris van die ICU, het as hoofspreker op 'n groot swart byeenkoms daarop gewys dat wit en swart een God het en dat swartes net soveel reg op goeie lone het om soos wit mense karre te ry asook spek en eiers saam met hulle ontbyt te kon eet. Dring aan op 6s. 6d. tot die laaste druppel bloed, het hy sy siening verkondig.

In hierdie spanningsvolle tyd in die stad se geskiedenis het biskop W. Carey van die Anglikaanse Kerk se toetrede tot die loonkwessie tog in 'n mate die opruiende gevoelens van die swart gemeenskap oor die aangeleentheid getemper. Hy het vreesloos die swart werkers gaan toespreek om hulle van geweld te weerhou.

Dit blyk dat die biskop se versoenende toetrede gehelp het dat die beplande ontmoeting van alle swart en wit betrokke partye soos deur die stadsraad gereël, op 8 Februarie sou plaasvind. Die bereidwilligheid van die ICU om deel van so 'n afvaardiging te wees, het vir eers die gewenste uitwerking gehad om gemoedere rondom die kwessie te kalmeer. Die vergadering het onder leiding van Sol Harris, voorsitter van die munisipale Komitee vir Naturellesake, plaasgevind. Vanselfsprekend was die burgemeester, dokter H.J. Steyn, sentraal in die onderhandelinge.

Blykbaar het die swart leiers die skrif aan die muur gesien as hulle sou volhard met 6s. 6d. per dag as minimum loon – in munisipale kringe is reguit gesê dit is afgewys as absoluut absurd. Hoewel die vergadering in goeie gees plaasgevind het, het die burgemeester en sy span op 3s. vasgestaan en die looneise van die swartes as onredelik en buitensporig beskou. Daarteenoor het die swart afgevaardigdes so 'n minimum loon as onmoontlik vir aanvaarding beskou. Nadat die



*Sol Harris (foto: VPAB)*

swart afvaardiging verdaag het om in die geheim die kwessie te beredeneer, het hulle teruggekeer en vergeefs 3s. 6d. op die tafel gesit. 'n Oplossing was duidelik nie in sig nie en daar is einde ten laaste teruggeval op 'n kommissie om die kwessie in diepte te ondersoek, dit wil sê 'n rondetafel-bespreking. Hierdie loonkommissie het op 22 Februarie agter geslote deure gesit en daar was verteenwoordigers van die stadsraad, die Kamer van Koophandel, die Meesterbouersvereniging, kleiner werkgewers, lede uit professionele kringe en verteenwoordigers van die Adviserende Naturelleraad en die ICU. Die redakteur van *The Friend*, T.W. MacKenzie, is eenparig aangewys om die proses te lei.

Na 'n ernstige maar beskaafde debat oor die kwessie met 'n minimum loon van 3s. op die tafel, het die verteenwoordigers van die Adviserende Naturelleraad daartoe ingestem. Die ICU-lede het op 3s. 6d. vasgeskop. Laasgenoemde was slegs bereid om 3s. te oorweeg as hulle eers weer hul mense daaroor kon raadpleeg wat toe nie geslaag het nie, want die leiers was hier self die voorbokke om aan die ekstra 6d. vas te klou. Die MacKenzie-kommissie het hom nie deur die ICU laat afdreig nie en met sy werksaamhede sonder die organisasie, wat sy dreigement om te onttrek uitgevoer het, voortgegaan. Die minimum loon van 3s. is toe met die ondersteuning van die Adviserende Naturelleraad-verteenwoordigers goedgekeur. Hulle was van mening dat baie werkers sodoende onmiddellik bevoordeel kon word.

So is hierdie loonsage van die middel 1920's, wat die owerheid betref, afgehandel. Uit heelwat gematigde swart kringe is die aanpassing wat deur onderhandeling in plaas van gewelddadige



*Biskop W. Carey het 'n kalmerende invloed op die loonopstande van 1926 gehad. (foto: Anglikaanse Kerk, Bloemfontein)*



*Tydens die loonopstand van 1925 vorm die polisie 'n kordon. (foto: VPAB)*

agitasie bewerkstellig is, as ’n genoegsame oorwinning vir die oomblik beskou. Hulle eie stem, soos verteenwoordig deur die Adviserende Naturelleraad wat immers hul wettige verkose lede was, is ten minste in die raadskamer aangehoor, is verder verklaar.

Op 6 en 7 Mei 1926 het die plaaslike ICU-leier Simon Elias se hofsaak voorgekom dat hy geweld aangehits het. Die bekende sir Etienne de Villiers, regter-president van die Vrystaat, was op die bank. Die saak het egter nie vêr gevorder nie. Geregsdienaars wat vir die staat getuig het, het geopper dat Elias wit mense die



*Die ingangsroete na Waaihoek met wit inwoners op die voorgrond en swart oproeriges onder in die straat tydens die opstande vir loonverhogings. Aan die regterkant is die Wesleyaanse Kerk sigbaar. (foto: VPAB)*



*Die piksteelkommando, wat deur die polisie as spesiale konstabels ingesweer is om hulle tydens die 1925-oproer by te staan, drom hier saam. (foto: VPAB)*



*Gewapende polisie, met die bevelvoerder luitenant-kolonel G.S. de Beer voor, neem tydens die 1925-oproer stelling in. (foto: VPAB)*

land wou uitboender, weet hoe om hul dood te maak, bereid is om te sterf vir sy saak, dat stakings gepaard kon gaan met bloedvergieting en hy bereid was om eerste te sterf in die proses. Die wit advokaat vir die beskuldigde het dié getuienis fyngemaal as hoorsê en verwarrend sonder die nodige substansie. Elias is onskuldig bevind en ontslaan.

Ofskoon die ICU einde ten laaste uit die prentjie gelaat is om 'n skikking te bereik, het die organisasie se intimiderende en opruiende optredes in 'n sekere sin die loonstryd bevoordeel. Die leiers was besig met 'n fyn politieke spel om resultate te kry. Aan die een kant was daar die opruiende toesprake en opvallende dreigemente van 'n revolusie en geweld as hulle nie hul sin kry nie, net om weer te paai dat hulle nie geweld as 'n oplossing beskou nie en deur sinvolle debat tot 'n vergelyk wou kom.

Hierdie aanhoudende wisselende uitsprake tussen bloed en vrede het natuurlik die wit heersers en werkgewers ongemaklik en senuweeagtig, selfs skrikkerig vir 'n bloedbad soos die vorige jaar, gelaat. So kon dit stellig bygedra het om die wit werkgewers te dwing om die kwessie spoedig aan te spreek.

Bygesê, die swart betoog, uit watter kringe ook al, het meermale meriete gehad wat die wit werkgewers en leiers nie ontgaan het nie en meermale het hulle verkondig dat hulle begrip vir die swartes se stryd om hoër lone het en deeglik besef daar moes aanpassings wees. Terselfdertyd is vasgestaan dat daar nie aan buitensporige eise onder opruiende agiterende toestande gehoor gegee kon word nie omdat dit ekonomies net nie sin sou maak nie.

Hoe ook al, die swart leiers en werkers in Bloemfontein uit watter groepering ook al, se volhardende agitasie om beter lone en werksomstandighede ondanks etlike struikelblokke, het *Umteteli wa Bantu* in hierdie tyd tereg laat opmerk: "Bloemfontein has won fame as the venue of the Native fight for beter labour terms."

## Bronne


*Die Volksblad*, 8 en 10.2.1926.

Haasbroek, J. 200. Die rol van Henry Selby Msimang in Bloemfontein 1917-1922. *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein,* 16(3), Julie: 33-67.

Haasbroek, H. 2016. Die swart loonagitasie van 1926 in Bloemfontein. *New Contree*, 76, November: 171-192.

Haasbroek, H. 2016. Henry Selby Msimang en die loonagitasie van 1919 in Bloemfontein, *Indago*, 32: 119-131.

Le Roux, C.J.P. 1991. Die Bloemfonteinse oproer van 1925, *Contree*, 29, April: 24-29.

Mkhize, S.M. 2015. *Class consciousness, non-racialism and political pragmatism: Apolitical biography of Henry Selby Msimang*, 1886-1982. DPhil, Universiteit van die Witwatersrand.

Pretorius F. (red.). 2012. *Geskiedenis van Suid-Afrika – Van voortye tot vandag*. Kaapstad: Tafelberg.

*The Friend,* 8 en 9.2.1926.

*Umteteli wa Bantu*, 20.2.1926; 6.3.1926.

Vrystaatse Provinsiale Argiefbewaarplek: Argief van die stadsklerk van Bloemfontein (MBL) 1/1/1/23, Stadsraadsvergadering, 25.2.1926.

Vrystaatse Provinsiale Argiefbewaarplek: Argief van die griffier van die Hooggeregshof van Suid-Afrika (HG) 4/1/2/1/240, no. 124/1926, Supreme Court: King versus Simon Elias, 6 en 7.5.1926.

Wickens, P.L.1978. *The Industrial and Commercial Workers' Union of South Africa.* Kaapstad: Oxford.

# – 28 –
# GEMENGDE BAAIERY WÉÉR TWISPUNT IN 1927

In 1907 het aan die bo-punt van Wes-Burgerstraat Bloemfontein se eerste volwaardige munisipale swembad geopen. Dit was aanvanklik 'n oordekte bad en is later na die bekende swemafrigter Arthur Nathan vernoem. Gemengde baaiery is aanvanklik nie toegelaat nie, want baie inwoners het dit as onbetaamlik beskou. Dit sou vir etlike jare 'n warm besprekingspunt in die stadsraad en onder die inwoners wees totdat dit in 1913 algemeen goedgekeur is.

Aan die spreekwoord 'moenie slapende honde wakker maak nie' het dominee A.F. Louw, eerste predikant (1920-1928) van die Klipkerk, oftewel Bloemfontein-Noordgemeente, hom nie veel gesteur toe hy einde1927 burgemeester L.W. Deane besoek het nie. Die dominee het 'n ernstige versoek gehad: Belet gemengde baaiery en die gebruik van die swembad op Sondae.

Nadat dié kwessie 'n anderhalf dekade gelede behoorlik deurtrap is en die groen lig van die stadsraad gekry het, was Louw, sterk ondersteun deur sy groot gemeente en ander konserwatiewe inwoners, weer op die oorlogspad hieroor. As 'n man van statuur in die gemeenskap het sy versoek aandag geniet en die munisipale gesondheidskomitee het dit opgeneem. Dié komitee wou voorstel dat tye in die week vir gemengde baaiery ingeperk word en op Sondae heeltemal verbied word, terwyl afsonderlike swemtye vir die geslagte uitgebrei word.

Ofskoon dié punt op die stadsraadsagenda van 29 November 1927 was, is dit voor die tyd teruggetrek om belastingbetalers wat 'n ander siening as Louw verteenwoordig 'n kans te gee om ook hulle kant van die saak te stel. Nietemin het raadslid Bene van Rippen, 'n ywerige swementoesias, die geleentheid in die raad aangegryp om die geestelike leier, vir wie hy immers baie respek gehad het, en sy 'ou Boere-tipe' ondersteuners te vra om hulle neuse uit swemmers se sake te hou. As hulle dan die reg voorbehou om gemengde baaiery en Sondagswem as afskuwelik te beskou, het die raadslid voortgegaan, kon daar net sowel gekla word oor die harde gesingery van die gemeente op 'n Sondag. Hierdie ietwat opvallende lukrake tong-in-die-kies-opmerking deur Van Rippen het sterk teenkanting in die openbaar ontlok, is as onvanpas en vermetel afgemaak en sy geskiktheid as raadslid is openlik deur stoere kerkgangers bevraagteken.

Soos van ouds het 'n hewige debat en polemiek in die pers oor die aangeleentheid geheers, soms uiters bitsig. Behoudendes was van mening dat gemengde baaiery, veral dan op 'n Sondag, heeltemal ongeoorloof is en dat hierdie 'uitlandse nuwigheid' van mans en vrouens wat deurmekaar

swem getemper moes word. Dit blyk dat *Die Volksblad* met sy merendeels Afrikaner-lesers hom by hierdie groep geskaar het.

Diegene wat hulle aan die kant geskaar het van dié wat Sondagswem en gemengde baaiery voorgestaan het, het stellig aanklank gevind by die skrywe van S.R. Sapsford, eresekretaris van die Pirates-swemklub, se siening. Hy was van mening dat 'n klein groepie met bekrompe denke oor swem die vryheid van diegene wat swem ten volle onder alle omstandighede wou geniet, ontsê van hul regte. Hy sluit soos volg af: "I may say that to those who are evil-minded it matters not whether they be in the baths, tea rooms, streets or churches. Their outlook is the same. But to persons of sound, healthy and clean minds, I cannot see how mixed bathing is repulsive, and it would be a pity indeed if we were to be dictated to by a small portion of persons, mostly non-swimmers, who see evil in mixed bathing."

Hoe ook al, die twee partye – die dominee en sy ondersteuners aan die een kant en diegene wat Van Rippen en Sapsford se siening gehuldig het aan die ander kant oftewel 'die kerk en die swemmers' soos *The Friend* die stryd gedoop het – het mekaar, soms met venyn, sarkasme en katterigheid, in die openbare domein getakel. Dreigemente van fisiesege weld het ook nie uitgebly nie.

Eersgenoemde het gestaan by hulle standpunt dat gemengde baaiery 'n aanslag op morele waardes is en dat dit die menslike natuur van jongmense onnodig uitlok as die twee geslagte seminaak saam in 'n swembad is. Vir hulle was dit 'n uitgemaakte saak dat om op 'n Sondag te swem, onheilig is. Bowendien het die dominee die volste reg om sy standpunt namens sy gemeente te stel, is verder verklaar.

In laasgenoemde groepering was daar etlike meningsvormers wat die predikant nie ontsien het nie. Is bioskope waar gewaagde rolprente met moord- en slaapkamertonele vertoon word, 'n uitstappie om middernag na Naval Hill en pieknieks vêr buite die stad nie meer demoraliserend vir jongmense as gemengde baaiery wat onder behoorlike toesig plaasgevind het nie, is gevra. Toesighouers by die swembad kon getuig dat deur al die jare onbehoorlike gedrag uiters beperk was. Bekrompe en eenogige denke hoort nie tuis in dié debat nie, is verder gekap en die dominee, wat op die vooraand van aftrede is, saai onnodig onmin



*Dominee A.F. Louw*
*(foto: Klipkerk, Bloemfontein)*



*Lionel Nathan as burgemeester.*
*(foto: VPAB)*



*Burgemeester L.W. Deane*
*(foto:* Supplement to
The Friend*, 21.3.1946)*

en tweespalt in die samelewing, veral nou in die Kerstyd van liefde en vrede, terwyl hy hom eerder met sy kerksake moet besig hou. Daar is ook verklaar dat gemengde swem finansieel die lonendste vir die stadsraad is, die bedryf van die bad van so 'n aard moes wees dat dit swemmers verreweg moes bevoordeel, want dit is immers een van die gesondste en heilsaamste aktiwiteite. Die kerk kon tegemoet gekom word deur swemtye buite kerkdienste in te stel. Om saam- en Sondagswem uit te sonder as die oorsaak van die algehele morele verval van die samelewing, terwyl ander 'sondes' skotvry afkom, is pleinweg snert, is prontuit verklaar. Dan nog dié stekelrige opmerking: Sou die



*Op die voorgrond is die onderdak munisipale swembad (later bekend as die Arthur Nathan-swembad) wat in 1907 aan die bopunt van Wes-Burgerstraat geopen het. (foto: NM)*



*In 1925 is die Artur Nathan-swembad se dak verwyder sodat in die opelug geswem kon word. Op die agtergrond is die Klipkerk (Bloemfontein-Noord) duidelik sigbaar waar dominee A.F. Louw die eerste leraar was. (foto: NM)*

dominee dink dat om Sondae die swembad te sluit, hy meer kerkgangers en gepaardgaande meer geld vir die kerkkoffers gaan trek?

Op 5 Desember 1927 het die mansafdelings van die onderskeie swemklubs in die keldervlak van die Cecil-hotel saamgetrek om die stryd uit een mond aan te pak en 'n aksiekomitee te vorm. Aan die voorfront was vanselfsprekend Van Rippen, Lionel Nathan ('n vorige burgemeester) en A. Mackenzie, die sekretaris van die Vrystaatse Skermvereniging. As voorsitter het Nathan gepleit vir verdraagsaamheid en dat die opposisie se siening, geskoei op waarskynlik godsdiensbeginsels, gerespekteer moes word. Hy het niks verkeerd daarmee gesien met swem op enige dag nie, want dit was immers 'n godgegewe voorreg, veral vir armer inwoners wat nie see toe kon gaan nie. Daar is gevoel as daar nou toegegee word, tennis, rolbal en golf as sport weldra op Sondae ook verban sou word. Weliswaar is toegegee dat mededingende sport op dié dag ongewens is. Die komitee wat saamgestel is, is versoek om 'n rondetafel-gesprek met die gesondheidskomitee en kerke te volg waar hulle hul standpunte kon tuisbring.

Tydens die stadsraadsvergadering op 12 Desember 1927 het die hare gewaai oor die kwessie. Die burgemeester, L.W. Deane, het aangekondig dat die kwessie so geëskaleer het, dat die publiek onder die indruk was dat die stadsraad geheel en al teen gemengde baaiery is en dat Van Rippen die enigste held is wat 'n teenstem verteenwoordig, wat nie die geval was nie. Onthou, het hy die raad herinner, die kwessie was op die agenda, maar is nie in diepte bespreek nie omdat ander menings eers deur die gesondheidskomitee ingewin moes word voordat 'n voorstel weer aan die raad gedoen sou word. Van Rippen wat in die raad kwaai aangevat is oor sy sogenaamde uittartende en neerhalende uitlatings oor dominee Louw, het hom verontskuldig deur te sê dat hy agting vir die predikant het, hom beslis nie as fariseër uitgemaak het nie en net daarop uit was om die swemmers se standpunte heftig te verdedig deur onder andere ietwat gewraakte voorbeelde te gee.

Vervolgens het die gesondheidskomitee al die rolspelers se vertoë en besware in ag geneem en in die middel van die volgende jaar eers oor hierdie netelige kwessie terugvoering gegee. In 'n poging om die deursnee mens tevrede te stel, is 'n tydtafel aan die hand gedoen wat gemengde baaiery dwarsdeur die week, met die uitsondering van een middag en een aand vir dames en een middag vir mans alleen bevat. 'n Belangrike toegewing was dat gemengde baaiery ook vir Sondae buite kerktye sou geld, naamlik van 06:30 tot 09:00 en weer van 11:30 tot 13:00. Dié Sondag-reël het egter nie die pyp in die raad gerook nie en is as onvanpas, let wel nie as sondig nie, op die *Dag des Heren* voorgehou.

Die komitee moes herbesin, maar het met dieselfde besluit teruggekom wat toe aanvaar is.

## Bronne


*Die Volksblad*, 1 en 13.12.1927; 2.8.1928

Haasbroek, H. 2007. Die swembad-geskiedenis van Bloemfontein. *SA Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 21(1), Junie: 57-71.

Haasbroek, H. 2015. *Splinters en dorings uit die Rosestad se verlede*. Bloemfontein: SUN MeDIA.

Vrystaatse Provinsiale Argiefbewaarplek: Argief van die stadsklerk van Bloemfontein (MBL) 3/1/12, Burgemeestersverslag, 31.12.1907.

*The Friend,* 30.11.1927; 6, 7, 9, 10, 12, 13, 17 en 20.12.1927; 28.7.1928; 29.8.1928.

# - 29 -

# GEWIGTIGE BESLUIT: MOET KOEIE STAAN OF GAAN

*"Koeie moet nie uit die stad verban word nie, het die belastingbetalers gisteraand op die vergadering, wat vir die bespreking van hierdie saak gehou is, met 108 teen 45 stemme besluit. 'n Openbare stembus is egter geverg en sal in die loop van tyd gehou word."*

So het *Die Volksblad* berig nadat die betrokke byeenkoms op 25 Januarie 1928 plaasgevind het. Daar het al geruime tyd stemme opgegaan dat koeie, hetsy van privaat eienaars of melkerye, se verblyfreg in Bloemfontein getel is. Sedert Bloemfontein se ontstaan in 1846 as militêre pos en die geleidelike oorgaan tot hoofsetel van die republiek Oranje-Vrystaat in 1854 asook vir dekades daarna was dit die gebruik en reg van die inwoners om melkkoeie en ander mak diere en pluimvee op hul erwe aan te hou. Na die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) het die Britse bewind nie die toedrag van sake verander nie en na Uniewording in 1910 het Bloemfontein as hoofstad van die provinsie Oranje-Vrystaat die gebruik voortgesit.

Dié was toe 'n algemene gesig in die stad: Vroegoggend nadat die koeie wat nog by huishoudings aangehou is, gewoonlik slegs een, klaar gemelk was, is die koeie meermale in 'n trop deur veewagters straatlangs na die meentgronde gejaag. Saans is hulle weer teruggejaag na elke individuele huishouding en vol selfvertroue is in systrate direk na hul tuiste toe gewandel. Met die koms van melkerye na die oorlog het die koei-bevolking in die stad natuurlik stewig aangegroei.

Tong-in-die-kies kan gesê word dat koeie die 'vryheid van die stad' gehad het. Op hulle staproete na en terug van die meentgronde, asook hulle wandelings in die strate wanneer eienaars nie juis gepla is of hulle diere veilig op stal is nie, is menige inwoner se tuin vertrap en opgevreet, om nie eens van heinings te praat wat omgestoot is nie. Beesmis in die strate en onhigiëniese toestande met vlieë wat gelok word, was vanselfsprekend 'n algemene gesig.

Juis in 1918 het die Bloemfonteinse stadsraad en munisipaliteit 'n Vlieëweek-veldtog aangebied om die huisvlieg-vraagstuk daadwerklik aan te durf en ook onder die publiek se aandag te bring. Kundiges het lesings aangebied oor hoe om vlieë te bestry, skole het opstelwedstryde in dier voege aangebied, versoeke is gerig dat mis en vullis gereeld verwyder moes word, huisbewoners is aangemoedig om giftige lokaas uit te sit en die munisipaliteit het agterplase bespuit waar diere aangehou is.

In hierdie tyd het etlike inwoners openlik hul vingers na die melkerye in die stad as die groot bron van kwaad gewys. Daar is weer ernstig gepleit dat weggedoen moes word met koeie in die stad om die vlieëplaag te besweer.

Die kwessie het aangedrentel ondanks vertoë aan die plaaslike owerheid om daadwerklik in die verband op te tree en talle briewe het in die pers verskyn waarin inwoners hul misnoeë oor die situasie uitgespreek het. Eers tien jaar na die Vlieëweek-veldtog het die stadsraad tande gewys om by 'n oplossing uit te kom. Intussen het inwoners steen en been gekla oor koeie wat nie op stal gehou word nie, maar toegelaat word om dag en nag orals rond te wei en so tuine verniel het waar hulle dikwels gaan lê het vir die nag se rus.

'n Gegriefde inwoner het sarkasties die traak-my-nie-agtige koei-eienaars in Oktober 1926 in die pers aangespreek en uitgelig dat daar verskeie pragtige tuine in Yorkstraat en Milnerstraat is waar uitsonderlike rose, ander blomme en struike heerlike voedsel vir hul troeteldiere word.

Aanvanklik het die stadsraad dit oorweeg om doodeenvoudig 'n verbod op die aanhou van koeie in die stad te plaas en almal te verplaas na terreine buite die stad waar stalfasiliteite vir melkerye en koei-eienaars gevestig sou word. Die koeigetal in die hele munisipale gebied is op sowat 2 000 geskat, maar ander inligting het weer gedui op nege melkerye met 213 koeie en 275 een-koei-eienaars in die stad wat dit op minder as 500 geplaas het.



*So het Maitlandstraat in 1928 daar uitgesien toe koeie steeds in die stad aangehou kon word. (foto: VPAB)*

So eenvoudig was die kwessie egter nie. Om hierdie dekade lange reg en gevestigde gebruik oornag te verwyder sonder om inwoners te raadpleeg, so het die stadsraad gevoel, sou 'n onsimpatieke daad wees en kon trouens op verwoede weerstand uitloop. Die raad wou so tegemoetkomend as moontlik optree.

Die openbare gesondheidskomitee voor wie die saak gedien het, het in 1927 aan die stadsraad voorgestel dat koeie voortaan nie in die stad toegelaat sou word nie, maar dat bestaande lisensiehouers kon voortgaan totdat hulle lisensies verval. Van die stadsraadslede was nie hiermee tevrede nie, want so sou die probleem nog vir enkele jare voortduur en klagtes van diskriminasie was nie uitgesluit nie – jou buurman mag steeds 'n koei aanhou, maar jy nie!

Die anti-koei-in-die-stad-brigade het nie doekies omgedraai nie: "The real point was that if they wanted to get rid of the nuisance they must go the whole hog." Daar is besluit om die kwessie eers weer met rolspelers en belangstellendes op te neem. Dit blyk dat die openbare mening, ondersteun deur *The Friend*, hieroor al hoe meer vertolk kon word as dat die enigste oplossing, nieteenstaande die koste daarvan, sou wees om alle koeie in die stad te verbied en sodoende sou die vlieëplae, onhigiëniese toestande en die belemmering van verkeer in die strate onder beheer gebring word. Terselfdertyd sou dit Bloemfontein se aansien as progressiewe stad benadruk. Vir geen oomblik is daar gedink dat almal genoeë daarmee sou neem nie en die owerheid het sterk teenstand verwag.

Die stadsraad het toe met die volgende voorstel vorendag gekom: Koeie word voortaan verbied in die stad en binne twee jaar moes alle koeie uit die stad verwyder wees na meentgronde buite die stad waar aanvaarbare higiëniese geriewe geskep sou word om hulle op stal te sit en te melk. Aangesien die stadsraad 'n lening van £3 000 sou moes aangaan om sy koei-verskuiwingsplanne in werking te stel, het die stadsraad volgens regulasies nie 'n ander keuse gehad as om 'n openbare vergadering vir belastingbetalers op 25 Januarie 1928 te hou waartydens so 'n lening deur hulle goedgekeur moes word nie. Hierdie fondse was geoormerk vir melkerye se ongerief en kostes om te skuif en koei-eienaars te help om lenings teen billike rente te bekom om hulle buite die stad op munisipale gronde in te rig.

Teen hierdie tyd was die algemene verwagting dat melkerye sou instem om uit die stad pad te gee, maar dat die talle privaat koei-eienaars verwoed gaan teëskop. Dit was 'n geval van burgerlike vooruitgang en welvaart vir die stad en die aflegging van die ossewajare in die hoofstraat aan die een kant en aan die ander kant persoonlike belange en gerief van 'n melkkoei voor jou deur.

Wil hulle vasklou aan die tradisie van dorp en die Victoriaans era, het *The Friend* aan Bloemfontein gevra, of wil hulle 'n moderne stad skep? 'n Oproep is in dié koerant gedoen dat belangstellendes en beswaardes na die voorgestelde vergadering moes opruk om die talle inwoners in die teenkamp te troef. Die stadsraad was so te sê in volle sterkte op die verhoog: Burgemeester L.W. Deane, onderburgemeester J.S. Franklin, T. Connor, J.B. Dersley, E.M. de Beer, R.C. Streeten, D. Thomson en B. van Rippen, asook S. Fawcett Peck (stadsklerk), W. Lunn (stadsingenieur) en J. Towy-Thomas (stadstesourier).

Die voorstanders van koeie in die stad het die dag met 108 teen 45 stemme gewen en boonop 'n openbare stembus oor die kwessie afgedwing. Franklin (hy is nog dieselfde jaar as burgemeester aangewys) wat 'n groot dryfkrag agter die verbanning van koeie uit die stad was, het tevergeefs al die nadele uitgewys. Selfs die kompensasieboei wat die stadsraad aangebied het sonder dat hy daartoe verplig was, het nie beïndruk nie. Die wenkamp het daarop gewys dat melkerye groot baat daarby sou vind, maar hulle voordeel van lenings teen billike rentekoerse was maar skraps. Verder is gesê dat veral by armer gesinne 'n koei op die erf broodnodig is om kinders te voed, dit volgens die regsmening wat hulle ingewin het geen uitgemaakte saak is dat die stadsraad by magte is om eensydig in die geval op te tree nie, ander stede in die land nog nie die weg gevolg het nie, die vlieëplaag oordryf word en stiller strate geoormerk kon word om veeverkeer te dra sonder 'n beslommernis vir ander.

Daar was ook navraag gedoen omtrent perde in die stad. Op die aanklag dat die koeie tuine verniel, het sommige gevoel daar is nie 'n aanvaarbare verweer nie, terwyl ander weer daarop gewys het dat as munisipale inspekteurs hulle werk na behore doen, ronddwalende



*Op hierdie foto van die stadsraad (1928-29) met J.S. Franklin wat toe reeds as burgemeester aangewys is, is heelwat van die raadslede en munisipale amptenare te sien wat die koei-kwessie, asook heelwat ander belangrike stadsake, in hierdie tyd beleef het. Heel voor van links: W.B. Donaldson (opsigter) en J.P. Gow (brandweerhoof); sittende van links: E.M. de Beer, L.W. Deane, J.S. Franklin, S. Harris, D.D.C. Murray en net hande sigbaar, J.Towy-Thomas (stadstesourier); agter: Kaptein H.E. Graham (distrikskommandant), W.S. Lunn (stadsingenieur), dokter W.A. Berry (stadsgeneesheer), J. Reid, S. Fawcett Peck (stadsklerk), J.C. Cooper (lokasiesuperintendent), T. Connor, H.J. Steyn, R. Macaulay (elektriese stadsingenieur), W.H. Boshoff en J.B. Dersley. (foto: VPAB)*

koeie en onhigiëniese stalle wat plae lok daadwerklik aangespreek kon word. Verder is ook opgemerk dat as amptenare nou so laks is, hoe bedremmeld sou dit dan nie gaan as stalle en melkerye enkele kilometers buite die stad geleë is nie.

Stemdag op 14 Februarie het nie die prentjie verander nie. Slegs 'n teleurstellende een derde van die stemgeregtigde inwoners het van hulle laat hoor. Koei-eienaars en hul simpatiseerders en vriende het 'n sterk blok gevorm deur met 350 teenoor 207 stemme weg te stap.

Klagtes het sporadies voortgegaan, soos hierdie een van *Exasperated* in *The Friend* van 26 Junie 1928: "A cow breaks into my garden, and after fortifying herself with a meal of stocks, young sweet peas and the like, and dancing over my newly-established bed of pansies, somehow succeeded in bringing down an aerial pole with an almighty crash." Het belastingbetalers wat geen koeie besit nie, dan geen regte nie, vra hy dan gebelgd in sy brief en gee as oplossing dat hierdie oortreders voor die voet geskiet moes word.

Die status quo is dus behou en eers heelwat later het koeie se voetspore in die stad finaal verdwyn. In Mei 1930 is darem 'n regulasie aanvaar dat een-koei eienaars moes sorg dat geen woonhuis of plek waar voedsel geberg word nader as nege meter van 'n stal moes wees nie.

# Bronne


*Die Volksblad*, 28.1.1928.

Grosspopf, J.F.W. 1946. Herinneringe uit die vroeë jare van Bloemfontein. *Die Volksblad* (Eeufees-bylae), 22 Maart: 12-13, 16.

*Offisiële Koerant van die Provinsie Oranje-Vrystaat*, 3.2.1928; 2.5.1930; 6.11.1930 .

Schoeman, K.1980. *Bloemfontein – Die ontstaan van 'n stad 1846-1946*. Kaapstad: Human & Rousseau.

*The Friend,* 28.10.1926; 2.11.1926; 29.7.1927; 5.8.1927; 16.11.1927; 12, 24, 26 en 27.1.1918; 11, 14 en 16.2.1928; 26.6.1928.

# – 30 –
# WÊRELDBEKENDE LUGVAARTPIONIER VAN LEAR BLACK LAND IN BLOEMFONTEIN IN 1929

By Bloemfonteiners sal daar dalk ’n klokkie lui as oor die geskiedenis van lugvaart gepraat word en die naam John Weston opduik, maar waarskynlik nie Van Lear Black nie. Lugvaart is so oud soos die berge self. Ofskoon lugvaart al sedert die 1780’s op een of ander wyse beproef is, word die eerste gedokumenteerde, bemande, enjin-aangedrewe, volgehoue en beheerde vlug, dit wil sê die eerste ware vliegtuigvlug, op die Amerikaanse broers Orville en Wilber Wright vasgepen wat so ’n tuig ontwerp en gevlieg het. Die datum was 17 Desember 1903 en die plek was die duine naby Kitty Hawk aan die Amerikaanse ooskus. Die vlug het ’n volle 12 sekondes geduur.

Sedert 1909 het vliegtuie hul verskyning in die Suid-Afrikaanse lugruim begin maak. Op 13 September 1911 het Bloemfontein kennis gemaak met hierdie uitvindsel toe John Weston, die Suid-Afrikaanse ingenieur, vliegtuigvervaardiger en lugvaartpionier van Brandfort, ’n vliegdemonstrasie kom gee het. Bykans 5 000 belangstellendes het hom en sy Bristol Biplane by die perdewedrenbaan kom besigtig. Dit het plaasgevind waar die woonbuurt Universitas vandag geleë is. Weens sy baanbrekerswerk is die eretitel ‘Grootvader van die lugvaart in Suid-Afrika’ aan hom gegee.

As in ag geneem word dat eers teen 1929 vliegtuie van Union Airways op pad tussen Port Elizabeth en Johannesburg op Tempe-lughawe agter Grey-universiteitskollege (vandag die Universiteit van die Vrystaat) begin aandoen het, is dit te verstane dat die Amerikaanse burgerlike lugvaartpionier en koerantmagnaat Van Lear Black (1875-1930) se landing in dieselfde jaar in Bloemfontein steeds groot belangstelling sou wek.

Black is in Cumberland, Maryland, gebore en was deel van ’n welgestelde familie en het uit eie reg vir homself ’n fortuin opgebou. Hy was as skatryk sakeman en bankier onder andere die direkteur van die Consoldation-koolmaatskappy en uitgewer van *The Baltimore Sun*. Sy belangstelling was vliegtuie en hy het ’n fortuin spandeer aan burgerlugvaart deur vliegtuie te huur, te bou of vir sy vliegmaatskappy aan te koop. Nie soseer as vlieënier nie, maar as passasier het hy wêreldwyd saamgevlieg sodat beweer is dat hy in sy tyd die meeste myle as passasier as enigiemand anders afgelê het.

In 1929 het Black van Londen na Suid-Afrika en terug in sy nuwe Wright Whirlwind Fokker, die *Maryland Free State*, gereis. Groot opgewondenheid het in Bloemfontein geheers toe verneem word dat hy moontlik op Vrydag, 6 Maart 1929, die stad sou aandoen op sy vlug van Pretoria na



John Weston *(foto: NM)*

Kaapstad. Dit sou saamval met 'n vliegweek vir Bloemfontein, want op dié dag was daar ook 'n vertoning van die Royal Air Force (RAF) wat vanaf Pretoria gearriveer het. Die Unie-verdedigingsmag het juis kort tevore die hele Bloemfonteinse vliegveld opgeknap sodat vliegtuie gemakliker kon land. Selfs 'n petrolpomp is aangebring en dit sou nie meer nodig wees om blikke met petrol na die vliegtuie aan te karwei en met 'n tregter in te gooi nie.

Oor die toestand van die vliegveld het 'n verslaggewer van *Die Volksblad* toe opgemerk: "Met die motor het ons teen 'n snelheid van veertig myl deur die veld gery sonder om 'n stampie of 'n stootjie te voel. Die gras word uitstekend kort gehou."

Ofskoon die belangstelling vanselfsprekend nie so oorweldigend was soos met die Weston-vliegdemonstrasie nie omdat die samelewing al hoe meer vertroud met die vliegkuns geword het, het etlike honderde inwoners tog hul weg na die vliegveld gevind om alles te kon aanskou.

Met militêre presisie het die RAF-vliegtuie ingekom om te land. Teleurgesteld sou toegekyk word hoe Black se groot Fokker-eendekkkervliegtuig laag oor Bloemfontein vlieg sonder om te land. In sy verskoning het Black waarnemende burgemeester L.W. Deane bedank vir sy noenmaal-uitnodiging, maar tydsbeperkinge het hom genoop om verby te hou. Daar is 'n sprankie hoop, het Black laat weet, dat sy vlieëniers bereid is om met die terugtog kortstondig hier te stop.

Dit het toe gebeur op 8 Maart 1929, net na 13:00. Bloemfonteiners, wie se ongeveer 90 motors en 'n swetterjoel motorfietse aan die een kant van die Tempe-vliegveld opgedam het, het 'n swart spikkeltjie teen die blou lug in die suide gewaar. Bloemfontein wou pronk met sy vliegklub en dat hulle die kapasiteit het om die besoekende vliegtuig uit welwillendheid tegemoet te vlieg en na die landingstrook te vergesel. 'n Senuagtige loods van die Moth het na die vliegtuig genael, ingespring en oopgelê om betyds in die lug te wees. Die vorige dag het Len Oates juis amptelik hierdie Moth-vliegtuig van hom aan die Bloemfonteinse vliegklub oorhandig sodat 'n permanente loods pretvliegritte vir die publiek oor die stad kon aanbied of andersins sakemanne na vêr afgeleë bestemmings kon vervoer.



*Van Lear Black (foto: VPAB)*

Blykbaar het die 'groot broer uit Amerika' hom nie gesteur aan hierdie vriendskapsbetuiging van die Moth wat "soos 'n tinktinkie om 'n uil probeer het om gelid te kry". Doodsekuur is genader, 'n sierlike draai oor die vliegveld gegooi en daar is netjies neergestryk. Vlak teen die wagtende skare is stilgehou. Black en sy geselskap het vanuit die reisigersalon van die *Maryland Free State* gestap om vars lug in te asem en bene te rek, terwyl die warm reuk van Shell-bensien oor die vliegtuig gehang het.

Omring deur al die nuuskieriges – daar is gesê mens kon in sy oë sien dat hy dink Suid-Afrikaners is uitermatig gasvry, of nuuskierig – het Black burgemeester Deane se uitnodiging na 'n hotel-ete weereens vriendelik van die hand gewys, want afsprake wag in Pretoria. Sonder om aanstoot aan die hoëlui van die stad gegee, het die Amerikaanse koerantbaas en miljoenêr tyd ingeruim vir sy beroepsgenote oftewel die pers, asook ander omstanders wat ongeduldig rondgemaal het om 'n woordjie in te kry. Op die vrae oor die doel van sy besoek aan Suid-Afrika het hy geantwoord dat hy graag die land wou besigtig, maar terselfdertyd bewys dat dit moontlik is om handelsvlugte oor lang afstande af te lê.

Na 'n besoek van 'n skamele halfuur het die vliegtuig weer in die hemelruim verdwyn ...

Die volgende jaar het Black omgekom toe hy in die see verdrink het. In 1921 het hy die




*Len Oats (derde van links) skenk sy Moth-vliegtuig aan die Bloemfonteinse vliegklub en dit word as die 'Oranje' met sjampanje gedoop deur 'n onbekende vrou. Langs hom staan stadsraadslid E.M. de Beer wat van 1 April 1930 tot 31 Maart 1932 burgemeester van die stad was. (foto: VPAB)*

*USS Sabalo* aangeskaf en as plesierboot omskep. Hy het die gevaarlike gewoonte gehad om op die agterste reling te sit en rook. Wat gevrees is, het blykbaar gebeur – die man het afgetuimel. Na 'n vergeefse soektog het net sy pet op die New Jersey-strand uitgespoel.

Sedert die gebeure in 1929 het Bloemfontein aansienlik begin vordering maak op die lugvaart-terrein. Met sy besoek aan die stad teen einde Mei 1929 het kaptein P.L. Lindup, sekretaris van die Burgerlike Lugvaartraad van Suid-Afrika, die toestand van die plaaslike Tempe-lughawe aangeprys, maar terselfdertyd daarop gewys dat dit vergroot sou moes word om internasionale lugvaartverkeer te kon dra. Die volgende jaar het die gebrek aan genoegsame ruimte om groot Fokker-passasiersvliegtuie sonder gevaar te laat land al hoe meer begin opklink. Die stadsraad het dus in Oktober 1930 besluit om die Tempe-vliegveld te vergroot.



*Die Moth-vliegtuig van die Bloemfonteinse vliegklub maak inderhaas gereed vir opstyging om die Black-geselskap in hulle Fokker-vliegtuig in die lug te gaan ontmoet. (foto: VPAB)*



*Van Lear Black en sy geselskap verlaat Bloemfontein op 8 Maart 1929 in sy Fokker-vliegtuig nadat hulle slegs vir 'n halfuur op die Tempe-vliegveld geland het. (foto: VPAB)*



*Die Tempe-lughawe in die agtergrond met die Universiteit van die Oranje-Vrystaat op die voorgrond in die 1950's. (foto: NM)*

In 1936 is 'n nuwe diens vir Bloemfontein deur die pasgestigte Suid-Afrikaanse Lugdiens (SAL) ingestel met vliegtuie wat sewentien passasiers sowel as lugpos tussen Kaapstad en Johannesburg vervoer het. Op 17 September 1960 het die eerste Boeing 707 op Bloemfontein se nuwe JBM Hertzog-lughawe (Bram Fischer Internasionale Lughawe) aan die oostekant van die stad geland.

## Bronne


Büttner, H. & Claassen, G. (reds.). 2010. *Goed om te weet – Mense, plekke, gedagtes en gebeure wat saakmaak*. Kaapstad: Tafelberg.

*Die Volksblad*, 5 en 9.3.1929.

Grobbelaar, A. 2003. 'n Eeu met vlerke: Lugvaart vier fees. *Volksblad*, 16 Desember: 8.

Harrison, I. & Joyce, P. (samest.). 2005. *Die boek van eerstes*. Johannesburg: Jonathan Ball.

Malan, P. 2003. 100 jaar met vlerke. *Rapport*, 14 Desember: 14.

Oberholzer, H. 1981. *Pioneers of early aviation in South Africa*. Bloemfontein: Nasionale Museum.

Schoeman, K. 1980. *Bloemfontein – Die ontstaan van 'n stad 1846-1946*. Kaapstad: Human & Roussseau.


*The Friend,* 7.3.1929; 25.5.1929; 28 en 31.10.1930; 2.4.1936.

Van Lear Black: https://en.wikipedia.org/wiki/Van_Lear_Black (26.1.2016).

– 31 –

# 'N KABELSPOOR VIR NAVAL HILL

'n Kabelspoor vir een van Bloemfontein se bekendste bakens, Naval Hill wat die Franklin-natuurreservaat vorm, alla Tafelberg s'n, is in wording. Dit sal volgens beplanning strek vanaf die historiese pompstasie en reservoir aan die voet van die heuwel naby die ingang van die Franklin-natuurreservaat op na die Edge-restaurant. Alles daarop gemik, volgens die rolspelers, om Naval Hill en sy reservaat met sy aantal wild as sodanig te ontwikkel tot voordeel van al die metrobewoners en as toeriste-bestemming – hopelik sonder om die bewaring van dié natuurgebied in te boet. As natuurreservaat, of wildreservaat soos dit ook genoem word, is dit nogal bekend omdat dit een



*Naval Hill op die agtergrond, voor is die Vierde Raadsaal in die 1930's. (foto: VPAB)*

van die min reservate as sodanig wêreldwyd is wat in die middel van 'n stadsgebied voorkom. Dit is nie die eerste keer dat hierdie plan op die tafel beland het nie.


Terloops, die heuwel, eens Bloemfonteinberg, Tafelkop of Platberg genoem, se naam spruit uit die Britse vlootbrigade en vlootkanonne wat na die besetting van die stad tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) hulle intrek hier geneem het om die stad te beskerm. Barakke van hout en sink het die lig gesien. Na die oorlog sou die Britse garnisoen op Naval Hill, waar 'n klein militêre nedersetting posgevat het, nog sowat 11 jaar in Bloemfontein gestasioneer wees. Die Franklin-reservaat op Naval Hill, wat op 2 Oktober 1930 amptelik deur die goewerneur-generaal, die graaf van Athlone, geopen is, is vernoem na 'n eertydse burgemeester en stadsraadslid, J. Stuart Franklin, wat hom daarvoor beywer het.



*Dokter Otto Krause senior (foto: NM)*

Reeds in 1931 het die bekende geneesheer van Bloemfontein, dokter Otto Carl Heinrich Krause senior (1852-1941), wat ook groot boerderybelange gehad het en in 'n stadium die oudste praktiserende arts in Suid-Afrika was, wysheid in pag gehad om idees oor Naval Hill neer te pen. Hy was lid van 'n Duitse familie wat diep spore in die Vrystaat getrap het. So het sy pa, dokter Carl Johann Gottlieb Krause, wat hom in 1854 in Bloemfontein gevestig het en waar hy vir 'n geruime tyd die enigste geneesheer was, 'n groot praktyk opgebou en 'n welgestelde man geword, terwyl hy 'n verbasende aktiewe rol in openbare sake gespeel het.

Dokter Otto Krause was bekend as 'n eksentrieke geneesheer van die ou skool en as vername inwoner het sy openbare sienings nogal gewig gedra. Daar word vertel dat toe hy glo die leerlinge van die Meisieskool Oranje tydens 'n witseerkeel-epidemie moes ondersoek, hy die koorspen partykeer ongeërgd aan sy lapel afgevee het en die ontsmettingsmiddel vir die doel geïgnoreer het. Skoonvee is net so goed, sou hy gerusstellend opmerk.



*J. S. Franklin toe hy burgemeester was. (foto: NM)*

In sy meningsbrief, wat op 11 Junie 1931 in *The Friend* verskyn, sal sy eerste voorstelle waarskynlik veral hedendaagse natuur- en omgewingsbewustes warm om die kraag hê. Bloemfontein is vanweë sy ligging en droë klimaat bekend as 'n uitstekende plek en gesondheidsoord vir diegene wat met longkwale sukkel, skryf hy. Dus, hierdie berg met sy plat top is die ideale plek vir kommersiële uitbreidings, die paar diere kan sommer dieretuin

toe gestuur word. 'n Nuwe woongebied ('n idee wat nogal uit ander oorde ook in die loop van die jare geopper is) met 'n sanatorium vir die hoestende en proestende, hotelle, losieshuise en restaurante moet die in-ding wees, was die dokter se visie.

Eers dan kom Otto Krause by sy blink idee van 'n kabelspoor. Daar is weliswaar 'n goeie pad op boontoe, maar wat nodig is, is 'n vinniger verbinding en wat is beter as 'n kabelspoor, skryf hy verder. Volgens hom stroom mense na Kaapstad om Tafelberg se kabelspoor te geniet. As Bloemfontein iets soortgelyks kan aanbied, kan die stad net baat daarby vind, want van oraloor in Suid-Afrika sou daar ondersteuning wees, aldus Krause.

Ferdinand Israel, waarskynlik lid van die Duits-Joodse Israel-familie wat veel vir die kultuurlewe van Bloemfontein beteken het en die eerste kamerorkes in die stad gevorm het, het hom twee dae later sterk in die openbaar ten gunste van die dokter se voorstelle uitgespreek. 'n Kabelspoor sal nuwe lewe in die stad blaas, het hy op sy beurt geskryf. Hy verwys na die 2de Norfolk-regiment met sy sowat 2 000 manskappe wat op Naval Hill gestasioneer was en wat beskou is as die gesondste vesting in die ganse Britse Ryk. Terselfdertyd kap hy die stadsraad dat hulle so kortsigtig was om van al die strukture, waaronder 'n drilsaal, skool, elektrisiteit- en watervoorsiening, mee weg te doen – dit sou verreweg die beste gewees het as Naval Hill in 'n gesondheidsoord ontwikkel word in plaas van 'n sogenaamde wildreservaat.

Die Krause-voorstel van 'n restaurant het ook nou na al die jare uiteindelik gerealiseer met die Edge-restaurant wat teen die heuwel gebou is met 'n uitsig oor die stad, alhoewel die restaurant in dié stadium leegstaan as gevolg van die gesloer van amptenary.

## Bronne

Botes, M. 2004. 'n Naval Hill in Bloemfontein?. *Culna*, 59, November: 304.

Haasbroek, H. 2015. Kabelspoor vir bekende Naval Hill kom van vêr. *Volksblad*, 8 Desember: 7.

*The Friend*, 3.10.1930; 11.6.1931; 26.8.1939.

## – 32 –

# STADSRAADSLID DERSLEY EN DIE LUSERN-DEBAKEL VAN 1932

Vandag gebeur dit sporadies dat in die milieu van die munisipaliteite beskuldigings van tenderbedrog, geldwassery, rugstekery en wanadministrasie opduik. Meermale is daar verwoede pogings om alles toe te smeer. Of, as verdoemende bewyse opstapel tot die laaste druppel bloed alles te ontken en helaas tou op te gooi, maar met die hoop op 'n goue handdruk sodat uitmergelende en duur hofsake vermy kan word.

'n Nietige ordonnansie-oortreding in 1932 van 'n skamele £4 (sowat R80 vandag) het daartoe gelei dat 'n geëerde stadsraadslid se strewe om burgemeester te word op die vooraand daarvan deur die mat sou val.

Tydens die sogenaamde lusern-skandaal van daardie jaar, wat aanvanklik beskou is as 'n groot bohaai oor niks, het dit tot sodanig toegeneem dat dit vir weke hoofnuus was. Dit was gekenmerk deur 'n warboel van ontkennings, weersprekings, beskuldigings, watertrap en moddergooiery.

Betrokke in dié geval was die bekende raadslid James Bernard Dersley (1878-1938). Hy was 'n boorling van Grahamstad wat in 1910 hom saam met sy gesin in Bloemfontein gevestig het. Hy het met sy sterk Christelike en behoudende waardes sedert 1925 vir nagenoeg 13 jaar as 'n stadsraadslid deel in die vooruitgang van die stad gehad.

Einde Maart 1932 is hy, nadat hy die vorige twee jaar onderburgemeester was, op 'n koukusvergadering van die stadsraad as die nuwe burgemeester aangewys en sy diensaanvaarding sou op 1 April begin.

Toe bars die bom! Op 31 Maart 1932 onthul *Die Volksblad* "MNR. DERSLEY WORD NIE BURGEMEESTER NIE" – as gevolg van 'n lusern-debakel. Die volgende dag is dit met verdere inligting opgevolg.

Sy 'sonde', het die pers dit uitgeblaker, was dat hy die vorige jaar as 'n kommissie-, assuransie- en produkte-agent 'n kontrak met die stadsraad gehad het vir die lewering van 268 bale lusern. Dit was, nadat ander tenders sommer per telefoon bekom is en wat blykbaar in daardie jare aanvaarbaar was, glo die laagste tender en gerieflik onmiddellik beskikbaar. Dit het die deurslag gegee vir die Dersley-kontrak met die munisipaliteit. Die bedrag ter sprake was meer as die toegelate voorskrifte.



*Burgemeester J.B. Dersley (foto: NM)*

Die munisipale ordonnansie nommer 11 van 1925, seksie 9, stippel uit dat geen stadsraadslid direkte of indirekte belange by 'n kontrak met die raad mag hê wat meer as £30 per maand beloop nie. 'n Raadslid wat in die geval oortree, sou *ipso facto* sy setel verbeur. Die straf was £50 boete en by versuim tronkstraf van hoogstens drie maande met of sonder dwangarbeid.

Dersley s'n het meer as dit beloop, in der waarheid slegs £4 meer. Wat toe gebeur het, is dat die aankoper en voorradebeampte/pakhuisopsigter, P.S. Golding, na aanleiding van een rekwisissienommer, nommer 3507, twee bestelvorms gelewer het vir die enkele Dersley-faktuur van £34 wat voorsien is. Daar is gereël dat dit oor twee maande teen £17 betaal sou word, maar weliswaar nie op aandrang van Dersley nie.

Golding het blykbaar gehoop deur twee bestelvorms in te dien, die saak sou verbyglip. Dít, het hy verklaar, was om Dersley te beskerm oor die geringe oortreding, hoewel hulle hom gewaarsku het hy oortree die reëls. In 'n poging om die optrede te regverdig, is daar geskerm dat dit ook, waarskynlik om die skyn te bewaar van 'n wettige transaksie, in twee aflewerings gedoen is – bygesê, beide het op dieselfde hoop in 'n stoorkamer gelê.

Met betaling het die stadstesourier, J. Towy-Thomas, dit opgetel en was nie tevrede met die toedrag van sake nie. Hy het die saak nagespeur en stalmeester E.S. Davies en Golding uitgetrap dat hul die transaksie op hierdie ietwat onetiese wyse hanteer het. Hy het egter besef Dersley is in die knyp oor 'n onbeduidende ding. Die stadstesourier het die kwessie met die voorsitter van die finansiële komitee, raadslid L.W. Deane, opgeneem, terwyl dit ook onder die aandag van die uittredende burgemeester, E.M. de Beer, en die ouditeur vir plaaslike bestuur, W.F. du Toit, gebring is.



*Stadstesourier J. Towy-Thomas (foto: NM)*

Hierdie betrokkenes van die munisipaliteit het klaarblyklik gevoel dat dit gedane sake was en geen doel sou dien om oor so 'n nietige oortreding 'n bohaai op te skop en stellig Dersley se raadsposisie in gevaar te stel nie. Blykbaar het hulle toe, om dit eenvoudig te stel, uit die goedheid van hul hart besluit om die gebeure oor te sien.

Hierna het Towy-Thomas vir Dersley ingelig oor die situasie en dat hy, met dié dat die munisipale aankoper reeds twee bestelvorms gelewer het, eerder twee fakture moes lewer en

die ander terugtrek sodat 'n betaling van £17 per aflewering betaal kon word. Dit is op 22 September en 9 November 1931 gedoen. Geen verduideliking kon gegee word hoekom so lank uitmekaar nie, behalwe dat die betaalklerk na die eerste betaling blykbaar daarvan vergeet het.

Hierdie gebeure het dus in die laaste maande van 1931 afgespeel en daar is aangeneem geen haan na so 'n onbenulligheid sou kraai nie – toe nie! Bloemfontein is op 31 Maart 1932 geruk met die openbaarmaking daarvan en die vet was in die vuur. Al die openbare figure betrokke was in 'n ongemaklike posisie en Dersley was woedend. Hy is immers, volgens hom, die versekering gegee dat die kwessie deur die verantwoordelike hoë openbare lede uitgesorteer is, nadat hy hulle verseker het dat hy nie opsetlik in die transaksie gehandel het nie en dat sy bona fides nie bevraagteken is nie.

Dieselfde dag toe die berig verskyn het, is Dersley nog inderhaas saam met die burgemeester en Towy-Thomas na administrateur C.T.M. Wilcocks om die kwessie te bespreek. Daar is waarskynlik gehoop dat as alles wel sou dui op 'n wetsoortreding, die administrateur, nadat die stadsraad met 'n driekwart meerderheid die kwessie as 'n tegniese mistasting kon afmaak, kwytskelding



*Administrateur C.T.M. Wilcocks (links) in ernstige gesprek met die goewerneur-generaal van Suid-Afrika, die graaf van Clarendon. (foto: VPAB)*

volgens sy bevoegdhede kon verleen. Die administrateur het egter te kenne gegee dat die aangeleentheid eers langs die gewone amptelike kanale voor hom gebring moes word voordat hy amptelik kon reageer.

Nietemin is toe amptelik aangekondig dat die provinsiale owerheid vir eers besluit het om Dersley te ontsetel. Dersley sou later daarop wys dat die administrateur van die rekord af vir hom lakonies gesê het dat hy 'n ware vriend moes hê wat hom so in die rug kon steek op die laaste nippertjie.

Die feit dat Dersley, die burgemeester en die stadstesourier reeds etlike maande tevore bewus was van die toedrag van sake, het alles vanselfsprekend ingewikkelder gemaak. Met Dersley se voorgenome burgemeesterskap vir eers aan skerwe, is De Beer benoem as waarnemend in die amp tot tyd en wyl.

Hierdie gebeurtenis het egter 'n kinkel in die kabel: In hierdie heersende verwikkelinge rondom die lusern-transaksie, het dit aan die lig gekom dat die burgemeester en Dersley kort voor alles op die lappe gekom het, 'n naamlose getikte afpersingsbrief van *Three Straight Men* ontvang het. Hierin het hulle gedreig om die lusern-skandaal openbaar te maak as hy dit sou waag om bo sy gewone posisie as raadslid sou wou uitstyg om onder andere burgemeester te word.

Die brief was kras bewoord. Hy is daarvan beskuldig dat hy sy invloed misbruik sodat sy seuns goeie betrekkinge kry asook om gunste en gawes by die mark af te dwing. Hierdie 'Joburg'-gewoontes moes stop, is hy gewaarsku. Daar is afgesluit met 'n dreigement: "It will be a beautiful scandal for Bloemfontein." In die naskrif is verder derms uitgeryg – twee munisipale amptenare (waarskynlik Golding en Davies) kan die lusern-storie bevestig, is geskryf, want hulle het nie ooghare vir skelms nie: Bly 'n gewone raadslid sodat jy nie verder skade doen nie, anders gaan jy uitgegooi word. Dit is nie onwaarskynlik dat die naamlose groep die storie aan die pers deurgegee het toe Dersley hom nie aan die dreigement steur nie.

Toe die stadsraad op 2 April die Dersley se lusern-kwessie bespreek en hy geleentheid gehad het om sy weergawe te vertel, het dit geblyk hy eerlik en te goeder trou gehandel het. Dersley het op dié vergadering beweer dat toe hy die vorige jaar in kennis gestel is van die oorskryding van die toegelate bedrag, hy alles in sy vermoë gedoen het om dit reg te stel. Hy is egter, volgens hom, gerusgestel dat dit so 'n onbenullige aangeleentheid is dat die tesourier en die ander hooggeplaastes wat kennis gedra het van die saak nie die administrateur, wie se ingryping hy verlang het om die kwessie te besleg, daarmee wou pla nie.

Stadsraadslede wat tot hede niks van die saak geweet het nie, het die burgemeester en die ander betrokkenes verkwalik dat hulle dit geheim gehou het om Dersley te beskerm en dat hulle in werklikheid medepligtig aan die oortreding was. Met 'n meerderheid van stemme is besluit op 'n administrateursondersoek en nie deur die raad self nie omdat dit te partydig kon wees. So 'n formele ondersoek oor die kwessie sou die administrateur immers kon laat besluit om hom in sy posisie te herstel al dan nie.

Vanselfsprekend was die hele aangeleentheid vir die stadsraad 'n emosionele en uitmergelende kwessie omdat hulle besig was om 'n gesiene kollega, reg om die burgemeesterstoel te bestyg, te ontsetel.

Die stadsraad was in 'n groot dilemma. Volgens regulasies moes met die aanvang

van die nuwe finansiële jaar op 1 April 'n vergadering so spoedig moontlik plaasvind waar die nuwe burgemeester en onderburgemeester ingesweer en 'n nuwe werkskomitees aangewys moes word sodat die stad sy werksaamhede kon voortsit. As die raad dus nie sou vergader totdat uitsluitsel oor Dersley gegee word nie, kon dit nog geruime tyd wees voordat die raad weer funksioneel sou wees, tot nadeel van die stad.

Dit was dus 'n gejaag teen tyd. Vrae wat op almal se lippe was, was natuurlik of Dersley in of uit gaan wees en ook wie die nuwe burgemeester gaan wees.

Die administrateur het besluit om kolonel W.J. Thompson, hoofmagistraat van die stad, as voorsittende kommissaris aan te stel om die saak onmiddellik te ondersoek. Sy taak: Om slegs te besluit of Dersley sy onderhandelinge met die munisipaliteit onopsetlik of willens en wetens uitgevoer het. As dit gunstig was, kon Dersley nog as burgemeester ingesweer word.

Dersley is deur sommige aangevat omdat hy nie onmiddellik na die bekendmaking van die ongerymdheid en soos die regulasies vereis, bedank het nie. *Die Volksblad* het geskryf dat hy "krampagtig aan 'n moontlike behoud van die seteltjie vasgeklou het". En verder: "Al het hy dit honderdmaal nie bedoel nie, is hy skuldig aan die oortreding soos hyself erken het en kon die raad hom onmoontlik steeds probeer inkry as burgemeesterskandidaat."

Thompson moes ook nou aanhoor dat Dersley tevore as plaaslike bestuurder van die firma Pearson en Hycol Bpk. ook karbolsuur en ander ontsmettingsmiddels asook rottang vermoedelik teen bedrae hoër as die toegelate bedrag aan die munisipaliteit verskaf het. (Vroeër sou Dersley te kenne gee dat hy nie kon onthou van enige ander transaksies wat hy met die munisipaliteit gehad het nie.)

Oor hierdie aantygings was Dersley se verweer dat hy kommissie by die firma verdien, dat die volle bedrae dus nie teen hom verreken kon word nie en bowendien minder as £30 was. Wat meer is, het hy gesê, die 'onwettige rottang-transaksie' ter waarde van £61 wat tans voor sy deur gelê word, is direk deur hul hoofkantoor hanteer en per abuis by sy kantoor afgelewer. Hy het slegs 'n geringe fooi ontvang vir sy moeite om dit verder te kanaliseer en was glad nie direk by dié transaksie betrokke nie.

Wat die lusern-kwessie betref, het hy weer in detail verduidelik, soos voorheen, hoe die proses verloop het. Die twee munisipale amptenare wat betrokke was, te wete Golding en Davies, het getuig dat hul beide Dersley gewaarsku het dat die bedrag die regulasies oorskry, maar dat Dersley aangedring het dat dit op sy naam inbetaal word en alles in orde is. (Dersley het dit ontken.) Golding het wel toegegee dat hy persoonlik besluit het op twee betalings vir die een transaksie om Dersley te beskerm en dat dit glad nie op aandrang van die raadslid was nie.

Op sy beurt het die stadstesourier verklaar dat hy en Deane die lusern-kwessie met Dersley bespreek het. Laasgenoemde het waarskynlik misverstaan dat almal daarby betrokke hom die versekering gegee het dat hulle nie gaan optree sou die transaksie aan die openbare klok gehang word nie. Dean het heftig ontken dat hy en die burgemeester, volgens die pers, Dersley afgeraai het om na die administrateur te gaan, maar toegegee dat hy verklaar het dat Dersley nie die gees van die wet oortree het nie.

Hoe ook al, hierdie was al hoe meer 'n ingewikkelde saak met weersprekings,

beskuldigings en ontkennings wat heen en weer tussen die betrokkenes gevlieg het soos meer inligting oor die misstap geopenbaar is. Na hierdie haastige, maar deeglike, ondersoeksitting het Thompson op 7 April in die raadskamer ten gunste van Dersley uitspraak gelewer – hy het in beide gevalle van die oortredings nie opsetlik regulasies oortree nie en te goedertrou gehandel. Veral wat betref die rottang-storie was hy nie juis oortuig dat enigsins 'n oortreding begaan is nie. Dit was immers waaroor hy, as kommissaris, moes uitsluitsel gee.

Die kommissaris het benadruk dat die aanvanklike een faktuur in die lusern-geval wat Dersley uitgereik het daarop dui dat hy die transaksie uitgevoer het sonder om op die betrokke ordonnansie ag te slaan en dit as 'n blote tegniese beslommernis afgemaak het. Hy laat die indruk, het Thompson in sy uitspraak tog 'n hou na die raadslid gemik, van 'n outokratiese persoon wat hom nie deur amptenare laat voorsê nie. Dit is vir hom duidelik dat die burgemeester en die voorsitter van die finansiële komitee die kwessie as nietig beskou het en wat op die grondslag van twee hoeveelhede voorsiening van lusern bevredigend opgelos kon word.

Dersley se posisie as stadsraadslid is terstond herstel in afwagting van die besluit van die administrateur oor kondonering van enige ongerymdheid al dan nie. Sy probleme was egter vêr van oor. Aan die munisipale ouditeersafdeling sou dit oorgelaat word om die wettigheid van die ontsmettingsmiddel- en rottang-transaksies te ondersoek en daar is voorspel dat Dersley vinniger uit kan wees as wat hy in is. Aangesien die voorsiening van die ontsmettingsmiddels aan die stadsraad heelwat vroeër gebeur het, is dit nie as ter sake in die huidige verwikkelinge beskou nie.

Wat gevrees is, het gebeur. Die stadsklerk is deur die provinsiale sekretaris in kennis gestel dat administrateur Wilcocks Dersley kwytskeld van sy oortreding met die lusern asof geen oortreding plaasgevind het nie. Maar, is voortgegaan, dat hy weer sy stadsraadsetel verbeur na aanleiding van die beweerde oortreding met die verskaffing van spesifiek rottang aan die munisipaliteit die afgelope tyd en kommissie wat hy daarop verdien het.

Die kwessie was nou van so 'n aard, dat die stadsraad gevoel het dat hy weinig van 'n keuse het as om 'n verkiesing vir 'n nuwe stadsraadslid uit te skryf asook 'n nuwe burgemeester en onderburgemeester aan te wys wat op 15 April bekragtig sou word. Dit alles was nodig om die stad se bestuurswiele aan die rol te kry.

Dersley se kans om daardie jaar burgemeester te word, het menigeen die heersende situasie verwoord, was nou daarmee heen, want die ondersoek na die rottang-transaksie kon 'n hele rukkie duur.

Advokaat R.C. Streeten is toe as nuwe burgemeester aangewys. Ofskoon die stof na dese effens gaan lê het, het daar in Bloemfontein kommer geheers – die 'los- en straatpraatjies' het dit bevestig – dat amptenare gepoog het om 'n raadslid ter wille te wees al het hy onbewustelik regulasies oortree. Vir menigeen was dit die meriete van die saak wat gegeld het, of dit nou net 'n skamele £4 of £400 is. 'n Ouditeur kon dan maklik diskrimineer tussen verskillende stadsraadslede, is tereg opgemerk.

Skielik het die saak 'n insiggewende wending geneem. In 'n verrassende stap het Dersley die bevel van die administrateur om sy posisie op die stadsraad weereens verbeurd te verklaar,

bevraagteken. Hy het kapsie aangeteken dat sy regte benadeel word deurdat die vakature geadverteer word sonder dat daar wettige klarigheid oor sy skuld is al dan nie en dat hy reeds gemarginaliseer word van enige betrokkenheid by die raad voor sodanige wending.



*Burgemeester R.C. Streeten*

Saam met sy regspan het hulle daarin geslaag om die middag van 14 April die wettigheid van die saak in die hooggeregshof te bepleit. Op die bank was twee formidabele regslui van die Vrystaat, te wete die regter-president van die Vrystaat, sir Etienne de Villiers, en regter Percy Fischer. 'n Beëdigde verklaring van die hoofbestuurder van Pearson's Hycol Bpk. is ook voorgelê dat Dersley nie belang by die betrokke transaksie gehad het nie en dat hy slegs *ex gratia* ('n bedrag van bietjie meer as £1 is uitbetaal) vergoed is vir sy moeite om die foutiewe aflewering reg te stel.

Die hof het 'n tydelik bevel uitgebring dat die gewese raadslid in sy posisie herstel moes word en indien die raad nie redes kon aangee hoekom dit nie kon geskied nie, moes die 'bevel nisi' ('n hofbevel wat nie toegepas word voordat sekere voorwaardes nagekom is nie) geld. Derhalwe moes die bekendmaking van sy vakature vir eers onmiddellik teruggetrek word en hy toegelaat word om die raadsvergadering waartydens die burgemeester verkies moes word, kon bywoon. In sy uitspraak het sir Etienne daarop gewys dat kennisgewing van die provinsiale sekretaris nie genoegsame bewys is dat 'n oortreding begaan is nie, die raad het dus gefouteer om slegs daarvolgens te handel en om Dersley uit sy posisie te verwyder. Dít, terwyl hy nie eens skuldig gepleit het nie. Die jurisdiksie van 'n hof moes hier geld, is dit duidelik uitgespel.

Op 15 April is Streeten te midde van 'n groot openbare opkoms en in die teenwoordigheid van al die raadslede, behalwe Dersley wat in sy afwesigheid geskitter het, ingesweer.

Op 2 Mei het die Dersley-rottanghofsaak weer voorgekom. Insiggewend genoeg het die stadsraad se regspan toegegee dat die £30-oorskrydingsreël nie geld vir diegene wat op kommissie in 'n transaksie met die raad geregtig is nie. Die hele aangeleentheid was eintlik 'n onnodige lawaai oor niks en dat dit nooit toegelaat moes word om so vêr te ontwikkel nie. Die hof het weer benadruk dat dit vreemd en ongehoord is dat die



*Regter Percy Fischer*

provinsiale sekretaris per brief 'n raadslid aan 'n oortreding skuldig bevind en van sy pos onthef sonder om eers die betrokkene se kant van die saak te hoor. Alles dui daarop dat Dersley nie direk 'n belang by die kontrak gehad het nie. Uitspraak was weer ten gunste van Dersley en die stadsraad moes die regskoste van die saak dra. Onmiddellik is bespiegel of die raad appèl gaan aanteken.

So het die Dersley-debakel vir eers tot 'n einde gekom. Daar is opgemerk dat een goeie ding wat uit al die drama gekom het die uitwys van die tekortkominge van die ordonnansie en toelaatbare optrede van die provinsiale sekretaris is. Teoreties kon Dersley daarop aandring dat hy in sy posisie voor alles begin het, teruggeplaas moes word met aanspraak op die burgemeesterskap. In die praktyk sou dit in daardie stadium vanselfsprekend vanweë verskeie tegniese kinkels nie moontlik gewees het nie.

Intussen is gehoor gegee aan stemme wat in die openbaar opgegaan het dat die handeldryf tussen raadslede en die stadsraad so spoedig moontlik deeglik uitgeklaar moes word. Doen geheel en al weg daarmee, het 'n groep gepleit. Die verwagting was inderdaad dat die stadsraad na die afgelope onverkwiklike Dersley-debakel dié weg sou volg. In Junie 1932 het die raad verras deur agter geslote deure met 'n meerderheid te besluit om grootliks die status quo te behou behalwe dat prokureurs, advokate en ander in sodanige beroepe ook nou beperk sou word op die £30-reëling.

Die volgende jaar was al die drama rondom Dersley vergewe en vergeet. Hy is as nuwe burgemeester vir die komende jaar aangewys en die stoel sonder reperkussies ingeneem. Tot sy voordeel na sy wroeging van die vorige jaar, was hy bevoorreg om as eerste burger van die stad prins George van Brittanje luisterryk te ontvang tydens sy amptelike besoek aan Bloemfontein (sien bladsy 177).

## Bronne

*Die Volksblad*, 2, 4, 5, 7, 8 en 14.4.1932; 3, 7, 9 en 28.5.1932; 6, 25 en 30.6.1932; 7 en 16.7.1932; 28.3.1933.

*Offisiële Koerant OVS*, 15.4.1932.

Haasbroek, H. 2016. Stadsraadslid Dersley en die lusern-'skandaal'. *Volksblad*, 19 Mei: 7.

*The Friend* , 2, 4 en 31.3.1932; 1, 2, 4, 8 en 12.4.1932; 4.6.1932; 28.3.1933; 15.9.1938.

Vrystaatse Provinsiale Argiefbewaarplek: Argief van die griffier van die Hooggeregshof van Suid-Afrika (HG) 4/2/1/1/1/472, nr. 297/1932, Dersley versus Town Council Bloemfontein, 1932.

Vrystaatse Provinsiale Argiefbewaarplek: Argief van die stadsklerk van Bloemfontein (MBL) 1/1/1/30, Stadsraadsvergaderings, 2, 5, 7 en 11.4.1932.

Vrystaatse Provinsiale Argiefbewaarplek: Argief van die meester van die Hooggeregshof (MHG) 30174, Sterfkennis en boedel J.B. Dersley, 1938.

# – 33 –

# BAANBREKER MARIE VISSER

## EERSTE VROUESTADSRAADSLID

Baie min mense weet vandag dat in 1932 Marie Magdalena Elizabeth Visser, 'n huisvrou, die stad se wenkbroue hoog laat lig het toe sy die eerste vrou in die stad se geskiedenis geword het wat as stadsraadslid in dié manlike domein verkies is.

Gewoonlik word advokaat Gladys Steyn, 'n dogter van M.T. Steyn (laaste staatspresident van die republiek Oranje-Vrystaat) voor oë geroep in sodanige baanbrekersverband. Sy was die eerste vrou wat in die Vrystaat tot die Balie toegelaat is en in 1933 ook die eerste vrou wat in die provinsie se Provinsiale Raad gedien het.

Oor die 2016-verkiesing van 'n nuwe president vir Amerika en waar Hillary Clinton die kandidaat vir die Demokratiese Party was, sê Johanna van Eden, hoofredakteur van Media24 se dagblaaie, die volgende: "Om 'n vrou in die politiek te wees, is nie grappies nie. Die politiek op sigself is 'n wrede omgewing, maar as vrou moet jy twee keer so hard werk om gehoor te word. Wat jy sê is nie die primêre boodskap nie – almal kyk eers hoe jy lyk, terwyl niemand kyk of jou manlike eweknie grys of swart skoene vir die geleentheid gekies het nie."



*Marie Visser*
*(foto:* The Friend, *25.2.1935)*

Wat nog te sê van dekades gelede in Bloemfontein waar die vrou se plek in baie opsigte nog spreekwoordelik gereken is as tuis voor die stoof met 'n kind op die heup.

As kanniedood sou Marie Visser sedert 1929 voortbeur totdat sy geseëvier het. Voorheen was sy al 'n driftige openbare pleitbesorger vir groter deelname van die vrou in munisipale sake.

Sy was die dogter van W.H. van Niekerk wat lid van die ou Transvaalse Volksraad was. Haar nering was in die onderwys, veral kindertuin en sy het opleiding te Stellenbosch ontvang en in Arnhem, Nederland, verder gaan studeer. Sy het haar wêreldkennis verbreed deur Duitsland, Engeland, Switzerland, Noorweë en Swede te besoek. Hierna is sy betrokke by die Modelskool in Bloemfontein en in 1918 het sy met doktor C.F. Visser getrou. Ofskoon uit 'n gesiene familie en in eie reg 'n dinamiese vrou, het die huwelik haar aansien in die

gemeenskap verhoog. Visser was 'n bekende kultuurleier en twee jeugbewegings, die Voortrekkers en die Landsdiens, is deur hom van stapel laat loop. Nadat hy in 1916 die viserektor van die Normaal-kollege geword het, vorder hy in 1918 tot rektor en dien ook in die hoofbestuur van die FAK. Marie sou ook prominent wees in onder andere die National Council of Women (plaaslik en nasionaal) en die Oranje-Vrouevereniging.



*Doktor C.F. Visser (foto: NM)*

Marie was nie die eerste vrou wat haar as stadsraadslid verkiesbaar gestel het nie. Die eer kom blykbaar mevroue A.C. Swart, moeder van advokaat Blackie Swart, die bekende politikus in die Nasionale Party en later die eerste seremoniële staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika, asook M.B.K. Muir toe.

Die aanvanklike munisipale ordonnansie het bepaal dat daar geen geslagsonderskeiding gemaak word nie en dat vrouens net so geregtig daarop as mans was om te stem en stadsraadslede te word, mits jy eiendom van die vereiste waarde besit of huur en dus 'n belastingbetaler is. Nodeloos om te sê, verreweg die meeste vrouens was huisvrouens en het nie in dié kategorie geval nie. Swart en Muir, wat aan die nodige vereistes voldoen het, het in 1920 en 1923 die kandidatelys gehaal, maar is beide kere deur manskandidate geklop.

In 1928 is die toepaslike munisipale ordonnansie van Bloemfontein uiteindelik aangepas sodat 'n getroude vrou van wie die eiendom op haar man se naam geregistreer is, ook munisipale stemreg kon kry. Die bewoording van die ordonnansie het egter verwarring geskep of dié vrouens hulle ook as stadsraadskandidate kon laat geld.




*Advokaat Gladys Steyn (foto: VPAB)*

Marie Visser was onder die indruk dat sy wel daarop geregtig is. Helaas moes sy in 1929 haar op regsadvies onttrek as gevolg van die dubbelsinnige betrokke ordonnansie. Die provinsiale regering het onderneem om dié kwessie so spoedig moontlik in die reine te bring.

Weldra was Marie, wat teen die tyd bekend was vir haar maatskaplike werk in die gemeenskap, terug in die stryd toe die deur in 1930 duidelik wetlik oop was vir vroue in dié verband. Nou het hulle verseker stemreg en die reg om as stadsraadslid te staan, gehad.

Al die vroue-organisasies in die stad is daardie jaar deur die Burger- en Stemregvereniging vir Vroue genader om benoemings te doen waaruit 'n keurkomitee twee kandidate vir die komende stadsraadsverkiesing sou aanwys. Marie het die kortlys gehaal, maar E. Eybers en H.G. Duthie, beide Engelssprekend, is gekies. Dít, in weerwil daarvan dat versoek is dat een Afrikaanssprekend moes wees om 'n gesonde balans tussen die taalgroepe te handhaaf en vrywing uit te skakel. Uit Afrikanerkringe is die keurkomitee openlik gekritiseer dat hulle die verkeerde leiding gegee het, want alles wat die skyn dra van oorheersing van die een oor die ander, of 'n gedrag van minagting teenoor enige seksie, moet streng vermy word. Enkele jare tevore was daar juis groot ongelukkigheid onder die Afrikaanssprekende inwoners van die stad, wat die meerderheid was, toe die verkiesing van nuwe raadslede slegs Engelssprekendes opgelewer het en in plaas van 'n Vrystaatse hoofstad te wees, is Bloemfontein tot 'n stukkie van Engeland gemaak, is gesê.



*As enigste vrouelid van die Provinsiale Raad staan Gladys Steyn skuins agter administrateur S.P. Barnard (middel voor). (foto: VPAB)*

Dit het Marie Visser nie verhoed om in 1930 op haar eie die stryd as 'n onafhanklike kandidaat aan te durf nie en om die Afrikanerstem – terloops, sy was ook vlot in Engels – te verteenwoordig. 'n Onverkwiklike situasie, het sommige geoordeel, want die poging om vir die eerste keer 'n vrou as raadslid verkies te kry, word deur hierdie stryd onder hulle belemmer wat kennelik die vrouestem sou verdeel tot nadeel van al drie. Marie is deur sommige verkwalik dat sy haar nie neergelê het by die ooreenkoms, waarvan sy self deel was, soos deur die vroue-organisasies van die stad vasgelê is nie.

In haar openbare veldtog het sy die waarde van die vrou beklemtoon om in munisipale sake veral huishoudelike kwessies soos die higiëne rondom melk- en brood-verspreiding meer dringend aan te spreek, terwyl die opheffing van behoeftiges en die verbetering van opvoedkundige fasiliteite by haar 'n groot voorkeur was.

Benewens die drie vrouekandidate, was daar sewe mans in die wedloop om een van die ses vakatures los te slaan – onthou, elk twee jaar moes die helfte van die twaalf raadslede uittree, maar kon hulle weer verkiesbaar stel.

Al drie vrouekandidate het die onderspit teen die manlike eweknieë gedelf. Bygesê, Marie het verreweg die beste van hulle gevaar. Sy het net 86 stemme minder as die laaste verkose lid gehad, 1 359 teenoor 1 445. Opmerklik was die groot aantal vroue kiesers wat ywerig gestem het in vergelyking met die mans en dat eersgenoemde nie volgens die geslagslyn gehandel het nie.

Op verkiesingsdag is pamflette versprei om die lojaliteit van die vrouekandidate teenoor die stad in 'n swak lig te stel deur te vra wie van

hulle hul verkiesingsplakate in Ladybrand laat druk het. Marie het onmiddellik 'n teenaanval geloods en 'n pamflet vrygestel waarin sy uitdruklik verklaar dat sy van Bloemfontein daarvoor gebruik gemaak het.

In 1931, as enigste vrouekandidaat, het Marie weer 'n verbete, maar vergeefse, openbare veldtog gevoer om tot stadsraadslid verkies te word. Deurgaans sou sy daarop hamer dat die tyd ryp is vir 'n vrou in die raad, want "as die man en die vrou mekaar nie aanvul nie, is geen liggaam volmaak nie". Haar geloofsbelydenis wat betref munisipale sake het sy in *Die Volksblad* in 'n manifes uitgelê.

Kortom het dit daarop neergekom dat sy nie tyd vir goedkoop platvormbeloftes het nie en dat die daad by die woord gevoeg moes word. Sy het gepleit vir netjiese en veilige parke en tuine vir die wit publiek waar slegs enkele swart skoonmakers en tuinwerkers toegelaat moes word (ofskoon nie in soveel woorde nie, het sy hier stellig na die vrees vir verkragting verwys soos in latere uitsprake ook sou voorkom). Verder dat swart voetgangers se beweging en luidrugtigheid in die strate tot gerief van die blankes getemper moes word. Vandag sou sy vir sulke uitsprake verguis word, maar destyds in die sfeer van rassemeederwaardigheid kon sy dit met gemak uiter omdat dit in die kraal van haar stemvee gepas het.

'n Groot en opgewonde skare het die uitslag in die stadhuis in die aanwesigheid van die kandidate aangehoor. Die stadsvroue het onder luide toejuiging 'n swierige bos blomme aan Marie oorhandig vir haar moedige stryd in die ongenaakbare manswêreld.

In 1932 het Marie weer uitgeval deur net-net in die sewende plek te eindig. Tydens 'n spreekbeurt met die aankondiging van die uitslag in die stadhuis, het sy die hoop uitgespreek dat die nageslag nog 'n suksesvolle vrouekandidaat sou oplewer. Dit het gouer gebeur as wat verwag is. Toe L.W. Dean daardie jaar as raadslid bedank, was Marie wéér die enigste vrouekandidaat in die tussenverkiesing wat min belangstelling uitgelok het. Aanvanklik was daar vier kandidate in die stryd, maar twee, J.H. Levy ('n maatskappydirekteur) en W.F. Prophet ('n apteker), het onttrek toe hulle verneem van Marie se deelname. Hulle is wyd geloof vir die onbaatsugtige gebaar. Beide was oortuig dat die tyd ryp was vir so 'n vrou met haar besondere vaardighede om haar plek in die stadsraad in te neem. Die oorblywende teenstander was H. McLaren, 'n spoorwegpensioenaris.

Marie was ooglopend die gunstelingkandidaat en daar is gewys op haar verdienstelike maatskaplike werk en haar ywer in verskeie vroue-organisasies van die stad. McLaren en sy sienswyses was nie juis bekend in openbare kringe nie en hy is as behep afgemaak om 'n setel te bekom.

Waar McLaren sy veldtog futloos benader het, het Marie gesorg dat op stemdag ondersteuners aangery word. Vrouestemgeregtigdes was verreweg in die meerderheid. Soos te wagte het sy dié keer skoonskip gemaak en met 915 teen 306 stemme geseëvier. Ofskoon 'n tussenverkiesing gewoonlik minder belangstelling lok, is dié een as die laagste persentasie, 'n skamele 14.58 persent, van alle tye beskou. Met die aankondiging van die uitslag was McLaren taamlik leedvermakerig. Onder uitjouery het hy sy nederlaag aan 'n 'rasse-oorlog' toegeskryf, bedoelende Marie het op grond van haar Afrikanerskap gewen. Op haar beurt het Marie onder toejuiging verklaar dat die ideaal om uiteindelik 'n vrou verkies te

kry deur die vrouens en mans van Bloemfontein verwesenlik is.

Op 30 Augustus 1932 het sy as baanbreker haar plek onder spesiale verwelkoming van die burgemeester in die raad ingeneem. Sy sou haar setel hierna suksesvol verdedig om as enigste vrouestadsraadslid tot 1939 te dien toe sy haar nie weer verkiesbaar gestel het nie. Sy is verkies tot talle munisipale komitees, waaronder dié vir naturellesake, openbare gesondheid en maatskaplike dienste, trems en elektrisiteit, mark-aangeleenthede en huislenings. Sy was ook die raad se verteenwoordiger by openbare fasiliteite soos die Bloemfonteinse liefdadigheidsorganisasie, publisiteitsvereniging, Nasionale Museum en Ons Kinderhuis.

Uit die publiek en in die pers sou sy deurgaans geloof word vir haar dapperheid en opofferings as vrou om die 'Adam's geslag' aan te vat en te bewys dat 'n vrouehand broodnodig is om die stad op baie gebiede reg te ruk. Die hoop is uitgespreek dat sy deel sou wees van 'n nuwe groep in die stadsraad wat sou verhoed dat die raad in 'n kliekheerskappy ontaard.

Om haar kandidatuur te beswadder het gerugte in 'n stadium die rondte gedoen dat Marie as raadslid die aanvoorwerk gedoen het dat £1 500 ter ondersteuning van werklose swart mense gegee moes word en waarvoor die blanke belastingbetalers verantwoordelik sou wees. Wit werkers sou slegs £600 ontvang. Dit is van alle waarheid ontbloot. Daar is verklaar dat dit reeds voor haar stadsraadstoetrede bewillig is en wel uit die naturellefonds waarvoor swart belastingbetalers self verantwoordelik is. Marie het ook die storie heftig ontken dat dit haar strewe is dat alle wasgoed na die stoomwassery gekanaliseer moes word en geen wasgoed meer privaat gedoen sou word nie.

Dit het in hierdie tyd duidelik geword dat vroue bereid was om hulle geslagsgenote slegs te ondersteun as hulle van mening was dat 'n kandidaat bekwaam genoeg was vir so 'n posisie en nie net omdat hulle 'n vrou is nie. Hiermee was mevrou Mildred W. Rhodes-Harrison, eggenoot van die prominente Bloemfonteinse argitek William Rhodes-Harrison, in 1936 en 1938 gekonfronteer toe sy vêr verloor het; in die eerste geval het sy die laagste aantal stemme getrek wat 'n vrou tot in daardie stadium gekry het. Nie dat sy sonder verdienste was nie. Inteendeel, sy was 'n dinamiese gemeenskapsleier, besonder bekend in kunskringe en president van die plaaslike tak van die National Council of Women.

Marie het in 1942 op die ouderdom van 58 gesterf. Haar eggenoot het die volgende jaar



*Mildred W. Rhodes-Harrison (foto: VPAB,* The Friend*-versameling)*

met die weduwee Tibbie van der Merwe, 'n dogter van president M.T. Steyn, wat senator sou word, in die huwelik getree.

Ofskoon vroue met verloop van jare 'n meer algemene gesig in die stadsraad sou word, is dit insiggewend dat van die talle burgemeesters wat die stad met die loop van die jare tot heden dag opgelewer het, nog net drie vroue dié mylpaal kon bereik: Anna (Nans) Vorster (1973), Gertrude Mothupi (2005-2008) en Olly Mlamleli (sedert 2016).



*Burgemeester Anna (Nans) Vorster (foto: VPAB,* The Friend-*versameling)*



*Burgemeester Gertrude Mothupi (foto:* Bloemfontein Courant*)*




*Burgemeester Olly Mlamleli (foto:* Bloemfontein Courant*)*

## Bronne


*Die Volksblad*, 11.3.1927; 13 en 14.2.1929; 23.1.1930; 11, 15 en 17.2.1930; 13.3.1930; 20.2.1931; 3, 6, 10 en 12.3.1931; 10 en 16.2.1932; 8.3.1932; 23.7.1932; 9, 10 en 31.8.1932; 3 en 24.2.1933; 8 en 9.3.1933.

Haasbroek, H. 2016. Marie Visser eerste vroue-stadsraadslid. *Volksblad*, 27 Julie: 10.

Haasbroek, H. 2016. Marie Visser – Eerste Bloemfonteinse vrouestadsraadslid. *Culna*, 71, November: 13-14.

Oosthuizen, S.P.R. 1986. *Register van die Provinsiale Raad van die Oranje-Vrystaat 1911-1986*. Bloemfontein: Uitvoerende Komitee UOVS

Schoeman, K. 1980. *Bloemfontein – Die ontstaan van 'n stad 1846-1946*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Swart, M.J. (hoofred.). 1980. *Afrikaanse kultuuralmanak*. Johannesburg: FAK.

*The Friend*, 21.6.1928; 19.2.1929; 27.11.1929; 12.2.1930; 4 en 7.3.1930; 13.2.1931; 6, 7, 12 en 31.3.1931; 28.1.1932; 10.3.1932; 27 en 28.7.1932; 10.8.1932; 7 en 22.2.1933; 3 en 9.3.1933; 23.3.1934; 25.2.1935; 6 en 8.3.1935; 12.3.1936; 20.3.1937; 9.3.1939; 27.2.1967.

Van der Merwe, J. 2012. *Vrystaatse dorpe*. Bloemfontein: J van der Merwe.

Vrystaatse Provinsiale Argiefbewaarplek: Argief van die meester van die Hooggeregshof (MHG) 34063, boedel M.M.E. Visser, 1942.

# – 34 –

# PRINS GEORGE SE BESOEK AAN BLOEMFONTEIN IN 1934

Bloemfontein het in 2016 sy 170ste verjaarsdag gevier. Wanneer die besoek van Britse koninklikes – dit is nou in die hogere kategorie van konings en prinse – oor die strek van hierdie tyd in die geheue van Bloemfonteinse inwoners opgeroep moet word, is dit gewoonlik dié van koning George VI (voorheen prins Albert) en sy gesin aan die stad in 1947 waaraan eerste gedink word. Dan volg waarskynlik die prins van Wallis (later Edward VIII en na sy abdikasie in 1936, Hertog van Windsor). Hy het sy kroon afgestaan aan bogenoemde broer om met die geskeide Wallis Simpson te trou. Hy het as kroonprins Bloemfontein in 1925 besoek.

Prins Alfred, tweede seun van koningin Victoria, se vertoef as jongeling in Bloemfontein in 1860 en sy deelname aan die skreiende wildslagting op die plaas Bainsvlei ter ere van hom, kan ook nie nagelaat word nie (sien bladsy 23).

Bloemfontein, bekend vir sy gasvryheid ondanks watter politieke spanning of woelinge die stad bewolk, het vanselfsprekend hierdie vername koninklike besoekers uitermatig luisterryk onthaal. So ook met die besoek van prins George in 1934, 'n besoek wat natuurlik nie so algemeen bekend soos die ander is nie omdat hy laer op die troonopvolglys verskyn het.



*'n Momentkiekie van prins George, geklee in sy vlootuniform, voor die Vierde Raadsaal. Langs hom is burgemeester J.B. Dersley in volle ampsdrag en agter die prins stap administrateur C.T.M. Wilcocks. (foto: J. du Plessis, Bloemfontein)*

Op 27 en 28 Februarie 1934 het prins George (later die Hertog van Kent) tydens sy reis deur Suider-Afrika 'n besoek aan Bloemfontein gebring. Hy was die vierde oudste seun van koning George V van Groot-Brittanje en die twee ander in die eerste paragraaf genoem, was sy broers.

Bloemfontein het 'n opregte, lojale en oordadige geesdrif vir die besoek aan die dag gelê en dit het gegeld vir alle inwoners. Beslis die lojaalste vertoon deur die hele toer, is deur die pers gekorswel. Dít alles het gehelp om 'flaters', soos swak verkeersreëlings, onbeheerste skares en gebrek aan stiptelikheid, te oorskadu.

Ten spyte van die ekonomiese depressie in die land kort voor sy besoek, het die stad 'n skitterende ontvangs aan hom gebied en openbare geboue is oordadig versier. Toe hy in sy wit vlootuniform op die stasie afklim, het hy juis vasgekyk in 'n stasiegebou wat oorvloedig met alle grootte Union Jack-vlae versier is, terwyl slegs enkele verdwaalde Unievlae, tot die ergernis van sommige Afrikaner-patriotte, sigbaar was. Swart nuuskieriges het volgens die rassehiërargie van daardie jare eerbiedig 'n eenkantgroep by die stasie gevorm. Meegesleur deur die opwinding van die oomblik toe die prins 'voet aan wal sit', het hulle deur die polisiekordon gebreek en plek agter die oudstryders ingeneem vir 'n beter uitsig.

Die eerste oggend van sy besoek het *God save the King* nie minder as vyf keer opgeklink nie. Daar is beweer dat die prins nêrens elders met soveel buigings en nederigheid begroet is nie. Die uitermatige gasvryheid kon ook daaraan toegeskryf word dat Bloemfontein in 'n sekere mate steeds 'n Engelse atmosfeer gedra het. Terloops, om paniek uit te skakel, is mans vroegtydig daarop attent gemaak dat 'n swaelstertpak en wit das – ongetwyfeld duur items vir die gewone man op straat – nie verpligtend by die verskillende funksies sou wees nie.

Daar was die aanbieding van adresse in die Vierde Raadsaal, die hoeksteenlegging van die nuwe stadhuis deur die prins en 'n noenmaal aangebied deur die administrateur in die Cecil-hotel. Die keurige spyskaart het bestaan uit helder soep *froid en tasse*, gebakte tongvis, beesfilet, geroosterde kalkoen, York-ham, hoender *en gelée*, aspersie-sibérienne, aartappels, ertjies, slaaie, koekstruif, sjokoladeroomys en vrugte. Te drinke natuurlik wyn, sjerrie, whiskey, sjampanje, port, likeur en koffie, terwyl sigarette en sigare ook bedien is. Geen wonder *For he's a jolly good fellow* het teen die einde van die verrigtinge luid uit nat kele opgeklink nie.



*Oudadministrateur E.R. Grobler (foto: NM)*

Hierna was daar 'n verwelkoming deur skoolkinders by Ramblers, 'n tuinparty in Koningspark en 'n dinee en opelugdans op Maselspoort – gelukkig het die weer saamgespeel! Voor hy na Maselspoort in 'n munisipale ampsmotor met chauffeur geklee in 'n wit tuniek vertrek het, het hy sy hare volgens afspraak by 'n plaaslike haarkapper, S.M. Mclaggan, laat sny. Op die natgedoude gras by Maselspoort is nogal moeisaam gedans, maar dit het niemand van stryk gebring nie. Die prins het ook die helder verligte grasdansbaan met burgemeester J.B. Dersley se dogter betree.

By die buffetete vir die publiek waar daar nagenoeg 2 000 gaste teenwoordig was, was daar so 'n verdringing en vertrapping, des te meer omdat jongmense geruime tyd hier vertoef het en selfs die motoroppassers van die Automobiel Assosiasie (AA) het meegedoen, dat sommige gaste gegrief die wyk geneem en in 'n hotel hulle honger gaan stil het. Gelukkig het dit afgespeel buite die sig van die prins.

Ongeveer 15 000 swart mense het die prins by die skouterrein verwelkom waar die gesiene Thomas Mapikela namens hulle 'n adres aan die koninklike oorhandig het. Prins George was geklee in 'n blou dagpak met strooihoed in die hand en dit blyk dat hy hom nie gesteur het aan die reëlingskomitee se versoek dat volle uniform gedra moes word om die swart bevolking te beïndruk nie. Die burgemeester se aankondiging dat die prins daartoe ingestem het dat die volgende dag 'n vakansiedag vir swart skoolkinders sou wees, is met groot blydskap deur die kinders ontvang.

Die prins se informele ontmoeting met die boere van die omgewing – nagenoeg 300 het opgeruk – op M.A. van Tonder se Tafelkop, geleë sowat sewe kilometers buite die stad, was een van die interessantste en gelukkigste oomblikke van die toer. Bygesê, 'n groot hoeveelheid Commando- en Imperial-whiskey en sodawater het hulle weg na die plaas gevind. Op aandrang



*Die prins (regs) en M.A. van Tonder, eienaar van die plaas Tafelkop, in ernstige gesprek oor boerderybelange tydens sy informele besoek aan dié plaas om 'n groot aantal boere te ontmoet. (foto: NM)*

van die prins het hy almal wat teenwoordig was persoonlik gegroet. Oudadministrateur E.R. Grobler, oftewel Oom Sias soos hy algemeen bekend was, het 'n paar woorde gesê. Omdat die gasheer en -vrou dit verlang het en hyself die beginsel van tweetaligheid wou handhaaf, het Grobler sy toespraak in Afrikaans herhaal. So ontspanne was die atmosfeer dat die prins glo hier sy eerste *ex tempore*-toespraak op sy toer gelewer het. Hy en die eienaar het ook rustig die Friesbeeste op die plaas gaan besigtig en ernstig oor boerderybelange gesels.

Dit blyk dat prins George deur sy vriendelikheid, ontspanne maar waardige gedrag en ongeveinsde belangstelling in die doen en late van Bloemfontein se gemeenskap hom nogal bemind onder die inwoners van die stad gemaak het.

Voor sy vertrek is 'n noenmaal in die Bloemfontein-hotel aangebied. Terloops, hy het ook in dié hotel tuisgegaan – die Prins van Wallis het in die koninklike wit trein en die koningsgesin in 1947 in die destydse goewerneur-generaalswoning (vandag Oliewenhuis-kunsmuseum) gebly.

Hy is aan die einde van 1934 met prinses Marina van Griekeland getroud. Tydens die Tweede Wêreldoorlog het hy in diens van sy land in 'n vliegtuigongeluk omgekom.



*Beide prins George (sonder hoed) en burgemeester J.B. Dersley hou tydens die prins se besoek aan die dieretuin leeuwelpies vas. (foto: NM)*



*Prins George en prinses Marina van Griekeland (hertog en hertogin van Kent) op hulle troudag in 1934. Langs die bruid is prinses Elizabeth (vandag koningin Elizabeth II) en tussen die bruidspaar steek die gesiggie van prinses Magaret, haar suster, uit. Langs die prins staan sy skoonpa, prins Nicolas van Griekeland en langs dié sy ma, koningin Mary. (foto:* The Illustrated London News*, 1.12.1934)*

# Bronne


*Die Volksblad*, 24.2.1934; 27 en 28.2.1934.

Frew, A.A. 1934. *Prince George's African* tour. Londen: Blackie & Son.

Haasbroek, J. 1996. Die besoek van prins George aan Bloemfontein in Februarie 1934. *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein*, 12(3), Julie: 61-98.

Haasbroek, H. 2016. Besoek 'n hoogtepunt in Bloemfontein se 170 jaar. *Bloemnuus*, 31 Maart: 8.

*The Friend,* 16 en 17.1.1934; 27 en 28.2.1934; 1.3.1934.

# - 35 -

# 'N WAARDIGE NUWE SANDSTEEN-STADSAAL VERRYS IN 1936

'n Bou van 'n nuwe stadsaal kan nie langer uitgestel word nie. So het Ivan Haarburger reeds in 1913 in sy burgemeestersverslag opgemerk. Daar was toe al 'n geruime tyd klagtes oor die ou stadsaal oftewel stadhuis in Maitlandstraat, eens die trots van die stad. Hierdie eenvoudige en effens formele gebou is in 1883 amptelik geopen en kon sodoende die nodige waardigheid verleen aan die volwaardige Bloemfonteinse stadsraad wat drie jaar tevore met 'n amptelike burgemeester tot stand gekom het.

Dit het duidelik geword dat die gebou te klein was vir die vinnig ontwikkelende stad en dat dit helaas nie meer indrukwekkend genoeg was vir Bloemfontein as geregtelike hoofstad van die Unie van Suid-Afrika nie. Om nie eens te praat van die swak akoestiek nie. Die gebou slaan 'n droewige vertoning, het *Die Volksblad* in Desember 1928 gemor.

Dit was veral in die loop van die 1920's dat die kwessie van die bou van 'n nuwe stadhuis so te sê jaarliks deur die stadsraad bespreek is. Die raad was eens oor die noodsaaklikheid van 'n nuwe gebou, maar telkens is gehuiwer voor die fenomenale koste van so 'n projek, want die skaal daarvan moes immers waardig aan die stad wees.

Hierdie projek sou een van die mees kontroversiële aangeleenthede wees wat Bloemfontein nog beleef het. Die stadsraadslede van die laat 1920's en vroeë 1930's het deur diep waters hieroor gegaan en lelik koppe met mekaar en die publiek gestamp oor die talle haakplekke wat opgeduik het.



*Bloemfontein se eerste volwaardige stadsaal het in 1883 in Maitlandstraat tot stand gekom. (foto: KA)*

Vandat in 1928 in beginsel besluit is om die projek aan te pak, totdat die eerste sooi in 1934 gespit is en selfs daarna was dit gekenmerk deur vertragings, 'n gesloerdery en getalm met besluitnemings, terugslae en ernstige meningsverskille. Die swak ekonomiese situasie – wie kan die Depressiejare in die tyd vergeet – was 'n verdere demper op alles. 'n Ligpunt was darem toe prins George van


Brittanje in laasgenoemde jaar tydens sy besoek aan Bloemfontein die hoeksteen gelê het (sien bladsy 177).

Daar was die geredekawel oor die mees geskikste terrein, die uitpluis van die aanvaarbaarste en doeltreffendste boumateriaal en heftige verskille oor die noodsaak al dan nie van torings om die gebou meer imposant te laat vertoon. Daarnaas moes die kwessie oor 'n geskikte boukontrakteur en die swak lone van die ongeskoolde wit arbeiders beredder word.

Die skema het van meet af die publiek se verbeelding aangegryp. Ywerig is gepoog, soos op etlike belastingbetalersvergaderings waargeneem kon word, om die stadsraad na die een of ander kant toe te probeer manipuleer met die pers tussenbeide om as meningsvormers te funksioneer.

Nadat die stof begin lê het, was die volgende uiteindelik op die tafel vir die bou van die nuwe stadhuis: Die "Battle of the Sites" waaraan die stadsraadslede en publiek verwoed deelgeneem het, het as oprigtingsterrein die samevoeging van twee persele in President Brandstraat wat toe nog deur Henrystraat geskei is, opgelewer. Dit was aan die suidekant die voormalige woning van regter Melius de Villiers, bekend as The Deodars waar die Vrystaatse Verdedigingshoofkwartier gevestig was en aan die noordekant Welgelegen van Arthur Fichardt. Ander terreine, soos Hoffmanplein, die stadsbiblioteek en Tweetoringkerk, het in die stof gebyt. As boumateriaal was marmer, sandsteen of gegote beton almal opsies. Eersgenoemde was vanselfsprekend te duur in die heersende swak ekonomiese tye en beton is sterk teengestaan omdat dit die historiese President Brandstraat met sy statige ou openbare sandsteen-geboue sou beklad. Sandsteen sou dit wees. Die argitek was Gordon Leith van Johannesburg, 'n welbekende boumeester in die land.

Amper was die stadhuis sonder sy twee indrukwekkende torings. Om koste te bespaar is dit aanvanklik nie op die bouplanne aangebring nie. Weldra het rolspelers, insluitende Leith en 'n deel van die publiek gevoel dat die afwesigheid van torings nie 'n waardige en sierlike stadhuis as standplaas van die plaaslike, owerheid voorstel nie en dat die voorkoms dié van 'n biblioteek of museum is. Ofskoon die stadsraad hoofsaaklik ten gunste van die torings was, was daar talle belastingbetalers wat dit teengestaan het en as 'n onnodige luukse en uitgawe beskou het. Gesonde verstand het uiteindelik geseëvier. Die tweegeveg het 'n paar jaar geduur, maar die torings het die lig gesien en die stadhuis, wat



*Welgelegen, die pragtige ou woonhuis van die bekende sakeman Arthur Fichardt, wat gesloop is om plek vir die nuwe stadhuis te maak. (foto: VPAB)*

'n stroewe gebou sou wees, se argitektoniese aansien sodoende gered.

Op 4 Desember 1936 is die stadhuis luisterryk geopen. Dit is juis twee dae tevore vir die eerste keer gebruik toe die Bloemfonteinse Philharmoniese orkes geoefen het vir die opening wat deur die goewerneur-generaal van Suid-Afrika, die graaf van Clarendon (George Villiers), waargeneem is. Dit was die eerste stadsaal wat die goewerneur-generaal in sy hoedanigheid in die land geopen het en die kleiner saal in die gebou is na hom vernoem. Hierdie grootse gebeurtenis in die stad se geskiedenis het ook nie sonder haakplekke verloop nie. Uit verskeie oorde is die stadsraad aangevat dat hulle blykbaar met die protokolreëlings op die verhoog, waar onder andere die vername gaste, orkes- en koorlede stelling ingeneem het, 'n groot gemors gemaak het. Die aand is 'n groot dans in die nuwe stadhuis aangebied.



*Die graaf van Clarendon het die nuwe stadhuis in 1936 geopen. (foto: VPAB)*



*Die nuwe stadshuis, regs voor, nader voltooiing met die appèlhof direk agter dit geleë. (foto: VPAB)*



*Generaal J.B.M. Hertzog (foto: VPAB)*

Die eerste minister, generaal J.B.M. Hertzog, het per brief van hom laat hoor: "As an old citizen of Bloemfontein I cannot help taking personal pride in its advancement and in what necessarily also is the advancement of the Free State as a whole."

Ten spyte van al die krisisse en kontroversie wat hierdie stadhuis-sage getreiter het – "the man in the street ... is sick of it all" - was die eindproduk 'n genoeglike triomf vir die stadsraad. Verreweg die meerderheid inwoners was hoogs tevrede en trots op hulle nuwe stadhuis. Bloemfontein het inderdaad die landswye stadhuis-tradisie verbreek van massiewe geboue met 'n sentrale kloktoring en sterk Victoriaanse en Edwardiaanse kenmerke. "Waardig sonder om protserig te wees," merk Karel Schoeman tereg oor Bloemfontein se stadhuis op wat met sy lae, eenvoudige en uitgerekte voorkoms tog die indruk van deftigheid met sy twee torings skep.



*Die nuwe stadhuis wat in 1936 in President Brandstraat geopen het met die standbeeld van generaal C.R. de Wet op die voorgrond. (foto: NM)*

Vandag is die gebou steeds 'n sieraad vir die stad, maar helaas word dit nou deur die kolossale burgersentrum (Bram Fischer-gebou) neffens dit, oorskadu. In 1992 is hierdie hoë ultra-moderne gebou bestaande hoofsaaklik uit 'n buiteafwerking van glas – juis in die volksmond bekend as die 'Glaspaleis'– as nuwe hoofkwartiere van die munisipaliteit opgerig. Die totstandkoming van hierdie glasstruktuur is vergeefs deur bewaringsgroepe, onder andere gelei deur die bekende professor P.J. Nienaber van NALN en talle inwoners, geopponeer as 'n bedreiging vir die stadhuis en sy historiese omgewing, asook 'n onnodige finansiële uitgawe omdat die bestaande een steeds genoegsame ruimte kon bied. Die stadsraad, wat juis teen hierdie tyd 'n negatiewe rekord gehad het oor sy sloping van pragtige ou historiese geboue in die stad, het egter in sy voortvarendheid die burgersentrum-projek op ietwat drakoniese wyse deurgedryf.



*Professor P.J. Nienaber (links voor) lei in 1989 'n protesoptog teen die oprigting van die 'Glaspaleis'. (foto: VPAB)*



*Die Bram Fischer-gebou, in die volksmond bekend as die 'Glaspaleis'. (foto: Elsa Kotzé)*

## Bronne


*Die Volksblad*, 12.1.1928; 3, 4 en 5.12.1936.

Haasbroek, J. 1996. Die probleme en polemiek rondom die bou van 'n nuwe stadhuis vir Bloemfontein, 1928-1936. *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein*, 12(9), Desember: 277-315.

Nienaber, P.J., Smit, J.D. & Botes, S.M. 1987. *Vrystaatse argitektuur – Histories-argitektoniese ontwikkeling van die Vrystaatse boukuns: 'n Oorsig*. Bloemfontein: Stigting NALN.

Schoeman, K. 1982. *Vrystaatse erfenis – bouwerk en geboue in die 19de eeu.* Kaapstad: Human & Rousseau.

Schoeman, K. 1985. *Boukunsskatte van die Vrystaat.* Roodepoort: CUM.

*The Friend,* 10.9.1929; 19.8.1935; 1 en 12.12.1936.

Vrystaatse Provinsiale Argiefbewaarplek: Argief van die stadsklerk van Bloemfontein (MBL) 3/1/17, Burgemeestersverslag, 1913; Argief van die stadsklerk van Bloemfontein (MBL) 3/1/27, Burgemeestersverslag, 31.3.1936; Argief van die stadsklerk van Bloemfontein (MBL) 3/1/28, Burgemeestersverslag, 31.3.1937.

## – 36 –

# ELLA FISCHER EN HAAR VEELBESPROKE AFRIKAANSE ROMAN

Ella Cecil Fischer (1884-1960), wat ondanks haar Duits/Britse afkoms sterk Afrikaans- en republikeinsgesinde beginsels gehandhaaf het, was om verskeie redes bekend soos reeds gelees in die historiese plase-verhaal (sien bladsy 28) en die Steyn-gedenkfonds (sien bladsy 118). Sy het egter nog meer bekendheid verwerf toe sy aan die einde van die 1930's 'n opspraakwekkende roman die lig laat sien het.

Geseën met buitengewone talente en goeie leierseienskappe, het die veelsydige Ella op die kulturele, sosiale en maatskaplike terrein onbaatsugtige diens verrig. Hoewel sy op heelwat verdienstelike verenigings se bestuurskomitees gedien het en haar noodlenigingswerk tydens krisistye in die Afrikaner se geskiedenisverloop, soos die Anglo-Boereoorlog en Rebellie, geloof is, was dit haar betrokkenheid by jeugopvoeding, veral by die bekende Meisieskool Oranje, waarvoor sy groot bekendheid verwerf en lof ontvang het.

En in 1939 ontluik sy as skrywer toe haar lywige strekkingsroman *Die Loutering van Petrus* die rakke tref! Dit het haar vir 'n wyle sterk in die kollig geplaas omdat die verhaal nogal opspraakwekkend was, indien nie besonder sensitief vir veral kerkkringe nie.

Die demper, veral deur die kerk, wat daar soms op die natuurlike en gesonde ontwikkeling van die jeug geplaas is, aldus Ella, kon beskou word as die dryfveer wat tot die skrywe van *Loutering* gelei het. Sy was blykbaar daarvan oortuig dat die kerk 'n groot taak het om te verrig en wat vir die meeste mense onontbeerlik is. Haar mening was egter dat verouderde en neerbuigende leerstellings verwerp moes word ten einde in die hedendaagse mens se behoeftes te kon voorsien.

In die 1930's verloor Ella haar stem. Lief vir sing, het sy dit oordoen. Haar geneesheer stuur haar kus toe, sodat haar stem kon herstel. Die skielike stilte in Oos-Londen het haar onverhoeds betrap en die saadjie vir die skryf van *Die loutering van Petrus* is geplant. Sy het haar pen opgeneem en begin skryf.

Die tema was voorwaar uiters gewaagd vir daardie jare. Dit speel af in ongeveer 1918 en handel oor die eiegeregtige, streng-ortodokse optrede van 'n plattelandse predikant van die NG Kerk. Op die betrokke dorpie word daar deur dominee Bennie Bezuidenhout op kortsigtige en dogmatiese wyse op alle versoekinge en sonde jaggemaak. Veral jongmense loop deur. Geen drankie, kaartspel, sigaret, gemengde baaiery of dans word byvoorbeeld geduld nie, of die dominee se wakende oog slaan toe. Dit bring mee dat hulle geestelike kluisenaars word en huigelagtig moes voorgee dat hulle so 'n lewe lei.



*Ella Fischer rus met haar kop op haar oudste seun, Bram, se skouer in die tuin van Harmonie, die Fischer-woonhuis in Bloemfontein in Februarie 1929. (foto: VPAB)*



*Die reklame-foto wat vir haar boek* Die Loutering van Petrus *gebruik is. (foto: NM)*



*Ella saam met haar man, regter Percy Fischer, en kleinkinders. (foto: NM)*



*Ella Fischer met haar bekende Duitse vlegsel. (foto: NM)*

Mettertyd kom die dominee met sy sterk tradisionele Calvinistiese opvattinge self tot 'n val. As gesinsman loer hy na die naakte liggaam van 'n vrou, wat in die pastorie tuisgaan en tot wie hy aangetrokke begin voel. Hierdie Amerikaanse vrou, nogal met die naam Elizabeth Bell-Thompson, het as gesant die dorpie besoek om teen drankmisbruik te velde te trek. Soos Petrus van ouds word hy gelouter om daarna die ware Christelike pad te bewandel.

So 'n onderwerp, het menigeen geoordeel, is tot in daardie stadium nog nie in Afrikaans aangepak nie. Daarom was Ella daarop gesteld dat die boek eerder in Afrikaans moes verskyn om die nodige inslag te vind en ook omdat die milieu in die boek hom daartoe verleen. Nie heeltemal gemaklik om so 'n groot werk in Afrikaans aan te durf nie, het sy *Loutering* dus in Engels geskryf waarna sy dit laat vertaal het.

Vanweë die aktuele en waagmoedige tema kon Ella, ondanks haar stand in die samelewing, as gevolg van die behoudende en konserwatiewe Afrikaner-establishment geen uitgewer vir haar boek kry nie!

"Ella Fischer," so het die Kaapstadse koerant *The Guardian* verontwaardig opgemerk, "is thus yet another link in the chain of several Afrikaans women writers who dare to defy both the strictures of the Church and the conservatism of many Afrikaans readers by choosing as themes for their book subjects which, up to a few years ago, were taboo in Afrikaans literature."

Ella het nie teruggedeins nie. So sterk het sy in haar boek geglo, dat sy dit met die ondersteuning van vriende en familie op eie koste gepubliseer het. Die boek is insiggewend genoeg wel deur Nasionale Pers Beperk gedruk en deur Die Volksblad-boekhandel versprei.

*Loutering* het uiteindelik aan die begin van 1939 verskyn. In spanning het Ella gewag om te hoor wat die opinie van resensente en die publiek sou wees. Vanweë die ongewone tema vir daardie jare, het die boek weliswaar redelike opslae gemaak, maar nie soveel as wat aanvanklik verwag is nie.

"Nee, wat," het vriende opgemerk, "die predikante het of doelbewus saamgespan om slapende honde nie wakker te maak nie, of eenmaal in hulle lewe 'n taai sening in hulle binnekamers gaan lê en kou om soveel voedingsap as moontlik daaruit te kry, of elkeen meen dat dit nou 'n sakie is wat weer die ander man raak."

*Loutering* was nietemin 'n veelgelese en veelbesproke roman wat gemengde kritiek uitgelok het. Die boek het algemeen byval by die publiek, asook verskeie leeskringe en -klubs, gevind en het redelik goed verkoop. Onder haar vriende en kennisse is die boek met groot genot gelees en met geesdrif bespreek. Hulle het *Loutering* as 'n blootlegging van 'n ernstige probleem in die Afrikaanse geestelike lewe beskou, dus het dit tydig en noodsaaklik verskyn.

Die meerderheid resensente het met voorbehoud dit as 'n merkwaardige werk aangeprys. Daar is gewys dat van die 17 romans wat in 1939 die lig gesien het, slegs enkele kon aanspraak maak op letterkundige verdienste, waaronder dié eersteling van Ella Fischer. As roman is *Loutering* as baanbrekerswerk en 'n belangrike bydrae tot die Afrikaanse romankuns beskou ten spyte van die duidelike, onverbloemde strekking, naamlik Ella se welsprekende pleidooi vir die verslapping van die streng kerklike tug wat die jongmense van die kerk afstoot.

’n Resensent in *Die Burger* het dit selfs as een van die allerbeste vir daardie jaar voorgehou. *Die Kerkbode* se resensent, wat ongunstig op die karakteruitbeelding gereageer het, het toegegee dat dit ’n “lesenswaardige” boek is. Oor die karakterbeskrywing het die bekende skrywer M.E.R. (Maria Rothman) weer opgemerk dat dit “raak, treffend en nooit vervelend is nie”.

Oor verskeie ander aspekte in die boek is ook botsende menings gelug. Sommige het gekla oor die woordeskat wat nooit juis die leser tref nie en ook ’n onnodige retoriese verteltrant. Ella het juis swaarde met die vertaler oor sy werk gekruis. Ander weer het ’n pittige skryftrant en lewendige dialoog daarin gevind.

Hoewel in die minderheid, het fel kritiek rondom so ’n kontroversiële en gewaagde tema kennelik nie agterweë gebly nie. So het doktor P.C. Schoonees, die destydse befaamde taalkenner en onder meer beoordelaar van die Hertzogprys, die boek geïnterpreteer as ’n felle hekeling van die kerk en dat die “spot gedryf word met baie dinge wat vir die meeste Afrikaners heilig is”. Aansluitend hierby het ene Pieter de Meede, ’n korrespondent in *Die Kerkbode,* onthuts opgemerk dat “die hele gees van die boek daarop bereken is om ons Kerk aan die ergste en smadelikste bespotting prys te gee”.

Ella was nie so dikvellig dat sy nie tog ietwat verslae gestaan het oor hierdie siening wat sy as ’n algehele verkeerde vertolking van die strekking van haar boek beskou het nie. Sy is onderskraag deur resensente wat daarop gewys het dat sy deurgaans ’n baie hoë opvatting van die predikantamp en die Christelike lewenswandel handhaaf en geensins onsimpatiek teenoor die kerk en die godsdiens staan nie. Inteendeel! Onnutsig wou Ella se kinders by haar weet of die dominees haar nou gaan ostraseer en die amusante prentjie geskep waar die kerklikes haar opsetlik miskyk en net regter Fischer groet.

In 1941 verskyn Ella, tesame met skrywers soos Sannie Steyn, I.C. Pienaar, Magda Boyce en Regina Neser, in die gewilde tydskrif *Die Brandwag* se fotogalery van vroue wat as skrywers in daardie tyd naam gemaak het.

Daar was groot verwagtinge vir nog Afrikaanse werke uit Ella se pen, maar slegs hierdie een roman van haar het verskyn.

## Bronne

*Die Brandwag*, 16.8.1948

*Die Burger*, 24.8.1939

*Die Huisgenoot*, 5.1.1940.

*Die Kerkbode*, 5.4.1939.

Fischer, E.1939. *Die loutering van Petrus.* Bloemfontein: Ella Fischer.

Haasbroek, J. 1993. Ella Fischer 1864-1964 – ’n Moedige romanskrywer van die dertigerjare. *Lantern*, 42(3): 30-34.

Haasbroek, H. 2011. *’n Seun soos Bram – ’n Portret van Bram Fischer en sy ma Ella*. Kaapstad: Umuzi.

Nienaber, P.J.1949. *Hier is ons skrywers.* Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel.

*The Guardian*, 28.12.1948.

Vrystaatse Provinsiale Argiefbewaarplek: Aanwins (A) 328, P.U. Fischer-privaatversameling.

# – 37 –

# DIE "MEV. X"-HOFSAAK VAN 1943

Met die vrylating in 2015 van dokter Casper Greeff, die tandarts wat 16 jaar gelede sy vrou laat vermoor het, is in *Rapport* se berig daaroor melding gemaak van die interessante geval van ene "Mnr. X" wat toentertyd in die hofsaak getuig het. Die bekende advokaat Gerrie Nel van Oscar Pretorius-faam het Mnr. X, 'n prominente politikus met DA-bande, sakeman en voormalige burgemeester van Gauteng wat 'n verhouding met mevrou Greeff gehad het, as staatsgetuie geroep. Sodoende het hy probeer bewys dit was 'n stormagtige huwelik en dat die dokter 'n motief gehad het om sy vrou te laat vermoor. Die regter het destyds beveel Mnr. X se identiteit (hy is intussen oorlede) vir ewig beskerm moet word.



*Cecilia Wessels in die 1920's saam met E.R. (Sias) Grobler, haar suster Polly se tweede eggenoot wat ook 'n administrateur van die Vrystaat was. (foto: NM)*

Bietjie meer as 70 jaar gelede het 'n soortgelyke opspraakwekkende X-geval in Kaapstad afgespeel. Hierdie keer 'n Mev. X! En niemand anders nie as die internasionaal bekende Suid-Afrikaanse dramatiese sopraan Cecilia Wessels (1895-1970).

Hoewel baie mense weet van haar roemryke plaaslike en oorsese loopbaan en die legendariese omvang van haar robuuste en amusante geaardheid, is dit heelwat minder bekend dat sy in die 1940's 'n laagtepunt in haar lewe bereik het weens 'n bitter hofsaak. Toe die saak in 1943 voorkom, was sy reeds in veral Brittanje se konsertsale bekend en het haar merk deeglik in Suid-Afrika gemaak; by uitstek 'n Wagner-vertolkster. Nie alleen is haar pragtige, ryk, warm stem geloof nie, maar haar

grootse en imposante persoonlikheid was van legendariese omvang.

Cecilia, haar eggenoot, Ernest (Bee) Beecroft en twee kinders, Celia en John, het teen daardie tyd in 'n groot indrukwekkende herehuis, The Highlands, teen die hange van Tafelberg gewoon en die beroemde sopraan was vanselfsprekend deel van die elite-sosiale lewe van die stad.

Cecilia het natuurlik sterk Bloemfontein-bande en is hier gebore en getoë. Sy was die jongste dogter van sir Cornelis Wessels, 'n merkwaardige en invloedryke Vrystaatse politikus en leier wat so te sê ononderbroke van ongeveer 1885 tot met sy dood in 1924 onafskeidbaar deel van die openbare lewe van die Vrystaat was en ook onder andere die tweede administrateur (1915-1924). Hy het in die vroeë 1890's die spogplaas Kwaggafontein aangrensend aan die suidwestelike kant van Bloemfontein gekoop (sien bladsy 51). Dit was híér waar Cecilia haar eerste lewenslig in 1895 aanskou het, as Boerenooi sou opgroei en haar skoolloopbaan in die stad aan die Meisieskool Oranje voltooi.

Haar verhouding in die 1940's met 'n getroude militêre polisiesersant, ene Johan Godfried Mocke (47), het 'n onaangename wending geneem toe sy vyf aanklagte van bedrog teen hom aanhangig gemaak het nadat sy deur die sersant se sogenaamde oorlogsheldedade betower is en hom finansieel ondersteun het.

Vir vriende en familie het dit 'n algemene gesig geword om Cecilia en Mocke saam te sien. Die oorlogstories en gepaardgaande heldedade wat hy ook aan hulle opgedis het, het hul met 'n knippie sout geneem. Mocke se onmiddellike bevelvoerder sou ook later getuig dat, hoewel hy 'n dapper soldaat was, sy opdragte en bewegings van so 'n aard was dat dit nie ooreengestem het met dit wat hy aan Cecilia en ander vertel het nie.

'n Ongure verhoor van 26 tot 31 Mei 1943 het in Kaapstad gevolg, 'n tyd toe die Tweede Wêreldoorlog in volle swang was. Die saak wat voor 'n krygsraad in die ou Hooggeregshofgebou gedien het, het natuurlik wye belangstelling uitgelok.

Blykbaar uit respek vir die Beecrofts se hoë aansien in die samelewing het die voorsittende beampte ook gelas dat hulle name nie openbaar gemaak mag word nie. Daar is ook versoek dat geen melding van huis of haard gemaak




*In 1938 het Cecilia in Londen die rol van Santuzza in die opera Cavalleria Rusticana (Mascagni) gesing. (foto: NM)*

moes word waardeur die publiek die egpaar kon eien nie. So het dit gebeur dat Cecilia as Mev. X en Bee as Mnr. X in die Kaapse koerante se detail-beriggewing oor die hofsaak bekend gestaan het. Nodeloos om te sê, menigeen het geweet dat die 'geheimsinnige' persoon wat daagliks met haar groot donkerbril by die hof opgedaag het, ondersteun deur haar eggenoot, die befaamde sangeres is. Betrokkenes, belangstellendes en nuuskieriges het sommer van 'Madam X' gepraat.

Cecilia het eerste getuig. Volgens haar het hy haar uit altesaam £405 geswendel. Mocke in sy militêre-uniform het haar betower met sy heldedade gedurende die oorlog, veral in Tobruk – stories wat as spekskiet ontbloot sou word. Hoe hy deur die Duitsers gevange geneem en gemartel is om inligting te verklap, waaghalsig ontsnap het deur onder andere 'n wag te dood en op versoek van generaal Jan Smuts saam met 200 vrywilligers deur die woestyn gestap het en een van die 20 was wat die proefneming oorleef het. 'n Foto van Cecilia in sy besit, sonder dat hulle al ontmoet het of sy van hom geweet het, het hom deur hierdie dae van hel gehelp!

Volgens Cecilia het sy aanvanklik goedgelowig al die vals stories geglo wat Mocke




*Voor sit Cecilia (links) saam met haar eggenoot, Bee Beecroft, in Havana, Kuba. (foto: NM)*

vertel het om geld uit haar te kry. Dan het hy fondse nodig gehad om van sy vrou wat hy jare laas gesien het te skei, dan om 'n dokter om te koop vir 'n mediese sertifikaat om nie in Madagaskar diens te gaan doen nie, dan vir 'n geheime militêre operasie na die Olifantsrivier om onder die dekmantel van 'n boemelaar verraaiers te onderskep wat inligting aan die Duitsers voorsien – sy opdragte was in die wiel van sy motor versteek, dan as deposito om 'n erf wat hy in haar naam in Hermanus gekoop het, te registreer ...

Cecilia sou deurgaans onder kruisverhoor, wat in 'n stadium in camera gehou is omdat die voorsitter van oordeel was dat die vrae wat waarskynlik sou opduik die publiek nie aangaan nie en tot die uiterste verleentheid vir Mev. X kon lei, uitdruklik ontken dat sy op Mocke verlief was en dat sy besondere vermoë om mense te oortuig van sy saak haar weerloos gelaat het.

Sy vertel: "He poured love down my ears morning, noon and night and saturated me with admiration. When I went away he showered me with creams and powders, he said, everything wherever I was, in my home and away from it, should speak to me the name Godfried. So I accepted him and so did my friends."

Cecilia het dit driftig benadruk dat sy nooit 'n helpende en vriendskaplike hand na Mocke sou uitgesteek het as sy nie geglo het dat hy 'n held was wat onder die skrikwekkende ellende van oorlog gely het nie. Nadat sy egter al hoe meer stories oor die man se vermoedelike bedrieëry gehoor het, het sy snuf in die neus gekry dat hy haar misbruik en sou aandring dat hy die geld terugbetaal. Aangesien dit duidelik was dat die sersant nie op 'n vriendskaplike wyse die geld sou terugbesorg nie, het die Beecroft-egpaar weinig keuse gehad as om hom voor die hof te sleep.



*Cecilia Wessels se herehuis, The Highlands, teen Tafelberg. (foto: NM)*



*Cecilia in Kaapstad se strate. (foto: NM)*

Mocke se eie weergawe van wat tussen hom en Cecilia gebeur het, het 'n heelwat meer romanties-amoreuse kleur gedra. Toe sy verhaal meer persoonlik raak, is Bee en die publiek, nogal op aandrang van Mocke self, versoek om die hofsaal te verlaat.

Mocke het vertel dat hulle eerste ligte flirtasie in Cecilia se groot blou Packard-motor was. Daarna is 'n ontmoetingsplek aan die grens van haar landgoed gereël – die teken dat sy tuis was, sou die oopstaan van 'n sekere venster wees. Na dese het hulle gevoel hul is verlief op mekaar en Cecilia het gesê dat hy die enigste man is wat haar kon roer. Hy het haar egter meegedeel dat hy onmoontlik haar standaarde kon handhaaf of haar vriende trakteer – hy het geen wens om in hoë sosiale kringe te beweeg nie. "For her friends could drink, Mr. President, and I knew that I could not possibly keep it up," het Mocke sy lot in die hof bekla.

Cecilia het glo sy protes van die tafel gevee, het Mocke vertel en die indruk geskep dat sy as welgestelde vrou sy bekommernisse sou ondervang. Al sy herhaaldelike besware aan Cecilia dat hy nie geldelik die pas kon volhou nie, het op dowe ore geval. Sy het eenvoudig voortgegaan om aan hom fondse te voorsien vir huishoudelike uitgawes soos die aankoop van kruideniersware, bediendefooie en perdryuitstappies vir die kinders.

Moche het verder verklaar dat hy onder die stres van die verhouding begin vou het. Hy het besef dat hy sy vrou nog lief het en daarom probeer het om Cecilia voortaan te ontduik. Toe hy haar uiteindelik dié verwikkeling meedeel, het sy 'n bohaai opgeskop ten aanskoue van omstanders en hom gedreig dat hy daardie aand vir die res van sy lewe sou berou! Sy wou haar na dese ook van die rotse by Graaff's Pool afwerp, het Mocke sy verhaal van 'n kwansuise selfmoordpoging aangedik.

Hy het toe verder getuig dat hy oorbluf was toe hy in hegtenis geneem word op 'n aanklag dat hy onvanpas met haar dogter omgegaan het, maar die staat het besluit om hom nie daarvoor te vervolg nie. Hy het allerweë besef dat sy haar dreigement nagekom het om hom te ruïneer. Mocke het in die hofsaal onbedaarlik aan't huil gegaan toe hy vertel hoe hy gearresteer is net toe hy en sy vrou besig was om versoen te raak. So aangedaan was hy dat die sitting vir 20 minute moes verdaag sodat hy tot verhaal kon kom. Ofskoon hy die hele saak teen hom as 'n kwaadwillige, wraaksugtige komplot beskou het, het hy homself in 'n hoek vasgeverf met sy weersprekings en opvallende valse stories.

Met die sluitingsargumente op 31 Mei was die hof so vol met hoofsaaklik aangedane vroue dat die deure toegemaak is. Heelwat nuuskieriges is hoogs teleurgesteld buite gelaat. Mocke is as 'n leuenaar en gewetenlose swendelaar afgemaak deur sy vertoon van romantiek en gefabriseerde oorlogsheldedade. Mev. X was 'n geloofwaardige getuie, maar was so betower deur hom dat hy 'n houvas op haar gekry het en sy in goedertrou geld aan hom voorsien het onder die indruk dat hy sy beloftes sou nakom om dit weer aan haar terug te gee.

Die ander kant het aangedring dat Mocke onmiddellik kwytgeskeld word van alle aanklagte teen hom omrede daar soveel teenstrydighede in die saak bestaan het en dat hy regtens die voordeel van die twyfel behoort te geniet. Die feit dat hierdie vrou 'n vooraanstaande in die gemeenskap is, is aangevoer, behoort nie in berekening gebring te word nie. 'n Vrou moet van kriminele en lae

mentaliteit wees om dít te doen wat die man getref het – almal weet waartoe 'n vrou in staat is wat versmaai word. Die verweer het egter erken dat sy kliënt in baie gevalle gelieg het (waarskynlik omdat dit so maklik uitgewys kon word), maar hy het ook uitgewys dat Cecilia se weergawe gebreke toon. Die oortuiging is dat Cecilia die geld aan Mocke gegee het sodat hy met gemak by haar hoë lewenstyl en belangrike vriendekring kon inskakel. Die opmerking dat die aanklaer ooglopend modder gegooi het om sy "national figure which had become such a cropper" se eer te red, het protes van die volbank ontlok en dit moes teruggetrek word. Ten slotte is die hof gevra om genadig teenoor hom op te tree, want dit is sy vrou en kinders wat die meeste in die saak ly. "She is a woman scorned and has certainly done her damnedest to bring ruination on this man," is Cecilia verwyt.

Die sensasionele Mev. X-verhoorsage het ietwat stomp geëindig toe die uitspraak gelewer is dat Mocke op twee aanklagte onskuldig bevind word en dat daar later oor die ander aangeleenthede geoordeel sou word.



*Cecilia, Bee en hulle dogter Celia in gesellige luim agter die klavier. (foto: NM)*

Mocke is ten einde laaste op twee aanklagte skuldig bevind, naamlik dat hy onder valse voorwendsels geld van 'n sekere Mev. X ontvang het. Hy is tot 12 maande hardepad gevonnis en is met oneer uit die militêre polisie ontslaan. Sy versoekskrif later dat die vonnis opgehef word of andersins versag word, was vrugteloos. Dit blyk dat Mocke heel laas 'n heenkome as kruier op die Kaapstadse stasie moes vind.

Bee het sy beroemde vrou getrou ondersteun en die huwelik het nie daardeur gewankel nie. Oor hierdie Mev. X-saak in die lewe van die Beecrofts wat so luidkeels in 1943 deur veral die Kaapse pers uitbasuin is, is voortaan in die talle mediaberigte oor die diva se lewe nooit 'n woord gerep nie, waarskynlik uit vrees vir die toorn van hierdie onverskrokke vrou en vanselfsprekend ook uit respek vir die familie omdat dit so'n uiters sensitiewe aangeleentheid vir daardie jare was.

## Bronne


*Die Huisgenoot*, 29.7.1949.

Haasbroek, H. 2005. *Stem en legende – Die lewe van Cecilia Wessels.* Pretoria: Litera.

Karsten, C. 2007. *Opspraak deur moord: Suid-Afrikaanse doodslag skok.* Kaapstad: Human & Rousseau.

*Rapport*, 17.5.2015.

*The Cape Argus*, 27, 28, 29, 31.5.1943; 1.6.1943.

*The Outspan*, 25.2.1938.

# - 38 -

# HOFFMANPLEIN – DIE MIDDELPUNT

Wanneer die geskiedenis van Bloemfontein uit welke oord opgeskryf word, kan nie nagelaat word om die narratief van Hoffmanplein, tussen Maitlandstraat (vandag Charlotte Maxekestraat) en St. Andrewstraat, neer te pen nie.

Na 'n paar dekades wat Bloemfontein sedert die 1970's saam met Hoffmanplein as 'n onooglike beton-stadsplein moes beleef, het die plein vandag in 'n mate sy ou glorie teruggekry. Die stadsraad het uiteindelik die wysheid in pag gehad om met vernuwing te poog om wat eens 'n lowergroen pragplein was en toe deur opvolgende stadsrade verknoei is, te herstel sodat dit ten minste as 'n gerieflike *people's park* kan dien.

Die plein bestaan so te sê sedert die stad se ontstaan sowat 170 jaar gelede en was van die begin af die inherente deel van die hartslag van Bloemfontein. Oud-Bloemfonteiners wat verspreid oor Suid-Afrika woon en baie wat na alle waarskynlikheid studente aan die Vrystaatse universiteit was, asook die huidige inwoners, sal kennelik met nostalgie Hoffmanplein onthou – die oues van dae as 'n pronk groenplein en die latere geslag die monstrositeit van beton.

Gewoonlik was 'n dorp of stad se sentrale plein, in die vroegste jare meermale 'n markplein, die hartslag van sy mense – die sosiale en kommersiële bymekaarkomplek van sy inwoners. Deur die dekades was daar gewoonlik 'n besondere gehegtheid van die inwoners aan hulle markplein en later stadsplein.

Die pad wat Hoffmanplein geloop het van markplein tot stadsplein is interessant en ongelukkig ook veelbewoë, om te kom waar dit vandag is. Bloemfontein het ontstaan in 1846 rondom die markplein wat op die vlakte noord van die spruit (later bekend as Bloemspruit). Teen 1853 het dit begin vorm aanneem met winkels, hotelle, die poskantoor, die klubgebou en ander geboue van die dorpie wat geleidelik daar opgespring het. Dit het tereg die naam Markplein gekry en algaande die middelpunt van die stad geword.


'n Eenvoudige markgeboutjie is hier opgerig. In die 1880's is dit gevolg deur 'n aanskouliker markkantoor en in die volgende dekade aangevul met 'n oordekte mark. Voor die poskantoor het die produkte- en veemark in en om die marksaal voortgegaan met al sy gejaagde bedrywighede, vullis, lawaai en stank. Veral op Saterdae kon benewens die talle verkopers, kopers en toeskouers tot 'n 100 waens en 'n 1 000 osse hulle op die ruimte van Markplein tuismaak. Dít alles het

kakofoniese klanke van 'n geskreeu, geroep, gesels, geskater en 'n gebulk afgegee.

Namate Bloemfontein na die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) snel uitgebrei en deftiger geword het, is gevoel 'n mark met sy samedromming van mens en dier, gepaardgaande met al die geluide en reuke, onvanpas vir die middestad was.

In 1925 het 'n nuwe groot markgebou op Baumannplein (sien bladsy 132), geleë 'n blok noordoos van Markplein, tot stand gekom. Die ou markplein is toe omskep in 'n plein wat pragtig vertoon het met 150 bome wat aangeplant is, paadjies, grasperke en talle roos- en blombeddings. In 1935 is 'n spuitfontein met kleurliggies opgerig, glo die eerste beligte fontein in die land. 'n Senotaaf wat die gesneuweldes van die Eerste Wêreldoorlog herdenk, is ook in die middel van die plein staangemaak.

Aan die plein met sy nuwe parkgewaad is in 1926 die naam President Hoffmanplein toegeken, wat spoedig net Hoffmanplein sou word. Josias Philippus Hoffman (1807-1879) was die eerste president van die Oranje-Vrystaat nadat dit in 1854 'n republiek geword het.



*President Josias Philippus Hoffman na wie die plein vernoem is. (foto: NM)*




*Die Markplein in die 1890's waar later Hoffmanplein ontwikkel sou word. (foto: NM)*

Daar was nogal 'n paar kinkels aan verbonde voor dié naam aan die plein gegee is. Aanvanklik het daar stemme in die stadsraad opgegaan en dit is so aanvaar, om dit wat eens Markplein was nou tot Maitlandplein te herdoop na aanleiding van die aangrensende Maitlandstraat aan die noordekant. Sir Peregrine Maitland was 'n Kaapse goewerneur in die 1840's. Voor die Vrystaat in 1854 'n republiek geword het, het die straat dié naam onder Britse bewind in die streek gekry. Maitlandstraat as straatnaam is maar al die jare verduur waarskynlik vanweë die republiek Vrystaat se gebondenheid aan die Kaap. (Selfs toe 'n Afrikaner-stadsraad in die 1940's aan bewind gekom het, is voortgegaan om die naam te behou al het dié goewerneur nou nie juis veel vir die Vrystaat beteken nie.)

Veral *Die Volksblad* het destyds erg kapsie teen die Maitlandplein-naam gemaak. Bloemfontein lê in die hart van die Afrikanerdom, is gesê, maar tog is die hele gees van die stad Engels. Verder word betoog: "'n Oorwegende Engelssprekende stadsraad slaan Bloemfontein en sy geskiedenis in die aangesig met die nuutste byvoeging tot die reeks uitheemse name waarmee ons stad beklad is." Waarom 'n 'nietige persoonlikheid' vereer wat reeds aan 'n straat gekoppel is, terwyl daar reuse figure in die geskiedenis van die Vrystaat is, is gevra.

Die stadsraad het in 1926 besluit om weer die kwessie te bespreek. Raadslid J.S. Franklin se betoog ten gunste van die naam Hoffmanplein het inslag gevind. Hy het daarop gewys dat aangesien die Afrikaanse seksie dié naam verlang en die Engelse seksie daar niks teen het nie en buitendien lou teenoor die naam Maitland staan as iemand wat nie juis geskiedenis in die provinsie gemaak het nie, moes die raad die grootmoedigheid hê om




*Die ou Markplein teen sy einde in die 1920's met die Eerste Wêreldoorlog-senotaaf wat voltooiing nader en die nuwe tuinuitleg van Hoffmanplein wat reeds tot teen die ou markgebou strek. Links agter steek die poskantoor uit en langsaan is die Imperial-hotel, terwyl agter die monument die Cecil-hotel en langsaan die Vaudette-bioskoop gesien kan word. (foto: VPAB)*

die naam op sentimentele en geskiedkundige gronde so te verander. Daar moes ook besef word dat al die ander Vrystaatse presidente op een of ander wyse in die stad geëer word, behalwe Hoffman. Nadat die naam Presidentplein ook in die hoed was, is einde ten laaste met slegs een teenstem die naam Hoffmanplein aanvaar.

Inwoners was trots op hulle plein. Jare lank is dit saans besoek om die liggies en rustigheid van die instandgehoude tuinuitleg te bewonder. In die middel 1970's moes menige Bloemfonteiner in afgryse aanskou hoe hulle eens pragtige Hoffmanplein op bevel van die stadsraad deur 'n plaaslike argitek in die gees van sogenaamde modernisering, herontwerp word. Die meeste bome is uitgehaal en die mooi roos- en blombeddings verwyder, terwyl die grasgedeeltes grootliks deur vaal plaveisel vervang is. Alles koud, klinies ... en ongenaakbaar.

Uit talle oorde, onder andere ook van die Vrystaatse Instituut van Argitekte, is die nuwe Hoffmanplein met mening neergeskiet. Behalwe dat die morbiede betonkleed van die plein erg gekritiseer is, is dit verklaar as die grafsteen van 'n groot reus. Die voorvereiste van 'n stadsplein is immers dat dit 'n aaneenvloeiende ruimte moes wees, maar dat dit nou deur onverwagte trappies, mure en ander versperrings belemmer word. Die stadsraad en sy heersende Aksiekomitee van destyds is behoorlik die leviete voorgelees dat hulle hierdie 'Frankenstein monster' van nagenoeg R500 000 op die publiek losgelaat



*Die pragtige tuinuitleg op Hoffmanplein wat na 1925 tot stand gekom het toe die mark na 'n nuwe perseel verskuif het. In die middel agter is die poskantoor en regs die Imperial-hotel. (foto: NM)*

het. Menigeen het in ongeloof gestaar na die niksseggende argitektoniese kunsbeeld van opgestapelde glaspaneel-pilare wat die indruk skep dat hulle wou omtuimel – om die minste te sê onooglik! En deur die stadsklerk, J.R.C. Boshof, sowaar geloof is dat dit slegs 'n pragtige kunswerk is wat geen boodskap uitstraal nie.

Burgemeester A.D. Viljoen het die nuwe plein op 7 Augustus 1975 geopen. In sy toespraak het hy bekend gemaak dat die nuwe verwikkelinge nodig was om 'n elektrisiteitsnetwerk ondergronds vir die ontwikkelende stad te voorsien. Sy oortuiging dat die plein in sy nuwe gedaante 'n beter sieraad as die oue was en dat mense nie halsstarrig en nostalgies aan die verlede moes vasklou nie, het stellig weinig inwoners beïndruk. Philip de Vos, die bekende digter, skrywer, operasanger en fotograaf, wat in Kaapstad woon, het onlangs hom só met heimwee uitgedruk oor sy skooljare in Bloemfontein: "Die dae toe Hoffmanplein 'n groen oase met 'n spuitfontein was ... die dae voordat iemand êrens besluit het 'n plein van koue grys beton gaan inwoners veel meer plesier gee."

Na die koms van die nuwe Suid-Afrika in 1994 het dié plein selfs sy nering van ouds weer opgeneem toe smouse die terrein betrek het om 'n informele mark te skep.



*Hoffmanplein se besondere spuitfontein wat saans met gekleurde liggies verlig is. (foto: NM)*




*Die nuwe Hoffmanplein met sy herskepte betongewaad nader voltooiing in 1974.*
*(foto: VPAB,* The Friend*-versameling)*



*Met die aanbreek van die nuwe Suid-Afrika in 1994 het Hoffmanplein in 'n stadium 'n informele mark met smouse verteenwoordig. (foto: NM)*



*Die herskepte Hoffmanplein in 'n oostelike rigting met die poskantoor op die agtergrond in 2015. (foto: Derek du Bruyn)*

Aan die begin van 2015 het burgemeester Thabo Manyoni die nuwe Hoffmanplein na sowat R40 miljoen se werk weer oopgestel. Die estetiese van die plein is darem weer basies herstel. Heelwat inheemse bome is aangeplant om die enkele palmbome vanuit die vroegste tyd aan te vul, gebruikersvriendelike plaveisel verfraai met mosaïekwerk is gelê en nuwe buswagruimtes en 'n klein netjiese amfiteater is geskep, maar smouse word verbied!

## Bronne


*Bloemnuus*, 26.2.2015.

Botes, M. 1996. 'n Emmervol wortels vir twee sjielings. *Culna*, 50, April: 26-28.

Botes, S.M. 2014. *Bloemfontein gedurende die bewind van president F.W. Reitz, 1889-1895: 'n Kultuurhistoriese studie*. PhD, UV.

De Vos, P. 2017. Cricketstraat se lied sing heimwee. *Bloemnuus*, 30 Maart: 15.

*Die Volksblad*, 3.5.1926; 7.6.1974.

Haasbroek, H. 2014. Nuwe lewe vir 'aaklige' plein. *Volksblad*, 5 September: 11.

Haasbroek, H. 2015. Die 1922-debat rondom die strewe na en besluit oor 'n nuwe Bloemfonteinse markterrein. *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein*, 31(2), November: 29-48.

Haasbroek, H. 2015. Die Hoffmanplein, Bloemfontein – 125 jaar later. *Weg*, Oktober: 129.

Nienaber, P.J., Smit, J.D. & Botes, S.M. 1987. *Vrystaatse argitektuur – Histories-argitektoniese ontwikkeling van die Vrystaatse boukuns: 'n Oorsig.* Bloemfontein: CUM.

Schoeman, K.1980. *Bloemfontein – Die ontstaan van 'n stad 1846-1946*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Schoeman, K. 1982. *Vrystaatse erfenis – Bouwerk en geboue van die 19de eeu*. Kaapstad: CUM.

*The Friend*, 7.5.1974; 3 en 29.6.1974; 8.8.1975.


GASSON
& Co LTD
STORE
GASSON & Co LTD
O.B
8584


GRAND
HOTEL
MRS S. VOGLER
HERB SPECIALIST


ORANGE
PHARMACY
CHEMISTS
&

Soos sy voorganger *Splinters en dorings uit die Rosestad se verlede* (SUN MeDIA, 2015), neem hierdie historiese bundel die leser op 'n reis deur die spikkels en spatsels van pyn en vreugde uit Bloemfontein se verlede.

Bloemfontein se eerste inwoners het hul reeds in 1846 hier gevestig, maar die stad het eers in 1945 stadstatus gekry. Die stad – wat aanvanklik grootliks 'n Engelse eiland in die hart van 'n Afrikanerrepubliek was – was só Engels dat selfs 'n besoeker uit Londen destyds verklaar het dat hy hom nêrens anders in Suid-Afrika so gekoester voel as juis in Bloemfontein se Engelse atmosfeer nie. Vanuit hierdie kleurryke verlede het Hannes Haasbroek 'n keur van verhale saamgestel wat die leser sal boei en tot nuwe insigte oor hierdie stad in sentraal Suid-Afrika sal bring.

Die verhale in *Spikkels en spatsels uit Bloemfontein se verlede,* met talle foto's waarvan sommige nog nooit voorheen gepubliseer is nie, word hoofsaaklik kronologies aangebied om 'n aangename en leersame leeservaring te skep.



## OOR DIE OUTEUR

**Dr. Hannes Haasbroek** is reeds bykans 40 jaar 'n historikus en hoof van die Geskiedenis-departement by die Nasionale Museum in Bloemfontein. Hy het sy doktorale studie in 1986 aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat voltooi. Met die jare het talle van sy artikels, hoofsaaklik oor die geskiedenis van die stad, in geakkrediteerde akademiese tydskrifte, populêre tydskrifte en koerante verskyn. Twee biografieë, te wete oor Cecilia Wessels en Bram Fischer – beide met hul wortels in Bloemfontein – het uit sy pen gevloei en vir laasgenoemde het hy 'n SALA-toekenning vir nie-fiksie ontvang. In 2012 het 'n fiksie-kortverhaal van hom eerste prys in die Bloemfonteinse Skrywersvereniging se jaarlikse skryfwedstryd verwerf, en sy debuut spanningsroman, *Woudfontein*, het in 2015 verskyn.

sb SUNBONANI BOOKS

ISBN 978-1-928424-01-7

9 781928 424017